# Meer as oorwinnaars

W. Hendriksen Th.D.

'n Verklaring van die boek Openbaring

**Let wel:** In hierdie elektroniese teks dui [xxx] die oorspronklike bladsynommers in die gedrukte weergawe aan. Waar 'n woord, Skrifverwysing, ens. oor twee bladsye strek, word die bladsynommer op 'n gerieflike plek geplaas, bv. Aan die begin of einde van die woord of Skrifverwysing

## Kopiereg

Die boek is oorspronklik uitgegee deur Lux Verbi met wie se vriendelike toestemming dit elektronies beskikbaar gemaak word.

# Inhoud

Inhoud .......... 3
Voorwoord .......... 4
[1] 1. Bekendstelling van die boek Openbaring .......... 5
[9] 2. Kom ons lees die boek om te sien wat dit bevat en hoe dit ingedeel is .......... 12
[17] 3. Wat is hierdie boek? 'n Babelse verwarring of 'n heerlike eenheid? .......... 18
[26] 4. Soos ons deur die Openbaring wandel, word die groot voleinding al duideliker geopenbaar .......... 26
[30] 5. Die Apokalips: God se klankrolprent .......... 29
[36] 6. Die Apokalips gewortel in kontemporêre omstandighede; in die Heilige Skrifte; in direkte, besondere openbaring .......... 33
[42] 7. Tussen die sewe kandelaars een soos die Seun van die Mens – kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld .......... 38
[50] 8. Die sewe kandelaars is sewe gemeentes – julle is die lig van die wêreld .......... 44
[70] 9. In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin .......... 58
[102] 10. En sal God nie sy uitverkorenes wreek wat dag en nag tot Hom roep nie? .......... 83
[120] 11. En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel en jy sal hom in die hakskeen byt (Gen. 3:15) .......... 96
[141] 12. Maar ooreenkomstig jou verhardheid en onbekeerlike hart vergader jy vir jou toorn as 'n skat .......... 110
[149] 13. En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid .......... 116
[166] 14. Ons is meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het .......... 127
[190] Slot .......... 144
Bibliografie .......... 146

# Voorwoord

Die boeke wat oor en rondom die boek Openbaring geskryf is, is legio. En hierdie boeke is byna net so uiteenlopend as die getal skrywers wat die vrug van hulle studie aan die publiek bied. 'n Mens vra onwillekeurig, waarom nog toevoeg aan die getal en moontlik aan die verwarring wat al hierdie verskillende interpretasies kan skep? Dit lyk vir my asof die enigste persoon vir wie dit nog geregverdig is om nog 'n interpretasie aan te bied, hy is wat met 'n produk na vore kom wat volledig onderskeie is van die ander en ook insigryker. Dan is dit nie net sy voorreg nie, maar word ook sy plig om gretige Bybelstudente te help in hulle soeke om die Bybel en enige deel daarvan reg te verstaan. Dr. W. Hendriksen se boek voldoen aan hierdie vereistes.

Daar is etlike aanbevelenswaardige kenmerke in die boek wat u in u hand het. Die outeur gebruik baie noukeurige en nugter beginsels van interpretasie. Dit word duidelik genoem in die inleidende bladsye en word konsekwent toegepas in die verklarende gedeelte van hierdie werk. So 'n benadering waarborg vryheid van die vele fantastiese verklarings wat rondom hierdie skriftuurlike diamant vasgegroei het. In hoofsaak word, wat genoem is die sinchronistiese of parallelistiese metode van interpretasie aanvaar. Daardie metode geniet (en verdien) al meer die onderskrywing van regsinnige geleerdes. Die skrywer dring tereg daarop aan dat die boek geïnterpreteer moet word binne die historiese raamwerk waarin dit ontstaan het. Hierdie besondere werk toon 'n erkenning van die hoofdoel van die Apokalips en 'n volstrekte weiering om op 'n dwaalspoor gelei te word deur sommige toevallige besonderhede in die voorstellings. Die eenheid van die Openbaring word duidelik bewaar te midde van sy verskeidenheid.

Wat die vorm van die boek betref, is daar 'n uiters gelukkige kombinasie van ware geleerdheid en eenvoud van uitdrukking. Enigiemand met gewone intelligensie sal hierdie werk met genot en tot sy voordeel kan lees. En vanweë die unieke benadering, deeglikheid en veelvuldige verwysings, sal die Bybelstudent dit 'n ware hulp vind by sy bestudering van hierdie profetiese boek.

Henry Schultze, B.D.

Calvin Seminary Grand Rapids, Mich.

Junie 1939

## [1] 1. Bekendstelling van die boek Openbaring

Onbeskryflik mooi is die laaste boek van die Bybel. Mooi wat vorm betref, simboliek, doel en betekenis. In watter literatuur vind 'n mens enigiets wat die koninklike beskrywing oortref van die Seun van die Mens wat wandel tussen die sewe goue kandelaars (Openb. 1:12-20)? Waar in die Skrif vind 'n mens 'n duideliker en meer beskrywende voorstelling van Christus, die Getroue en Waaragtige, op pad na oorwinning, op 'n wit perd, beklee met 'n kleed wat in bloed gedoop is, gevolg deur die leërs in die hemel (Openb. 19:11-16)? Waar ook vind 'n mens 'n skerper kontras as tussen die val van Babilon aan die een kant en die heerlikheid van die Goue Jerusalem aan die ander kant (Openb. 18, 19, 21, 22)? Waar word die Troon, gesetel in die hemel, en die heerlikheid van die hemelse lewe eenvoudiger beskryf en tog so mooi (Openb. 4:2-5:14; 7:13-17)? Watter ryke vertroosting; watter blik in die toekoms; bowenal, watter openbaring van die liefde van God is vervat in die woorde van die profesie van hierdie boek!

**Wat is die doel van hierdie boek?**

Vervolgde gelowige, hierdie Openbaring-boek wil aan u vertroosting bied. Dit is die hoofdoel: om die strydende kerk te vertroos in sy stryd teen die magte van die bose. Dit loop oor van vertroosting aan beproefde gelowiges. Aan hulle word die versekering gegee:

God sien hulle trane, 7:17; 21:4.

Hulle gebede regeer die wêreld, 8:3,4.

Hulle dood is kosbaar in die oë van die Here en hulle siele word onmiddellik opgeneem in die hemel; 'n hemel waarvan die heerlikheid die omvang van hulle aardse lyding vér oortref, 14:13; 20:4.

Hulle uiteindelike oorwinning is verseker, 15:2.

Hulle bloed sal gewreek word, 6:9; 8:3.

[2] Hulle Christus leef en regeer tot in ewigheid. Dit is Hy wat die wêreld regeer in belang van sy kerk, 5:7, 8. Hy sal weer kom om sy volk saam met Hom in te neem na die bruilofsmaal van die Lam en vir ewig met hulle te lewe in 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde (21, 22).

Wanneer ons dink aan daardie heerlike verwagting, sy wederkoms, word ons oorstelp van vreugde; ons hart word verteer deur verlange, met 'n brandende ongeduld; ons oë deursoek die ontsettende donker wolkemassas met die hoop dat ons die heerlike wederkoms van die Seun van die Mens mag sien. Dit is 'n hunkering wat uitgestort word in die woorde: "En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! "

Maar wat aanskou ek? Hy is reeds by my – by my in die Gees al wandelend tussen die sewe goue kandelare, 1:12-20. "... en Hy het sy regterhand op my gelê en vir my gesê: Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood." Waarlik, ons is meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het!

Wat is die tema van hierdie boek?

Die tema van hierdie boek is: die oorwinning van Christus en sy Kerk oor die draak (Satan) en sy engele. Die Apokalips wil aan u toon, liewe gelowige, dat dinge nie is soos dit op die oog af lyk nie. Die dier wat uit die afgrond opkom, lyk op die oog af seëvierend. Hy "sal oorlog voer teen hulle en hulle oorwin en hulle doodmaak; en hulle lyke sal lê op die straat van die groot stad wat geestelik genoem word Sodom en Egipte, waar ook onse Here gekruisig is. En mense uit die volke en stamme en tale en nasies sal hulle lyke drie en 'n halwe dag lank sien en nie toelaat dat hulle lyke in die graf gelê word nie. Die bewoners van die aarde sal bly en verheug wees oor hulle en sal vir mekaar geskenke stuur, omdat die twee profete die bewoners van die aarde gepynig

het." Maar hierdie blydskap is voorbarig. In werklikheid is dit die gelowige wat triomfeer. Ons lees: "En na die drie en 'n halwe dae het 'n gees van die lewe uit God in hulle ingegaan, en hulle het op hulle voete gaan staan, en 'n groot vrees het geval op die wat hulle aanskou het. Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid."

Dwarsdeur hierdie wonderlike boek word Christus gedurig geskilder as die Oorwinnaar, die Triomfator; 1:18; 2:8; 5:9; 6:2; 11:15; 12:9; 14:1; 15:2; 19:16; 20:4; 22:3. Hy oorwin die dood, die doderyk, die draak, die dier, die valse profeet, hulle wat die dier [3] aanbid, ens. Hy is oorwinnaar, daarom ons ook, selfs wanneer dit lyk asof ons totaal verslaan is.

Sien u die menigte gelowiges?

Is hulle klere bevlek en besoedel? Hulle het hulle klere gewas en hulle klere wit gemaak in die bloed van die Lam, 7:14; 22:14. Is hulle in groot verdrukking? Hulle kom daaruit, 7:14. Word hulle doodgemaak? Hulle staan op hulle voete, 11:11. Word hulle vervolg deur die draak, die dier en die valse profeet? Aan die einde sien ons hulle triomfantelik staan op die berg Sion. Inderdaad, ons sien die Lam, en saam met Hom honderd-vier-en-veertig-duisend met sy Naam en die Naam van sy Vader op hulle voorhoofde geskrywe, 14:1. Hulle is oorwinnaars oor die dier, 15:2.

Lyk dit asof hulle gebede nie verhoor word nie? 6:10. Die oordele van God oor die aarde is sy antwoord op hulle gebede, 8:3-5. Trouens, hierdie gebede vorm juis die sleutel tot die ontsluiting van die misterie van alle suiwer filosofie van die geskiedenis.

Lyk dit of hulle verslaan is? In werklikheid regeer hulle. Ja, hulle heers op die aarde, 5:10; in die hemele saam met Christus 'n duisend jaar lank, 20:4; in die nuwe hemel en aarde tot in ewigheid, 22:5.

Wat gebeur dan met hulle wat skynbaar oorwinnaars is? Ek sien hulle opkom uit die afgrond, die see, die aarde. Ja, ek sien hulle: die draak, 12:3; die dier, 13:1; die valse profeet, 13:11; en Babilon, 14:8, in daardie volgorde. En dan? Ek sien hul val en vernietiging: Babilon, 18:2; die dier en die valse profeet, 19:20, en die draak, 20:10, in hierdie – presies omgekeerde – volgorde!

Weer eens, wil u weet wat die tema van hierdie boek is? Laat die boek vir homself spreek. Sy tema word glansryk en volledig gestel in 17:14.

"Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin – want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings – en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou."

Vir wie was hierdie boek bedoel?

Op my lessenaar lê 'n onlangs gepubliseerde kommentaar oor die Openbaring. Dit is 'n baie "interessante" boek. Dit sien die Openbaring as 'n soort vooruitgeskrewe geskiedenis. Dit ontdek in hierdie laaste boek van die Bybel oorvloedige presiese verwysings na Napoleon, oorloë in die Balkanstate, die groot Europese oorlog van 1914-1918, die gewese Duitse keiser Wilhelm, Hitler, Mussolini, ens. Ons uitspraak? Soortgelyke verklarings moet onmiddellik verwerp word![1] Sê my, liewe leser, watter goed sou die lydende en vervolgde Christene in die tyd van [4] Johannes kon put uit spesifieke en gedetailleerde voorspellings aangaande Europese toestande wat byna tweeduisend jaar later sou bestaan?

'n Suiwere uitleg van die Openbaring moet as uitgangspunt neem dat die boek

[1] 'n Beskrywende, historiese en kritiese beskouing van die verskillende interpretasieteorieë - chronologies, preteristies, futuristies, sinchronisties, idealisties, ens. - is opgestel en gebruik in 'n kursus oor die boek Openbaring wat ons aangebied het toe ons aan die Calvin Seminary onderrig gegee het. Aangesien die gemiddelde Bybelstudent nie geïnteresseerd is in hierdie sy van die onderwerp nie – 'n boek op sy eie – het ons dit nie in hierdie boek, wat positief wil wees, ingesluit nie.

bedoel was vir die gelowige wat in die tyd van Johannes geleef het. Die boek het sy ontstaan deels te danke aan die heersende toestande van destyds. Dit is God se antwoord op die gebede en trane van erg vervolgde Christene wat versprei was oor die stede van Klein-Asië.[2]

Nietemin, alhoewel dit waar is dat ons ons uitgangspunt moet neem in die tyd waarin Johannes geleef het en selfs die feit moet beklemtoon dat die werklik heersende toestande in die laaste dekade van die eerste eeu n.C. die onmiddellike aanleiding tot hierdie profesie was, moet ons beklemtoon dat die boek nie slegs bedoel was vir die eerste lesers nie, maar vir alle gelowiges deur heel hierdie bedeling.

Ons voer die volgende argumente aan ter stawing van hierdie stelling:

Eerstens is die verdrukking waaraan die kerk in die dae van Johannes onderworpe was, kenmerkend vir die vervolging wat ware gelowiges moet verduur gedurende hierdie bedeling, 2 Tim. 3:12, en in besonder net voor die wederkoms van Christus, Matt. 24:29,30.

Tweedens: Baie van die talryke voorspellings het betrekking op beginsels en gebeurtenisse van so 'n wye strekking dat hulle nie beperk kan word tot een bepaalde jaar of eeu nie – bv. die seëls, basuine, skale – maar die eeue oorspan tot op die groot voleinding.

Derdens: Die briewe – hoofstukke 2 en 3 – is gerig aan die sewe gemeentes. Sewe is die getal wat volmaaktheid simboliseer. Daarom dui dit duidelik aan dat die vermaninge en vertroostinge van hierdie boek bedoel was vir die hele kerk oor die eeue heen.

Ten slotte word almal wat hierdie boek lees en bestudeer, in watter tydsgewrig ook al, geseënd genoem, 1:13. Die skrywer rig hom by die aanvang en die slot van die boek nie net tot een groep mense van een bepaalde dekade nie, maar tot "elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor", 22:18.

Wie het hierdie boek geskryf?

Die skrywer sê dat sy naam Johannes is, 1:1, 4, 9; 22:8. Die vraag is: watter Johannes? Die apostel of 'n ander een? Sommige ontken dat Johannes, die geliefde dissipel, die boek Openbaring geskryf het.[3]

Onthou, die skrywer van die vierde Evangelie en van die drie liefdesbriewe meld nooit sy naam nie, maar die skrywer van die boek Openbaring deel ons mee dat sy naam Johannes is.

[5] Verder word daarop gewys dat daar 'n opvallende verskil is tussen die styl en algemene strekking van die Evangelie en die briewe, aan die een kant, en die Openbaring, aan die ander kant. Gaan sit en lees die Evangelie volgens Johannes en, wanneer u klaar is, lees dan die boek Openbaring. Het u die verskil opgemerk? In eersgenoemde vloei die gedagtes egalig, maar in laasgenoemde word hulle so skielik weergegee: u weet nooit waaroor die skrywer die volgende oomblik gaan praat nie. Eersgenoemde beklemtoon God se liefde; laasgenoemde – so sê hulle – stel sy strenge geregtigheid. Die eersgenoemde beskryf die innerlike gesteldheid van die hart; laasgenoemde staan stil by die uiterlike verloop van gebeurtenisse. Die eerste is geskryf in mooi, idiomatiese Grieks; die laaste is geskryf in – wel, hoe stel hulle dit? – "ruwe, Hebreeuse, barbaarse" Grieks.[4]

Verder sê hulle dat daar 'n merkbare verskil is tussen die leerstellinge van die Evangelie en van die boek Openbaring. Eersgenoemde is onbekrompe, veralgemeen; dit

---

[2] Ons bespreek hierdie punt vollediger in hoofstuk 6, bl. 36, 37.

[3] Vir 'n uitstekende bespreking van die vraag oor outeurskap sien N. B. Stonehouse, *The Apocalypse in the Ancient Church.*

[4] Eusebius, *Ecc. Hist.* Bk. 7, hf. 25. J. Orr sê in sy *I.S.B.E.* art. "Revelation of John": "Nie veel meer as uitbreiding van besonderhede is toegevoeg tot die krag van die argumente van Dionesius nie."

verkondig die "almal wat"-evangelie van verlossing uit genade. Laasgenoemde – so sê hulle – is bekrompe en gespesifiseerd; dit is Joods in sy leerstelling van verlossing en dit lê klem op die noodsaaklikheid van goeie werke.[5]

Ten slotte: lank gelede – omstreeks die jaar 250 n.C. – was daar 'n man met die naam van Dionisius van Alexandrië. Hierdie groot en vroom man het die boek Openbaring toegeskryf aan 'n "ander Johannes".[6]

Nou dan, is u nog seker dat Johannes, die apostel, die boek Openbaring geskryf het? Sommige is deur die krag van hierdie argumente oortuig dat 'n ander Johannes – en u weet daar is baie Johannesse – die boek Openbaring geskryf het.[7] Hulle glo steeds dat Johannes, die apostel, verantwoordelik was vir die vierde Evangelie. Ander glo net die teenoorgestelde: hulle aanvaar Johannes se outeurskap van die boek Openbaring maar beweer dat 'n ander persoon – hetsy 'n ander Johannes, hetsy nie eens 'n Johannes nie – die Evangelie geskryf het.[8] Natuurlik is daar nog die radikales wat ontken dat die apostel Johannes die Evangelie òf die boek Openbaring geskryf het.[9]

Kom ons ondersoek egter 'n oomblik die argumente. Die eerste is eintlik swak, weet u? Ek sou sê: juis die feit dat die skrywer van die boek Openbaring homself eenvoudig *Johannes* noem, dui aan dat hy goed bekend was, nie slegs in een spesifieke omgewing nie, maar dwarsdeur die gemeentes van Asië. Deur homself slegs Johannes te noem, sonder enige verdere verwysing, het almal onmiddellik geweet presies wie bedoel was. Is die slotsom dan nie geregverdig dat hierdie persoon wat so welbekend was, die apostel Johannes moes wees nie? [6] Veronderstel dat die skrywer van die boek wat u nou lees, homself slegs *Willem* sou noem, dink u dat almal onmiddellik sou raai wie die skrywer is? Ons is deeglik oortuig daarvan dat daar net een Johannes was wat nie nodig gehad het om *die apostel* by te voeg nie juis omdat hy die apostel was![10] Tewens, die skrywer noem nie homself die apostel slegs omdat hy die boek geskryf het in sy hoedanigheid as siener aan wie visioene geopenbaar is nie. Vgl. Joh. 15:27; Hand. 1:22, 23; 1 Kor. 9:1.[11]

Die verskil in grammatika, styl en algemene stemming moet toegegee word.

Maar beteken dit dan dat Johannes, die apostel, nie die boek Openbaring kon geskryf het nie? Ons dink nie so nie. Hoe sal ons dan hierdie verskille verklaar? Daar is sommige wat volhou dat Johannes helpers gehad het toe hy die Evangelie geskryf het, miskien die ouderling in Efese, Joh. 21:24, terwyl die afwesigheid van hierdie helpers toe Johannes op Patmos was, die besondere grammatikale en styl-karakter van die Openbaringboek sou verklaar.[12]

Ander elemente kan ook bygebring word in die verduideliking.

Laat ons begin deur die feit te beklemtoon dat ons nie hierdie verskille in styl en taal moet oordryf nie. Daar is ook sterk ooreenkomste tussen die Evangelie en die Openbaringboek. Baie mense begin deesdae hierdie feit beklemtoon. Daar is treffende ooreenkomste – ooreenkomste selfs in grammatikale samestellings; asook in karakteristieke uitdrukkings. Vgl. Joh. 7:37 met Openb. 22:17; Joh. 10:18 met Openb. 2:27; Joh. 20:12 met Openb. 3:4; Joh. 1:1 met Openb. 19:13 en Joh. 1:29 met

---

[5] Sien veral Beyschlag, *N.T. Theology,* II p. 362.

[6] Sien aant. 4 hierbo.

[7] Bleek, Neander, ens.

[8] Die Tübinger-skool.

[9] Bousset; Harnack, Holtzmann, Moffat, Pfleiderer, Weizsacker, ens.

[10] Sien S. Greydanus, Holtzmann, Moffat, Pfleiderer, Weizsacker, ens. Trench, *Comm. on Ep. to* 7 *Churches,* p. 2.

[11] S. Greydanus, *Kommentaar op het N.T., XIV,* p. 12.

[12] Sien die baie interessante verduideliking deur A. Pieters in sy uitstekende boek, *The Lamb, the Woman and the Dragon,* p. 18 ens. Sien ook A. T. Robertson, *Word Pictures,* Vol. VI, p. 274.

Openb. 5:6.[13]

Weer eens, wat styl betref, sou ons verwag om dieselfde styl te vind by 'n geskiedenis van gebeurtenisse (die Evangelie), 'n persoonlike brief (die briewe) en die apokalips of onthulling (Openbaring)?

Laat ons nie in hierdie verband vergeet nie dat toe Johannes die laaste boek van die Bybel geskryf het, sy siel in so 'n toestand van diepe innerlike ontroering, verbasing en ekstase was – onthou, hy was "in die gees" – dat sy vroeëre Joodse opleiding kragtiger na vore kon gekom het en selfs sy styl en taal kon beïnvloed het.[14]

Ons is daarvan seker dat die verhewe aard van die onderwerp, die diep ontroerde toestand van die skrywer toe hy hierdie visioene ontvang en beskryf het, en die feit dat Johannes in hierdie boek oorvloedig gebruik maak van die Ou Testament – Hebreeus en Grieks[15] – in 'n groot mate die verskille in styl verklaar wat oorbly nadat die treffende ooreenkomste afgetrek is.

Ons het nie nodig om breedvoerig te handel oor die sogenaamde verskil in leerstelligheid nie. Die feit is eenvoudig dat die vierde [7] Evangelie en die boek Openbaring op geen enkele punt bots nie. Trouens, die leerstellige ooreenkoms is verbasend.[16]

Noem die Evangelie Jesus "die Lam van God" (Grieks: *amnos),* Joh. 1:29, doen die Openbaring dit nege-en-twintig keer. (Grieks: *arnion*)[17]

Gebruik die Briewe en die Evangelie die titel "die Woord" vir onse Here, Joh. 1:1; 1 Joh. 1:1, gebruik Openbaring dit ook, 19:13.

Stel die Evangelie Christus voor as die voor-alle-tye, ewige wese, 1:1, doen Openbaring dit ook, 22:13, vgl. 5:12,13.[18]

Skryf die Evangelie volgens Johannes die verlossing van die mens toe aan die soewereine genade van God en die bloed van Jesus Christus, 1:29; 3:3; 5:24; 10:10,11; doen die Openbaring dit baie uitdruklik, 7:14; 12: 11; 21:6;22:17.[19]

Die "almal wat"-leerstelling word in albei gevind, Joh. 3:16; Openb. 7:9; 22:17. Daar is geen leerstellige verskille nie.

Ten slotte dan, die standpunt van Dionisius soos oorgeneem deur Eusebius. Dit moet egter duidelik gestel word dat hierdie beskouing rus op 'n foutiewe lesing van 'n baie versigtige stelling van 'n sekere Papias,[20] en waarskynlik beïnvloed was deur verset teen die chiliasme wat homself wou regverdig deur 'n beroep op die boek Openbaring.[21]

Die vroeë kerk skryf die Openbaring byna eenstemmig toe aan die apostel Johannes. Dit was die standpunt van Justinus die Martelaar (140 n.C.), van Irenaeus (180 n.C.) wat 'n dissipel was van 'n dissipel van die apostel Johannes, van die Kanon van Muratori

---

[13] Ander ooreenkomste tussen die Evangelie en die Apokalips kan bygevoeg word. Sien J. P. Lange, *The Revelation of John,* p. 56 ens. Ook Orr, art. "Revelation of John", in *I.S.B.E.* Verder: Alford, Godet, Luthardt, Salmon, ens. Sien Winter, "De Solaecismus, qui in Apocalypsi Johannea inesse dicuntur", *Exeget. Studien,* Heft. J., s. 144 sq.

[14] S. Greydanus, *op cit.,* p. xxii.

[15] A.T. Robertson, *The Minister and His Greek N.T.,p.* 113.

[16] Raadpleeg oor die hele onderwerp die bekwame werk deur H. Gebhardt, *The Doctrine of the Apocalypse,* veral p. 304 ens.

[17] G. B. Stevens, *The Theology of the N.T.,* p. 536 ens.

[18] *Ibid.,* p. 538 ens.

[19] *Ibid.,* p. 547.

[20] Sien die uitstekende bespreking in R. C. H. Lenski, *Interpretation of St. John's Revelation,* p. 8 ens.

[21] N. B. Stonehouse; *The Apocalypse in the Ancient Church,* p. 151.

(200 n.C), van Clemens van Alexandrië (200 n.C), van Tertullius van Karthage (220 n.C), van Origenes van Alexandrië (223 n.C.) en Hippolitus (240 n.C.).[22]

Wanneer ons hieraan toevoeg dat die apostel Johannes volgens betroubare oorlewering verban is na die eiland Patmos (vgl. 1:9) en dat hy die laaste jare van sy lewe deurgebring het in Efese, aan wie die eerste van die sewe briewe van die Openbaring gerig is, 2:1, is die duidelike slotsom dat die laaste boek van die Bybel geskryf is deur "die dissipel wat Jesus liefgehad het".

Die vraag ontstaan nou: Wanneer het Johannes die boek Openbaring geskryf? In die jaar 69 (of selfs vroeër), of moet ons die getal omkeer en dit 96 maak (of selfs 95)? Ons het nie 'n enkele, werklik oortuigende argument gevind wat die vroeër datum steun nie. Die argumente wat voorgehou word, ontleen hulle krag aan laat en onsekere getuienis, aan die totaal denkbeeldige opvatting dat Johannes nog nie Grieks geken het toe hy die boek Openbaring geskryf het nie, en aan 'n baie aanvegbare, letterlike verklaring van sekere gedeeltes wat beslis simboliese [8] betekenis het. So, byvoorbeeld, word ons vertel dat die tempel in Jerusalem nog steeds gestaan het toe die Openbaring geskryf is, want 11:1 lees: "Staan op en meet die tempel van God."

Die later datum ontvang sterk steun. Irenaeus sê bv.: "Dit (t.w. die Openbaringsvisioen) is gesien nie baie lank gelede nie, maar byna in ons tyd, teen die einde van Domitianus se regime."[23] Voorts sê hy: ". . . die gemeente in Efese, gestig deur Paulus, en met Johannes permanent woonagtig tussen hulle tot die tyd van Trajanus (98-117 n.C, Trajanus se regime), is ware getuienis van die oorlewering deur die apostels."[24]

Wanneer ons, met hierdie sterk en duidelike bewyse in gedagte, onthou dat die Openbaring sinspeel op die tyd toe Efese alreeds sy eerste liefde verloor het, Sardis alreeds "dood" was, Laodicea – wat vernietig is deur 'n aardbewing gedurende die regering van Nero – reeds herbou was en roem op sy geestelike rykdom, 3:17, Johannes "verban" was – 'n baie algemene vorm van vervolging gedurende die regering van Domitianus – die kerk alreeds vervolgings ondergaan het, 20:4, en die Romeinse Ryk, as sodanig, die groot teenstander van die kerk geword het, 17:9 – wanneer ons al hierdie feite in gedagte hou, moet ons tot die slotsom kom dat die later datum (95 of 96 n.C.) korrek is.[25] Die boek Openbaring is deur die apostel Johannes geskryf teen die einde van Domitianus se regime.

Tog is die werklike outeur nie Johannes nie, maar die Almagtige God self. Ons lees: "Die openbaring van Jesus Christus *wat God Hom gegee het*.... en wat Hy deur die sending van sy engel aan sy dienskneg Johannes te kenne gegee het." Alte seker het Johannes, die apostel, die Openbaring geskryf. Maar God, deur Christus, was die werklike Outeur. Daarom is wat hierdie boek voorspel, nie die produk van menslike verbeeldingskrag wat geneig is tot feilbaarheid nie, maar die openbaring van die gedagte

---

[22] *Ante Nicene Fathers,* Vol. I, p. 240. Justinus die Martelaar.
A.N.F., Vol. I, p. 559, 560. Irenaeus.
A.N.F., Vol. II, p. 504. Klemens van Alexandrië.
A.N.F., Vol. III, p. 335. Tertullianus van Karthage.
*Post Nicene Fathers,* Second Series, Vol. I, p. 273. Origcncs aangchaal.
A.N.F., Vol. V, p. 211. Hippolitus.
Sien in hierdie verband ook N. B. Stonehouse, *op cit.,* pp. 153, 154.

[23] A.N.F., Vol. I, p. 559.

[24] A.N.F.,Vol. I, p.416.

[25] Argumente ten gunste van die vroeër datum word gevind in die werke van Cowles, Dusterdiek, Guericke, Plummer, Schaff, ens. Sien veral H. Cowles, *The Revelation of St. John,* p. 17 ens.; P. Schaff, *History of the Christian Church,* Vol. I, p. 426 ens. Die later datum word verdedig deur Alford, Godet, Lange, Hengstenberg, Holtzmann, Lenski, Moffat, Porter, Ramsay, Swete, Warfield, ens. Sien veral L. Berkhof, *N.T. Introduction,* pp. 347, 348. Ook H. B. Swete, *op cit.,* pp. xcix - cvi.

en doel van God aangaande die geskiedenis van die kerk.[26]

In Kopenhagen, tussen al die grootse beeldhouwerke van Thorwaldsen, is daar ook een van die apostel Johannes. Oor sy gelaat lê daar 'n hemelse vrede. Hy kyk inderdaad op na die hemel. Sy skryftablet is voor hom. Sy pen is in sy hand. Let egter op dat sy pen nie aan die tablet raak nie. Hy wil nie 'n enkele woord aandurf voordat dit aan hom van Bo af gegee word nie.[27]

---

[26] S. Greydanus, *op cit.,* p. xvi.

[27] A. Plummer, *Pulpit Commentary,* The Revelation of St. John, p. 150.

## [9] 2. Kom ons lees die boek om te sien wat dit bevat en hoe dit ingedeel is

***Lees vir seker die Openbaring in u Bybel in verband met hierdie hoofstuk***

Kom ons lees die eerste drie hoofstukke. Hulle sentrale tema is skynbaar: Christus tussen die sewe goue kandelaars. Hierdie kandelaars verteenwoordig die sewe gemeentes, 1:20. Aan Johannes is opdrag gegee om aan elke gemeente 'n brief te skryf. Sien hoofstukke 2 en 3. Aangesien die getal sewe telkens in die Openbaring voorkom en oral die simbool is van volmaaktheid, kan ons met veiligheid aanneem dat dit hier ook die geval is en dat dit die hele kerk aandui gedurende die hele tydperk van sy ontstaan tot aan die einde van die wêreld. Wanneer dit so geïnterpreteer word, is elke afsonderlike gemeente as 't ware 'n voorbeeld, *nie* om 'n bepaalde periode in die geskiedenis aan te dui nie, maar om die toestande te beskryf wat gedurig herhaal word in die werklike lewe van die verskillende gemeentes.[1] Vandaar dat hierdie gedeelte – hoofstukke 1-3 – klaarblyklik die hele bedeling dek, vanaf Christus se eerste koms om sy bloed te stort vir sy volk, 1:5, tot by sy wederkoms om te oordeel, 1:7. Die laaste van hierdie sewe briewe is geskryf aan die gemeente van Laodicea. Dit is duidelik dat hoofstuk 4 'n nuwe, dog nou verwante, onderwerp inlei.

Hoofstukke 4-7 vorm die volgende natuurlike deel van die boek. Hoofstuk 4 beskryf die Een wat op die Troon sit, en die aanbidding wat Hy ontvang van die wat Hom omring. In die regterhand van Hom wat op die troon sit, is 'n boek, goed verseël met sewe seëls, 5:1. Die Lam neem die boek en ontvang verering. Vanaf die sesde hoofstuk lees ons dat die Lam die seëls een vir een oopmaak. Tussen die sesde en sewende seëls kry ons die visioen van die honderd-vier-en-veertig-duisend verseëldes en van die groot menigte wat niemand kon tel nie, wat voor die troon staan.

Nou wil ons graag u aandag vestig op die feit dat hierdie gedeelte ook die hele bedeling dek: van die eerste tot die wederkoms van [10] Christus. Die heel eerste verwysing na Christus skilder Hom as die geslagte wat nou vanuit die hemel regeer, 5:5. 6. Teen die einde van hierdie gedeelte wórd die laaste oordeel ingelui. Lees 6:12-17 en 7:9-17. Let op die indruk wat die wederkoms maak op die ongelowiges:

"En hulle het vir die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die troon van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?"

En nou die saligheid van die gelowiges:

"Hulle sal nie meer honger en nie meer dors hê nie, en nooit sal die son of enige hitte op hulle val nie; want die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle laat wei en hulle na lewende waterfonteine lei, en God sal alle trane van hulle oë afvee."

Dit is 'n skildery hierdie van die hele triomferende kerk wat vergader is uit al die nasies en so – in sy hele omvang – staan voor die Troon en voor die Lam: 'n ideaal wat nie verwerklik sal word voor die dag van die groot Voleinding nie. Ons het al weer die hele evangelie-tydperk omvat.

Die volgende gedeelte bestaan uit hoofstukke 8-11. Die sentrale tema hiervan is *die*

---

[1] H. Crosby, *The Seven Churches of Asia,* p. 6. K. Dijk, *Het Rijk der Duizend Jaren,* p. 199.
S. Greydanus, *Kommentaar op het Nieuwe Testament, XIV,* p. 46.
W. Milligan, *The Book of Revelation,* in the Expositor's Biblc, VI, p. 836.
E. H. Plumptre, *The Epistles to the Seven Churches,* p. 9.
P. Prins & H. A. Wiersinga, *Christus Kerkvisitator,* p. 10.
W. M. Ramsay, *The Letters to the Seven Churches of Asia,* p. 30; p. 177 ens.
R. C. Trench, *Commentary on the Epistles to the Seven Churches in Asia,* p. 59 ens.
C. W. Wishart, *The Book of Day,* p. 22.
Sien verder: Canon Tait, *Messages to the Seven Churches;* Tristram, *The Seven Golden Candlesticks.*

*Sewe Basuine* en hulle invloed op die wêreld. Wat met die kerk gebeur, word beskrywe in hoofstukke 10 en 11: die Engel met die Klein Boekie, die Twee Getuies. Ook teen die einde van hierdie gedeelte is daar 'n baie duidelike verwysing na die laaste oordeel. Ons lees in 11:15,18:

"Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid ... En die nasies was vertoornd, en u toorn het gekom en die tyd van die dode om geoordeel te word..."

Wanneer die einde van die bedeling bereik word, eindig die visioen.

Dit bring ons by hoofstuk 12-14: *die vrou en die Menseseun wat vervolg word deur die draak en sy helpers.* Let nou op dat ook hierdie gedeelte die hele bedeling dek. Dit begin met 'n baie duidelike verwysing na die geboorte van die Verlosser, 12:5. Die draak dreig om die Menseseun te verslind. Die Kind word weggeruk na God en sy troon. Die draak vervolg nou die vrou, 12:13. As medewerkers gebruik hy die dier wat uit die see opkom, 13:11 en 12, asook die groot hoer, Babilon, 14:8. Ook hierdie gedeelte sluit af met 'n ontroerende beskrywing van Christus se wederkoms om te oordeel. Sien Openb. 14:14:

"En ek het gesien, en kyk, daar was 'n wit wolk en een soos 'n Menseseun wat op die wolk sit, met 'n goue kroon op sy hoof en in sy hand 'n skerp sekel ... En Hy wat op die wolk sit, het sy sekel oor die aarde laat gaan, en die aarde is afgemaai."

[11] Die volgende gedeelte beskrywe *die skale van grimmigheid.* Ook hier het ons 'n baie duidelike verwysing na die laaste oordeel en gebeure wat sal plaasvind in verband daarmee. So lees ons in 16:20: "En alle eilande het gevlug, en berge is daar nie gevind nie."

Vervolgens vind ons 'n helder beskrywing van die *val van Babilon en die vergelding van die dier en die valse profeet.* Let op die skildery van Christus se koms om te oordeel, 19:11:

"Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid."

Dit bring ons by die laaste gedeelte, nl. hoofstukke 20-22. Openb. 20:1 lui beslis 'n nuwe gedeelte in met 'n nuwe onderwerp. Sien hoofstuk 14. Hierdie nuwe onderwerp is: *die verdoeming van Satan.* Veral in vergelyking met hoofstuk 12 blyk dit dat ons by die begin van hoofstuk 20 weer eens staan op die drumpel van 'n nuwe bedeling. Waar ons in 12:9 lees dat die duiwel neergewerp is in verband met Christus se hemelvaart en kroning, lees ons hier in 20:2 en 3 dat hy gebind is vir duisend jaar, gewerp in die afgrond. Die duisend jaar word gevolg deur die kort tydperk waarin Satan losgelaat word uit sy gevangenis, 20:7. Dan volg, op sy beurt, 'n beskrywing van die finale omverwerping van Satan in verband met Christus se koms om te oordeel, 20:10, 11. Met hierdie koms vlug die huidige heelal weg en maak dit plek vir die nuwe hemel en die nuwe aarde en die nuwe Jerusalem, 20:11.

'n Noukeurige studie van die boek Openbaring het twee feite duidelik beklemtoon:

1. Die boek bestaan uit sewe gedeeltes.
2. Hierdie sewe gedeeltes loop parallel. Elkeen van hulle oorspan die hele bedeling van die eerste koms tot die wederkoms van Christus.[2] Die tydperk word nou uit

[2] Vir parallelisme in die een of ander vorm sien die volgende:
H. Bavinck, *Gereformeerde Dogmatiek,* IV, p. 759.
J. C. De Moor, *De Hemel Geopend,* p. 413.
K. Dijk, *Het Rijk der Duizend Jaren,* p. 196.
S. Greijdanus, *De Openbaring des Heeren aan Johannes,* in *Korte Verklaring der Heilige Schrift,* p. 18.
Ditto, in *Kommentaar op het Nieuwe Testament,* XIV, p. xxvi.
A. Kuyper, snr., *E. Voto II,* p. 252-290.

een, dan uit 'n ander gesigspunt beskou.

Daar is 'n ander denkrigting wat ons stelling bevestig dat elkeen van die sewe gedeeltes vanaf die begin tot die einde van die nuwe bedeling strek en dat die sewe paraliel loop.[3] Verskeie gedeeltes skryf dieselfde tydsduur toe aan die tydperke wat beskryf word. Volgens die derde gedeelte, hoofstuk 8-11, is die vernaamste periode wat hier beskryf word, een van twee-en-veertig maande, 11:2, of eenduisend tweehonderd-en-sestig dae, 11:3. Dit is trouens 'n merkwaardige feit dat ons dieselfde tydsduur vind in die volgende gedeelte, hoofstuk 12-14, t.w. eenduisend twee-honderd-en-sestig dae, 12:6, of 'n tyd, tye en 'n halwe tyd (3½ jaar), 12:14. Die drie aanwysings – twee-en-veertig maande; twaalf-honderd-en-sestig dae; tyd, tye en 'n halwe tyd – is presies [12] ooreenstemmend.[4] Daarom moet die gedeelte oor die basuine, hoofstuk 8-11, parallel loop met die wat die stryd tussen Christus en die draak beskryf, hoofstuk 12-14.

'n Noukeurige studie van Openb. 20 sal aan die lig bring dat hierdie hoofstuk 'n tydperk beskryf wat gelyktydig verloop met die van hoofstuk 12. Ook volgens hierdie metode van beredenering word parallelisme daarom geregverdig.

Elke gedeelte gee aan ons 'n beskrywing van die hele evangelie-era, vanaf die eerste koms tot die wederkoms van Christus, en is gewortel in die geskiedenis van Israel onder die ou bedeling waarna daar herhaaldelik verwys word.

Ons het aangedui dat die gedeelte oor die basuine, hoofstuk 8-11, parallel loop met die oor die vrou en die draak, hoofstuk 12-14, en met die slotgedeelte, 20-22, wat nog verder strek, in hoofstukke 21, 22. Ons sal nou bewys dat hierdie selfde gedeelte, hoofstuk 8-11, ook 'n duidelike parallel is met die oor die skale van grimmigheid, hoofstukke 15, 16. Let in hierdie verband daarop dat die eerste basuin, 8:7, die *aarde* raak; so doen die eerste skaal ook, 16:2. Die tweede basuin raak die *see;* so ook die tweede skaal. Die derde basuin verwys na die *riviere;* die derde skaal ook. Die vierde, in albei gevalle, verwys na die *son.* Die vyfde verwys na die put van die afgrond of na die *troon van die dier.* Die sesde na die *Eufraat.* Die sewende na die *wederkoms om te oordeel.* 'n Uiters interessante parallel.[5]

Weer eens, let op dat die vierde gedeelte, hoofstukke 12-14, die draak, die twee diere en die hoer, Babilon, aan ons voorstel as die vyande van Christus en sy kerk. Hierdie vier het saam te voorskyn gekom. Dit is dan bloot natuurlik om af te lei dat hulle saam tot 'n val kom. Dit word duidelik wanneer ons insien dat die betekenis van die diere en die hoer, Babilon, soos volg is:

Die dier wat uit die see opkom, is Satan se anti-christelike vervolging, beliggaam in wêreld-regerings, wat gerig is teen die *liggame* van gelowiges. In die tyd van Johannes was dit die Romeinse regering.

Die dier wat uit die aarde opkom, is Satan se anti-christelike godsdiens wat daarop gemik is om die *verstand* te bedrieg en die *wil* van die gelowiges te verslaaf. Op die tydstip toe Johannes hierdie gesigte gesien het, was die dier uit die aarde beliggaam in die heidense godsdiens en keiserverering van Rome.

---

R. C. H. Lenski, *The Interpretation of St. John's Revelation, pp.* 216, 249, 350, 358.
S. L. Morris, *The Drama of Christianity,* p. 26.
J. Orr, art. oor "The Revelation of John", in *I.S.B.E.*
M. F. Sadler, *The Revelation of St. John the Divine,* p. xvi ens.
K. Schilder, *De Openbaring van Johannes en het Sociale Leven,* p. 77.
Verder: Augustinus, Colladon, Paroeus, Cocceius, Vitringa, Hofmann, Hengstenberg, Ebrard, Kienlen. Sien veral:
B. B. Warfield, *Biblical Doctrines,* pp. 645, 661.

[3] Hoewel die visioene die *nuwe* bedeling beskryf, het hulle die *ou* bedeling as uitgangspunt. Vgl. bv. 12: 1-4; 17: 10; 20:3 (sodat hy die nasies *nie meer* sal verlei nie).

[4] S. Greijdanus, *Korte Verklaring,* pp. 176. 177, 193. R. H. C. Lenski, *op cit..* p. 330.

[5] S. L. Morris, *op. cit.,* p. 64.

Die groot hoer, Babilon, is Satan se anti-christelike verleiding wat daarna strewe om die *harte* van gelowiges te steel en hulle *moraliteit* te verdraai. In die stad van Rome het die hoer haarself geopenbaar op daardie tydstip.

[13] Daarom, wanneer Satan tot 'n val kom, kom die diere en die hoer ook tot 'n val. Hulle verskyn gelyktydig; hulle gaan ook gelyktydig ten gronde. Die sesde gedeelte, hoofstukke 17-19, beskrywe die val van die groot hoer, Babilon, hoofstukke 17 en 18, en van die diere, 19:20, terwyl die sewende gedeelte die val van Satan beskryf, 20:10, in sy uiteindelike neerlaag op die oordeelsdag. Die een finale oordeel oor hierdie vier vyande – die draak, die dier uit die see, die dier uit die aarde, die groot hoer – word beskryf in twee afsonderlike gedeeltes. Daarom moet hierdie twee parallel wees. Elkeen beskryf 'n tydperk wat strek tot by dieselfde laaste botsing, dieselfde laaste oordeel, wanneer al die vyande van Christus en sy kerk hulle finale en nimmereindigende straf sal ontvang.[6]

Samehangend hiermee is daar 'n ander sterk argument vir die stelling dat die gedeeltes parallel loop en eindig met die koms van die Here om te oordeel. Die getuienis waarna ons nou verwys, is effens bedek in die Engelse vertalings.

Die gedeelte oor die skale van grimmigheid, hoofstukke 15, 16, eindig met 'n verwysing na 'n oorlog. Sien 16:14 waar hierdie botsing genoem word DIE oorlog van daardie groot dag van die Almagtige God.

Die volgende gedeelte, hoofstukke 17-19, eindig weer eens met 'n slagveldtoneel. Sien 19:19. Volgens die oorspronklike is hierdie dieselfde oorlog wat vermeld is in 16:14, want ons lees: "versamel om DIE oorlog te voer teen Hom".

En in die slotgedeelte, hoofstukke 20-22, lees ons weer eens: "om hulle te versamel vir DIE oorlog". Sien 20:8. Derhalwe beskryf die drie gedeeltes gebeurtenisse wat uitloop op dieselfde groot oorlog van Jahwe. Hulle is parallel.

Die sewe gedeeltes is parallel. Ons laaste argument ter ondersteuning van die parallelle is die feit dat ons presies dieselfde toestand vind in die profesieë van Daniël, wat die Apokalips van die Ou Testament genoem is. So byvoorbeeld kom die gedeeltes oor Nebukadnesar se droombeelde, hoofstuk 2, presies ooreen met die vier diere van Daniël se droom, hoofstuk 7.[7] Dieselfde tydsbestek word twee keer gedek en word eers uit die een en dan uit die ander gesigspunt gesien.

Die verdeling van die Apokalips in sewe dele,[8] word voorgestaan deur baie skrywers alhoewel daar nie eenparigheid is oor die presiese grense van elke gedeelte nie.[9] Ons is voorstanders van die indeling – met geringe variasies – gegee deur L. Berkhof, S. L. Morris, B. B. Warfield en ander. Dit is verreweg die mees natuurlike. Dit word duidelik voorsien deur die boek self, waar elke gedeelte – soos ons aangedui het – eindig met ten minste 'n verwysing na die koms van Christus om te oordeel.

[14] Dit is selfs waar wat die slotgedeelte betref, hoofstukke 20-22, sien 22:20,

---

[6] R. C. H. Lenski, *op cit.,* p. 553.

[7] G. Ch. Aalders, Daniel, in *Korte Verklaring,* p. 127.
S. L. Morris, *op. cit.,* p. 27.
W. M. Taylor, *Daniel, the Beloved,* p. 124.

[8] Daar is natuurlik baie ander metodes van verdeling. Vgl. H. B. Swete. *The Apocalypse of St. John,* pp. xxxiii en xliv. En dan is daar die vir wie enige verdeling "Prokrusteaans" lyk.

[9] L. Berkhof, *New Testament Introduction,* p. 339. Ewald se verdeling word deur Swete gegee. *op. cit.,* p. xlv. P. Mauro, *The Patmos Visions, p.* 11 ens.
W. Milligan, *op. cit.,* passim.
S. L. Morris, *op. cit.,* p. 29.
W. F. Sadler, *op. cit.,* p. xvi ens.
C. F. Wishart, *The Book of Day, p.* 30. B. B. Warfield, *op. cit.,* p. 645, nota.
Al hierdie verklaarders is ten gunste van 'n sewevoudige verdeling. maar die standpunte en metodes van verdeling verskil.

alhoewel dit verder strek as die laaste oordeel en die nuwe hemel en aarde beskryf. Vgl. 7:9. Trouens, wanneer dit so verklaar word, bevat *elke gedeelte 'n tema wat maklik onderskei kan word van al die ander.*

Daarom is ons indeling kortliks soos volg:

1. Christus tussen die Sewe Goue Kandelaars, 1-3.
2. Die Boek met Sewe Seëls, 4-7.
3. Die Sewe Basuine van Oordeel, 8-11.
4. Die Vrou en die Menseseun vervolg deur die Draak en sy Helpers (die Dier en die Hoer), 12—14.
5. Die Sewe Skale van Grimmigheid, 15,16.
6. Die Val van die Groot Hoer en van die Diere, 17-19.
7. Die Oordeel oor die Draak (Satan) gevolg deur die Nuwe Hemel en Aarde, die nuwe Jerusalem, 20-22.

Ons is nou gereed om ons eerste stelling te maak:

**Stelling 1**

Die Boek Openbaring bestaan uit sewe gedeeltes. Hulle is parallel: elkeen omspan die hele nuwe bedeling, vanaf die eerste koms tot die wederkoms van Christus.

Baie kommentators is van mening dat die sewe gedeeltes in twee groepe val.[10] Hoofstuk 12:1 (of 11:15) blyk die plek te wees waar die eerste groep of reeks visioene eindig en die tweede begin.[11]

In die eerste groep, hoofstukke 1-11, sien ons die stryd tussen mense, te wete tussen gelowiges en ongelowiges. Die wêreld val die kerk aan. Die kerk word gewreek, beskerm en triomfeer.

In die tweede groep visioene, hoofstukke 12-22, word ons daarop gewys dat hierdie stryd op aarde 'n dieper agtergrond het. Dit is die uiterlike openbaring van die duiwel se aanval op die Menseseun.[12] Die draak val Christus aan. Wanneer sy aanval afgeslaan word, rig hy al sy woede op die kerk. As sy helpers gebruik hy die twee diere en die groot hoer. Al hierdie vyande van die kerk word uiteindelik verslaan.

Hieruit is dit duidelik dat die gedeeltes wat hierdie tweede groep insluit, hoofstukke 12-22, alhoewel gelyktydig, 'n aaneenlopende verhaal vorm. Die draak, die diere, die hoer – let op die volgorde – val die kerk aan. Die hoer, die diere, die draak – let weer eens op die volgorde – word omvergewerp.

U sal opmerk dat die eerste van die twee hoofverdelings drie [15] gedeeltes bevat: 1-3; 15-16; 17-19 en 20-22. *In die eerste van hierdie twee hoofverdelings, 1-11, sien ons op die oppervlak: die kerk deur die wêreld vervolg. In die tweede sien ons die onderliggende konflik tussen Christus en die draak (Satan).* Die boek Openbaring openbaar gevolglik 'n ontwikkeling in diepte en intensiteit van 'n geestelike konflik.

Maar staan hierdie verdeling van die boek in twee hoofdele, waarvan die eerste drie

---

[10] Vir die verdeling van die Apokalips in twee hoofgedeeltes sien: J. Orr, art. "Revelation of John", in *I.S.B.E.;* H. B. Swete, *op. cit., p.* xxxix; ook p. xlv.

[11] V. Hepp, *De Antichrist, p.* 113.
F. Bleek, *Vorlesungen ü. die Offenbarung,* p. 116.
J.P. Lange, *The Revelation of John,* in *Commentary of the Holy Scriptures.* Vol.X van die N.T., p. 83.
A. Pieters, *The Lamb, The Woman, and the Dragon,* p. 1 59.
A. T. Robertson, *Syllabus for N.T. Study,* p. 260.
H. B. Swete, *op. cit.,* pp. xl, lxii.

[12] S. Greijdanus, *Kommentaar op het N.T.,* XIV, p. xxxii. K. Dijk, *op. cit.,* p. 202.

gedeeltes bevat en die tweede vier – sewe gedeeltes altesaam – nie oop vir kritiek dat dit ietwat kunsmatig is nie? [13] *Ons antwoord daarop dat dit baie beslis die indeling is soos deur die boek self aangedui. Kandelaars, seëls, basuine, skale, ens., vorm duidelike gedeeltes van die boek, of ons daarvan hou of nie! Dit is die apostel se eie groepering.*

Daar is egter 'n ander feit in hierdie verband wat besondere aandag verdien. Die skrywer van die boek Openbaring praat deurgaans van die getal sewe. Hierdie getal kom vier-en-vyftig keer voor. *Dit is egter nog meer treffend dat hy sy sewes herhaaldelik groepeer in drie en vier of vier en drie*.[14] Ons rangskikking is dus, eerder as om kunsmatig te wees. presies in ooreenstemming met die gees van die boek.

Ons is nou gereed om die volgende volledige opsomming van die Openbaring te gee:

**Tema:** Die Oorwinning van Christus en sy kerk oor Satan en sy helpers.

**I.** Die stryd op aarde: Die kerk vervolg deur die wêreld. Die kerk word gewreek, beskerm en triomfeer. Hoofstukke 1-11:

1. Christus tussen die sewe goue kandelaars, 1-3.
2. Die boek met sewe seëls, 4-7.
3. Die sewe basuine van oordeel, 8-11. Drie gedeeltes.

**II.** Die dieper geestelike agtergrond: Christus (en die kerk) vervolg deur die draak (Satan) en sy helpers. Christus en sy kerk is oorwinnaars. Hoofstukke 12-22:

4. Die vrou en die menseseun vervolg deur die draak en sy helpers (die diere en die hoer), 12-14.
5. Die sewe skale van grimmigheid, 15,16.
6. Die val van die groot hoer en die diere, 17-19.
7. Die oordeel oor die draak (Satan) gevolg deur die nuwe hemel en aarde, die nuwe Jerusalem, 20-22.

Vier gedeeltes.

[16] **Stelling 2**

Die sewe gedeeltes kan gegroepeer word in twee hoofdele. Die eerste hoofdeel, hoofstukke 1-11, bestaan uit drie gedeeltes. Die tweede hoofdeel, hoofstukke 12-22, bestaan uit vier gedeeltes. Hierdie twee hoofdele toon 'n ontwikkeling in diepte of intensiteit van 'n geestelike konflik. Die eerste hoofdeel, hoofstukke 1-11, toon die kerk – in wie Christus woon – vervolg deur die wêreld. Die kerk word gewreek, beskerm en triomfeer. Die tweede hoofdeel, hoofstukke 12-22, onthul die dieper geestelike agtergrond van hierdie stryd. Dit is 'n konflik tussen Christus en die draak, waarin Christus, en daarom sy kerk, oorwinnaar is.

Nog een opmerking en dan sluit ons hierdie hoofstuk. Ons het ons aandag gekonsentreer op die indeling van die boek. Tog is dit nie die indeling nie, maar juis die *eenheid* van die boek, die baie noue verwantskap tussen al die dele, wat beklemtoon moet word. Dit word dikwels vergeet. Daarom sal ons die volgende hoofstuk aan hierdie onderwerp wy.

---

[13] C. J. Ellicott, *The Revelation,* in Handy Commentary, p. 19.
[14] I.T. Beckwith, *The Apocalypse of John,* pp. 254, 523.

## [17] 3. Wat is hierdie boek? 'n Babelse verwarring of 'n heerlike eenheid?

Wat sal ons sê? Is die skrywers reg wat beweer dat hierdie boek 'n warboel is van ongegronde fantasieë? Moet ons inderdaad die standpunt aanvaar dat die Openbaring nie eens een afsonderlike boek is nie, maar 'n kompilasie van verskeie fragmente van ander boeke?[1]

Ons antwoord beslis en nadruklik: "Nee!" Inteendeel, in plaas van 'n mengelmoes, openbaar hierdie boek 'n uiters organiese sistematiese rangskikking. Die twee hoofdele vul mekaar aan. Hulle hoort bymekaar. Die sewe gedeeltes openbaar 'n heerlike eenheid. Daar is 'n gemaklike oorgang van die een visioen na die volgende. As ons dit insien, verstaan ons die boek. Deur dit nie in te sien nie, beroof u uself van ware genot.

Ons vertrou natuurlik dat u Bybel ooplê voor u. Kom ons gaan dan nog eens op 'n reis deur die boek. Hierdie keer stel ons nie die vraag: hoe deel die boek homself in? nie. Dit is reeds beantwoord. Nou vra ons: wat is die betekenis van die boek as geheel? Hoe staan die dele met mekaar in verband?

Met hierdie vraag in gedagte, kom ons weer terug na die heel eerste gedeelte, hoofstukke 1-3. Eerstens kom die visioen van Christus tussen die sewe goue kandelaars voor ons oë, 1:12. Ons sien die Seun van die Mens met sy oë soos 'n vuurvlam, en met 'n skerp tweesnydende swaard wat uit sy mond uitgaan, waar Hy kom om hulle te oordeel wat die kerk so fel vervolg en hulle wat probeer om ware gelowiges te verlei.

U nader nou hoofstuk 2. Nou moet u versigtig wees. Moenie die fout maak om 'n skeiding te maak tussen hierdie twee hoofstukke nie. Hulle hoort bymekaar. Die kerk, in wie Christus woon, word openbaar in hierdie gedeelte, hoofstukke 1-3. Christus se gedurige en blywende teenwoordigheid in sy kerk is die tema. Die verhoogde Seun van die [18] Mens, wat dood was maar lewe tot in ewigheid, vertroos die Kerk deur sy teenwoordigheid, 1:13; Hy openbaar verborge dinge, 3:1; bestraf dwaling, 2:4; bedreig hulle met straf wat reg en geregtigheid teenstaan en probeer om ander te verlei, 2:16; Hy keur goed wat aanbevelenswaardig is, 2:2,3; belowe beloning, 2:7 en dring aan by sy afgedwaalde dissipels om hulle te bekeer, 3:18,19. Wanneer ons hierdie gedeelte lees – hoofstukke 1-3 – fluister Christus aan ons: "En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld."

Let op na die noue verband tussen hoofstuk 1 en die volgende twee hoofstukke. In hoofstuk 1 sien ons die visioen van Christus. Die volgende twee hoofstukke openbaar dieselfde Christus en beskryf Hom in terme byna identies met die in hoofstuk 1. Om hierdie punt baie duidelik te stel, plaas ons die twee beskrywings in parallelle kolomme:

| **BESKRYWING VAN CHRISTUS IN HOOFSTUK 1:** | **BESKRYWING VAN CHRISTUS IN HOOFSTUKKE 2, 3:** |
|---|---|
| "En in sy regterhand het Hy sewe sterre . . . en tussen die sewe kandelaars Een soos die Seun van die mens" 1:13, 16. | "... Hy wat die sewe sterre in sy regterhand hou, wat wandel tussen die sewe goue kandelaars" 2:1. |
| "Ek is die eerste en die laaste en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid" 1:17, 18. | "... die eerste en die laaste, wat dood was en lewend geword het" 2:8. |
| "en 'n skerp tweesnydende swaard het uit sy mond uitgegaan" 1:16. | "... Hy wat die skerp tweesnydende swaard het" 2:12. |

[1] Aldus Volter, Vischer, Weizsacker, Weyland, Pfleiderer, Spitta, Harnack. Vir 'n gedetailleerde verslag oor die verskillende standpunte, sien: J. Moffat, *Introduction to the Literature of the New Testament,* p. 489 ens.

| | |
|---|---|
| "... en sy oë soos 'n vuurvlam en sy voete soos blink koper" 1:14, 15. | "... wat oë het soos 'n vuurvlam, en sy voete is soos blink koper" 2:18. |
| "... en van die sewe Geeste wat voor sy troon is ... en in sy regterhand het Hy sewe sterre gehou" 1:4, 16. | ". . . Hy wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre het" 3:1. |
| "... die getroue getuie .. . En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood" 1:5,18. | ". . . die Waaragtige, wat die sleutel van Dawid het" 3:7. |
| ". .. Jesus Christus, die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor konings van die aarde" 1:5. | "... die Amen, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van God" 3; 14. |

[19] Die eerste gedeelte, hoofstukke 1-3, openbaar dus die kerk waarin Christus woon wat voorgestel word met die simboliek van die sewe goue kandelaars en die Seun van die Mens al wandelende tussen hulle. Die kerk openbaar die hemelse lig aan 'n wêreld wat in duisternis verkeer.

Die kerk ... en die wêreld! 'n Botsing is onvermydelik. Die duisternis haat die lig. Daarom wag daar vervolging op die kerk. Gevolglik sien ons die kerk verdruk deur die wêreld in die visioen van die Seëls, hoofstukke 4-7. Die lig wat in die duisternis skyn, hoofstukke 1-3, en die duisternis wat die lig haat, hoofstukke 4-7, volg mekaar gedurig in hierdie presiese volgorde.

Maar nog voor hierdie beproewinge beskryf word, ontvang ons die bemoedigende versekering dat dit ingesluit is in God se raad. Hulle maak deel uit van sy plan. Die kerk het hierdie beproewinge nodig sodat dit gereinig kan word. Ons het geskryf: "Die kerk openbaar die hemelse lig aan 'n wêreld wat in duisternis verkeer." Ja, maar 'n ware studie van Openb. 2 en 3 toon dat die lig met verskillende grade van suiwerheid en helderheid skyn. In Smirna skitter die heerlikheid van die ewig-lewende Christus in al sy suiwerheid, maar Sardis het net 'n paar mense wat hulle klere nie besoedel het nie: die lig flikker maar net dofweg. So ook is Filadelfia stralend met die heerlikheid van sy wonderlike Verlosser en ontvang 'n geopende deur, maar Laodicea is lou. Ons herhaal: die kerk het hierdie beproewings nodig sodat dit gereinig en gesuiwer kan word; sodat ware gelowiges nader aan God gebring kan word. Deur beproewings en kruisdra groei Gods kinders in heiligmaking. Die Christus op die Troon heers ten goede oor die kwaad. Om hierdie rede begin hierdie gedeelte met die heerlike visioen van die Troon gesetel in die hemel, hoofstuk 4, en die boek in die regterhand van Hom wat op die troon sit, hoofstuk 5. Dit is Christus wat hierdie boek neem en die seëls oopmaak, 5:7. Die Seun van die Mens, verhewe in heerlikheid, regeer die wêreld in belang van die kerk. Meer as oorwinnaars is ons! Laat die beproewings maar kom!

En so word in hoofstuk 6 hierdie beproewings beskryf: vervolging en verdrukking van elke soort. Christus bring steeds die swaard. Let op die treffende verband tussen hoofstuk 5 en 6:

| | |
|---|---|
| 5:5: "die wortel van Dawid het oorwin..." | 6:2: "En ek het gesien, en kyk, daar was 'n wit perd. En hy wat daarop sit, het 'n boog; en aan hom is 'n kroon gegee, en hy het uitgegaan as 'n oorwinnaar en om te oorwin." |

[20] Die ruiter op die wit perd is Christus.[2]

Die beproewings is sigbaar gedurende hierdie hele era, van die eerste koms tot die wederkoms van Christus. Waar en wanneer ook al Christus op die toneel van die geskiedenis verskyn in die volheid van sy reddende krag, daar kan die swaard ook verskyn. Christus se dissipels het kruisdraers geword. Vrede is weggeneem van die aarde af. Die aarde is deurweek met die bloed van die volgelinge van die Lam.[3] Let op die noue verband tussen Openb. 6:1-3 en Matt. 10:34:

| OPENB. 6:1-3 | MATT. 10:34, 38 |
|---|---|
| "... daar was 'n wit perd. En hy wat daarop sit... het uitgegaan as 'n oorwinnaar en om te oorwin. En 'n ander perd, 'n vuurrooie het uitgekom en aan hom wat daarop sit, is dit gegee om die vrede van die aarde af weg te neem en dat hulle mekaar sou doodmaak; en 'n groot swaard is aan hom gegee." | "Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard. En wie sy kruis nie neem en agter My volg nie, is My nie waardig nie." |

Hierdie paragraaf uit die evangelie, Matt. 10:32, is gedurig in die gedagte van die siener.[4] Nie net hier in Openb. 6:2, 3 verwys hy daarna nie, maar ook in 3:5 – 'n

---

[2] Ons hoop om in 'n later hoofstuk aan te toon dat dit die korrekte standpunt is. Die Ruiter op die wit perd is beslis die Christus. Net 'n paar van die vele gesaghebbendes wat hierdie siening aanvaar:

Die heel vroegste – sommige, miskien die heel beste – getuienis word gevind in die werk *Teen Kettery* deur Irenaeus. Irenaeus was 'n dissipel van 'n dissipel van Johannes, die apostel. Hy vereenselwig die Ruiter op die wit perd met Christus. Hy sê: "Want vir hierdie doel is die Here gebore, 'n geboorte waarvan Hy die aard reeds tevore bepaal het, van wie Johannes ook in die Apokalips sê: 'Hy het uitgegaan as 'n oorwinnaar en om te oorwin.'"

*A.N.F.,* I,p.493.

S. L. Morris sê: "Die kerk . . . was deur al die eeue byna eenstemmig in hul interpretasie hiervan, nl. dat Christus oorwinnend toetree tot sy militante wêreldloopbaan." *The Drama of Christianity,* p. 52. Verder: A. Kuyper, snr., *Van De Voleinding,* IV, p. 123.

J. P. Lange, *The Revelation of John,* p. 164.

R. C. H. Lenski, *Interpretation of St. John's Revelation,* p. 554.

W. Milligan, *The Book of Revelation,* in *Expositor's Bible,* Vol. VI, p. 855.

A. Plummer, *The Pulpit Commentary on Revelation,* p. 195.

F. C. Thompson, *The New Chain Reference Bible.* Sien kantaantekening oor Openb. 6:2. Let op die parallelle perikope.

[3] Die preteriste bied hier 'n meer konsekwente verduideliking as die ander. Hulle sien die eenheid van Openb. 6: 3-11 in. Sien bv. H. Cowles, *The Revelation of John,* p. 98, ens. Onder die wat van mening is dat die beproewings, gesimboliseer deur die laaste drie perde en hulle ruiters, in besonder die gelowiges raak, is die volgende:

K. Dijk, *Het Ryk der Duisend Jaren,* p. 201.

A. Plummer, *The Pulpit Commentary on Revelation,* p. 184.

Sien ook P. Mauro, *The Patmos Visions,* p. 202.

Aan die ander kant sê Lenski, in sy uitstekende kommentaar, dat dit nie eens in die simboliek van die perderuiters ingesluit is wat met die gelowiges gebeur nie, *op. cit.,* p. 223. Maar sy rede vir hierdie standpunt is dat hy die Doderyk - van vers 8 - hel laat beteken. Dit kan egter nie die betekenis wees nie. Sien die uitstekende artikel oor Doderyk in *I.S.B.E.* Doderyk is hier die toestand van dood wat die dood altyd volg.

[4] R. H. Charles, *A Critical and Exegetical Commentary on the Revelation of of St. John,* Vol. I p. 165.

treffende parallel met Matt. 10:32.[5]

Nogtans beskryf die gedeelte oor die seëls nie net vervolgings nie. Dit is veel meer omvattend. Al die ellende en beproewings van die kerk is ingesluit in die visioen, asook die waaronder die kerk saam met die wêreld ly. Die belangrikste vraag is egter: Hoe raak hierdie beproewings die kerk? Vgl. Eseg. 14:21; 16:20; Matt. 24:13.

In volle ooreenstemming met hierdie interpretasie en met die eenheid van die hele boek openbaar die vyfde seël die siele van hulle wat gedood is ter wille van die Woord van God en ter wille van hulle getuienis, 6:9. Baie verklaarders dink dat "'n heel nuwe visioen" hier begin met min of geen verband met die voorafgaande nie. In ons interpretasie – wat gegrond is op die stewige basis van 'n vergelyking tussen duidelike parallelle – is daar geen probleme nie. Die voorafgaande seëls het die invloed van verdrukkings en vervolgings op die kerk gesimboliseer. Onder andere is gelowiges vervolg en doodgemaak. Wat is dan meer vanselfsprekend as dat die siele van hulle wat doodgemaak is, nou onder die altaar gesien word? Met die opening van die sesde seël het ons die einde bereik, die dag van die eindoordeel.

Hierdie seëls van verdrukking en vervolging is sigbaar dwarsdeur die hele huidige bedeling; in 'n sekere mate, dwarsdeur die geskiedenis van die wêreld. Die heiliges hoef egter nie te vrees nie. Die oordele [21] wat oor die wêreld sal kom, sal nie werklike leed bring oor die ware gelowiges hier op aarde nie, 7:1-8. Inteendeel, die kerk sal mettertyd uit "die groot verdrukking" kom – die somtotaal van alle verdrukkings. In die hemel sal die Triomferende Kerk, die ontelbare palmtak-draende menigte, uit alle nasies en stamme en volke en tale, sy oorwinning vier op die groot dag van die voleinding van alle dinge, 7:9-17. Meer as oorwinnaars is ons!

Maar wat van die vervolgers? Bly hulle dan skotvry? Sal die kerk dan nie gewreek word nie? Onse Here sien die trane van sy vervolgde kinders. Hulle gebede styg op ten hemel, bewierook met die middelaarskap van Christus. Die Here antwoord. Die wierookbak is volgemaak met vuur van die altaar en dit is op die aarde gegooi, 8:5. "En daar het stemme gekom en donderslae en weerligte en aardbewing." Met ander woorde, God is voortdurend besig om sy oordele uit te stort op die wêreld in antwoord op die gebede van sy vervolgde kinders.

Om hierdie rede laat die sewende seël onmiddellik die basuine van oordeel verskyn: die seëls van verdrukking en vervolging noodsaak die basuine van oordeel.[6] Kwaad moet gewreek word.

So leer hierdie gedeelte oor die basuine van oordeel ons dat ons opgestane en verhoogde Verlosser voortdurend die kerk wreek en oordele uitstort oor die vervolgers deur middel van plae op land, 8:7, die see, 8:8, die riviere, 8:10, son, maan en sterre, 8:12, kwade invloede van duiwels (demone), 9:3,11, die slagveld, 9:16 en die verskriklike verwagting van die eindoordeel, 11:15. Hierdie oordele, hoe straf ook al, is egter gelaai met waarskuwings. Hulle is nie finaal nie. Hulle vernietig 'n *derde deel.* Deur middel hiervan roep God nog steeds tot bekering. Onthou: basuine *waarsku.*

Maar loop dit werklik uit op bekering? Oor die algemeen gebeur dit nie, ten spyte van die reddende werking van die Heilige Gees. "En hulle het hul nie bekeer van hul moorde

---

[5] P. Mauro, *op. cit., The Patmos Visions,* p. 200.
H. B. Swete, *op. cit.,* p. clvi.
F. C. Thompson, *op. cit.,* oor hierdie perikoop.

[6] A. T. Robertson, in *Syllabus for N.T. Study,* noem as beswaar teen die standpunt van gelyktydigheid (parallelisme) dat in 8:1 die basuine skynbaar uit die seëls ontstaan, p. 265. Ons antwoord: "Dit is so en tog loop die twee reekse - seëls en basuine – parallel". Dwarsdeur die geskiedenis het seëls van vervolging altyd oordeelsbasuine ten gevolg. Daarom oorspan albei reekse dieselfde lang tydsbestek, en die basuine kom altyd uit die seëls tot stand. Daarom, op pragtige wyse, word aan die sewende seël nie 'n eie inhoud gegee nie, maar stel dit onmiddellik die basuine voor. Die hele moeilikheid ontstaan uit die feit dat paralleliste die *eenheid* van die hele boek verontagsaam het.

en hul towery en hul hoerery en hul diefstalle nie", Openb. 9:21. Dit was waar in die tyd van Johannes; was waar sedertdien en sal vir altyd waar wees. Die Openbaring is 'n boek vir alle tye. Dit is altyd aktueel.

Terwyl hierdie oordele nou oor die aarde kom, wat gebeur met die kerk? Haar veiligheid, getuienis, krag, kruisdra en uiteindelike oorwinning word beskryf in hoofstukke 10 en 11.

Die gedeelte sluit met 'n triomfsang, met 'n oorwinningslied: "Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid." Die heiliges ontvang hulle beloning: God delg die vernietiger uit, 11:18, meer as oorwinnaars is ons!

[22] En hier eindig die eerste deel van die boek, hoofstukke 1-11.[7] Maar die boek eindig nie hier nie!

Dit is ook nie waar dat die boek ewe goed hier kon geëindig het nie. Daar is twee vrae wat om 'n antwoord roep:

(1) Wat is die onderliggende oorsaak van die vervolging van die kerk deur die wêreld? Met ander woorde, wáárom haat ongelowiges die gelowiges so intens? Wat sit daaragter?

(2) Wat gaan gebeur met hierdie onboetvaardige persone, 9:21, wat nie ag slaan op God se waarskuwende stem soos geopenbaar in die basuine van oordeel nie?

Wel, juis hierdie twee vrae word in die tweede deel beantwoord, hoofstukke 12-22.

Hoofstukke 1-11 toon die oppervlak: die Christus-vervulde kerk skyn in die duisternis van hierdie wêreld, hoofstukke 1:3. Die wêreld haat die lig en vervolg die kerk só dat die siele van die gedode heiliges onder die altaar verskyn, hoofstukke 4-7. Die bloed van die heiliges is gewreek; hulle gebede is beantwoord; oordele van elke soort val op die wêreld terwyl die kerk triomfeer, hoofstukke 8-11.

Laat ons nou afdaal in die diepte! Hoofstukke 12-14 leer ons dat hierdie stryd tussen die kerk en die wêreld maar net die uiterlike openbaring is van die konflik tussen Christus en Satan.[8] Christus word hier die Menseseun genoem.[9] Satan word die draak genoem.[10] Die draak se doel is om die Kind te verslind, 12:4. Wanneer hy hierin faal, vervolg hy die vrou, dit is: die kerk, 12:13. As sy helpers gebruik die draak die dier uit die see, 13:1-10, dit is die anti-Christelike vervolging – in die tyd van Johannes was dit gekonsentreer in die Romeinse Ryk en regering – die dier uit die aarde, dit is die anti-Christelike godsdienstige propaganda – in die tyd van Johannes gesentreer in die heidense godsdiens en keiseraanbidding van Rome – en die groot hoer, Babilon, dit is anti-Christelike verleiding – in die tyd van Johannes het dit uitgestraal uit die stad van Rome wat geprobeer het om die luste van die vlees te bevredig.[11] Hulle doel is om die kerk te vernietig. Slaag hierdie magte van die bose daarin? Wie is oorwinnaar: die draak of die Lam? Hoofstuk 14 voorsien die antwoord: Die Lam staan as oorwinnaar op die berg Sion, en saam met Hom honderd-vier-en-veertig-duisend! Die tweevoudige oes – van gelowiges en ongelowiges, 14:14 – bring ons weer by die eindoordeel.

Dit gee ons vreugde wanneer ons lees van hierdie oorwinning van Christus en sy kerk. Dit gee ons vertroosting. Bloot natuurlik vra ons dan: Wat gebeur met die vyand?

---

[7] Sien Hoofstuk 2, p. 14, 15.

[8] K. Dijk, *op. cit.,* p. 202. S. Greijdanus, *op. cit.,* p. xxxii.

[9] Dit kan natuurlik nie betwyfel word nie. Die Menseseun kan niemand anders wees as die Christus nie. In 'n later hoofstuk sal ons oorvloedige getuienis hiervoor voorsien.

[10] Let op dat die Menseseun hier voorgestel word as die Saad van die vrou. terwyl die draak hom teenstaan. Die hele perikoop is gewortel in Gen. 3:15.

[11] Vgl. R. C. H. Lenski, *op. cit.,* p. 412. Ook A. Pieters, *The Lamb, The Woman, and The Dragon,* pp. 272, 273.

Hoofstukke 12-14 toon aan ons vier, nee, vyf vyande van die kerk. Hulle is die volgende: [23]

1. Die draak self;
2. die dier uit die see;
3. die dier uit die aarde, ook die valse profeet genoem;
4. die groot hoer, Babilon; en
5. "die mense wat die merk van die dier gehad het", 13:16, 16:2.

Hulle kom almal saam *tot* 'n val. Wanneer Satan in die *poel van* vuur en swawel gewerp word, word ook sy bondgenote daarin gegooi. Dit is op die dag van die eindoordeel. Tog word die einde van elkeen van hierdie vyf afsonderlik beskryf, met hierdie een uitsondering, dat die twee diere saam gevange geneem word, 19:20.

Eerstens wys die siener ons wat gebeur met hulle wat die merk van die dier het – hoofstukke 15, 16; sien veral 16:2. Hulle is die onboetvaardiges van 9:21. Bewyse? Sien 16:9,11.

U sal onthou dat die tweede vraag wat deur die eerste deel van die boek onbeantwoord gelaat word, so gelui het: "Wat sal gebeur met hierdie onboetvaardige mense?"

Ons kry nou 'n antwoord op hierdie vraag. Daarom merk ons 'n baie nou verband tussen hierdie gedeelte oor die skale van grimmigheid – hoofstukke 15 en 16 – en die oor die basuine van oordeel – hoofstukke 8-11. Die twee gedeeltes is presies parallel soos ons aangedui het in hoofstuk 2. Terselfdertyd is hierdie gedeelte oor die skale van grimmigheid – hoofstukke 15 en 16 'n direkte voortsetting van die hoofstuk wat onmiddellik daaraan voorafgaan: die mense wat die merk van die dier het, word aan ons bekend gestel in 13:16 terwyl ons in 16:2 meegedeel word wat met hulle gebeur.

*Die vraag ontstaan* gevolglik: *indien Christus se oordeelsbasuine,* d.w.s. sy *aanvangsplae,* in die geskiedenis van die wêreld nie berou en bekering tot gevolg het nie, wat dan? Laat die Heerser van die heelal sulke onboetvaardigheid – sulke hardheid van hart – ongestraf toe? Die antwoord – volgens hoofstukke 15,16, die skale van grimmigheid – is die volgende: Indien, in die hele geskiedenis van die wêreld, enige persoon onboetvaardig bly en homself verhard in antwoord op die aanvanklike bekendmaking van God se mishae d.m.v. oordele, sal die finale uitstorting van goddelike toorn vroeër of later volg. Toe die tien plae by Farao nie gewillige en blymoedige gehoorsaamheid opgeroep het nie, maar 'n verharde hart geopenbaar het, is die hele leërmag van Egipte verdrink in die Rooi See, vgl. 15:2,3.

In soverre die mense van die nuwe bedeling hulleself verhard ten spyte van groter voorregte en geleenthede, word hierdie beginsel van goddelike morele regering vandag duideliker as ooit tevore, en sal dit al [24] duideliker word totdat die hoogtepunt van die openbaring daarvan bereik sal word op die dag van die eindoordeel. Dit is, kort gestel, die betekenis van die skale van grimmigheid, hoofstukke 15, 16. Onthou dus voortdurend: *basuine* waarsku; *skale* word uitgestort.

Wat van die ander vyande van Christus en sy kerk? Die draak, die twee diere en die groot hoer is in hierdie volgorde bekend gestel, hoofstukke 12-14. Die groot hoer, die twee diere en die draak kom tot 'n val in hierdie, presies omgekeerde, volgorde. Onthou egter wat tevore gesê is: Hulle word almal omvergewerp op een en dieselfde tyd: so is dit dwarsdeur die geskiedenis van die wêreld dat wanneer een val, almal noodwendig val. Hulle *finale* neerlaag geskied op die oordeelsdag. Die onderwerp is egter so groot, die voorstellings is so geweldig en saamgesteld dat die siener, in sy beskrywing van wat gebeur, ons eers die val van die groot hoer toon; dan die van die twee diere en ten slotte die van die draak.

Openb. 17-19 beskryf dus die val van Babilon, die groot hoer. Ons word die onvermydelike, volledige en verskriklike aard van Babilon se val getoon; die gevolglike vreugdeliedere in die hemel – meer as oorwinnaars is ons! – en ten slotte, die Bewerker

van hierdie oorwinning oor die wêreld as bron van verleiding. Christus het oorwin, 19:11.

Dieselfde gedeelte toon ons ook die vernietiging van twee diere, 19:20.

Nou bly daar net een vyand oor wie se finale omverwerping nog nie beskryf is nie, t.w. die draak: die grootste van almal, hulle leier en aanvoerder, wat eerste bekend gestel is.

Die slotgedeelte van die boek – hoofstukke 20-22 – beskryf sy groot neerlaag. Die draak is *alreeds* gebind, 20:2. Uiteindelik, op die oordeelsdag, sal hy in die see van vuur en swawel gewerp word om gepynig te word tot in ewigheid.

En die heiliges? Die siele van die martelare leef en regeer *alreeds* saam met Christus, die Oorwinnaar, op hemelse trone. Ná die eindoordeel, 20:11-15, sal hierdie heiliges vir ewig regeer, 22:5, in die nuwe hemel en aarde, 21:1. Die Lam beklee die Troon, 22:1, 3. Hy is oorwinnaar. Daarom is ons ook meer as oorwinnaars.

Ons het nou gesien dat hierdie boek een, enkele, pragtige, geleidelik-ontwikkelende geheel is. Elke gedeelte van die boek is presies waar dit moet wees. Bowendien beskryf die boek beginsels van menslike gedrag en goddelike morele regering wat altyd van krag is. Nie net altyd van krag nie, maar altyd *in daardie spesifieke volgorde* van krag. Die kerk funksioneer altyd as 'n ligdraer, wat skyn in die duisternis van hierdie wêreld, hoofstukke 1-3. Dit skyn omdat Christus daar binne-in woon. Die gevolg? Die wêreld vervolg altyd, herhaaldelik, die kerk, [25] hoofstukke 4-7. Die gevolg? Goddelike oordele van alle soorte kom gedurig oor die wêreld, terwyl die kerk triomfeer, hoofstukke 8-11. Hierdie stryd tussen die kerk en die wêreld openbaar altyd 'n dieper konflik tussen Christus en Satan. Satan gebruik altyd net hierdie helpers wat in hoofstukke 12-14 genoem word. Hulle ly altyd die neerlaag, in besonder in die oordeelsdag. Die oorwinning behoort altyd aan ons! Daar is natuurlik niks meganies omtrent hierdie sewe gedeeltes nie. Hulle is nie sewe "gedagte-komplekse" nie. Hulle maak nie sewe waterdigte kompartemente uit nie. Die boek is 'n organiese geheel, met elke deel in noodsaaklike verband met al die ander. So, byvoorbeeld, word die val van Babilon alreeds in 14:8 aangekondig. Tog word dit nie *beskryf* voordat ons die gedeelte, hoofstukke 17-19, bereik nie. Net so word die vervolging van die kerk deur die wêreld en selfs die oordeel oor die wêreld voorveronderstel en aanhangig gemaak in die heel eerste gedeelte, 1:9, 13. Maar die hooftema van daardie gedeelte is: die kerk waarin Christus woon, skyn in die wêreld.

Die leringe van hierdie sewe gedeeltes, wat so 'n heerlike eenheid en geleidelike gedagtegang openbaar, stem ooreen met die hele Bybel:

Hoofstukke 1-3. Vgl. Matt. 28:20: "... *kyk, Ek is met julle al die dae,* tot aan die voleinding van die wêreld." Matt. 5:14: "Julle is *die lig* van die wêreld."

Hoofstukke 4-7. Vgl. Joh. 16: 33: "In die wêreld sal julle *verdrukking* hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin."

Hoofstukke 8-11. Vgl. Luk. 18:7: "Sal God dan nie *reg doen* aan sy uitverkorenes wat dag en nag tot Hom roep nie ...?"

Hoofstukke 12-14. Vgl. Gen. 3:15: "En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. *Hy* sal jou die kop vermorsel, en *jy* sal hom in die hakskeen byt."

Hoofstukke 15, 16. Vgl. Rom. 2:5: "Maar ooreenkomstig jou verhardheid en *onbekeerlike* hart vergader jy vir jou *toorn ...*" Vgl. Ex. 14:15.

Hoofstukke 17-19. Vgl. 1 Joh. 2:17: "En *die wêreld gaan verby* en sy *begeerlikheid..."*

Hoofstukke 20-22. Vgl. Rom. 8:37: "... is ons meer as *oorwinnaars* deur *Hom* wat ons liefgehad het." Vgl. Jud. 6.

**Stelling 3**

Die boek is 'n eenheid. Die beginsels van menslike handelwyse en van goddelike morele regering word toenemend geopenbaar: die kandelaars gee aanleiding tot die seëls; die seëls tot die basuine, ens.

## [26] 4. Soos ons deur die Openbaring wandel, word die groot voleinding al duideliker geopenbaar

Die boek Openbaring vertoon 'n innerlike organiese eenheid. Dit maak aan ons die beginsels van menslike gedrag en goddelike morele regering bekend. Hierdie beginsels is oral en altyd op die voorgrond. Daarom is hierdie boek aktueel in die jaar 1977. Dit was aktueel in die jaar 1000. Oor vyftig of honderd jaar sal dit nog steeds aktueel wees. Dit is van toepassing op toestande in die kerke van Europa, Amerika, Asië en elke ander land.

Waar daar ook al 'n kerk is, is dit 'n kandelaar of 'n ligdraer sodat ons die lig van Christus kan sien skyn in die duisternis, hoofstukke 1-3.

Waar dit gebeur, word die kerk gehaat deur die wêreld; die duisternis weier om deur die lig oorwin te word. Dan kom vervolging en beproewings van alle soorte, hoofstukke 4-7. Hierdie beproewings word egter tot die kerk se beswil oorwin. Die Troon is altyd in die hemel, nie op die aarde nie. Gelowiges triomfeer altyd. Hulle kom uit die groot verdrukking.

Waar en wanneer ook al die kerk vervolg word, hoor en beantwoord die Here die gebede van sy vervolgde kinders. Hy sien die bloed van die gemartelde heiliges. Daarom waarsku basuine van oordeel die goddelose, hoofstukke 8-11.

Hierdie stryd op die oppervlak – tussen kerk en wêreld – dui altyd 'n dieperliggende stryd aan tussen Christus en die draak, hoofstukke 12-14.

Vir die onboetvaardiges volg skale van grimmigheid altyd op basuine van oordeel, hoofstukke 15, 16. Dit is waar vandag; dit was waar gister; dit sal waar wees môre of u nou in Afrika, Europa of Amerika woon.

Dit lyk of Satan en sy helpers altyd triomfeer, maar in werklikheid word hulle altyd verslaan, hoofstukke 17-19, en ook 20-22.

[27] As dit so geïnterpreteer word – en ons is oortuig daarvan dat dit die enigste houdbare verduideliking is – is die Apokalips eintlik baie eenvoudig. Eenvoudig en tog uiters diepsinnig. Dit bied aan ons die ware filosofie van die geskiedenis. Dit toon aan ons die beginsels van menslike en sataniese gedrag en van goddelike morele regering soos dit voortdurend geopenbaar word. Dit wys ons hoe ons die nuus in ons nuusblaaie en die gebeure wat ons in geskiedenisboeke bestudeer, moet vertolk.

Ons het gesien dat skale van grimmigheid dwarsdeur die geskiedenis van die wêreld altyd volg op basuine van oordeel as daar nie op laasgenoemde ag geslaan word nie. Die volgorde is nooit omgekeerd nie.[1] Basuine *waarsku.* Skale word *uitgestort.*

Bowendien sal hierdie skale van grimmigheid in die eindoordeel geheel en al geledig word oor onboetvaardige, verharde sondaars. Net so val "Babilon" wanneer die koninkryk van die wêreld ineenstort – of dit Babilonië, Assirië of Rome is. Die groot en finale val van Babilon geskied in noue verband met die wederkoms van onse Here om die wêreld te oordeel.

So gesien, merk ons op dat die laaste gedeeltes van die Apokalips, alhoewel dit oor dieselfde tyd strek as die ander gedeeltes en toepaslik is op die hele verloop van die geskiedenis, in besonder beskryf wat sal gebeur in direkte verband met die eindoordeel.

Daarom is daar tog 'n mate van vooruitgang, alhoewel al die gedeeltes van die Openbaring parallel loop en die tydperk tussen die eerste koms en die wederkoms van Christus oorspan en gewortel is in die bodem van die ou bedeling. Wat ons bedoel, is dit: hoe nader ons kom aan die einde van die boek, hoe meer word ons aandag gevestig op die eindoordeel en wat daarna volg.

Die sewe gedeeltes is gerangskik in stygende orde tot 'n klimaks. Die boek toon 'n

---

[1] R. C. H. Lenski, *op. cit.,* p. 267.

geleidelike vooruitgang in eskatologiese beklemtoning.[2]

'n Noukeurige ondersoek van die Apokalips sal dit toon. In die eerste reeks – Christus tussen die sewe goue kandelaars – kry ons niks meer as slegs 'n aankondiging van Christus se koms om te oordeel nie, 1:7. Daar is geen beskrywing van die oordeel nie. In die tweede gedeelte – hoofstukke 4-7 – word die eindoordeel nie net aangekondig nie, maar beslis voorgestel: ons kry 'n kykie in die verskrikking wat die goddelose aangryp wanneer hulle die Regter na hulle sien kom, 6:12. Maar dit is al. Weer geen beskrywing nie. Slegs 'n paar verse word gewy aan 'n beskrywing van die Triomferende Kerk ná die eindoordeel, 7:9 e.v. Eweneens stel die volgende visioen – hoofstukke 8-11 – die eindoordeel en die vreugde van die verlostes voor, 11:15.

[28] In hierdie drie gedeeltes wat die eerste hoofdeel van die boek vorm – hoofstukke 1-11 – kom ons niks meer teen as slegs 'n aankondiging of 'n inleiding tot die eindoordeel nie.

Maar sodra ons die tweede hoofdeel van die boek binnegaan, is daar 'n verandering. In die heel eerste gedeelte van hierdie hoofdeel kry ons 'n werklike beskrywing van die eindoordeel, 14:14. Dit is egter 'n *simboliese* voorstelling. Die eindoordeel word vir ons geskilder met die simboliek van 'n dubbele oesinsameling.

Die volgende visioen – hoofstukke 15, 16 – beskryf die uitstorting van God se laaste toorn, sodat hierdie gedeelte, alhoewel dit oor dieselfde tyd strek as die ander, in 'n besondere sin die eindoordeel beskryf. In die volgende onderafdeling – die val van Babilon, hoofstukke 17-19 – word die beklemtoning van Christus se wederkoms om te oordeel en die betekenis daar van vir die wêreld en vir die strydende en Triomferende Kerk nog sterker en meer uitgesproke. Sien spesifiek 19:11, 12. Die sewende of slotgedeelte – hoofstukke 20-22 – beskryf nie net die eindoordeel nie, maar laat in hierdie beskrywing baie van die simboliek van die vroeër visioene weg. Niks is vaag of onbepaald nie en baie min is simbolies ingeklee, 20:12. Die blydskap van die verlostes in die nuwe hemel en aarde word baie meer uitvoerig beskryf as byvoorbeeld in 7:9. Die boek het sy heerlike klimaks bereik.


**Stelling 4**

Die sewe gedeeltes van die Openbaring is gerangskik in stygende orde tot 'n klimaks. Daar is vooruitgang in eskatologiese beklemtoning: Die eindoordeel word eers aangekondig; dan voorgestel en ten slotte beskryf. Net so word die nuwe hemel en aarde meer volledig beskryf in die slotgedeelte as in die voorafgaande.

[2] J. P. Lange, *The Revelation of John* in Commentary on the Holy Scriptures, Vol. X of the New Testament, p. 81; sien ook p. 5.; B. B. Warfield, *Biblical Doctrines,* p. 645.

[29] Aan hierdie opvatting van die Apokalips, soos uiteengesit in hierdie hoofstukke, gee ons die naam:

PROGRESSIEWE PARALLELISME




**VERDUIDELIKING**

1. Parallelisme. Die parallelle lyne dui die sewe parallelle gedeeltes aan. Sien **Stelling 1**, hoofstuk 2.
2. Toename in intensiteit van geestelike konflik. Let op die ligte en donker gedeeltes. Sien **Stelling 2**, hoofstuk 2.
3. Toename in die openbaring van die beginsels van menslike gedrag en van goddelike, morele regering; innerlike organiese eenheid. Seëls van vervolging lei tot (↓) basuine *van oordeel,* ens. Sien **Stelling 3**, hoofstuk 3.
4. Toename in eskatologiese beklemtoning. Let op pyltjies (→). Sien **Stelling 4**, hoofstuk 4.

Onthou dat dit slegs 'n diagram is. Dit is slegs 'n hulp. Dit is soos tydelike steierwerk wat 'n tyd tot nut is, maar nie langer nodig is wanneer die gebou klaar is nie. Net so moet die leser wat 'n deeglike studie van die hele Openbaringboek maak, bewus word van die feit dat dit onmoontlik is om in 'n diagram al die betrekkinge tussen die sewe gedeeltes weer te gee. Die boek is ver verhewe bo enige diagram. Tog is 'n diagram, wat 'n paar van die hoofverbintenisse aandui, tot 'n groot hulp vir die beginner.

## [30] 5. Die Apokalips: God se klankrolprent

Die boek Openbaring is 'n reeks prente. Die prente beweeg. Hulle is vol aksie. Alles is voortdurend in beweging. U sien een prent. Spoedig maak dit plek vir 'n ander; en nog een en nog een. As u werklik die boek wil verstaan, moet u u voorstel dat u na 'n rolprent kyk. Is u gereed? Hier gaan ons, en dit is wat ons sien:

Sewe goue kandelaars. Daar is aksie, beweging: iemand wandel tussen hierdie kandelaars. Hy dra 'n lang kleed met 'n goue gordel om sy bors. Sy hare is wit soos sneeu, en sy oë soos 'n vuurvlam. In sy regterhand hou hy sewe sterre en uit sy mond gaan 'n skerp tweesnydende swaard. Die beeld verander. Ons sien 'n troon met 'n reënboog rondom. Uit die troon kom weerligte, donderslae en dreunings. In die regterhand van Hom wat op die troon sit, is 'n boek, verseël met sewe seëls. Iemand nader die troon. Wie is Hy? Die leeu van die stam van Juda. Hy neem die boekrol. Onmiddellik val die vier lewende wesens wat rondom die troon is en die vier-en-twintig ouderlinge neer voor die Lam. Elkeen het 'n siter en goue skale vol reukwerk. Maar luister: hulle sing 'n nuwe lied. As die musiek wegsterf, sien ons vier perde: wit, rooi, swart en vaal. Let op die ruiters. Kyk wat doen elkeen. Terwyl hierdie perde en hulle ruiters uitgaan, sien ons hoe mense mekaar doodmaak. Sommige lyk honger. Hulle sterf eintlik van die honger. Ander word voor wilde diere gegooi. En nou sien ons die siele van die wat doodgemaak is. Met 'n groot stem roep hulle van onder die altaar. Maar nou word die son swart soos 'n harige sak. Die maan kry die kleur van bloed. Die sterre van die hemel val op die aarde. Die hemel word opgerol soos 'n boekrol. Elke berg en eiland word uit hulle plekke versit. Mense – insluitende konings, edelmanne, owerstes, rykes en armes – steek hulle weg in spelonke en rotse. Vier engele hou die vier winde terug sodat hulle nie onmiddellik alles op die aarde en op [31] die see sou vernietig nie. Honderd-vier-en-veertig-duisend mense word nou met 'n seël gemerk. En nou: 'n groot menigte wat niemand kan tel nie, mense uit elke nasionaliteit en gebied op aarde, met palmtakke in hulle hande. Wat doen hulle? Hulle roep uit met 'n groot stem: "Ons verlossing is die werk van onse God wat op die troon sit en van die Lam."

En nou kom daar sewe engele met sewe basuine. 'n Ander engel is besig om reukwerk te offer. Die wierookbak word volgemaak met vuur. Dit word uitgegooi op die aarde. Dan word dit gevolg deur stemme en donderslae en weerligte en aardbewing.

Waarom sal ons voortgaan? U begryp reeds. Die hele boek bestaan uit wisselende tonele, bewegende prente, lewende simbole. Voorts is daar geluide, stemme, liedere, antwoorde en kore. Vgl. 4:8, 11; 5:9, 10; 5:12-14; 11:15-18; 12: 10; 15:3, 4; 19:1-8; 22:17.[1] Dit is as't ware 'n "klankprent".

Die vraag ontstaan nou: Wat beteken hierdie prente? Hoe sal ons" dit interpreteer? Om hierdie vraag te beantwoord, kom ons loop 'n effense ompad. U onthou natuurlik die gelykenis van die Barmhartige Samaritaan, Luk. 10. Wel, daar is sommige wat hierdie pragtige verhaal soos volg verklaar:

"Die man wat op pad is van Jerusalem na Jerigo verteenwoordig Adam, die hoof van die menslike ras. Hy het die hemelse stad verlaat en reis nou af na die aardse stad, die goddelose stad. Maar terwyl hy sy begeertes gerig het op die aarde, val hy in die hande van rowers; d.w.s. hy word oorweldig deur Satan en sy bose engele. Hierdie rowers ontneem hom sy klere van oorspronklike geregtigheid. Hulle slaan hom en laat hom vol wonde agter, halfdood. Ja, *halfdood* in sonde en oortredinge. Die priester en die Leviet stel die wet en die offerande voor. Hulle kan die sondaar nie verlos nie. Hulle is magteloos om te help. Maar die Barmhartige Samaritaan, t.w. Jesus Christus, kom daar verby en help die arme sondaar. Hierdie Barmhartige Samaritaan verbind sy wonde met die olie van die Heilige Gees en met wyn, t.w. die bloed van sy Lyding. Hy sit die arme man op sy eie pakdier, t.w. op die verdienstes van sy eie geregtigheid. Hy bring die arme man na 'n herberg, t.w. na die kerk. Die volgende dag gee die Barmhartige

[1] S. L. Morris. *The Drama of Christianity,* pp. 32, 46, ens.

Samaritaan twee pennings aan die herbergier, t.w. die Woord en die Sakramente, sodat hy daarmee in die geestelike behoeftes van die arme sondaar kan voorsien. Dan vertrek die Barmhartige Samaritaan en belowe dat hy weer sal terugkom."

Waarlik, liewe leser, as u hierdie soort mentaliteit het wat genot put uit sulke vergeestelikende verduidelikings, kan u ewe goed hierdie [32] boek toemaak. U sal dan nooit die Gelykenisse van ons Here werklik verstaan nie. Nog minder sal u dan ooit in staat wees om die boek Openbaring te verstaan. Ons wil beklemtoon dat die gegewe verduideliking van begin tot einde foutief is. Dit is heeltemal verkeerd om te vra: Wat word bedoel met die arme man wat onder die rowers verval; wat word bedoel met die rowers, die priester, die Leviet, die barmhartige Samaritaan, die wyn, die olie, die pakdier, die herberg of die twee pennings. Nie een van hierdie dinge het 'n "dieper", geestelike betekenis nie. As die pakdier vergeestelik moet word, wie sal die presiese betekenis bepaal? En die twee pennings? Stel hulle moontlik die twee sakramente voor, of die Woord en die sakramente, of die twee testamente? Wie gaan dit bepaal? Die konteks waarin hierdie gelykenis afspeel, sê niks daarvan nie. En omdat die konteks niks sê nie, behoort ons niks te sê nie.

Elke element van die gelykenis: wyn, olie, priester, Leviet, herberg, twee pennings, ens., het sy waarde. Hulle behoort almal by die gelykenis. Daarsonder sou dit nie volledig wees nie en sou dit geen betekenis uitdra nie. Maar 'n mens mag nie 'n afsonderlike geestelike betekenis toeskryf aan elkeen van hierdie elemente nie. Hulle dien slegs tot die volledigheid van die gelykenis. Eers as 'n mens die hele gelykenis deurgelees het, moet jy vra: Wat is nou die betekenis van hierdie gelykenis *in sy geheel*?[2] Elke gelykenis dra een sentrale boodskap. Met 'n geringe bestudering van die konteks word die sentrale boodskap duidelik. In die lig van Luk. 10:25-29, 36, 37 sien ons dat die betekenis van hierdie pragtige verhaal dit is: in plaas van te vra: "Wie is my naaste?" moet ons die naaste wees van enigiemand wat die Here op ons pad stel.

Iets soortgelyks geld dan ook met betrekking tot die interpretasie van die simbole van die Apokalips. 'n Mens moet nie te veel klem lê op die besonderhede nie. 'n Mens moenie vra: Wat die simboliek betref van die sprinkane wat uit die put van die afgrond kom, 9:1-11, wat is die *afsonderlike* betekenis van hulle hare, tande, borsharnasse, ens.? Wat ons hiermee bedoel, is: ons moet nie die simbool uitmekaar ruk en die eenheid verloor nie. Hierdie besonderhede behoort by die prent; net soos die pakdier, wyn, olie, ens., by die gelykenis van die Barmhartige Samaritaan behoort, 'n Mens moet eerstens vra: Wat is die beeld *in sy geheel geneem?* En tweedens, wat is die een sentrale betekenis van hierdie beeld?[3]

Gewoonlik[4] is die besonderhede deel van die prent, van die simbool. Moenie probeer om 'n "diepsinniger" interpretasie te gee aan die besonderhede nie, behalwe in soverre die interpretasie van hierdie [33] besonderhede nodig is om die volle betekenis van die sentrale gedagte van die simbool na vore te bring. So bv., in die simbool van die Nuwe Jerusalem, hoofstukke 21, 22, is die *sentrale gedagte:* volkome gemeenskap met God. Die besonderhede – muur, fondamente, poorte, rivier, ens. – beskryf die heerlikheid van hierdie gemeenskap. Wat ons soek, is die geheelindruk, die sentrale gedagte van elke volledige simbool. Net soos in die gelykenisse help die konteks ook hier om die betekenis van die beeld te verduidelik. 'n Deeglike studie van al die besonderhede is ook noodsaaklik om te bepaal wat die sentrale gedagte is.

**Stelling 5**

Die stof van die boek bestaan uit rolprente. Die besonderhede wat by die prent hoort, moet geïnterpreteer word in harmonie met die sentrale gedagte. Ons moet twee vrae vra: Eerstens: Wat is die hele prent? Tweedens: Wat is die allesoorheersende gedagte?

---

[2] W. M. Taylor, *The Parables of Our Savior,* p. 14.

[3] A. Pieters, *The Lamb, The Woman and The Dragon,* p. 71.

[4] B. B. Warfield, *Biblical Doctrines,* p. 646.

As dit vasgestel is, ontstaan 'n ander vraag onmiddellik. Terwyl ons instem dat ons die simbool in sy geheel moet interpreteer, en die besonderhede in harmonie met die geheel, wat beteken die simbool dan? Verwys dit na 'n spesifieke gebeurtenis in die geskiedenis, 'n besondere voorval, 'n detail in die chronologie, of miskien 'n belangrike datum?

In hierdie verband is dit goed om te onderskei tussen twee soorte simbole. Daar is simbole wat die begin of die einde van die verloop van die nuwe bedeling beskryf. Hierdie simbole, soos blyk uit die verband, verwys gewoonlik na 'n spesifieke gebeurtenis. So byvoorbeeld verwys die stralende vrou wat geboorte gegee het aan 'n mense-seun, na die kerk wat Christus in sy menslike natuur voortgebring het, 12:1-5. Weer eens verwys die tweevoudige oes, 14:15, na die eindoordeel, daardie een groot gebeurtenis.

Maar daar is ook ander simbole, t.w. die wat lyk asof hulle tussen Christus se eerste koms en sy wederkoms intree. Ons dink hier aan simbole soos die kandelaars, die seëls, die basuine, die skale, ens. Verwys hierdie simbole na spesifieke gebeurtenisse, enkele voorvalle, datums of persone in die geskiedenis? As dit die geval is, kan ons ewe goed toegee dat ons dit nie kan verklaar nie.[5] Wie is in staat om uit die duisende datums en gebeurtenisse en persone uit die geskiedenis, wat sekere trekke van ooreenkoms toon met die gegewe simbool, die een enkele datum, gebeurtenis of persoon aan te wys wat deur hierdie besondere simbool voorspel is? Dit sal net verwarring ten gevolg hê. Duisende "interpretasies", maar geen sekerheid nie. En die Openbaringboek bly geslote.

[34] Tog glo ons nie dat dit 'n geslote boek hierdie is nie. Ons glo ten volle dat dit 'n openbaring is, 'n onthulling. Daarom moet ons soek na 'n ander verklaringsreël.

Ons is van mening dat hierdie reël afgelei is uit die simbole en nie op hulle afgedruk is nie. Ons kom tot hierdie betekenisvolle slotsom op grond van die simbole self, soos beskryf in die Openbaring, t.w. dat die seëls, basuine, skale en soortgelyke beelde, nie na spesifieke gebeurtenisse of besonderhede in die geskiedenis verwys nie, maar na *beginsels wat in werking is dwarsdeur die geskiedenis van die wêreld en in besonder deur die nuwe bedeling.*

Laat ons bewyse voorlê om hierdie belangrike interpretasie te steun.

Let allereers daarop dat die sfeer waarin hierdie seëls, basuine en skale werksaam is, baie wyd is. Hierdie simbole raak, respektiewelik, 'n kwart van die aarde; 'n derde van die aarde, see en bome; die hele aarde, see, ens. Sien hoofstukke 6, 8, 9, 16. Dit kan beswaarlik waar wees dat elke seël, basuin of skaal na net een enkele gebeurtenis in die geskiedenis verwys het; 'n gebeurtenis wat plaasvind op 'n bepaalde datum op 'n bepaalde plek. Maar as ons die simbool sou beskou as 'n aanduiding van 'n hele reeks gebeurtenisse van die begin tot die einde van die bedeling, dan begin hierdie beskrywings van die sfeer waarin die simbole opereer, betekenis kry. So, byvoorbeeld, kan ons die uitdrukking verstaan "'n groot berg wat brand met vuur" wat "in die see gegooi is" as dit alle seerampe dwarsdeur die bedeling verteenwoordig.

Hierdie simbole raak weer eens nie net 'n baie beperkte groep mense nie, maar 'n ontelbare menigte. Die basuine, bv., raak die *mensheid.* Hulle verwys nie slegs na 'n páár mense wat in Europa woon wat rusie het met die Pous nie. Lees 9:20: "En die orige *mense* wat deur hierdie plae nie gedood is nie ..." Die beskrywing is selfs nog meer algemeen as dit, want dit lyk asof hierdie simbole nie net al die onbekeerdes in een bepaalde tyd raak nie, maar ook vorige geslagte. Let op, 16:6: ". . . Hulle het die bloed van heiliges en profete vergiet." Daarom kan ons nie wegkom van die indruk dat die simbole na 'n *reeks* gebeurtenisse verwys nie, na die beginsels van menslike en sataniese gedrag en goddelike morele regering. Hulle verwys na dinge wat oor en oor gebeur, sodat die boek Openbaring altyd aktueel bly. Die simbole beskryf beginsels van gedrag en van goddelike morele regering wat vandag sigbaar is sowel as gedurende die

[5] A. Pieters, *op. cit.,* p. 132 ens.

eerste eeu n.C. Laat ons in hierdie verband nie vergeet nie dat elkeen van hierdie reekse – of dit kandelaars, seëls, basuine of skale is – blykbaar die lang tydperk oorspan wat begin met die eerste koms en eindig met die wederkoms van onse Heiland.[6] Dit sou ook beter harmonieer met die gedagte dat die simbole voortdurend-werkende [35] beginsels aandui as met die teorie dat hulle enkele, geïsoleerde gebeurtenisse in Europa aandui.

Ons moet ook nie dit oor die hoof sien dat die simbole gewoonlik in groepe van sewe voorkom nie. Die getal sewe kom vier-en-vyftig keer voor. Die boek is gerig aan sewe gemeentes wat deur sewe kandelaars voorgestel word. Daar is sewe sterre wat sewe engele van die gemeentes simboliseer. Daar is sewe geeste van God voorgestel deur sewe lampe. Verder: sewe seëls; 'n Lam met sewe oë en sewe horings. Sewe engele blaas op sewe basuine. Sewe ander engele gooi die inhoud van sewe skale uit wat gevul is met die sewe laaste plae. Sewe donderslae weerklink. Die dier uit die see het sewe koppe. Daar is sewe berge, sewe konings, ens., ens.[7]

Hierdie getal sewe dui volmaaktheid aan. Dit sluit baie goed aan by die gedagte dat die simbole verwys na beginsels van menslike gedrag en goddelike regering wat gedurig werksaam is, in besonder dwarsdeur hierdie hele bedeling.

Ons laaste bewysvoering is miskien die mees beslissende. Ons moet altyd in gedagte hou dat die doel van God en die siener is om wys te maak tot redding. Die boek het 'n etiese en geestelike doel. As hierdie simbole nou slegs geïsoleerde, toekomstige gebeure aandui en voorspel, mag 'n enkeling se nuuskierigheid miskien bevredig word, maar dit kan beswaarlik gesê word dat mense oor die algemeen geestelik opgebou is. As ons egter glo dat die boek die beginsels van goddelike morele regering openbaar, wat voortdurend werksaam is, sodat, in watter era ons ook al lewe, ons God se hand in die geskiedenis kan sien, hoe sy magtige arm ons gedurig beskerm en aan ons die oorwinning gee deur onse Here Jesus Christus, dan en dan alleen word ons versterk en vertroos.[8]

**Stelling 6**

Die seëls, basuine, skale van grimmigheid en soortgelyke simbole verwys nie na spesifieke gebeurtenisse, besondere gebeure, besonderhede in die geskiedenis nie, maar na beginsels – van menslike gedrag en goddelike morele regering – wat werksaam is dwarsdeur die geskiedenis van die wêreld, in besonder dwarsdeur die nuwe bedeling.[9]

---

[6] Sien Hoofstuk 2, pp. 9-11.

[7] Ander getalle wat in die Apokalips gevind word, is: ½; 1; 2; 3; 3½; 4; 5; 6; 10; 12; 24; 144; 666; 1000; 7 000; 12 000; 144 000; 100 000 000; 200 000 000. Sien C. F. Wishart, *The Book of Day,* p. 19 ens.; 'n baie goeie verhandeling oor die betekenis van getalle in die Apokalips.

[8] B. B. Warfield, *op. cit.,* p. 646.

[9] Vgl. verder: S. Greijdanus, *Korte Verklaring,* p. 144.; Ditto, *Kommentaar XIV,* p. 188.; A. Kuyper, Snr., *E. Voto II,* pp. 284-287.; W. Milligan, in *Expositofs Bible,* Vol. vi, pp. 860, 867.; S. L. Morris, *op. cit.,* p. 65.; H. B. Swete, *The Apocalypse of St. John,* p. ccxvi.; C. F. Wishart, *The Book of Day,* p. 42.

## [36] 6. Die Apokalips gewortel in kontemporêre omstandighede; in die Heilige Skrifte; in direkte, besondere openbaring

Ons sal nooit in staat wees om die boek Openbaring te verstaan tensy ons dit interpreteer in die lig van die gebeure van daardie tyd nie. Ons moet altyd vra: Hoe het die eerste lesers hierdie boek verstaan?[1] Ons moet 'n ernstige poging aanwend om die toestande en omstandighede te verstaan waaruit hierdie profesie ontstaan het. Die Openbaring se onmiddellike doel was om die wankelende harte van die vervolgde gelowiges van die eerste eeu n.C. te omgord met krag tot kalm verdraagsaamheid en onwrikbare trou aan Christus.[2] Daarom is elke paragraaf van hierdie heerlike profesie vol van betekenis, onderrig en troos vir die sewe gemeentes van die provinsie Asië. Hierdie boek is 'n antwoord op die skreiende nood van daardie besondere tyd en ons moet kontemporêre omstandighede toelaat om hulle lig te laat val op die simbole en voorspellings daarvan. Dit is ongetwyfeld waar dat hierdie boek 'n boodskap het vir vandag,[3] maar ons sal nooit in staat wees om te verstaan "wat die Gees aan die gemeentes sê" vir vandag, tensy ons eers die besondere behoeftes en omstandighede van die sewe gemeentes van "Asië" bestudeer soos hulle in die eerste eeu n.C. bestaan het nie.

Sodoende sal ons vind dat die Openbaring vol is van verwysings na gebeurtenisse en omstandighede van daardie tyd. Gelowiges is kwaai en bitterlik vervolg. Hulle bloed is uitgestort, 1:9; 7:14; 6:10; 16:6; 17:6; 19:2. Sommige was aan die wegkwyn in vuil kerkers, of was op die punt om in gevangenisse gewerp te word, 2:10. Hulle het honger gely, dors en gebrek gely, 6:8; 7:16. Sommige is voor wilde diere gegooi, 6:8. Baie is onthoof, 20:4. In Pergamus is Antipas doodgemaak, 2:13. Johannes is verban na die eiland Patmos, 1:9. Die Romeinse *regering* het vervolging aangemoedig; hulle *keiseraanbidding* het valse godsdiens geïnspireer; hulle *hoofstad* was die middelpunt van luste, 13:7, 15; 17:18. Valse leraars en sektes het die gemeentes lastig geval, 2:2, 14, 20, 24.

[37] Nogtans het ware gelowiges die lig van Christus laat skyn in die duisternis van bygeloof en ongeloof. Filadelfia het *"'n geopende deur"* gehad, 3:8.

Al hierdie dinge was werklik; dit was feite – baie van hulle harde feite – vir die kerk van daardie dag en tyd. Hierdie gelowiges was in die eerste plek nie geïnteresseerd in Hitler, 'n oorlog in die Balkanstate, die N.R.A. of die Amerikaanse presidentsverkiesing van 1960 nie. Hulle was intens geïnteresseerd in die stryd tussen lig en duisternis, die kerk en die wêreld, Christus en die draak, waarheid en dwaling. Die Openbaring is 'n antwoord op die skreiende behoeftes van hierdie vervolgde en swaarbeproefde gelowiges.[4]

Dit beteken nie dat die siener beperk was tot sake binne sy eie historiese horison nie. Onthou: die ware Outeur van die boek is nie die apostel Johannes nie, maar die Alwetende God self. Soos ons reeds oorvloediglik bewys het, oorspan hierdie boek die hele bedeling en is bedoel vir ons sowel as vir die gelowiges in die eerste eeu n.C. Die behoeftes en lyding van Christene in die eerste eeu n.C. was die aanleiding daartoe. Dit is beslis gewortel in kontemporêre gebeurtenisse en omstandighede en moet in samehang daarmee geïnterpreteer word. Dit spreek inderdaad van magte wat voortdurend werksaam is in die geskiedenis van die wêreld – bv. die dier – maar dit bespreek hierdie dinge in terme van die destydse vorm waarin hierdie magte hulle geopenbaar het – bv. Rome.

---

[1] Dit geld natuurlik al die profetiese boeke. Sien G. Ch. Aalders, *Het Herstel van Israel volgens het Oude Testament,* p. 32.

[2] Sien hoofstuk 1, pp. 1-4.

[3] Sien hoofstuk 1, p. 4.

[4] H. Cowles, *The Revelation of John,* p. 43.; A. Pieters, *The Lamb, The Woman, and The Dragon,* p. 67 ens.; H. B. Swete, *The Apocalypse of St. John,* p. ccxiii.

**Stelling 7**

Die Apokalips is gewortel in kontemporêre gebeurtenisse en omstandighede. Sy simbole moet geïnterpreteer word in die lig van toestande wat geheers het toe die boek geskryf is.

Ons moet hierdie boek interpreteer in die lig van die agtergrond. Dit is egter baie eienaardig dat juis die verklaarders wat hierop so sterk aandring, nie daarin slaag om volle reg te laat geskied aan hierdie beginsel nie.[5] Hulle sien as 't ware net die oppervlakgrond raak: gelyktydige omstandighede en gebeure. Maar daar is ook ondergrond. Die Openbaring is stewig gewortel in hierdie ondergrond. Ons verwys na die Heilige Skrifte. Die siener se gedagtes was as 't ware deurdrenk met hierdie skrifte. Hy het 'n deeglike kennis daarvan gehad. Hy het hulle geleef. Hulle was in sy hart weggebêre. Ons hou daarom vol dat die Openbaring nie net gewortel is in die bogrond van gelyktydige gebeure nie, maar veral ook in die ondergrond van die heilige geskrifte. Die gebeurtenisse van die spesifieke dag en tyd waarin die apostel geleef het, het beslis, in [38] 'n sekere mate, die vorm bepaal waarin hierdie profesie gegiet is. Nogtans kan dit nie vergelyk word met die eeue van geskiedenis en profesieë waarmee die siener so deeglik vertroud was nie. Ons moet hierdie boek nie net verklaar in die lig van die uiterlike gebeurtenisse nie, maar ook in die lig van die hele godsdienstige erfenis wat eerbiedig is deur gelowiges wat geleef het toe hierdie visioene gesien en opgeteken is.

Laat ons 'n treffende voorbeeld noem. As ons Openb. 13:1-10 bestudeer, merk ons onmiddellik op dat die simboliek daarvan gewortel is in die boek Daniël, 7:2-8.

In albei gevalle word na dieselfde diere verwys, alhoewel hulle in Daniël afsonderlik, een vir een, voorkom, terwyl hulle in die Openbaring een is. Laasgenoemde gee ons dus die beeld van 'n saamgestelde dier. Dit was "soos 'n luiperd, en sy pote soos die van 'n beer, en sy bek soos die bek van 'n leeu". In Daniël dui hierdie diere – leeu, beer, luiperd en "naamloos" – nie konings aan nie, maar koninkryke, ryke wat sal opstaan as teenstanders van die volk van God. Hulle verwys na die wêreldmag in vier opeenvolgende fases van openbaring. Wat is nou 'n meer logiese afleiding as dat die saamgestelde dier van die Openbaring dieselfde betekenis het en verwys na antichristelike mag, die antichristelike vervolgingsaksie in opeenvolgende fases en beliggamings? Ons lees in verband met hierdie dier dat vyf van sy koppe geval het toe die apostel die visioen gesien het. Een het homself op daardie tyd verhef, t.w. die sesde. Die ander het nog nie gekom nie, 17:9. In vergelyking met die boek van Daniël, is dit nie nou baie duidelik dat die koppe van hierdie saamgestelde dier van die Openbaring koninkryke moet aandui waarin die wêreld se vervolgingsmag agtereenvolgens beliggaam is nie? Bv. Ou Babilonië,[6] Assirië, Nuwe Babilonië, Mede-Persië, Grieks-Macedonië en Rome. Tog is daar baie verklaarders wat daarop aandring om die Apokalips te verklaar in die lig van die kontemporêre agtergrond, wat hierdie koppe beskou as sou hulle afsonderlike heersers voorstel, t.w. Julius Caesar, Augustus, Tiberius, Caligula, Claudius en Nero. Hierdie verklaarders hou nie genoeg rekening daarmee dat die Openbaring in die Ou Testament gewortel is nie. Hulle sien die bogrond van kontemporêre geskiedenis. Hulle vergeet dat daar so iets is as ondergrond, nl. die heilige geskrifte.

Kom ons laat die skrif die skrif verklaar.

Heel .eerste moet ons reg laat geskied aan die onmiddellike verband waarin 'n gedeelte voorkom. Dit word dikwels vergeet. Tog, tensy ons die verskillende simbole verklaar in harmonie met die verband waarin hulle voorkom, sal ons nooit die wonderlike organiese eenheid sien wat die boek kenmerk nie.[7] Ons sal die "draad" van die

---

[5] Dit is die fundamentele fout van die preteriste. Sien hoofstuk 1, nota 1.

[6] S. Greijdanus, *De Openbaring des Heeren aan Johannes,* in *Korte Verklaring der Heilige Schrift,* p. 258. Dit is die verduideliking wat oor die algemeen gegee word met hierdie uitsondering, nl. dat sommige Egipte vervang met Ou Babilonië.

[7] Sien hoofstuk 3.

bespreking mis.

[39] As die verband eers presies bepaal is en tot sy volle reg gekom het, moet parallelle gedeeltes geraadpleeg word. Allereers parallelle wat in die Openbaring self voorkom. As ons byvoorbeeld Openb. 20 verklaar in die lig van Openb. 12, wat in sommige opsigte parallel daarmee is, word die betekenis baie duideliker. Die vraag: Wanneer is die duiwel gebind, sal nie so moeilik wees om te beantwoord nie. Sien bl. 166, 167, 170.

Dan is daar ook parallelle gedeeltes wat in ander boeke van die Nuwe Testament voorkom. Sommige van die wat in die Evangelie van Johannes voorkom, is alreeds aangedui.[8] Daar is ander parallelle in die Sinoptiese Evangelies. Sommige van die mees treffende parallelle gedeeltes in die Nuwe Testament is die volgende:

**OPENBARING**

| | |
|---|---|
| 1:3 | Matt. 24:6; Luk. 21:9 |
| 1:5 | Kol. 1:18 |
| 1:7 | Matt. 24:30 |
| 1:16 | Matt. 11:2 |
| 2:10 | Jak. 1:12 |
| 2:20-24 | Hand. 15:28 |
| 3:3 | Matt. 24:42 |
| 3:5 | Matt. 10:32 |
| 6 | Matt. 24; Luk. 21 |
| 12:9 | Luk. 10:18 |
| 13:8 | 1 Pet. 1:19,20 |
| 14:4 | Luk. 9:57 |
| 16:19 | 1 Tim. 6:15 |
| 17:14 | 1 Pet. 5:13 |
| 18:4 | 2 Kor. 6:17; Ef. 5:11 |
| 18:24 | Luk. 11:50 |
| 21:4, 5 | 2 Kor. 5:17 |
| 22:21 | Ef. 6:24 |

Ten slotte is die Openbaring deurtrek met gedagtes en beelde van die Ou Testament.[9] Laat ons net 'n paar gedeeltes noem wat, ten minste wat hulle vorm betref, dieselfde patroon volg en gewortel is in wat ons in die Ou Testament kry:

[8] Sien hoofstuk 1, pp. 7-8

[9] J. B. Lightfoot, *St. Paul's Epistle to the Galatians,* p. 361. J. Orr, art. *Revelation of John, in I.S.B.E.*; A. Pieters, *op. cit.,* p. 72.; A. T. Robertson, *Syllabus for N.T. Study,* p. 254.; H. B. Swete, *op. cit.,* p. cxxxix ens.; Westcott en Hort, *The New Testament in Greek.* p. 612 ens.; C. F. Wishart, *The Book of Day,* p. 14 ens.

**OPENBARING HOOFSTUK:**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Die beskrywing van die Seun van die mens. | Dan. 7:9 e.v.v.; 10:5, 6; Eseg. 1:7, 26; 43:2. |
| 2. | | Let op O.T. uitdrukkings soos: boom van die lewe, paradys van God, Bileam en Balak, Isebel, ysterroede. [40] |
| 3. | Boek van, die lewe. | Ex. 32: 33; Ps. 69:28; Mal. 3:16. |
| | Sleutel van Dawid. | Jes. 22:22. |
| 4. | 'n Troon in die hemel. | Jes. 6:1; Eseg. 1:26,28. |
| | Die vier lewende wesens. | Eseg. 1:10; 10:14; Jes. 6:1. |
| 5. | Die boek. | Eseg. 2:9; Sag. 5:1-3. |
| | Die Leeu wat uit die stam van Juda is. | Gen.49:9; Jes. 11:10. |
| 6. | Die perde en hulle ruiters. | Ps. 45: 3, 4; Sag. 1:8; 6:3. |
| 7. | Verseëling. | Eseg. 9:4. |
| | Heerlikheid van die verlostes. | Jes. 49:10; 25:8; Jer. 2:13; 31: 16; Eseg. 34:23. |
| 8,9. | Die basuine van oordeel. | Ex. 7, die plae. |
| 10. | Engel sweer. Die klein boekie. | Dan. 12:7. Eseg. 2:9; 3:4. |
| 11. | Maatstok (riet). | Eseg. 40: 3; Sag. 2:1. |
| | Die twee getuies. | Sag. 4:2. |
| 12. | Die vrou, kind, draak. | Gen. 3:15; Ps. 2:9. |
| | Michael. | Dan. 10:13,21. |
| 13. | Die dier uit die see. | Dan. 7:13; 10:16. |
| 14. | Die wit wolk, een soos 'n mense-seun | Dan. 7:13; 10:16. |
| | Die parskuip. | Die parskuip. |
| 15. | Die lied van Moses. | Ex. 15. |
| 16. | Armageddon. | Rigt. 5; 2 Kron. 35. |
| 17-19. | Die val van Babilon. | Jes. 13, 14, 21, 46, 47, 48; Jer. 25, 50, 51. |
| | | Dan. 2, 7; Hab. 3. Vgl. Eseg. 27: die val van Tirus. |
| | Uitnodiging aan die voëls. | Eseg. 39:17-20. |
| 20. | Gog en Magog. | Gen. 10:2; Eseg. 38; 39. |
| | Die boeke van oordeel. | Dan. 7:10; 12:1; Ps. 69:28. |
| 21. | Die nuwe hemel en aarde. | Jes. 65:17; 66:22. |
| | Die nuwe Jerusalem. | Eseg. 48:30. |
| 22. | Die rivier van die water van die lewe; die boom van die lewe. | Gen. 2; Eseg. 47:1-12. |

Dit is nog maar net 'n begin. Westcott en Hort gee byna vierhonderd (!) verwysings en sinspelings op die Ou Testament.[10] En 'n bietjie intensiewe studie van enige hoofstuk van die Openbaring sal gou toon dat hierdie lys van vierhonderd verwysings onvolledig is.

Op die basis van hierdie heilige skrifte moet ons die Openbaring interpreteer. Ons

[10] Westcott en Hort, *op. cit.,* p. 612 ens.

moet egter baie versigtig wees: die siener is nie 'n naskrywer nie. Hy ontvang visioene! Dit is nou wel so dat hierdie visioene van so 'n aard is dat hulle ontvang kan word deur 'n apostel van Jesus Christus, wie se verstand en sedelike bewustheid deurdrenk is met die leringe van die Ou Testament.

Johannes skryf egter neer wat hy sien en hoor. Bowendien word die [41] Ou-Testamentiese leringe dikwels in nuwe vorms gegiet en verkry 'n effens veranderde betekenis in die Openbaring. Of dit waar is of nie in enige gegewe geval, sal vasgestel moet word uit die onmiddellike verband.[11]

Terwyl ons nou beklemtoon dat die Apokaliptiese visioene in die dieper grond van die heilige skrifte gewortel is, moet ons gedurig onthou dat dit verstandig is om altyd van die duideliker na die meer verborge dinge te beweeg en nie omgekeerd nie.[12] Dit word dikwels vergeet. 'n Gedeelte wat besonder onduidelik is, word gegryp, soos byvoorbeeld Openb. 20:2. 'n Letterlike interpretasie word daaraan gegee en dan – om die klimaks te oortref – word al die duidelike perikope uit die meer didaktiese gedeeltes van die Skrif op so 'n manier verwring dat hulle moet ooreenstem met die betekenis wat die verklaarder in die onduidelike gedeelte ingegiet het.

Die resultaat is dan dat ons 'n hele aantal nuwighede kry in die vorm van stukkies gegewens wat nie duidelik afgelei is uit die eenvoudige leringe van die Skrif op ander plekke nie. 'n Deeglike metode van verklaring sal probeer om nuwighede te vermy. Die historiese metode van interpretasie lewer duisende waarskuwende voorbeelde. Selfs paralleliste wat uitstekende kommentare geskryf het, het dit nie altyd vermy nie.[13]

Daarom moet ons goed verstaan dat die boek Openbaring gewortel is in en in volle harmonie is met die res van die heilige skrifte en verklaar moet word op grond van die duidelike leringe oral in die Bybel.

### Stelling 8

Die Apokalips is gewortel in die Heilige Skrifte. Dit moet verklaar word in harmonie met die leringe van die hele Bybel.

Die Apokalips is gewortel in gelyktydige omstandighede en in die heilige skrifte. In die finale analise is dit gewortel in die direkte besondere openbaring. Dit het sy oorsprong in God se gedagtes. God het die siel van die apostel voorberei en gevorm sodat hy in staat was om hierdie heerlike profesie te kon ontvang. Dit was God wat hierdie visioen gegee het. Dieselfde God wat al die heilige geskrifte geïnspireer het sodat hulle almal Goddelik ingegee is, is ook die Outeur van die Openbaring.

### Stelling 9

Die Apokalips is gewortel in die gedagtes en openbaring van God. God in Christus is die werklike outeur. Daarom bevat hierdie boek die doel van God aangaande die geskiedenis van die kerk.[14]

---

[11] F. Bleek, *Lectures on the Apocalypse,* p. 643. H. B. Swete, *op. cit.,* p. cliii.

[12] B. B. Warfield, *Biblical Doctrines,* p. 643.

[13] Lenski, wat beslis 'n baie suksesvolle poging aangewend het om hulle dwarsdeur sy kommentaar te vermy, verwys na 'n paar van hierdie nuwighede wat in die kommentare van ander gevind word, *op. cit.,* p. 600.

[14] Sien hoofstuk 1, p. 8.

## [42] 7. Tussen die sewe kandelaars een soos die Seun van die Mens – kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld

*In hierdie hoofstuk bied ons 'n kort verduideliking van Openbaring 1. Lees en bestudeer Openbaring 1 in u Bybel.*

Die eerste hoofstuk van die Openbaring bestaan uit sewe maklik herkenbare dele:

Die inleiding beslaan die eerste drie verse. Dit bevat die titel van die boek, 'n verklaring van sy oorsprong en die eerste saligspreking.

Die titel van die boek is: *Die Openbaring van Jesus Christus.* Dit is 'n openbaring of onthulling van die plan van God aangaande die geskiedenis van die wêreld; in besonder van die kerk. Dit is daarom 'n direkte mededeling deur God en kom nie uit enige menslike bron nie.[1] Dit word die Openbaring van *Jesus Christus* genoem omdat Jesus Christus dit aan Johannes gewys het en deur hom aan die kerk.

Let op die verskillende skakels in die ketting van oorsprong en mededeling:

Eerstens, God. Ons lees: "wat God Hom gegee het".[2] Dit was God wat die Middelaar so hoog verhef het en die regering van die wêreld in belang van die kerk aan Hom opgedra het, 1 Kor. 15:24-28; Filip. 2:9. God het ook die plan vir die geskiedenis van die wêreld en die kerk aan die Middelaar gegee. Openb. 5:1,7. God het Hom hierdie plan gegee sodat Hy die algemene beginsels daarvan aan sy diensknegte kon bekend maak. Hierdie plan het betrekking op dinge wat binnekort sou moes gebeur. Hulle begin dan ook onmiddellik gebeur.[3]

Tweedens, Jesus Christus. Dit is nie die Openbaring van Johannes nie. Dit is die Openbaring van Jesus Christus. Hy openbaar hierdie plan aan sy kerk en, as Middelaar op sy heerlike troon, bring hy dit tot uitvoer in die geskiedenis. Hy regeer van omhoog.

Derdens, sy engel. Op sy beurt stuur Jesus 'n engel om Johannes te lei en deur middel van visioene aan hom die bestanddele van die plan te [43] toon wat openbaar moet word. Soms gee hierdie engel-gids aan Johannes 'n visioen van die hemel; dan weer van die aarde; van die woestyn; en van die nuwe hemel en aarde, Openb. 1:1, 10; 4:1; 10:4, 8; 11:1; 12:1; veral 22:8, 9.

Vierdens, sy dienskneg Johannes. Hier word die apostel Johannes bedoel.[4] Johannes het nie hierdie visioene verberg nie. Hy "het getuig van die woord van God en die getuienis van Jesus Christus – alles wat hy gesien het."[5]

In die vyfde plek, die leser of voorleser: "Salig is hy wat die woorde van die profesie

---

[1] Vgl. C. A. Auberlen, *The Prophecies of Daniel and the Revelations of St. John,* p. 81 ens. Hy wys daarop dat, terwyl profesie en apokalips albei produkte is van goddelike, besondere openbaring, die oorheersing van die goddelike handeling van onthulling bo die menslike handeling van bemiddeling baie duideliker is in die apokalips as in die profesie. Die term *profesie* beklemtoon juis die *menslike* faktor, terwyl die woord *apokalips* (onthulling, openbaring) die *goddelike* handeling beklemtoon.

[2] 'n Merkwaardige ooreenkoms met die Christologie van die Evangelie volgens Johannes. Sien Joh. 5:20; 7:16; 12:49; 14:10; 17:7, 8: "... want die woorde wat *U My gegee het,* het Ek aan hulle gegee."

[3] Ons glo nie dat die term "gou" soos hier gebruik, daarop dui dat die gebeure in snelle opvolging, vinnig op mekaar sal volg nie. Per slot van rekening is 'n verwysing na Jak. 1:19, Hand 22:18 nie beslissend nie. Die vraag is: wat beteken die term *hier* in Openb. 1:1. Die konteks moet beslis. Vers 3 gee ons 'n uitstekende kommentaar: "die tyd is *naby":*die simbole begin onmiddellik verwerklik word. Hierdie standpunt word bevestig deur die parallelle perikoop, Openb. 22:10: "En hy het vir my gesê: Moenie die woorde van die profesie van hierdie boek verseël nie, want die tyd is naby." Vgl. 20:7, 12. So geïnterpreteer - en ons is vol vertroue dat dit die korrekte interpretasie is - dien die heel eerste vers van die Apokalips die doodslag toe aan enige futuristiese standpunt.

[4] Sien hoofstuk 1, pp. 4-7.

[5] Die term "te getuig" is kenmerkend vir Johannes se geskrifte.

lees." Boeke is met die hand oorgeskryf. Daarom was hulle min in getal en baie duur. Buitendien kon baie min Christene lees. Daarom is 'n voorleser aangestel om vir die mense voor te lees by hulle godsdienstige byeenkomste. Die leser wat met 'n gelowige hart lees, word salig genoem. Dit is die eerste van sewe saligsprekinge.[6]

In die sesde plek, hulle wat die woorde van die profesie hoor en dit bewaar. Alle gelowiges wat hierdie boek in die regte gesindheid van hart lees en bestudeer, word salig genoem. Onthou: die tyd is naby: die profesie begin onmiddellik in vervulling tree.

Hierdie inleiding word gevolg deur die seëngroet en lofbetuiging, verse 4-6.

Hierdie boek is gerig aan die "sewe gemeentes wat in Asië is". Hierdie gemeentes word in vers 11 genoem. Hulle was in die Romeinse pro-konsulêre provinsie Asië geleë, t.w. die westelike deel van Klein-Asië. Die sewe begin met Efese wat die naaste was – en miskien die mees geliefde – vir Johannes op Patmos; dan gaan dit noord na Smirna en Pergamus; dan suidoos na Thiatire, Sardis, Filadelfia en Laodicea en vorm so min of meer 'n sirkel. Raadpleeg tog 'n Bybelkaart. Hierdie sewe gemeentes verteenwoordig die hele kerk gedurende hierdie bedeling.[7]

Let op die eienaardige en besonder mooi vorm van die seëngroet: "Genade vir julle en vrede van Hom wat is en wat was en wat kom," ens. Genade is die guns van God wat verleen word aan hulle wat dit nie verdien nie, waar Hy hulle sonde vergewe en aan hulle die gawe van die ewige lewe gee. Die vrug van genade is vrede, die weerkaatsing van die glimlag van God in die hart van die gelowige wat met God versoen is deur Jesus Christus. Hierdie genade en hierdie vrede word deur die Vader *voorsien,* deur die Heilige Gees *uitgedeel* en deur die Seun vir [44] ons *verdien (toegereken).* Daarom word al drie in die seëngroet vermeld. Letterlik lees ons: "Genade vir julle en vrede van 'Hy wat is en was en kom' ". Dit is goeie Grieks sowel as goeie Afrikaans.[8] Hierdie uitdrukking dui op 'n baie mooi manier die onveranderlike Verbondsgod aan. Vgl. Ex. 3:14. Die uitdrukking "die sewe Geeste" verwys na die Heilige Gees in die volheid van sy werksaamhede en invloed op die wêreld en die kerk. Wat Christus betref, merk ons dat Hy eers beskryf word met verwysing na sy bediening op aarde – die getroue getuie – dan in verband met sy dood en opstanding – die eersgeborene uit die dood – en ten slotte, in terme wat sy huidige verhoging uitdruk – die Owerste oor die konings van die aarde.

In hierdie seëngroet het ons die volgende: Vader, Gees, Seun. Waarskynlike rede: God word gesien as bewoner van sy hemelse tabernakel of tempel, 7:15. Genade en vrede word voorgestel as komende van die Vader wat bokant die ark woon in die allerheiligste; en van die Gees, aangedui deur die kandelaar met sy sewe lampe in die heilige; en van Jesus Christus, wie se versoening gesimboliseer word deur die bloed onder die brandofferaltaar in die voorhof.

Die vermelding van Jesus Christus in die seëngroet loop uit op hierdie spontane lofbetuiging: "Aan Hom wat ons liefgehad het ... die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen." Let daarop dat van gelowiges gesê word dat hulle verlos is, nie slegs gewas van hulle sondes nie. In hierdie een waarneming, as dit goed begryp word, is stof vir 'n hele preek. Let ook daarop dat die betiteling "konings . . . priesters", wat vroeër van Israel gegeld het, Ex. 19:6, nou toegepas word op alle gelowiges gesamentlik, d.w.s. op die kerk. In die kerk leef Israel voort. Kan enigiemand hierdie woorde lees en nog volhou dat Christus nie die koning van die kerk is nie?

Dwarsdeur hierdie boek word die heerlikheid nie aan die skepsel toegeskryf nie, maar aan God in Christus. So hier, 1:6. So ook in 4:8, 11; 5:9,13; 7:10,12; ens.

Vervolgens kry ons die aankondiging van Christus se wederkoms, vers 7.

---

[6] Die sewe word in die volgende perikope gevind: Openb. 1:3; 14:13; 16:15; 19:9; 20:6; 22:7; 22:15. Dit is nog 'n sterk argument ten gunste van die eenheid van die hele boek.

[7] Sien hoofstuk I, p. 4. Ook hoofstuk 8, pp. 51, 68, 69.

[8] Ons moet nie Johannes se grammatika te gou verdoem nie. Sien Moffat se vertaling. Vgl. A. Pieters, *The Lamb, The Woman, and The Dragon,* p. 83.

Dit is nie die sentrale tema van die boek nie.[9] Tog vorm dit 'n ware bron van troos vir beproefde gelowiges. Dit is die hoop van die gelowiges en die ontsteltenis van die vyande van die kerk. Hy kom "met die wolke", dit is, met heerlikheid, Dan. 7:13; Mark. 14:62; Openb. 14:14; Eseg. 1:4-28; en met angs, toorn en oordeel, Sef. 1:15; Ps. 97:2. Die Bybel weet niks van 'n onsigbare of geheime wederkoms nie. Nêrens word dit geleer nie. Inteendeel, elke oog sal hom sien.

"Ook hulle wat Hom deursteek het", ens. Hulle wat sy sy deursteek [45] het en Hom aan die kruis gespyker het. Dit is moontlik dat hierdie uitdrukking ook almal aandui wat Christus met hulle ongehoorsame lewe deursteek het. Die uitdrukking is geneem uit Sag. 12:10. Vgl. Joh. 19:34, 37; 20:25,27.[10] Ook die Jode wat Hom verwerp het, sal dan sien dat Jesus van Nasaret, wat hulle gekruisig het, waarlik die Christus is.

"En al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf." Dit is nie die geween van berou nie, maar van wanhoop: "soos 'n mens bitterlik ween oor 'n eersgebore kind". Sien Sag. 12:10. Die uitdrukking verwys na op die bors slaan in rou en wanhoop. Ongelowiges sal hulle wegsteek in die spelonke en in die rotse van die berge en sal sê: "Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam..." Sien 6:16.

Vers 8 bevat Christus se self-identifisering.

Dit durf nie betwyfel word dat hierdie heerlike titel na Christus verwys nie. Die onmiddellik voorafgaande en die onmiddellik daaropvolgende verband verwys na Christus; sien verse 7, 13. Die uitdrukking, "Ek is die Alfa en die Omega", word in 'n effens veranderde vorm gevind in vers 17 – "Ek is die eerste en die laaste" – waar dit verwys na hom wat dood was en lewe tot in ewigheid. Let ook op die parallelle perikope 21:6-8 en 22:13.

Johannes hoor die Here Jesus Christus self met hom praat en sê: "Ek self is die Alfa en die Omega." Alfa en Omega is die eerste en die laaste letters van die Griekse alfabet. Daarom beskryf Christus Homself hier as die volledige en volmaakte en ewige openbaring van God. Hy sê as 't ware: "Ek is vanaf die begin tot die end, met ander woorde, die Ewige. Skep moed, u vyand kan nie u Christus vernietig nie." Hy sê self aan ons dat Hy ten volle gelyk is aan die Vader, want Hy voeg

by: sê die Here, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige."

Let daarop dat dieselfde bewoording wat in vers 4 die Vader beskryf, hier die Seun aandui. "Ek en die Vader is een", Joh. 10:30.

Was dit miskien die stem wat Johannes "in die gees" laat kom het?

Verse 9-11 beskryf die opdrag aan Johannes om die Openbaring te skryf.

In vers 8 was dit Christus wat gepraat het. Hier in vers 9 begin Johannes self weer praat. Let op die liefdevolle manier waarop die apostel sy mede-Christene aanspreek om so hulle volle vertroue te wen en hulle te laat voel dat hy op gemeenskaplike grond met hulle staan: "Ek, Johannes, julle broeder en deelgenoot in die verdrukking en in die koninkryk en lydsaamheid van Jesus Christus." Hy deel ons mee dat hy op die eiland Patmos was ter wille van die woord van God en om die getuienis van Jesus Christus. Sou dit beteken dat die apostel [46] veroordeel was tot dwangarbeid omdat hy geweier het om

---

[9] Ons verskil hier van die standpunt wat in baie voortreflike kommentare aangevoer word. Die wederkoms is nie die oorheersende trek en ook nie die hooftema van die boek nie. Sien D. S. Clark, *The Message from Patmos,* p. 25. Sien ons eerste hoofstuk oor die tema van die boek, pp. 2-3.

[10] Nog 'n skakel tussen die vierde Evangelie en die Apokalips. Die skrywer van die vierde Evangelie, Joh. 19:37, asook die skrywer van die Openbaring, Openb. 1:7, volg die Masoretiese Hebreeuse teks van Sag. 12:10 en wyk af van die LXX. Gewigtige bewyse vir gesamentlike outeurskap.

in keiseraanbidding wierook te offer op die altaar van 'n heidense priester?[11] Ons is nie seker nie. Wat ons wel weet, is dat sy lojaliteit aan Christus en sy evangelie op die een of ander manier uitgeloop het op 'n wrede verbanning.

Dit is die Here se dag, d.w.s. Sondag, die eerste dag van die week, die dag waarop ons die opstanding van die Here herdenk.[12] Dink Johannes miskien aan Efese? Of aan die ander gemeentes in Klein-Asië? Brand sy hart van begeerte om sy broeders te sien? Die berge antwoord nie. Die branders wat op die kus breek, bly onverskillig teenoor sy hunkerende verlange ... Maar skielik lyk dit of die aarde wegsak onder sy voete. Die horison het gewyk. Dit lyk asof Johannes se siel vrygemaak word uit die bande van tyd en ruimte. Hy word weggeneem van kontak met die fisiese wêreld rondom hom: hy is "in die Gees". Hy *sien* inderdaad, maar nie met vleeslike oë nie. Hy *hoor,* maar nie met vleeslike ore nie. Hy is in direkte geestelike kontak met sy Verlosser. Hy is alleen . . . met God! Vgl. Dan. 8:2; Jes. 6:1; Eseg. 1:4; Hand. 10:10; 11:15. Hy is helder wakker en elke deur van sy siel is wyd oop vir die direkte mededelinge wat van God kom.

In hierdie toestand hoor Johannes agter hom 'n groot stem soos van 'n basuin. Elke keer dat God iets wou meedeel aan sy volk in die Ou-Testamentiese bedeling, het hy hulle deur middel van basuinklanke bymekaar gemaak, Ex. 19:16, 19; Lev. 25:9; Jos. 6:5; Jes. 58:1; ens. Let tog daarop: *"soos van* 'n basuin".

Die stem sê: "Skryf wat jy sien in 'n boek en stuur dit na die sewe gemeentes . . ." Sien ons opmerkings op bl. 43. Die stem was die van Jesus Christus self. Hy het Johannes beveel om te skryf wat hy sien en om dit wat hy geskryf het, te stuur aan die gemeentes. Ons glo dat Johannes hierdie visioene neergeskryf het terwyl hy dit ontvang het, 10:4, of kort daarna, 1:19.

Die sesde paragraaf van die sewe waarin hierdie eerste hoofstuk ingedeel kan word, bestaan uit verse 12-16 en beskryf die visioen van die Seun van die mens.

"En toe ek my omgedraai het, sien ek sewe goue kandelaars . . ." En tussen hierdie kandelaars sien Johannes ... watter stroom van herinneringe en watter heerlike verrassing! ... dieselfde Verlosser teen wie se bors hy geleun het. Dieselfde Verlosser en tog anders as in die dae van sy vernedering. Daarom lees ons: "Een soos die Seun van die mens."[13] Johannes beskryf hierdie visioen van die Seun van die Mens in verse 13-16. Moenie die eenheid van die simbool vernietig nie. Byvoorbeeld, moenie die skerp tweesnydende swaard wat uit Christus se mond uit [47] gaan, verklaar as sou dit die soete en tere invloede van die evangelie aandui in sy bekeringsending nie. Let op dat ons in 2:16 lees: "... en sal teen hulle oorlog voer met die swaard van my mond." Dit is geadresseer aan hulle wat *weier* om hulle te bekeer.

Die hele beskrywing moet as 'n geheel gesien en as sodanig verklaar word.[14]

Kom ons probeer dit so sien: let op dat die Seun van die mens hier geskilder word, beklee met mag en majesteit, met vrees en verskrikking. Daardie lang koninklike kleed; die goue gordel om die bors gegord; die hare wat so glinsterend wit is soos sneeu waarop die son blink en wat die oë seermaak; die oë soos 'n vuurvlam wat elke hart kan

---

[11] Sien W. M. Ramsay, *The Letters to the Seven Churches,* pp. 85, 98.

[12] Hoe enigiemand "die Here se dag'' kan vereenselwig met "die dag van die Here" is vir my 'n raaisel. Die Here se dag is die dag wat ons waarneem ter gedagtenis aan die Here se opstanding; net soos die Here se Awendmaal, 1 Kor. 11:20, die nagmaal is wat ons waarneem ter gedagtenis aan die Here se dood aan die kruis. Die term "die dag van die Here" is 'n vertaling van die Hebreeus "die Dag van Jahwe" en het 'n heel ander betekenis. Vir die betekenis van lg. sien I. T. Beckwith, *The Apocalypse of John,* p. 20 ens. Om hierdie twee terme te vereenselwig ter ondersteuning van die gedagte dat Johannes in die gees oorgedra is na die dag van Christus se wederkoms, is verspot. Slegs 'n verstokte futuris, onopgelei in die oorspronklike tale, sal so iets probeer doen.

[13] Ons gebruik die besliste voornaamwoord "die" hier. Die term "Seun van die mens" moet beskou word as 'n eienaam wat nie die besliste voornaamwoord in die oorspronklike nodig het nie.

[14] Sien hoofstuk 5, pp. 31-33.

lees en in elke verborge hoekie indring; die voete wat gloei om die goddelose te vertrap; die luid weerklinkende stem, soos die magtige branders wat teen die rotsagtige kus van Patmos dreun; die skerp, lang en gewigtige swaard met twee snykante; ja, die hele voorkoms "soos die son wat skyn in sy krag", te geweldig vir mense-oë om na te kyk – die hele skildery, in sy geheel, is simbolies van Christus, die Heilige, wat kom om sy gemeentes te suiwer, 2:16, 18, 23, en om hulle te straf wat sy uitverkorenes vervolg, 8:5.

Die slotparagraaf beskryf die effek van hierdie visioen op Johannes en Christus se tere woorde van vertroosting en onderrig, verse 17-20.

"En toe ek Hom sien, val ek soos 'n dooie aan sy voete." Vgl. Gen. 3:8; 17:3; Ex. 3:6; Num. 22:31; Jos. 5:14; Jes. 6:5; Dan. 7:15; ens. Tog was die werklike doel van die visioen nie om Johannes te verskrik nie, maar om hom te vertroos. Ons het iets soortgelyks in Habakuk 3. Ná 'n baie duidelike beskrywing van die vreesinboesemende opmars van Jahwe lees ons: "U trek uit tot *redding* van u volk." Die opset hier is dieselfde: "Moenie vrees nie, want Ek is met jou, o vervolgde kudde." Daarom lê die Seun van die mens sy regterhand op Johannes: 'n gebaar wat spreek van liefde en meedeling van krag, sodat die apostel se kwynende en vermoeide liggaam weer oplewe en hy hom oprig. Dan spreek die Heiland hierdie vertroostende woorde: "Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood."

Christus is ook doodgemaak, maar Hy het opgestaan uit die dode: heerlike vertroosting vir al diegene wat tot die dood toe vervolg is. Hulle lewende siele sou met die ewig-lewende Christus verenig word. Hy het die "sleutels" van die dood, dit beteken, gesag en mag oor die dood, sodat die dood nie die gelowige kan skade aandoen nie, maar eerder as wins vir die koninkryk beskou moet word, en daarom ook vir [48] die gelowige. Die Seun van die mens het nie net die sleutels van die dood nie, maar ook van die *doderyk.* Was Hy dan nie self in die doderyk nie? Sien Hand. 2:27: "Want U sal my siel nie aan die doderyk oorlaat of u Heilige oorgee om verderwing te sien nie." Dit is duidelik dat die term "doderyk" soos dit hier gebruik word, nie die hel beteken nie en ook nie die graf aandui nie. Dit dui die staat (toestand) van liggaamlose bestaan aan.[15] Dit dui op die *doodstoestand* wat intree wanneer lewe eindig en liggaam en siel skei. Daarom volg die doderyk altyd op die dood, Openb. 6:8. Maar die doderyk kon nie die Seun van die mens behou nie. Hy het triomferend opgestaan. Daarom het Hy nou gesag oor die dood en die doderyk, en is Hy in staat om gelowiges te verlos uit hulle verskrikkinge deur die krag van sy opstanding. Vgl. 20:13, 14. Maak die Seun van die mens dit nie bekend dat Hy die sleutels van die doderyk het elke keer wanneer Hy die siel van 'n gelowige in die hemel verwelkom nie? Bewys Hy nie dat Hy die sleutels van die doderyk het wanneer Hy by sy wederkoms die siel en liggaam van die gelowige herenig nie, 'n liggaam wat nou herskep is in heerlikheid? Watter wonderlike vertroosting vir vervolgde gelowiges, van wie sommige binnekort hulle lewes sou moes gee ter wille van die evangelie.

Christus beveel Johannes om die dinge wat hy sien op te skryf, t.w. hierdie visioen van die Seun van die mens; en "die wat is", d.w.s. die toestand van die sewe gemeentes in Klein-Asië op daardie spesifieke tyd; en "die wat gaan gebeur", m.a.w. die dinge wat oor die hele toekoms heen sou gebeur, volgens hulle grondbeginsels.

Nou is daar nog twee besonderhede wat in ooreenstemming is met die sentrale betekenis van die hele visioen, wat bykomende kommentaar vereis. Christus gee ons hier sy eie verduideliking.

Hy deel Johannes mee dat die sewe sterre wat hy in die regterhand van die Seun van die mens gesien het, die engele van die sewe gemeentes aandui. Engele moet hier

---

[15] Hier verskil ons van Lenski wat in sy uitmuntende kommentaar, p. 75 ens., die standpunt probeer verdedig dat Doderyk, soos gebruik in die Apokalips, hel beteken. Sien die uitstekende artikel oor Doderyk in die I.S.B.E.

opgeneem word in die sin van herders of leraars.[16] Die Here hou hulle in sy regterhand: Hy oefen absolute gesag uit oor hulle; hulle is sy gesante. Hy beskerm hulle; hulle is veilig as hulle Hom gehoorsaam en getrou is in sy diens.

"...en die sewe kandelaars wat jy gesien het, is die sewe gemeentes." Die gemeentes is kandelaars, d.w.s. ligdraers. Sien Matt. 5:14: "Julle is die lig van die wêreld." Vgl. Ex. 25:31; Sag. 4:2. Dit is interessant om op te merk dat dieselfde woord "kandelaar" in Matt. 5:15 gebruik word. Let op die verband:

"'n Mens steek ook nie 'n lamp op en sit dit onder die maatemmer nie. maar op die staander (*lugnia,* dieselfde woord as hier in Openbaring); en dit skyn vir almal wat in die huis is. Laat julle lig só skyn voor die [49] mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik." Vgl. ook Mark. 4:21; Luk. 8:16; 11:33; Hebr. 9:2.

In die tabernakel was daar *een* kandelaar met sewe lampe; hier in Openbaring het ons *sewe* kandelaars. Rede hiervoor: gedurende die ou bedeling was daar 'n *sigbare* eenheid, die Joodse kerkstaat. Die kerke van die nuwe bedeling vind hulle geestelike eenheid in Christus wat by hulle en onder hulle werksaam is in en deur sy Gees. Daarom hoef hulle nie te vrees nie. "Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hulle midde," Matt. 18:20.

[16] Hierdie "engele" kan nie die boodskappers van die gemeentes aandui wat gestuur is om Johannes te besoek, soos die Scofield-Bybel wil hê nie. Dan sal die uitdrukking: "Skryf aan die engel van die gemeente...", geen betekenis hê nie. Aan die ander kant kan werklike engele, hemelse wesens, nie bedoel word nie. Dit sou besonder moeilik gewees het om die boek of sy briewe aan hulle te kon aflewer! Ons glo ook nie dat die uitdrukking "engele" kan beteken: die gemeentes as verpersoonlik nie, of soos in die uitdrukking "die *gees* van Efese" nie. Ons betwyfel dit werklik of die uitdrukking, so geïnterpreteer, verstaan sou gewees het deur hulle wat die boek die eerste gelees of gehoor het. Vir 'n uitmuntende verdediging van die siening dat hierdie engele betrekking het op die biskoppe of herders of leraars van die gemeentes, sien R. C. Trench, *Commentary on the Epistle to the Seven Churches in Asia,* pp. 53-58.

## [50] 8. Die sewe kandelaars is sewe gemeentes – julle is die lig van die wêreld

*In hierdie hoofstuk gee ons 'n kort verduideliking van Openb. 2, 3.*

Die boek Openbaring is 'n kunswerk, wonderlike kuns, goddelike kuns. Met subtiele bande is sy verskillende dele aan mekaar verbind. 'n Mens kan nie hoofstukke 2 en 3 verstaan tensy jy hoofstuk 1 gelees het nie.[1] Hoofstukke 2 en 3 vorm weer as 't ware die raamwerk vir die latere gedeeltes van die boek. Die beloftes wat in hierdie twee hoofstukke gevind word, keer terug en word vollediger verduidelik in latere gedeeltes.

Wil u graag weet wat bedoel word met die woorde: "Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne-in die paradys van God is"? Blaai dan na Openb. 22:2, 14, 19. Verder, as u soek na 'n verklaring van "die tweede dood" in verband met die heerlike belofte: "Die wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie"? Openb. 20:14 gee u net wat u soek. Die "nuwe naam" wat aan die "oorwinnaars", 2:17, belowe word, verskyn telkens weer: 3:12; 14:1; 22:4; vgl. 19:12, 13, 16. Die mag oor die nasies van 2:26, kry sy verklaring in 12:5; 20:4. Die môrester van 2:28 kom weer voor in 22:16; so is dit ook die geval met al die ander beloftes.[2] Die sewe briewe maak 'n wesenlike deel uit van die boek. Die boek is 'n eenheid.

Hierdie sewe briewe openbaar buitendien – met geringe wysigings – een patroon. Hierdie patroon kom baie duidelik voor in die briewe aan Efese, Pergamus, Thiatire en Sardis. Let op die sewe onderdele:

Die groet of adres, bv. "Aan die engel van die gemeente in Efese ..."

Christus se selfidentifisering, volgens hierdie opdrag: "Hy wat die sewe sterre in sy regterhand hou ..."

Aanbeveling: "Ek ken jou werke en jou arbeid en jou lydsaamheid..."

Veroordeling: "Maar Ek het teen jou..."

Waarskuwing en dreiging: "Onthou dan ... anders ..."

[51] Vermaning: "Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê."

Belofte: "Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe..." Dit of 'n ander belofte.

In elke gemeente – met die enkele uitsondering van Laodicea – vind Christus iets aanbevelenswaardigs. In vyf van die sewe vind Hy iets om te veroordeel. Die prysenswaardige uitsonderings is Smirna en Filadelfia.

Hierdie sewe briewe word verdeel in twee groepe: een van drie en een van vier.[3] In die eerste drie briewe volg die belofte op die vermaning. In die laaste vier is die volgorde omgekeer.

Die opvatting dat hierdie sewe gemeentes sewe opeenvolgende tydperke in die kerkgeskiedenis beskryf, hoef nie eens weerlê te word nie.[4] Dan sê ons nog niks van die byna lagwekkende – indien nie betreurenswaardige – eksegese wat bv. die gemeente van Sardis, wat dood was, laat verwys na die heerlike tyd van die Hervorming. Elke Bybelstudent behoort duidelik te kan sien dat daar geen sweempie bewys in enige van die heilige geskrifte is wat hoegenaamd hierdie volledig willekeurige manier onderskryf om die kerkgeskiedenis te versnipper en dan die stukkies met die briewe van Openbaring

[1] Sien hoofstuk 3, pp. 18, 19.

[2] R. C. Trench, *Commentary on the Epistle to the Seven Churches in Asia,* p. 97.; W. Milligan, *The Book of Revelation,* p. 841.

[3] Sien hoofstuk 2, pp. 13-15. R. C. Trench, p. 90.

[4] W. J. McKnight, *"The Letter to the Laodiceans",* in *The Biblical Review,* Vol. XVI. p. 519.; A. Pieters, *The Lamb, The Woman, and The Dragon,* p. 100 ens.: 'n uitstekende bespreking. Die foutiewe siening word verdedig deur die *Scofield Reference Bible.*

2 en 3, respektiewelik, in verband te bring nie.

Die briewe beskryf toestande wat herhaaldelik voorkom en nie net in een spesifieke tydperk in die kerkgeskiedenis nie.

Eerstens kry ons die brief aan die engel van die gemeente in Efese. Efese: ryk, voorspoedig, pragtig, beroemd weens sy tempel vir Diana. Die stad was naby die westelike kus van Klein-Asië geleë, aan die Egeïese See naby die mond van die Caysterrivier. Sy hawe – in sy roemryke dae! – kon die grootste skepe huisves. Bowendien was dit ook maklik bereikbaar per land aangesien Efese d.m.v. hoofpaaie met die belangrikste stede van Klein-Asië verbind was. Efese was vir 'n lang tydperk die handelsentrum van Asië. Die tempel van Diana was tegelyk skathuis, museum en toevlugsoord vir misdadigers. Dit het werk verskaf aan vele, onder wie die silwersmede wat miniatuur-tempeltjies van Diana gemaak het.[5]

Paulus het hierdie stad besoek, Hand. 18:19-21, op pad van Korinthe na Jerusalem. Dit was tydens sy tweede sendingreis, omstreeks 52 n.C. Hy het Priscilla en Aquila hier agtergelaat, 18:26. Apollos het hier onderrig gegee met 'n brandende ywer, 18:25. Op sy derde sendingreis het Paulus hier drie jaar gebly, Hand. 20:31. Sy werk was besonder geseënd, nie net in Efese self nie, maar ook in die omliggende gebied. Die verkope van silwer tempeltjies het begin afneem en toe die tempel [52] van Diana in 262 n.C. afgebrand is, is dit nie herbou nie. Op pad terug van sy derde sendingreis het Paulus op 'n aandoenlike wyse afskeid geneem van die ouderlinge van die gemeente te Efese, Hand. 20:17-38. Dit was omstreeks die jaar 57 n.C. Tydens sy eerste gevangenskap, 60-63, het Paulus sy brief aan die Efesiërs van Rome af gestuur.[6] Na alle waarskynlikheid het Paulus, ná sy vrylating, nog enkele kort besoeke aan Efese gebring en Timothéüs in beheer van hierdie gemeente agtergelaat, 1 Tim. 1:3. Enkele jare later, na alle waarskynlikheid baie kort ná die begin van die Joodse oorlog – sê in 66 n.C. – kry ons die apostel Johannes in Efese.[7]

Gedurende die regering van Domitianus – 81-96 n.C. – is Johannes na Patmos verban. Hy is vrygelaat en het gesterf onder die regering van Trajanus. Volgens oorlewering word vertel dat Johannes op 'n baie hoë ouderdom, toe hy te swak was om te loop, in die kerk ingedra is en die lidmate vermaan het met die woorde: "Klein kindertjies, julle moet mekaar liefhê."

So word dit duidelik dat die gemeente in Efese meer as veertig jaar oud was toe Christus hierdie brief gedikteer het. 'n Volgende geslag het al ontstaan. Die kinders het nie die warme entoesiasme, die spontaneïteit en ywer van hulle ouers openbaar toe hulle vir die eerste keer in aanraking met die evangelie gekom het nie. Bowendien het die eerste liefde vir Christus by hulle ontbreek. Vergelyk dit met 'n soortgelyke toestand in Israel ná die tyd van Josua en die oudstes, Jos. 24:31; Rigt. 2:7,10, 11.[8] Die gemeente het sy eerste liefde verlaat.

Kyk na die selfidentifisering van Christus: "Hy wat die sewe sterre in sy regterhand hou, wat wandel tussen die sewe goue kandelaars." Waarom hierdie aanwysing? Onthou dat die sewe sterre die leraars van die gemeentes aandui, Christus se troue gesante. Nou is die gemeente in Efese lastig geval deur "valse apostels", 2:2, wat geprobeer het om die werk van die ware leraars teen te staan. Daarom word aan hierdie gemeente die versekering gegee dat die Seun van die mens, in heerlikheid verhoog, oor die leraars

---

[5] W. M. Ramsay, *The Letters to the Seven Churches,* pp. 210-236.

[6] Dit is waar of ons nou hierdie brief beskou as 'n omsendbrief of nie. Die standpunt dat die woorde "wat in Efese is", Ef. 1:1, eg is, word op bekwame wyse verdedig deur R. C. H. Lenski, *The Interpretation of St. Paul's Epistles to the Galatians, to the Ephesians and to the Philippians.* p. 329 ens.

[7] Godet, *Commentary on the Gospel of St. John,* p. 43 ens. Iverach, art. *John,* in I.S.B.E.; Lightfoot, "The School of Ephesus", in *Essays on the Work Entitled Super-natural Religion.* J. A. C. van Leeuwen. "Johannes", in *Chr. Ensiklopedie.;* Vgl. ook E. J. Banks, *Ephesus,* in I.S.B.E.

[8] R. C. Trench, *op. cit.,* p. 80.

regeer en weet wat in die gemeentes gebeur; Hy hou die sterre in sy hand en wandel tussen die kandelaars. So vind ons dat Christus se selfidentifisering in elke afsonderlike geval verband het met die gemeente aan wie die brief gerig is.[9]

Die gemeente in Efese word geprys vir sy werk, arbeid en lydsaamheid. Met betrekking tot hierdie dinge was die gemeente 'n kandelaar wat die lig van die Heiland laat skyn het in die duisternis van die wêreld.[10] Daar moet besondere aandag gegee word daaraan dat hierdie gemeente ook geprys word vir sy "onverdraagsaamheid". Hierdie gemeente het die sogenaamde apostels op die proef gestel en hulle [53] verwerp toe dit blyk dat hulle valse apostels is. Deur al hierdie beproewinge het hierdie gemeente getrou gebly aan die ware leer en nie moeg geword nie. Hy het ag geslaan op Paulus se waarskuwing, Hand. 20:28, 29; 1 Joh.4:1.

Dan skielik, lees ons die beskuldiging: "Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het." Ons het alreeds die betekenis van hierdie ernstige verwyt verduidelik. Alte seker was daar werke, arbeid en lydsaamheid in Efese; maar al hierdie dinge kan aanwesig wees ten spyte van 'n verval in liefde. 'n Vrou kan byvoorbeeld baie getrou wees aan haar man en bedrywige volharding openbaar in alle dinge wat hom aangaan – en tog kan daar 'n verval in liefde wees. Haar pligsbesef maak dat sy getrou bly in al die besondere aandag wat sy aan hom wy.[11] Net so mag 'n kerklidmaat baie getrou wees in die bywoning van eredienste, maar ten spyte daarvan nie so toegewy aan die Here wees soos tevore nie.

Die gemeente word aangespoor om na te dink oor sy verval, om tot 'n "hartsverandering" te kom sodat hy weer die eerste werke kan doen. Die dreigement: "anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder", is vervul. Daar is vandag geen kerk in Efese nie. Die plek is 'n puinhoop.[12]

Dan hervat die Here op tere wyse sy waardering: "Maar dit het jy, dat jy die werke van die Nikolaïete haat, wat Ek ook haat." Waarskynlik verteenwoordig hierdie Nikolaïete en "die wat vashou aan die leer van Bileam", 2:14, en die volgelinge van die vrou Isebel, 2:20, oor die algemeen dieselfde groep of skool van ketters. Daarom sal ons hulle weer ontmoet. Dit blyk dat hulle enkelinge was wat nie net geweier het om weg te bly van die onsedelike en afgodiese feesmaaltye van die heidene nie, maar ook geprobeer het om hulle sondige praktyke te regverdig. Sien ons verduideliking van die brief aan Pergamus en die aan Thiatire in besonder op bl. 56-7, 61, 62. Die Here haat enige kompromis met die wêreld. Daarom prys Hy die gemeente in Efese vir hulle sterk teenstand teen die werke van die Nikolaïete.

Dan volg die vermaning: "Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê." Let wel: aan die gemeentes. Elke brief moet gelees word deur al die gemeentes en nie slegs deur die een vir wie dit in die eerste plek bedoel was nie.[13]

Die uitdrukking "aan hom wat oorwin" beteken "aan die oorwinnaar". Dit is dieselfde woord wat in 6:2 gebruik word: "en hy het uitgegaan as 'n oorwinnaar en om te oorwin." Die oorwinnaar is hy wat teen die sonde, die duiwel en sy hele ryk veg, en in sy liefde vir Christus volhard tot die einde toe. Aan so 'n oorwinnaar word iets beters [54] beloof as die voedsel wat aan afgode geoffer word, waarmee die heidene by hulle losbandige feeste waarskynlik geprobeer het om die kerklidmate in versoeking te bring. Aan die oorwinnaar sou dit gegee word om te eet van die boom van die lewe, Gen. 3:22; Openb. 22:2, 14, 19; dit beteken, hy sou die ewige lewe in die hemelse paradys beërwe. So is die belofte aangepas by die algemene karakter van die brief, wat ook waar is van elkeen

---

[9] Alle kommentatore meld hierdie feit.

[10] Sien hoofstuk 3, pp. 19, 20.

[11] P. Prins en H. A. Wiersinga, *Christus Kerkvisitator,* p. 25.

[12] Sien die baie interessante artikel van E. C. Harris, "Some Ruined Cities of Asia Minor", in *The National Geographic Magazine, Dec. 1908.*

[13] Ook hierdie feit word beklemtoon deur byna alle kommentatore.

van hierdie sewe boodskappe.[14]

Die tweede brief is geadresseer aan die engel van die gemeente in Smirna. Hierdie stad wat geleë is aan 'n arm van die Egeïese See, was 'n mededinger van Efese. Dit het aanspraak gemaak daarop dat dit die "Eerste Stad van Asië in skoonheid en grootte" was. Beeldskoon en skilderagtig het dit opgeloop van die see af met sy indrukwekkende openbare geboue op die ronde top van die heuwel Pagos, wat die sogenaamde "kroon van Smirna" gevorm het. Die westewind, die Zephyros, kom van die see af en waai deur elke deel van die stad, sodat dit vars en koel bly selfs gedurende die somer. Vanaf die begin van Rome se grootheid, ja, selfs nog voor Rome groot was, was Smirna sy lojale bondgenoot en is hy as sodanig deur Rome erken. Die getrouheid en lojaliteit van Smirna het spreekwoordelik geword.[15]

Na alle waarskynlikheid is die gemeente in Smirna deur Paulus gestig gedurende sy derde reis, 53-56 n.C. Ons is nie seker hieroor nie, maar dit blyk 'n veilige afleiding te wees van wat ons in Hand. 19:10 lees: " . . . sodat al die inwoners van Asië die woord van die Here Jesus gehoor het, Jode sowel as Grieke."

Dit is moontlik dat Polikarpus destyds biskop van die kerk in Smirna was. Hy was 'n leerling van Johannes. Getrou tot die dood, is hierdie eerbiedwaardige leier op die brandstapel verbrand in die jaar 155 n.C. Hy is gevra om te sê: "Caesar is Here", maar het geweier. Toe hy na die stadion gebring is, het die prokonsul by hom aangedring en gesê: "Sweer en ek sal jou vrylaat, beledig Christus." Polikarpus antwoord toe: "Ses-en-tagtig jaar het ek Hom gedien, en nooit het Hy my enige leed aangedoen nie; hoe kan ek dan my Koning en my Verlosser vloek?" Toe die prokonsul weer by hom aandring, het die grysaard geantwoord: "Aangesien u tevergeefs daarop aandring dat ek moet sweer by die geluk van Caesar, en u voorgee dat u nie weet wie en wat ek is nie, hoor my dan met vrymoedigheid verklaar: Ek is 'n Christen . . ." 'n Rukkie later antwoord die prokonsul: "Ek het wilde diere byderhand; ek sal u vir hulle gooi tensy u berou toon." Later: "Ek sal u met vuur laat verteer, aangesien u die wilde diere minag, as u nie berou toon nie." Maar Polikarpus sê: "U dreig my met vuur wat vir 'n uur brand en ná 'n tydjie geblus is, maar u is onkundig aangaande die [55] vuur van die oordeel wat kom en die ewige straf wat wag op die goddelose. Maar waarom talm u? Voer uit wat u wil." Spoedig daarna het die mense dragte hout bymekaar gemaak en veral die Jode, volgens gebruik, het gretig gehelp. So is Polikarpus op die brandstapel verbrand.[16]

Ons het opsetlik hierdie kort weergawe van Polikarpus se martelaarskap ingesluit sodat die leser beter op die hoogte kan wees *met* die werklike toestande wat in die kerk geheers het gedurende die eerste en tweede eeu n.C.

Tot hierdie gemeente dan rig Christus hom soos volg: "Dit sê die eerste en die laaste, wat dood was en lewend geword het,"[17] d.w.s. die Een wat gelewe het selfs *toe* Hy dood was: die Een wat lewe tot in ewigheid. Soos in al die ander briewe is dit ook hier: Christus se self-identifisering is in suiwer ooreenstemming met die algemene strekking van die boodskap. Christus, die oorwinnaar oor die *dood,* die ewig *lewende,* was in staat om te sê, soos Hy ook in hierdie brief doen: "Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee," 2:10.

"Ek ken jou verdrukking en armoede." Uiterste armoede word hier bedoel. Hierdie mense is dikwels uit hulle werk gegooi as gevolg van hulle bekering. Daarby was hulle gewoonlik arm aan aardse besittings. Om 'n Christen te word, was uit wêreldse gesigspunt 'n ware opoffering. Dit het armoede beteken en honger, gevangenskap en

---

[14] So ook hier. Sien aant. 13 hierbo.

[15] W. M. Ramsay, *op. cit.,* pp. 251-267.

[16] A.N.F., Vol. I, p. 37 ens.

[17] Ramsay, *op. cit.,* p. 269. Dit lyk asof hy sy standpunt wat die betekenis van die aoristus betref, hier bewys.

dikwels die dood deur wilde diere of op die brandstapel.[18]

Die Here sê aan hierdie gelowiges in Smirna dat hulle nie hulleself moet begin bejammer nie: hulle mag arm lyk, maar in werklikheid is hulle ryk, nl. in geestelike besittings, in genade en die heerlike vrugte daarvan, Matt. 6:20; 19:21; Luk. 12:21. Watter troos vir hierdie vervolgde gelowiges om te besef dat hulle Here al hierdie dinge "weet"!

"... en die lastering van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar 'n sinagoge van die Satan." Hierdie Jode het moontlik Smirna as hulle woonplek gekies omdat dit 'n handelstad was. Hulle het nie net die Messias gesmaad nie, maar ook die Christene gretig voor die Romeinse regbanke beskuldig. Soos altyd was hulle met bose vyandskap teen die Christene vervul. Vgl. Hand. 13:50; 14:2, 5, 19; 17:5; 24:2. Hierdie sogenaamde Jode mag hulleself beskou het as "die sinagoge van God", maar in werklikheid het hulle "die sinagoge van Satan" uitgemaak, die hoofaanklaer van die broeders. Hoe enigiemand kan sê dat die Jode van vandag nog steeds, in 'n baie besonder en heerlike en voortreflike sin, God se volk is, is onbegryplik. God self noem die wat die Heiland verwerp en die ware gelowiges vervolg "die sinagoge van die Satan". Hulle is nie meer sy volk nie.

[56] "Kyk, die duiwel gaan sommige van julle in die gevangenis werp, sodat julle op die proef gestel kan word." Agter die Romeinse vervolgers sien ons die Jode, gevul met bose afguns en haat teenoor gelowiges, hulle beskuldig voor die Romeinse regbanke. En hierdie Jode is op hulle beurt die werktuie van die duiwel self. Die duiwel sou sommige in die gevangenis gooi, wat baie dikwels die dood beteken het. Terwyl Satan nou die gelowiges sou *verlei,* sou God deur hierdie selfde beproewing hulle *op die proef stel,* toets of ondersoek: "sodat julle op die proef gestel kan word". Hierdie verdrukking sou "tien dae" duur, dit beteken 'n bepaalde, volledige, maar kort tydperk.[19] Die feit dat hierdie beproewing maar 'n "kort tydjie" sou duur, word dikwels gebruik as aansporing om te volhard, Jes. 26:20; 54:8; Matt. 24:22; 2 Kor.4:13; 1 Pet. 1:6.

"Wees getrou tot die dood toe" beteken nie net: wees lojaal totdat jy sterwe nie, maar: "wees getrou selfs al kos dit jou jou lewe", 'n Stuurman wat met sy boot op 'n stormagtige see gevaar het, het gesê: "Vader Neptunis, u kan my laat sink as u wil; u kan my red as u wil. Maar wat ook al gebeur, ek sal die roer reguit hou." So ook hier: "Wat ook al gebeur, hou die roer reguit; wees getrou tot die dood." Aan hulle wat getrou bly, word die lourierkrans van oorwinning, t.w. die lewe van heerlikheid in die hemel, belowe.[20] Alhoewel gelowiges selfs gedood mag word, t.w. die *eerste* dood, sal hulle nie skade ly deur die *tweede* dood nie, dit beteken: Hulle sal nie met liggaam en siel in die see van vuur gewerp word met Christus se wederkoms nie, Openb. 20:14.

Smirna was getrou aan sy roeping om 'n ligdraer te wees. Die getuienis van Polikarpus, gelewer in teenwoordigheid van Jode en heidene, is deur ander nagevolg. Oor die huidige toestand van Smirna, sien aant. 21[21].

Die derde brief is gerig aan die engel van die gemeente in Pergamus. Hierdie stad was geleë op 'n hoë rotsagtige heuwel wat as 't ware sy voet neergesit het op die groot omliggende vallei. Die Romeine het dit die hoofstad gemaak van die provinsie Asië. Hier is Asklepius, die god van genesing, aanbid onder die teken van 'n slang wat vir gelowiges in Christus die ware simbool van Satan was. Hier kan die talryke heidense altare asook die groot altaar van Zeus gesien word.[22] Christus kon al hierdie dinge in gedagte gehad

---

[18] E. H. Plumptre, *The Epistles to the Seven Churches,* p. 91.

[19] W. Milligan, *op. cit.,* p. 845.

[20] E. H. Plumptre, aantekening op p. 97. Dit is nie die koninklike kroon hierdie (Trench) nie, maar die oorwinnaarskrans.

[21] E. L. Harris, "Some Ruined Cities of Asia Minor", in *The National Geographic Magazine, Dec. 1908.;* M. Chater, *History's Greatest Trek,* Nov. 1925. Baie interessant.

[22] W. M. Ramsay, *op. cit.,* pp. 281-290.

het toe hy Pergamus genoem het die plek "waar die Satan woon". Tog lyk dit vir ons asof die Outeur se klaarblyklike doel was om ons aandag te vestig op die feit dat Pergamus die hoofstad van die provinsie was en as sodanig die sentrum van keiser-aanbidding. Hiervandaan is geregeer en hier was die tempels wat gewy was aan die verering van Caesar. Hier was dit waar gelowiges gevra is [57] om wierook te offer voor die beelde van keisers en om te sê: "Caesar is Here." Daarom het Satan sy troon hier; hier het hy vrye heerskappy.[23]

"Dit sê Hy wat die skerp tweesnydende swaard het." Weer eens is die beskrywing van Homself in ooreenstemming met die algemene trant van die brief. Dit word hier gesê dat Christus die skerp tweesnydende swaard het omdat Hy gaan oorlog maak teen die Nikolaïete tensy hulle hulle bekeer, vers 16.

Ten spyte daarvan dat Satan se troon hier gestaan het en nieteenstaande die feit dat Antipas hier gedood is omdat hy geweier het om ontrou te wees aan sy Here, het gelowiges in Pergamus hardnekkig vasgeklou aan hulle belydenis en aan hulle Christus.

Hulle het egter een groot fout begaan. Hulle het die dissipline verwaarloos, waarskynlik deurdat hulle persoonlike verlossing beklemtoon het ten koste van 'n Christen se plig om te sorg vir die welsyn van die kerk as geheel.[24] Sommige van die lidmate van die kerk het heidense feeste bygewoon en het na alle waarskynlikheid selfs deelgeneem aan die onsedelikheid wat hierdie feeste gekenmerk het. Net soos die kinders van Israel in die tyd van Bileam, Num. 25:1, 2; 31:16. Net soos Israel het ook Pergamus sy Nikolaïete gehad. Laat ons nie te ligtelik dink oor hierdie versoeking nie. Weiering om afgodsvleis te eet en veral weiering om die heidense feeste by te woon, het beteken dat 'n mens jou onttrek aan 'n groot deel van die hele maatskaplike lewe van daardie tyd. Die handel, byvoorbeeld, het hulle beskermgode gehad wat op hierdie feeste vereer moes word. Weiering om deel te neem aan hierdie feeste het dikwels beteken dat 'n persoon sy werk of ambag kon verloor; hy sou dan 'n uitgeworpene wees. Sien bl. 61, 62. Daarom het sommige mense begin redeneer dat jy tog die feeste kon bywoon en eet van die afgodsvleis en miskien selfs wierook offer aan die gode van die heidene, op die voorwaarde dat jy voortdurend in gedagte hou – 'n verstandelike voorbehoud – dat 'n afgod niks is nie. Ander mag hierdie beredenering selfs verder voer en sê: Hoe kan jy Satan veroordeel en verslaan tensy jy hom deeglik leer ken het?

Die gemeente in Pergamus was nie ten volle bewus van die gevare van hierdie kompromis-houding nie, hierdie helfte-helfte-verbond met die wêreld. Hy moes hierdie dwalende lidmate tot orde roep, want as hy dit nie doen nie, gaan Christus teen hulle oorlog maak met die swaard van sy mond. Ons glo dat dit nie net na 'n woordelikse veroordeling verwys nie. Die woordelikse veroordeling is vervat in hierdie brief. Dit dui vernietiging aan: Christus gaan hulle vernietig wat volhard in hulle wêreldse praktyke: Hy sal sy vonnis van veroordeling voltrek.

Die oorwinnaar, aan die ander kant, sal "die verborge manna" [58] ontvang, dit is, Christus in al sy volheid, Joh. 6:33, 38, verborge vir die wêreld, maar aan gelowiges hier op aarde en in besonder in die lewe hierna geopenbaar. Met ander woorde, hierdie oorwinnaars, wat die versoeking oorwin het om deel te neem aan die heidense feeste en om afgodsoffers te eet, sal deur die Here self gevoed word: die genade van Christus en al sy heerlike vrugte sal hulle voedsel wees, onsigbaar, geestelik en verborge, inderdaad, maar nogtans besonder werklik en geseënd. Hulle ontvang die brood uit die hemel.[25]

"En Ek sal hom gee 'n wit keursteen, en op die steen 'n nuwe naam geskrywe wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang." Verklaarders is grootliks verdeeld in hulle

---

[23] S. Greijdanus, "De Openbaring des Heeren aan Johannes", in *Kommentaar op het N.T.*, XIV, p.71.
[24] W. Milligan, *op. cit.,* p. 846.; P. Prins en H. A. Wiersinga, *op. cit.,* p. 73.
[25] W. Milligan, *op. cit.,* p. 846.

standpunte oor die betekenis van hierdie woorde. Ná langdurige studie het ons tot die slotsom gekom dat daar net twee interpretasies is wat ernstige oorweging werd is. Al die ander is met die eerste oogopslag onaanneemlik. Ons verwys hierna in 'n aantekening.[26]

Albei oorblywende teorieë het so baie in hulle guns dat ons nog nie 'n finale beslissing kon maak nie. Daarom sal ons die teorieë en argumente stel, en dan elkeen toelaat om sy eie keuse te doen, of onoortuig te bly.

Volgens die eerste interpretasie verteenwoordig die steen die persoon wat dit ontvang, net soos die twaalf stamme in Israel verteenwoordig is deur twaalf kosbare stene in die borsplaat van die hoëpriester, Ex. 28:15-21. Nou is hierdie steen wit. Dit dui heiligheid, skoonheid en heerlikheid aan, Openb. 3:4; 6:2. Die steen self simboliseer duursaamheid en onverganklikheid. Die wit steen dui daarom 'n wese aan wat vry van skuld is en gereinig van alle sonde en wat vir ewig in daardie toestand bly. Die nuwe naam wat op die steen geskryf is, dui die persoon aan wat die steen ontvang. Dit druk die ware innerlike karakter van die persoon uit; sy duidelike individuele persoonlikheid. Elkeen van die geseëndes sal 'n besondere en unieke bewustheid van daardie persoonlikheid hê: 'n kennis wat alleen aan die ontvanger gegee word.[27]

Die volgende argumente kan aangevoer word ter ondersteuning van hierdie standpunt:

(a) Die woorde "wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang" moet beteken "wat niemand ken nie, behalwe hy wat *die naam* ontvang", nie die steen nie. Die gelowige self ontvang hierdie naam. Daarom moet dit sy eie nuwe naam wees. Dit is heeltemal in ooreenstemming met Openb. 19:12, waar ons dit lees aangaande Christus: " ... en Hy het 'n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe *Hy self."* Die naam dui dan die persoon aan wat dit ontvang.

(b) Indien hierdie nuwe naam die naam van God of van Christus [59] aangedui het, sou dit duidelik so gestel gewees het soos in ander gevalle: 3:12;14:1;22:4.

(c) Hierdie verduideliking rus op die stewige fondament van parallelle perikope in die Ou Testament, byvoorbeeld:

---

[26] Enkele beskouings wat ons *nie* kan aanvaar nie:

(a) Dit wit keursteen van die Apokalips is die *tessera* (wagwoord) (teëltjie) of kaartjie wat die besoeker ontvang as toegang tot die fees van die Groot Koning. Sien E. H. Plumptre, *op cit.,* p. 127 ens., 'n baie bekwame verdediging van hierdie siening. 'n Uitstekende weerlegging van hierdie teorie word gevind in 'n artikel deur M. Stuart: "The White Stone of the Apocalypse", in *Bibliotheca Sacra,* Vol. 0, pp. 461-477.

(b) Die wit keursteen stel die kieselsteen van vryspraak voor wat in geregshowe gebruik is. Hierdie siening word verdedig deur P. Prins en H. A. Wiersinga. *op. cit.,* p. 79 e.v. Sien M. Stuart, die artikel pas vermeld, vir genoegsame weerlegging.

(c) Die wit keursteen met die naam daarop gegraveer, verwys na die O.T. Urim en Tummim. Dit word deeglik beredeneer deur R. C. Trench, *op. cit.,* p. 132 e.v. Plummer, *Revelation,* in *Pulpit Commentary,* vind dit 'n baie aantreklike teorie, p. 64. Wel, dit *is* baie interessant en aantreklik, maar dit kan nie korrek wees nie. Sien die uitstekende artikel deur Aalders oor "Urim en Tummim", in *Chr. Ensiklopedie;* ook art. "Urim en Tummim" in I.S.B.E. Die argumente van Plumptre teen die standpunt is beslissend, *op. cit.,* p. 126 e.v.

(d) R. H. Charles in die *International Critical Commentary. The Revelation of St. John,* p. 66 e.v., redeneer dat die ware oorsprong van die simbool gevind word in die sfeer van populêre bygeloof. Dit het nie 'n antwoord nodig nie. 'n Verskeidenheid ander verduidelikings kan gevind word in *The Speaker's Commentary,* Smith se *Dictionary of the Bible,* art. "Stones"; in Alford en elders.

[27] Hierdie siening, met variasies, word verdedig deur J. P. Lange. *The Revelation of John,* in Commentary on the Holy Scriptures, Vol. X van die N.T., p. 120, wat egter die wit keursteen sien as vryspraak; verder deur Lenski, *op. cit.,* p. 113, deur S. Greijdanus, *Kommentaar op het N.T.,* XIV, p. 77, en deur 'n menigte ander. Dit is die populêre siening.

Jes. 62:2: "En jy sal met 'n nuwe naam genoem word wat die mond van die Here sal noem." Jes. 65:15: "Maar sy knegte sal Hy noem met 'n ander naam."

(d) Volgens die Skrif dui die naam die karakter of status aan van die draer. Daarom gebeur dit dikwels dat iemand 'n nuwe naam ontvang. Nou sal ons wel in die heerlikheid 'n nuwe heiligheid ontvang, 'n nuwe visioen, ens. Daarom sal ons ook 'n nuwe naam ontvang.

Volgens die tweede interpretasie is op die wit keursteen – 'n diamant? – die naam van *Christus* geskryf. Om hierdie steen met die nuwe naam te ontvang, beteken dat die oorwinnaar in die heerlikheid 'n openbaring ontvang van die genotvolle gemeenskap met Christus – in sy nuwe hoedanigheid as nuutgekroonde Middelaar – 'n gemeenskap wat alleen hulle kan waardeer wat dit ontvang.[28]

Ten gunste van hierdie uitleg is die volgende argumente aangevoer:

(a) Die nuwe naam verwys in alle_ander perikope van die Openbaring na God of na Christus. Van hierdie naam word gesê dat dit op die voorhoof van gelowiges geskryf word: 3:12; 14:1; 22:4.

(b) Die standpunt dat hierdie naam na Christus verwys, word ondersteun deur sowel die voorafgaande as die volgende kontekste: die verborge manna verwys na wat Christus vir die gelowige is; bowendien vind ons in hierdie reeks briewe self 'n parallelle perikoop, 3:12, waarin die naam, hoewel op die gelowige geskryf, beslis aan Christus behoort.

(c) Terwyl ons toegee dat die uitdrukking "wat niemand ken nie, behalwe hy wat *dit* ontvang", beteken "hy wat die *naam* ontvang", bewys dit nie dat die naam die gelowige se eie nuwe naam is nie. Dit kan gesê word dat die gelowige Christus se naam ontvang in soverre Christus se naam op sy (die gelowige se) voorhoof geskryf is. In hierdie verband is dit interessant om op te merk dat ongelowiges die duiwel se nabootsing van die nuwe naam ontvang. Van hulle word gesê hulle "ontvang die merk op hulle voorhoof", 20:4, net soos gelowiges die naam van Christus op hulle voorhoofde ontvang, 14:1. Hierdie "merk" dui egter "iemand anders" aan, t.w. die dier. Dit is die merk van die dier wat ongelowiges sal ontvang. Net so, in ons huidige taal, 2:17, ontvang gelowiges die naam van Christus, d.w.s. sy Naam word op hulle voorhoofde geskryf, in die sin waarin dit verduidelik word onder (d).

[60] (d) Hierdie standpunt hou verband met Ou-Testamentiese simboliek wat aan die wortel lê van baie perikope in die Openbaring. Op die voorhoof van die hoëpriester – om presies te wees, aan die voorkant van die tulband – was 'n naam geskryf. Dit was nie die hoëpriester se naam nie, maar die van Jahwe. Hierdie naam het aangedui dat die hoë-priester die toegewyde dienskneg van Jahwe was, aan Hom behoort het. Ons lees:

"Verder moet jy 'n plaat van suiwer goud maak en daarop graveer, soos op 'n seëlsteen uitgesny word: HEILIG AAN DIE HERE. En maak dit vas aan 'n pers toutjie, sodat dit aan die tulband kan wees; aan die voorkant van die tulband moet dit wees. So moet dit dan op die voorhoof van Aäron wees..." (Ex. 28:36-38.)

Die betekenis is dan soos volg: Net soos gedurende die ou bedeling die naam van Jahwe geskryf was op die voorhoof van die hoëpriester om aan te dui dat hy die besondere toegewyde dienskneg van die Here God was, so sal gelowiges – wat gereeld priesters genoem word in Openbaring – 'n nuwe naam op hulle voorhoofde geskryf hê, t.w. die naam van Christus, sy nuwe Naam. Hierdie naam is nie geskryf op 'n plaat van suiwer goud nie, maar, nog beter, op 'n wit keursteen. Dit dui aan dat die oorwinnaar aan Christus behoort, sy dienskneg is en hom verheug in sy gemeenskap in sy nuwe heerlikheid en ryk. Bowendien, net soos alleenlik die hoëpriester in die ou bedeling geweet het hoe om die naam Jahwe uit te spreek en die geheimenis verbonde aan die naam leer ken het, so weet, in die nuwe bedeling, alleenlik gelowiges die geseënde be-

[28] Hierdie standpunt word verdedig deur M. Stuart, *Bibliotheca Sacra,* pp. 461-477 van Vol. 0.

tekenis van die naam: die Here Jesus Christus. Hulle – en alleenlik hulle – ken die betekenis van gemeenskap met hom. In beginsel ken hulle dit alreeds hier op aarde; maar 'n verdere openbaring van die betekenis van hierdie naam is vir hulle weggelê in die hemel waar hulle wat hier op aarde verseël was met die seël van die lewende God op hulle voorhoof, aangewys sal word as Christus se eie tot in ewigheid. Hulle ontvang sy naam, dit is, sy nuwe naam op hulle voorhoof.

Ons moenie die verskil tussen hierdie twee beskouings oordryf nie. Volgens die eerste ontvang die gelowige 'n nuwe naam, d.w.s. 'n nuwe verhouding tot sy Heiland, wat tot openbaring kom in 'n heerlike veranderde karakter. Volgens die tweede interpretasie openbaar Christus sy nuwe naam aan die gelowige, insonderheid in die hiernamaals. Ons sou daarom wou vra: Impliseer Christus se nuwe naam – wat Hy beslis reeds ontvang het – nie die gelowige se nuwe naam nie – wat hy op sy beurt alte seker sál ontvang?

Die vierde brief is geadresseer aan die engel van die gemeente in [61] Thiatire. Raadpleeg 'n Bybelkaart. Hierdie plek was geleë in 'n vallei wat twee ander valleie verbind het. Aangesien natuurlike verskansings ontbreek het en die stad wyd oop was vir 'n aanval en 'n inval, was hier gewoonlik 'n garnisoen gestasioneer, nie net om die stad te verdedig nie, maar ook om die vyand se pad na Pergamus, die hoofstad, te blokkeer. Aangesien Thiatire 'n verbindingsentrum was en baie mense daar deurgereis het, het dit 'n handelstad geword. Hier tref 'n mens die handelsgildes aan: wolbewerkers, linnebewerkers, makers van boklere, kleurders – dink aan Lidia, Hand. 16:14 – leerwerkers, looiers, pottebakkers, ens.[29] Hierdie handelsgildes is geassosieer met die aanbidding van beskermgode: elke gilde het sy eie beskermgod gehad. Daarom was die situasie min of meer soos volg: As jy graag in hierdie wêreld wou opgang maak, moes jy aan 'n gilde behoort en as jy aan 'n gilde behoort, impliseer jou lidmaatskap dat jy sy god aanbid. Dit sal van jou verwag word om die gildefeeste by te woon en voedsel te eet waarvan 'n deel aan die beskermgod geoffer is en wat jy dan op jou tafel ontvang as 'n geskenk van die god. En dan, wanneer die fees eindig en die eintlike – totaal onsedelike – pret begin, moet jy nie uitloop tensy jy die voorwerp van bespotting en vervolging wil wees nie.

Wat moet 'n Christen in so 'n moeilike situasie doen? As hy die vereniging verlaat, verloor hy sy posisie en naam in die samelewing. Hy sou dan moet gebrek ly, honger ly en vervolg word. Andersyds, as hy in die gilde bly en die onsedelike feeste bywoon, en afgodsoffers eet en owerspel pleeg, verloën hy sy Here.

In hierdie moeilike situasie het die profetes Isebel voorgegee dat sy die ware oplossing vir die probleem ken, die uitkoms uit die moeilikheid. Sy het waarskynlik so geredeneer: om Satan te kan oorwin, moet jy hom ken. Jy sal sonde nooit kan oorwin nie tensy jy dit deeglik deur ondervinding leer ken het. Kortliks, 'n Christen moes die "dieper dinge van Satan" leer ken. Woon daarom die gildefeeste by en bedryf hoerery ... en bly nog 'n Christen; nee, meer nog, word eerder 'n beter Christen!

Maar al kan gemeentelede hulleself oortuig dat hierdie optrede reg is, kan hulle nie die Een bedrieg wat "oë soos 'n vuurvlam" het en voete wat gereed is om op die goddelose te trap nie. Die Here prys wat ook al prysenswaardig is: werke, liefde, geloof, diens – liefdesdiens bewys aan die broeders – en lydsaamheid, asook "dat die laaste werke meer is as die eerste". Wat al hierdie dinge betref, was Thiatire waarlik 'n kandelaar, 'n ligdraer. Maar dit bied geen verskoning vir die gebrek aan dissipline oor lidmate wat 'n kompromis maak met die wêreld nie. Daarom lees ons: "Maar Ek het enkele dinge teen jou, dat jy die vrou (nie 'jou vrou') Isebel ... toelaat .. ." Haar naam is sinoniem met [62] verleiding tot afgodediens en onsedelikheid, 1 Kon. 16:31; 18:4, 13, 19; 19:1, 2. As hierdie Isebel-vrou onboetvaardig bly – hoe genadig van die Here dat Hy haar tyd gegee het om haar te bekeer! – sal sy op 'n bed neergewerp word, m.a.w. met siekte geslaan word; haar natuurlike kinders sal 'n gewelddadige dood sterf en haar

[29] W. M. Ramsay, *op. cit.,* pp. 316-326.

geestelike navolgers sal ook straf ontvang. So sal die hele gemeente weet dat Christus die een is wat die niere en harte deursoek. Sy deurdringende oë sien die verborge motief waarom Isebel se standpunt ondersteun word, t.w. onwilligheid om vervolging te ly ter wille van Christus.

Op hulle wat getrou bly, sal Christus geen verdere las lê nie, Hand. 15:28, 29. In hulle verhouding met die wêreld moet hulle sorg dra dat hulle nie hoerery pleeg en afgodsoffers eet nie.

Mettertyd sal die bordjies verhang word. Nou verdruk die wêreld die gemeentelid wat 'n skoon gewete wil bewaar. Uiteindelik sal die gemeentelid wat getrou gebly het aan sy Here, oor die wêreld regeer en, aangesien hy met Christus verenig is in die eindoordeel, sal hy die sondaar veroordeel. Hy gaan deel in Christus se heerskappy oor die nasies – wat Christus op sy beurt van die Vader ontvang het, Ps. 2:8, 9 – en in die eindoordeel sal die goddelose "soos erdegoed verbrysel" word. Die pottebakkers van Thiatire kon die betekenis van hierdie simboliek begryp.

"En Ek sal hom die môrester gee." Hier, weer eens, is die primêre verwysing na Christus self, Openb. 22:16. Soos die môrester die hemele regeer, so sal gelowiges saam met Christus regeer; hulle sal deel in sy koninklike heerlikheid en heerskappy. Die ster is altyd simbool van majesteit aangesien dit verbind word met die septer, Num. 24:17. Vgl. Matt. 2:2.

Die vyfde brief is gerig aan die engel van die gemeente in Sardis. Sardis, die Oninneembare, geleë op 'n byna onbeklimbare heuwel, Toesighouer oor die Hermusvallei, en in vervloë tye die trotse hoofstad van Lidië. Sy mense was trots, verwaand en te selfversekerd. Hulle was seker – helaas te seker – dat niemand hierdie heuwel met sy loodregte hange sou kon bestyg nie. Daar was slegs een toegangspunt: 'n baie smal landstrook na die suide, en dit kon baie maklik verskans word. Maar die vyand het gekom in 549 v.C. en weer in 218 v.C. en ... het Sardis ingeneem. Een onopgemerkte, onbewaakte swak plek, 'n skuins spleet in die rotsmuur, die een kans uit 'n duisend vir 'n nagtelike aanval deur bedrewe bergklimmers, was al wat nodig was om die verwaandheid van die selfversekerde burgers van hierdie trotse stad 'n verpletterende slag toe te dien. Die heuwel waarop Sardis geleë was, was te smal vir 'n groeiende stad. Daarom het die ou Sardis, die [63] akropolis, begin ontvolk en het 'n nuwe stad in die nabyheid verrys. Toe die Openbaring geskryf is, het verval Sardis in die gesig gestaar, 'n stadige maar sekere dood.[30] In die jaar 17 n.C. is die stad gedeeltelik verwoes deur 'n aardbewing. So het die selfversekerde en grootpraterige inwoners van Sardis keer op keer verwoesting oor hulle sien kom "soos 'n dief in die nag", skielik en onverwags.

Sardis was besig om in 'n geestelike bedwelming weg te sink. Vandaar Christus se beskrywing van Homself: "Hy wat die sewe – lewegewende – Geeste het." Hy het in sy regterhand ook die sewe sterre. Deur middel van die bedienaars van die Woord en hulle boodskap kan die lewegewende geeste 'n dooie gemeente laat herlewe.

"Ek ken jou werke, dat jy die naam het dat jy leef, en jy is dood." Sardis het 'n goeie reputasie geniet, maar het hierdie reputasie nie verdien nie. Terwyl 'n klein gedeelte van die gemeente in Pergamus en Thiatire in die verleiding van die wêreld verval het, het die gemeente in Sardis in sy geheel hulle "klere besoedel". Ook Sardis was in die wêreld. Hy moes 'n ligdraer gewees het, maar het misluk. Derhalwe lyk dit asof nog die Jode nog die heidene die mense van Sardis baie gepla het. Sardis was 'n "rustige" gemeente. Dit het rus gehad, die rustigheid van die kerkhof! Christus beveel hierdie dooie gemeentelede dat hulle moet wakker word en wakker bly en tot versterking moet wees van die oorblywende dinge wat op die rand van die dood staan. Die lamp op die staander begin dowwer en dowwer brand. Spoedig sal die klein vlammetjie heeltemal uitgedoof wees.

---

[30] *Ibid., pp.* 354-368.

"Ek het jou werke nie volkome voor God gevind nie." Die uiterlike vorm was daar, die seremonies, die godsdienstige gebruike, die tradisies, die eredienste; maar *die* ware kern het ontbreek. Die vorm was leeg. Dit was nie gevul met krag nie. Geloof, hoop en liefde, eg en opreg, het ontbreek. Die werklikheid het verlore gegaan. Sardis mag in die oë van mense 'n uitsonderlike gemeente wees. "Voor God" is hierdie gemeente dood. Daarom moet die mense van Sardis die verlede in herinnering roep: met watter ywer en erns hulle die evangelie ontvang het. Laat hulle terugkeer na 'n lewe van gehoorsaamheid aan die evangelie soos dit aan hulle verkondig is en soos hulle – hulle ouers – dit ontvang het. Vergelyk die brief met Efese, veral bl. 52,53.

"As jy dan nie wakker word nie, sal Ek op jou afkom soos 'n dief, en jy sal nie weet in watter uur Ek op jou afkom nie" Matt. 24:43, 44. Sardis kon sekerlik geweet het wat dit beteken!

"Maar jy het enkele persone ook in Sardis wat hulle klere nie besoedel het nie, en hulle sal saam met My in wit klere wandel, omdat hulle dit waardig is." Enkele persone (= name); hierdie mense was by [64] name by die hemelse Vader bekend. Hulle was individueel bekend, elkeen afsonderlik. God het presies geweet wie en wat hulle was. Hy ken sy eie. Hulle is soos skynende ligte te midde van die duisternis van hierdie wêreld. Hierdie enkeles wat die kleed van genade hier onbevlek gehou het, sou mettertyd die wit kleed dra. Wit dui heiligheid, reinheid, volmaaktheid en feestelikheid aan, Jes. 61:10; Openb. 19:8.

Wanneer aardse burgers sterf, word hulle name uitgevee uit die register; die name van die geestelike oorwinnaars word egter nooit uitgevee nie; hulle verheerlikte lewe gaan voort. Christus self sal hulle in die openbaar as sy eie erken. Dit sal Hy doen voor die Vader en voor sy engele. Vgl. Matt. 10:32; Luk. 12:8,9.

Die sesde brief is gerig aan die engel van die gemeente in Filadelfia. Hierdie stad was geleë in 'n vallei langs 'n belangrike pad. Sy naam is afgelei van Attalus II, 159-138 v.C, wie se lojaliteit aan sy broer Eumenes hom die bynaam "broederminnaar" laat kry het. Hierdie stad is gebou met die bedoeling dat dit 'n verspreidingsentrum sou wees vir die Griekse taal en gebruike in Lidië en Frigië. Daarom was dit heel van die begin af 'n sendingstad en baie suksesvol daarin.[31]

Christus rig Hom tot hierdie gemeente as die Heilige en Waaragtige. Daarom is die aanmatiging van die valse en onegte – dit is ongelowige – Jode hom nie welgevallig nie. Christus *alleen* het "die sleutel van Dawid", d.w.s. die hoogste mag en gesag in die koninkryk van God. Vgl. Jes. 22:22; Matt. 16:19; 28:18; Openb. 5:5. Christus weet dat hierdie gemeente, alhoewel hy min krag het en gering is in getalle en rykdom, getrou gebly het aan die evangelie en die naam van die Here nie verloën het nie.

"Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie." Die geopende deur beteken in die eerste plek 'n wonderlike geleentheid om die evangelie te verkondig, en in die tweede plek die werking van Gods genade wat gewillige ore gee om te hoor en gretige harte om te ontvang. Vgl. 2 Kor. 2:12; Kol. 4:3; Hand. 14:27. Die gemeente in Filadelfia, alhoewel gering in die oë van mense, was groot in Gods oë. Teenoor Joodse spotters en beskuldigers het hy "die woord van Christus se lydsaamheid bewaar" wat waarskynlik beteken: die evangelie van die kruis waarin die Here se geduldige lyding uiteengesit is. Daarom het hy alreeds in beproewings 'n lourierkrans van oorwinning verwerf, en word hy aangemoedig om dit vas te hou. Let op dat *goddelike beskerming* -" ... sal Ek jou ook bewaar" – en *menslike inspanning* – "Hou vas wat jy het" – hand aan hand gaan. 'n Heerlike viervoudige beloning word belowe aan hierdie gemeente wat op so 'n afdoende wyse getoon het wat dit beteken om 'n ligdraer te wees:

[65] Eerstens sal hy nie net die oorhand behou teenoor die Joodse beskuldigers en spotters nie – soos Smirna – maar hy sal die oorwinning behaal, 'n oorwinning waarin

---

[31] *Ibid., pp.* 391-400.

die oorwonnenes sal deel deur hulle bekering.

Tweedens sal hy bewaar bly in die uur van beproewing. Vgl. Jes. 43:2; Mark. 13:20.

Derdens sal die oorwinnaars "pilare" gemaak word in die tempel van God. 'n Pilaar is iets blywends. Hulle sal die *een ding* verkry wat Dawid begeer, Ps. 27:4. Geen aardbewing sal hulle ooit met vrees vervul of hulle uit die hemelse stad verdryf nie. Hulle sal daar bly.

Ten slotte sal Christus op hom die naam van sy God skryf, en die naam van die stad van sy God, die nuwe Jerusalem ... en sy eie nuwe naam. Met ander woorde, aan die oorwinnaar sal die versekering gegee word dat hy aan God behoort en aan die nuwe Jerusalem en aan Christus, en dat hy vir ewig sal deel in al die seëninge en voorregte van al drie. Vir 'n verduideliking van die sinsnede "wat uit die hemel van my God neerdaal", sien bl. 181.

Die laaste brief is gerig aan Laodicea. Dit was geleë naby warmwaterbronne. Om lou water uit die mond te spuug was dus 'n uitdrukking wat sy inwoners goed sou verstaan. 'n Beroemde mediese skool het hier ontstaan. Onder andere het dit 'n geneesmiddel vir swak oë gemaak. In hierdie stad is die sagte swart wol van die skape van die vallei tot klere geweef. Maar Laodicea was eintlik beroemd om sy rykdom. Geleë by die sameloop van drie hoofweë – raadpleeg beslis 'n kaart – het dit spoedig ontwikkel in 'n groot handels- en finansiële sentrum. Dit was die tuiste van miljoenêrs. Daar was natuurlik teaters, 'n stadion en 'n gimnasium met baddens toegerus. Dit was 'n stad van bankiers en die geldwese. So ryk was hierdie stad dat sy inwoners hulp van die regering geweier het nadat die stad gedeeltelik deur 'n aardbewing verwoes was.[32]

Die burgers van Laodicea was ryk – en hulle het dit geweet – hulle was ondraaglik. Selfs die kerkmense het hierdie selfde trotse, uitdagende en verwaande gesindheid geopenbaar. Moontlik het hulle hulle verbeel dat hulle rykdom 'n teken was van God se besondere guns. In elk geval het hulle begin dink dat hulle "alles" was. Hulle het die gees wat die stad as geheel gekenmerk het, ingedrink. Hulle het gespog met hulle geestelike rykdomme.[33] Indien die inwoners van Laodicea [66] sou gesê het wat hulle gedink het, sou hulle woorde soos volg gewees het (luister aandagtig na een van hierdie onuitstaanbare grootpraters, een wat al die ander verteenwoordig):

"Ek is ryk – aan geestelike goed – en algaande het ek ryker en ryker geword en alles wat ek verkry het, besit ek nog, en ek het aan nie een enkele ding gebrek nie," vers 17.

Hierdie mense was klaarblyklik nie gepla deur sondebesef nie. Hulle sou nooit daaraan gedink het nie om ver weg te staan met neergeslane oë en geboë hoof en op hulle bors te slaan en te sê: "O God, wees my, sondaar, genadig!" Hulle het bereik wat hulle wou bereik het. Daarom het hulle, volgens hulle eie opinie, geen behoefte gehad aan teregwysigings nie en kon hulle bekostig om louwarm te wees ten opsigte van enige vermaning. Ja "lou", dit is die woord. Die mense van Laodicea het presies geweet wat dit beteken. Louwarm, lou, slap, halfhartig, buigsaam, altyd gereed om 'n kompromis aan te gaan, onverskillig, lusteloos, die gesindheid van "ons is almal goeie mense". Die skrywer van hierdie boek het persoonlike kennis van hierdie gesindheid by sommige kerklidmate. Met sulke mense kan jy niks uitrig nie. Met die heiden, d.w.s. met hulle wat nog nooit in aanraking gekom het met die evangelie nie en daarom "koud" is daarteenoor, kan 'n mens nog iets doen. Met opregte en nederige Christene kan 'n mens genotvol saamwerk. Maar met hierdie "ons is almal goeie mense hier in Laodicea" kan jy niks doen nie. Selfs Christus kan hulle nie verdra nie. Hier word aan die Here 'n emosie, 'n gevoel toegeskryf wat nêrens anders in die Bybel voorkom nie. Ons lees nie dat Hy bedroef is oor hulle nie.

---

[32] *Ibid.,* pp. 413-423.; Sien ook W. J. McKnight, "The Letter to the Laodiceans", in *The Biblical Review.Vol.* XVI, p. 519 ens.

[33] Die korrekte siening is dat hulle met hulle *geestelike* rykdom gespog het, en nie net met hulle stoflike besittings nie, en dit word ondersteun deur byna alle kommentatore. W. Milligan verdedig egter die teenoorgestelde siening.

Ook lees ons nie dat Hy kwaad is vir hulle nie. Nee, Hy *walg* vir hulle – en nie in 'n geringe mate nie. Nee, met 'n diepe walging. Daarom sê Hy: "Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug." Aangesien die Here weet dat hulle godsdiens as geheel net skyn en voorgee is, net skynheiligheid is, stel Hy Homself aan hulle voor as die presies teenoorgestelde: "Dit sê die Amen, die getroue en waaragtige Getuie". Met ander woorde, die Here openbaar Homself hier as die Een wie se oë nie net presies sien wat in die harte van hierdie mense van Laodicea omgaan nie, maar wie se lippe die presiese waarheid meedeel soos Hy dit sien. Hy verklaar verder dat Hy "die begin van die skepping van God" is, d.w.s. Hy is die oorsprong van die hele skepping. Vgl. 21:6; 22:13; Joh. 1:1; Kol. 1:15-18. "Inwoners van Laodicea, julle moet nuwe skepsels word: julle het nuwe harte nodig. Keer julle daarom na My sodat julle gered kan word."

Alhoewel die Here 'n sterk walging het in hierdie gemeente omdat [67] hy sy plig as ligdraer versuim het, nogtans is daar genade hier: wonderlike, tere liefde en vermaning. Christus sê nie regtig: "Ek *sal* jou uit my mond spuug" nie, maar "Ek *staan op die punt* om jou uit my mond te spuug". Die Here wag nog. Hy stuur hierdie brief om daardie lou gees uit te dryf. Hy is baie hard in sy veroordeling omdat Hy baie teer en minsaam is, liefdevol en genadig.

Die Here sê aan hierdie gemeente en daarom aan 'n tipiese lidmaat daarvan. "Jy sê dat jy ryk is en dat jy algaande ryker geword het en behou het wat jy verkry het en dat jou absoluut niks ontbreek nie, maar jy weet nie dat jy, ja, jysélf die een is wat ellendig is en beklaenswaardig en arm en blind en nakend." Let wel: nie "ongelukkig" nie, maar "beklaenswaardig". Wie is meer bejammerenswaardig as 'n mens wat homself verbeel dat hy 'n goeie Christen is terwyl Christus self van hom walg? Lees hierdie woorde stadig en probeer vir uself die beeld voorstel van 'n mens wat al vyf hierdie eienskappe tesame besit: ellendig, beklaenswaardig, kruiperige bedelaar, blind en nakend!

"Ek raai jou aan". Hoe teer, hoe vriendelik. Nie "Ek beveel", nie, maar "Ek raai jou aan". Christus raai hierdie gemeente aan om van *Hom* te koop – van *My* is baie uitdruklik – goud wat deur vuur gelouter is, wit klere en oogsalf. Kortliks: koop "verlossing" van My. Want verlossing is goud omdat dit ryk maak, 2 Kor. 8:9; dit is wit klere omdat dit die naaktheid van ons skuld bedek en ons beklee met geregtigheid, heiligheid en vreugde in die Here; dit is oogsalf omdat wanneer ons dit besit, ons nie meer geestelik blind sal wees nie. Verlossing moet gekoop word, m.a.w. ons moet regtelik besit neem daarvan. Maar hoe kan hulle wat arm is, ens., enigiets koop? Lees Jes. 55:1 en u het 'n heerlike antwoord.

Ons vra u, liewe leser, is daar enigiets in die hele Bybel so wonderlik as dit, dat die Here Hom rig tot hierdie lou mense, vir wie Hy Hom so walg dat Hy op die punt staan om hulle uit sy mond te spuug, met hierdie woorde:

"Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer jou." Dit is wat Ek gedurig van my kant af doen. Al die klem val op die voornaamwoord *Ek:* "In soverre dit *My* aangaan, soveel as wat *Ek* liefhet, die bestraf en tugtig *Ek."*

Verder: "Wees dan ywerig en bekeer jou."

En dan: "Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop." Let op dat die Here as 't ware teen die deur druk sodat dit oopgemaak kan word. En nie alleen dit nie, maar, soos duidelik blyk uit die volgende sinsnede, klop Hy nie net weer en weer nie, maar roep Hy ook na die sondaar. Let op: "As iemand my stem hoor ..." Dit word dikwels [68] vergeet. Dit is nie die persoon wat binne is wat die inisiatief neem nie. Nee, hierdie teks is in volkome harmonie met die hele Bybel wat sy leer aangaande soewereine genade betref. Dit is die Here wat by die deur staan, nee, téén die deur – niemand het Hom geroep nie – dit is Hy wat klop, nie net een keer nie, maar herhaaldelik; dit is Hy wat roep, en hierdie stem van die Here in die evangelie, soos dit deur die Gees op die hart toegepas word, is die *krag van God tot saligheid.* Daarom vind ons dat hierdie perikoop volle reg laat geskied

aan goddelike, soewereine genade sowel as aan menslike verantwoordelikheid.[34]

"As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My." Let wel: "As *iemand* ..." Die Here rig hom tot enkelinge. Verlossing is 'n baie persoonlike saak. ". . . my stem hoor en die deur oopmaak." Wanneer die hart oopgemaak is deur die stem van die Here, kom die beginsel van wedergeboorte in werking sodat die wedergebore mens, deur die krag van die Heilige Gees, die deur oopmaak en Christus ontvang. Hierdie oopmaak van die deur word gewoonlik *bekering* genoem. Moenie wedergeboorte, Joh. 3:3; Hand. 16:14, met bekering verwar nie. In hierdie uitdrukking, "As iemand die deur oopmaak", word na bekering verwys, na berou en geloof in Christus, soos die verband duidelik aantoon. Die Here gaan binne, Joh. 14:23. Hoe wonderlik! Hy daal as 't ware van die troon van sy heerlikheid neer om maaltyd te hou met hierdie persoon wat so arm en beklaenswaardig is. Christus en die gelowige hou saam maaltyd. In die Ooste was dit 'n aanduiding van besondere vriendskap en verbondsverhouding. Met ander woorde, die gelowige het geseënde gemeenskap met sy Verlosser en Here, Joh. 14:23; 15:5; 1 Joh. 2:24. Hierdie gemeenskap begin reeds in hierdie lewe. Dit sal in die hiernamaals vervolmaak word wanneer die oorwinnaar saam met Christus op sy troon sal sit, net soos Christus, die Oorwinnaar, saam met sy Vader op sy troon gesit het. Die oorwinnaar sal nie net mettertyd regeer nie; hy sal saam met Christus regeer, Openb. 20:4, in die nouste moontlike gemeenskap met Hom.

"Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê." Die sewevoudige toestand van hierdie gemeentes het destyds werklik bestaan. Dit bestaan vandag ook. Dit het bestaan gedurende die hele tydperk tussenin. Hierdie sewe gemeentes verteenwoordig die hele kerk gedurende die hele bedeling. Nou is dit baie duidelik dat die een groot vraag dit is: Is hierdie gemeentes getrou aan hulle opdrag? Hou hulle vas aan die Naam van die Here te midde van die duisternis van hierdie wêreld? Openb. 12:13. M.a.w. is hulle kandelaars, ligdraers? In Sardis en Laodicea lyk dit asof die wêreld getriomfeer het.

[69] Ons sien maar net 'n klein flikkering van lig; die lig is byna – dog nie geheel en al nie – uitgedoof. In Efese skyn die lig nog, maar word die vlam kleiner. In Pergamus en Thiatire – waar die versoeking van die kant van die wêreld af sterk was – skyn die lig, maar nie so helder as wat dit behoort te skyn nie. In Smirna en Filadelfïa word die ware karakter van die gemeente as ligdraer geopenbaar en vind 'n mens getrouheid aan Christus; daarom word hier werklike goeie invloed uitgeoefen op die wêreld. Is hierdie gemeente 'n ware ligdraer? Dit is die een hoofvraag in al hierdie briewe. Is hy getrou aan sy Here in die wêreld?

Die versoeking om wêrelds te word en Christus te verloën, het van drie kante af gekom. Sien bl. 130. Eerstens, van die kant van antichristelike vervolging, die swaard, die wilde diere, die brandstapel en gevangenskap, 2:10,13; 2:9 en 3:9: die Jode het die Christene voortdurend voor die Romeinse howe beskuldig. Tweedens, en baie nou verwant aan die eerste, was die versoeking wat gekom het van die kant van die Romeinse godsdiens, keiseraanbidding, 2:13. Die eerste bron van versoeking kan nie geskei word van die tweede nie en tog kan dit en moet dit onderskei word. Derdens was daar die versoeking van die vlees: die voortdurende uitnodiging om deel te neem aan die onsedelike feeste van die heidene om jou sosiale posisie te verseker en die wêreldse genietinge te smaak. Hierdie vorm van versoeking was, soos ons gesien het, baie nou verwant aan die tweede, die godsdienstige vorm. Die kerk is in die wêreld. Dit was destyds waar. Dit is vandag nog waar. Die kerk moet skyn te midde van die duisternis.

"Julle is die lig van die wêreld – en die sewe kandelaars is die sewe gemeentes."

[34] Dit is natuurlik duidelik dat *die mens* - nie God nie - hier voorgestel word as die een wat die deur oopmaak. Die *mens* het berou. Gevolglik verwys die oopmaak van die deur na bekering, en kan dit nie verwys na wedergeboorte wat *uitsluitlik* Gods werk is nie. In bekering speel die mens 'n aktiewe rol.

## [70] 9. In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin

*In hierdie hoofstuk bied ons 'n kort verduideliking van Openbaring 4-7.*

Die lig skyn in die duisternis: die kerke is kandelaars. Maar die duisternis haat die lig: die wêreld vervolg die kerk.

Elke keer in die geskiedenis wanneer die kerk aan haar roeping getrou is en getuig van die waarheid, sal verdrukking volg. Benewens hierdie feit is die kerk ook die wêreld. Daarom ly dit saam met die wêreld. Kinders van God ontkom nie aan die verskrikkinge van oorlog, hongersnood en plae nie. Die kerk het hierdie verdrukking nodig. Dit het die direkte teenstand van die wêreld nodig sowel as deelname aan die algemene ellende wat, as gevolg van sonde deel is van hierdie aardse lewe. Die kerk is ook sondig. Dit het voortdurende behoefte aan reiniging en heiligmaking.

Hierdie verdrukkinge word daarom deur onse Here gebruik as instrumente vir ons eie geestelike vooruitgang. Ons sien God se voetbank. Laat ons nie sy Troon vergeet nie! Weliswaar *sê* ons dat vir hulle wat God liefhet, alle dinge meewerk ten goede, maar *glo* ons dit werklik? 'n Tyd gelede het iemand aan 'n Christelike gehoor rolprente vertoon. Ons het die afbeeldinge gesien van Hitler, Mussolini, ens. Vir enkele oomblikke het hierdie woorde voor ons oë geflits:

*In die hande van hierdie vyf manne rus die lotgevalle van die wêreld*

Baie mense glo blykbaar dat dit werklik die geval is. Hoofstukke 4 en 5 leer ons dat ons belange nie in die hande van mense is nie, maar van *God.* Wanneer die wêreld daarom die vlamme van haat en doodslag aanblaas en die wêreld deurdrenk is met bloed, mag ons betraande oë dan 'n visioen kry van die Troon wat oor die heelal regeer. Te midde van beproewings en verdrukkings, mag ons oë ook dan stip gerig wees op die Een wat Koning van die konings is en Heer van die here.

[71] "Ná hierdie dinge het ek gesien – kyk, 'n geopende deur in die hemel," 4:1. Nadat Johannes die briewe aan die gemeentes gehoor het, het hy vir 'n tydjie teruggekeer tot sy gewone gedagtetoestand.[1] Ons weet nie hoe lank hierdie tussenpose geduur het nie. Daarna het hy 'n visioen gekry. Maar hy is nog nie "in die gees" nie. Wanneer iemand 'n visioen ontvang, kan hy nog bewus wees van sy omgewing. So byvoorbeeld is Stefanus ten volle bewus van die teenwoordigheid van die slegte mense wat hom stenig. Hy spreek hulle selfs aan terwyl hy die visioen ontvang van die geopende hemel met die Seun van die mens wat aan die regterhand van God staan, Hand. 7:54-60. Sien ook Matt. 3:16. Op dieselfde manier ontvang Johannes ook nou 'n visioen. Met verwondering sien hy 'n deur oopstaan in die hemel. Vgl. Eseg. 1:1. Terwyl hy kyk, praat dieselfde stem van vroeër met hom, 1:10. Dit is die stem van Christus, en Hy sê aan Johannes: "Kom op hierheen." Die siener se gees ontvang die uitnodiging om op te vaar na die Troon daarbo. Ons bedoel natuurlik na die Troon *soos dit in die visioen verskyn.* Alleen dan sal ons 'n ware insig kry in die geskiedenis, wanneer ons alle dinge – ook ons verdrukkinge, hfst. 6 – besien vanaf die Troon.[2]

" . . . en Ek sal jou toon wat ná hierdie dinge moet gebeur." Dit kan natuurlik nie beteken: "Ek sal jou die dinge wys wat ná hierdie bedeling moet gebeur" nie.[3] Net soos in 1:19 beteken "hierna" hier "in die toekoms".

"En dadelik was ek in die gees." Was dit die gevolg van die stem wat die apostels gehoor het? Vanuit die toestand van slegs 'n visioen te sien, gaan die siel van Johannes nou oor in die hoër toestand van ekstase, t.w. "in die gees". Weliswaar is wat die apostel

---

[1] S. Greijdanus, *Kommentaar op het Nieuwe Testament* XIV, p. 120.

[2] Dieselfde bladsy as hierbo.

[3] Hierdie voorstelling word verkies deur baie Premillennialiste. Sien die inleidende nota tot die Boek Openbaring in die *Scofield Reference Bible.* Die interpretasie is natuurlik totaal ongegrond.

nou gaan sien, ook 'n visioen. Indien dit nie 'n visioen is nie, moet ons ons voorstel dat daar in die hemel 'n stoflike troon is omring deur vier-en-twintig letterlik, fisiese trone en dat die Lam letterlik sewe horings en sewe oë het. Dit is natuurlik belaglik. Johannes ontvang 'n *visioen.* Dit is 'n voortsetting van "'n geopende deur in die hemel". Tog is dit meer as 'n visioen, d.w.s. die siener gaan nou oor in 'n hoër toestand van ekstase, t.w. "in die gees" te wees. 'n Mens kan 'n visioen ontvang sonder om in die gees te wees, soos ons alreeds in verband met Stefanus aangedui het. Wanneer iemand "in die gees" is en in daardie toestand 'n visioen ontvang, is daar 'n verbreking van bewuste kontak met die fisiese omgewing. Johannes sien nie meer met sy fisiese oog nie; hy hoor nie meer met sy fisiese oor nie. Sy siel is weggevoer van alle dinge wat hom omring en is geheel en al gerig op die dinge wat aan hom getoon word in die visioen. Dit is "weggevoer" na die plek van die Troon, [72] vgl. 17:3. Ons bedoel: na die plek van die Troon, *soos dit in die visioen voorkom*.[4]

Alhoewel die verskillende voorwerpe wat Johannes sien, nie in daardie fisiese, stoflike vorm bestaan nie, druk hulle tog 'n belang-rike geestelike waarheid uit. Hulle leer ons een belangrike les.[5] Laat ons nie verdwaal in die interpreteer van besonderhede nie: laat ons nie probeer om 'n "dieper betekenis" te kry as daar nie is nie. Ons herhaal: hoofstukke 4 en 5 leer ons een hoofles. Die beeld is één; en daar is één les.

Hierdie hoofstukke gee ons nie net 'n beeld van die hemel nie. Hulle beskryf die ganse heelal, in die lig van die hemel. Die doel van hierdie visioen is om aan ons in pragtige simboliek te toon dat alle dinge bestuur word deur Hom wat op die Troon sit. Alle dinge; daarom ook ons beproewings en verdrukkings. Hierom gaan dit. Die beskrywing van die Troon kom daarom voor die simboliese voorspelling van die beproewing en verdrukking wat die kerk hier op aarde moet deurmaak. Dit word in hoofstuk 6 beskryf. Bestudeer die diagram van hierdie visioen deeglik in verband met Openb. 4, 5 en ons verduideliking daarvan:

Hoofstukke 4 en 5 leer ons één hoofles. As ons dit nie begryp nie, sal ons nooit die heerlike eenheid van die Openbaring insien nie. Ons sal heeltemal verdwaal raak tussen allerhande allegoriese interpretasies. Hierdie een les kan uitgedruk word in die woorde van die Psalmis:

"Die Here is Koning; laat die volke bewe! Hy troon op die gerubs; laat die aarde sidder!" Die versekering van hierdie waarheid moet ver-troosting bring aan gelowiges te midde van vurige beproewinge. Hierdie visioen van die heelal wat bestuur word vanaf die Troon, kom dus voor die simboliese beskrywing van die beproewinge wat die kerk moet deurmaak, hoofstuk 6. Watter pragtige rangskikking!

Laat ons nou, met behulp van ons diagram, hierdie visioen bestudeer.

"Kyk, 'n Troon!" Die Troon is die middelpunt van die heelal. Nie die fisiografiese nie, maar die geestelike middelpunt. Hier is die ware grondslag vir die sterrekunde. Die heelal van die Bybel is nog geosen-tries nog heliosentries nog met die diereriem as sentrum, maar is hemel-gesentreerd, d.w.s. teosentries.[6] Sien die diagram. Hier is dan

---

[4] Vgl. C. A. Auberlin, *The Prophecies of Daniel and the Revelations of St. John,* p. 76 e.v. Ook S. Greijdanus, *Kommentaar op het Nieuwe Testament* XIV, p. 338.

[5] Sien hoofstuk 5, pp. 32, 33.

[6] In die ontwikkeling van die kosmografie kan ons die volgende stappe volg: die naïewe geosentriese opvatting; die heliosentriese standpunt van Pythagoras-Aristarchus, c. 600-300 v.C; die spekulatiewe geosentriese standpunt van Hipparchus, Cicero, tweede en eerste eeu v.C; die geosentriese standpunt van Ptolemaeus, tweede tot sestiende eeu n.C; die nuwe heliosentriese opvatting of Kopernikaanse standpunt, 16-19de eeu; die sterre-, saggitariosentriese standpunt van J. C. Kapteyn, ens.; en die sterkolonie-opvatting wat deur J. Jeans en ander gewild gemaak is. Sien art. "Heelal" en art. "Wereldbeeld" in *Chr. Ensiklopedie;* art. "Cosmogony and Cosmology" in *Hasting's Enc. of Rel. and Ethics;* art. "History of Astronomy" in *Enc. Brittanica;* art "Astronomy" is *I.S.B.E.;* die werke van J. Jeans, ens., *The Mysterious Universe,* hf. 4, 5; *The Stars in Their Courses,* hf. 7, 8; en V. Hepp, *Calvinism and the Philosophy of Nature,* hf. 4.

ook die ware filosofie van die geskiedenis. Die nuusblaaie en radioberigte gee aan jou die hoofberigte en nuusflitse. Tydskrifte voeg die verduidelikings by. Maar hierdie verduidelikings rus ten slotte op sekondêre oorsake. Die eintlike gees, die eintlike wil wat hierdie heelal beheer – met handhawing van die verantwoordelikheid en vryheid van afsonderlike werktuie – is die gees, die wil van *die Almagtige God.* Niks is uitgesluit [74]uit sy heerskappy nie. Daarom kom die term Troon sewentien keer voor in hierdie twee hoofstukke. Daardie Troon is nie op aarde nie, maar in die hemel. Dit staan in die Allerheiligste van die hemelse tempel net soos die ark van die verbond in die Allerheiligste van die aardse tabernakel of tempel gestaan het, Ex. 25:22. In hierdie visioen het ons baie beslis 'n tabernakel- of tempeltoneel.[7] God is koning en woon in daardie hoedanigheid in die tempel. Daarom is die voorstelling dat sy troon in die tempel staan, duidelik gebaseer op Bybelse simboliek, Jes. 6:1; Jer. 3:17; 14:21; Eseg. 1:26; 8:4; 43:7.[8]

". . . en Een sit op die troon." Op die Troon sit God die Vader in majesteit. Wat die apostel beskryf, is nie God self nie, want Hy kan nie beskrywe word nie, Ex. 20:4, maar sy glansrykheid en heerlikheid. In die visioen word Hy voorgestel as omring deur die skitterende glans van die diamant, kristalhelder, 21:11, wit, verterend,[9] simbool van God se *heiligheid;* en deur die bloedrooi sardius wat aandui dat hierdie heilige karakter van Jahwe tot uitdrukking kom in *oordele.* Hy kan sonde nie verdra nie. Daarom gaan hierdie sewe vuurfakkels en hierdie weerligte, stemme en donderslae van die Troon uit, 4:5. So is God, die Heilige. So is sy Troon van majesteit. Sidder voor Hom, o aarde en sy bewoners!

En tog – o, heerlike troos! – is daar rondom die Troon 'n reënboog wat in sy voorkoms lyk soos 'n smarag. Met ander woorde, vir die kinders van God is die storm verby. Christus het in die arme sondaar se plek gestaan. Die son wat so lank verberg was, skyn weer in die wolke. Alhoewel God se heiligheid sonde nie kan verdra nie en uitgedruk moet word in oordele, tog het hierdie rampe die verlossing van die sondaar ten doel, en sy toename in heiligmaking.[10] Alle dinge – insluitende slagting, armoede, oorlog, hongersnood en pes – werk mee ten goede vir hulle wat God liefhet, wat na sy voorneme geroep is, Rom. 8:28. Vgl. Eseg. 1:27,28:

"... en van wat soos sy lendene gelyk het ondertoe, het ek iets gesien soos vuur met 'n glans daaromheen. Soos die gedaante van die boog wat in die wolk is op 'n reëndag, so het die glans rondom gelyk."

Rondom die Troon in die middel sien Johannes vier-en-twintig trone met vier-en-twintig ouderlinge daarop wat waarskynlik die hele kerk van die ou en nuwe bedeling verteenwoordig. Dink aan die twaalf aartsvaders en die twaalf apostels. Vgl. Openb. 21:12-14. Raadpleeg die diagram. Hulle dra die klere van heiligheid en op hulle hoofde is goue krone van oorwinning. Hierdie vier-en-twintig ouderlinge word eerste vermeld omdat hulle eerste *is* in belangrikheid en heerlikheid van alle skepsele in die hemel, Gen. 1:26; Hebr. 2:8. Ons moet egter [75] nie uit die oog verloor nie dat die werklike rede waarom hierdie vier-en-twintig trone met die wat daarop sit, hier vermeld word, is om die heerlikheid van die Troon wat in die middel staan, te verhoog. Hierdie Troon is 'n beeld van die opperheerskappy van God. Die vier-en-twintig ouderlinge bring voortdurend hulde aan Hom wat op die Troon sit. So verhewe is die Troon.

---

[7] Die teenoorgestelde siening word verdedig deur R. C. H. Lenski, *Interpretation of St. John's Revelation,* p. 171.

[8] A. Noordtzij, *Korte Verklaring der Heilige Schrift, "Ezechiel",* p. 436.


[9] Die vertaling "jaspis" pas nie by Openb. 21:11 nie.

[10] A. Noordtzij, *op. cit.,* p. 53. 'n Gepubliseerde preek oor Die Here se Dag X van die Heidelbergse Kategismus, deur Ds. H. Danhof, bevat 'n pragtige verklaring van die reënboog rondom die Troon.

## [73] Diagram van die visioen beskryf in Openbaring 4 en 5:

Die Heelal bestuur vanaf die Troon.

Dit is een enkele beeld. Dit leer een hoofles.




**VERDUIDELIKING**

Die vierkant in die middel stel die Troon voor met trappe wat daarheen lei. In die middel van die Troon sit die Vader, Openb. 4:2. Die binneste sirkel, gemerk 1, stel die wit keursteen voor, 4:3. Die volgende sirkel, gemerk 2, stel die steen sardius voor, 4:3. Die sirkel gemerk 3 stel die smaragkleurige reënboog voor, 4:3. Die vier lewende wesens of engele maak die vierde sirkel uit, 4:6. Die vier-en-twintig trone met die ouderlinge vorm die vyfde sirkel, 4:4. Die "baie engele" vorm die sirkel gemerk 6, 5:11. Alle ander skepsele in die ganse heelal vorm die buitenste sirkel, 5:13. Kyk na die see van glas en die sewe vuurfakkels voor die Troon, 4:5, 6. Let ten slotte daarop dat die Lam (L) tussen die Troon en die lewende wesens aan die een kant staan, en die vier-en-twintig ouderlinge aan die ander kant, 5:6. Die Lam het egter nie daar gebly nie. Hy het na die Troon gegaan, 5:7, en – sit Hy nou daarop saam met die Vader, 22:1. Kyk weer na hierdie diagram. Let op: Die Troon heers oor alles. Neem hierdie les ter harte!

[Hierdie bladsy is nie in volgorde met die res van die oorspronklike bladsye nie]

[75 vervolg...] Vir wie aanbid hierdie ouderlinge? Net die Vader? Nee, die drie-enige God. Net soos in 1:4, 5 het ons hier ook 'n beskrywing van die Drie-eenheid volgens die simboliek van die tempel. Let daarop: *Die Vader* sit op die Troon waaruit weerligte en stemme en donderslae uitgaan. Hy word hier geskilder as bewoner van die hemelse Allerheiligste.[11] Verder sien Johannes hier, net soos in die Heilige van die aardse tabernakel, sewe vuurfakkels. Hier sien hy hulle brand voor die Troon. Sien diagram. Hulle simboliseer die immer aktiewe, alwyse en alsiende *Heilige Gees,* vol vuur teenoor die goddelose en vol heiligende krag vir die godvresendes. Voorts sien Johannes hier 'n see, net soos daar in die voorhof van die aardse tabernakel 'n waskom of "see" was. Die see is voor die Troon. Dit is van glas soos kristal wat heiligende krag aandui. Ons moet dit sien as, simbolies gesproke, gevul met die reinigende bloed van Christus, *die Seun,* waarin die heiliges "hul klere gewas en hul klere wit gemaak het", 7:14.

"... en in die middel van die troon en rondom die troon vier lewende wesens vol oë van voor en van agter", 4:6.

Elkeen van hierdie "lewende wesens" staan aan die een kant van die Troon, in die middel van die trappe wat daarheen lei, sodat daar een "lewende wese" is aan elke kant van die Troon en die vier die Troon omring. Kyk tog na die diagram. Hierdie *vier* "lewende wesens", wat gereed staan om aan God diens te lewer in enige van die *vier* rigtings, d.w.s. in enige deel van die heelal, verteenwoordig al die "lewende wesens" net soos die vier-en-twintig verloste ouderlinge die hele leërskare van verlostes verteenwoordig. Maar wie is hierdie "lewende wesens"?

As ons hierdie vraag wil beantwoord, moet ons in gedagte hou dat daar 'n baie noue verbintenis is tussen hierdie hele Troon-visioen en hoofstukke 1 en 10 van Esegiël. Ons wil by die leser daarop aandring om Eseg. 1 en 10 noukeurig te bestudeer. Let op die volgende treffende ooreenkomste:[12]

In albei gevalle word hierdie wesens "lewende wesens" genoem. Vgl. Eseg. 1:5; Openb. 4:6.

In albei gevalle is die simboliese getal dieselfde, t.w. vier. Vgl. Eseg. 1:5; Openb. 4:6.

[76] In albei gevalle word die voorkoms van hulle gesigte vergelyk met die van 'n mens, leeu, kalf en arend. Vgl. Eseg. 1:10; Openb. 4:7.

In albei gevalle is hulle in noue verbintenis met die Troon. Vgl. Eseg. 1:26; Openb. 4:6.

In albei gevalle het vuur heen en weer beweeg tussen die "lewende wesens". Vgl. Eseg. 1:13; Openb. 4:5. "Uit die vuur het blitse uitgeslaan."

In albei gevalle word van hierdie "lewende wesens" gesê dat hulle oral vol oë was. Vgl. Eseg. 1:18; 1:21; 10:12; Openb. 4:8.

In albei gevalle omring 'n reënboog die Troon waarmee die "lewende wesens" geassosieer is. Vgl. Eseg. 1:28; Openb. 4:3. Ons hoef nie verbaas te wees oor die paar geringe verskille in die beskrywing van die "lewende wesens" nie. Eintlik moet ons dit verwag. Hulle is volkome in ooreenstemming met die spesifieke doel wat elkeen van die twee skrywers in gedagte het.[13]

Nou sê Esegiël in 10:20 in soveel woorde aan ons dat die "lewende wesens" gérubs

---

[11] Sien aant. 7 hierbo.

[12] Vgl. R. H. Charles, *The Revelation of St. John,* Vol. I, p. 118 e.v., wat verskeie punte van verskil opnoem.

[13] Die feit, bv. dat elkeen van die lewende wesens in Esegiël *vier* gesigte het, sodat hy in al vier rigtings gelyktydig kyk, is heeltemal in ooreenstemming met hulle sending, nl., om die Troon te dra in enige rigting wat Hy wat daarop sit, verlang. In Openbaring dra die lewende wesens nie die Troon nie.

is. Daarom glo ons stellig dat hierdie "lewende wesens" hier in Openbaring ook gérubs is.[14] Hulle is engele van 'n baie hoë orde, een van die hoogste ordes.

Hierdie gevolgtrekking is heeltemal redelik. Die gérubs bewaak die heilighede van God, Gen. 3:24; Ex. 25:20.[15] Daarom is dit heeltemal normaal en natuurlik dat ons hulle in hierdie visioen in die onmiddellike nabyheid van die Troon aantref.

Trouens, ons vind hulle hier in die Allerheiligste van die hemele, presies waar ons sou verwag om hulle aan te tref, Ex. 25:20.

Let ook daarop dat die lied van hierdie "lewende wesens" die lied van engele is. In Jesaja sing die serafs dit, Jes. 6:1-4. Waarom sou die gérubs dit dan nie ook sing nie?

Hierdie gevolgtrekking word nog verder bevestig deur die oorweging dat die "lewende wesens" beskryf word as so sterk soos 'n *leeu,* so bekwaam om diens te lewer soos 'n *os,* so verstandig soos 'n *mens* – let op die veelheid van oë wat verstandelike skerpsinnigheid aandui – en so vlug soos die *arend,* altyd gereed om die bevele van God te gehoorsaam en diens te lewer. Nou moet ons daarop let dat die eienskappe van krag, diens, verstand en snelheid oral aan engele toegeskryf word. Vgl. Ps. 103:20, 21; Hebr. 1:14; Dan. 9:21; Luk. 12:8; 15:10, ens. Waar ons in 5:11 lees dat "baie" engele die vier-en-twintig ouderlinge omring, bots dit glad nie met ons gevolgtrekking dat die "lewende wesens" op die trappe van die Troon die gérubs is nie.[16] En as ons in 7:11 lees dat "al" die engele rondom die vier-en-twintig ouderlinge [77] staan, verwys hierdie "al" natuurlik na die "baie" van 5:11: al die "baie" engele staan rondom die vier-en-twintig ouderlinge.

Ons glo nie dat hierdie gérubs enige dieper betekenis het nie. Ons glo nie dat hulle alle skepsele verteenwoordig nie.[17] Wanneer die siener na alle skepsele wil verwys, doen hy dit in duidelike taal, Openb. 5:13.

Die vraag "ontstaan nou: Waarom hierdie gérubs? Die antwoord: Hulle word ingebring om presies dieselfde rede as die vier-en-twintig ouderlinge, t.w. om die betekenis van die Troon te verhoog.[18] So groots is die Troon dat selfs die heerlike en heilige gérubs hulle daar rondom skaar in eerbied, nederigheid en ontsag, altyd gereed om die wil van die Vors van die heelal uit te voer. Hulle bring heerlikheid en eer en danksegging toe aan Hom wat ewig lewe en wat op die Troon sit. Sien Openb. 7:12, aantekening 70, hfst. 9. Hulle doen dit nie net een keer nie, maar herhaaldelik. Hulle sê voortdurend:

"Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, wat was en wat is en wat kom!" Vgl. 1:4, 8. So verheerlik hierdie gérubs God, die Vader, wat die Drie-eenheid verteenwoordig. Vgl. Jes. 6:3. Geen wonder nie, want hulle woon in sy onmiddellike teenwoordigheid. Hulle sien sy heerlikheid. Hulle merk sy wysheid op en hulle sien beter as ons in hierdie sondige wêreld dat die geskiedenis die verwesenliking is van sy wil. Daarom val hulle neer in aanbidding, 5:10.[19]

Nou word hulle "Heilig, heilig, heilig" elke keer onmiddellik gevolg deur die lied van die ouderlinge. Dit is die lofsang aan die Vader, Skepper. Hierdie ouderlinge, wat die hele skare van verlostes simboliseer, val neer en bring hulde in diepe nederigheid, 5:14; 7:11, 12; hulle aanbid; val voor Hom neer; hulle werp hulle krone voor die troon, terwyl

---

[14] A. Pieters, *The Lamb, The Woman and The Dragon,* p. 112. Dit is ook die standpunt van A. Kuyper, snr., *De Engelen Gods,* p. 148.

[15] A. Noordtzij, *op. cit.,* p. 121.

[16] Die teenoorgestelde siening word verdedig deur R. C. H. Lenski, *op. cit., p.* 182.

[17] Die standpunt dat hierdie lewende wesens die hele skepping verteenwoordig, word verdedig deur S. Greijdanus, *op. cit., p.* 125.

[18] Die Troon – God se soewereiniteit – wat alle dinge beheer en reël, is die hart en middelpunt van hierdie visioen.

[19] S. Greijdanus, *op. cit.,* p. 128.

hulle ten volle besef dat hulle oorwinning te danke is aan Hom wat op die Troon sit, en hulle sê:

"U is waardig, o Here, om te ontvang die heerlikheid en die eer en die krag, want U het alles geskape en deur u wil bestaan hulle en is hulle geskape." Sien Openb. 7:12, aant. 70, hfst. 9. Dit is die lied van die *skepping.* Die soewereine wil van God is die werklike en hoogste oorsaak van die bestaan van alle dinge. Alle skepsele "bestaan", d.w.s. hulle het ideëel bestaan in die denke van God van alle ewigheid af. Hulle "is geskape", d.w.s. hulle werklike bestaan het gevolg op hulle ideële bestaan in die denke van God.

"En ek het in die regterhand van Hom wat op die troon sit, 'n boek gesien, van binne en van buite beskrywe en met sewe seëls goed verseël."

In die regterhand van die Vader lê 'n boekrol, vgl. 6:14. Dit stel God se ewige Plan voor, sy raad wat allesomvattend is. Dit simboliseer [78] God se doel ten opsigte van die *ganse* heelal *dwarsdeur* die geskiedenis en in belang van *alle* skepsele oor alle eeue en tot in alle ewigheid.[20] Daarom is dit aan weerskante vol geskryf.

Hierdie boekrol word nou hier uitgebeeld as goed verseël met sewe seëls. Hierdie seëls was waarskynlik in 'n ry gerangskik op die buitekant van die boekrol. So gesien, het hulle die inhoud van die boekrol verseël.[21] Die betekenis is: Die geslote boekrol dui die plan van God aan, ongeopenbaar en onuitgevoer. Indien daardie boekrol verseël bly, sal God se doel nie verwesenlik word nie; sal sy plan nie uitgevoer word nie. Om daardie boekrol oop te maak deur die seëls te breek, beteken nie net om God se plan te openbaar nie, maar om dit uit te voer. Daarom roep 'n sterk engel met 'n groot stem uit: "Wie is waardig om die boek oop te maak en sy seëls te breek?" Die stem is sterk en duidelik sodat elke skepsel in die ganse heelal dit kan hoor.

Niemand in die ganse heelal – hemel, aarde, onder die aarde[22] – kon die boek oopmaak of daarin kyk nie. As gevolg hiervan ween Johannes hoorbaar.[23] U sal die betekenis van hierdie trane verstaan as u altyd in gedagte hou dat, in hierdie pragtige visioen, die oopmaak van die boekrol deur die seëls te breek die uitvoering van God se plan aandui. Wanneer die boekrol oopgemaak is en die seëls gebreek, word die heelal bestuur ten behoewe van die kerk. Dan *word God se heerlike verlossingsdoel verwesenlik:* sy plan word uitgevoer en die inhoud van die boekrol vind plaas in die geskiedenis van die heelal. Daarom, as die boekrol nie oopgemaak word nie, is daar geen beskerming vir die kinders van God in tye van bittere beproewing; geen oordele oor 'n vervolgsieke wêreld; geen beslissende triomf vir die gelowiges nie; geen nuwe hemel en aarde nie; geen toekomstige erfenis nie.

"Toe sê een van die ouderlinge vir my: Moenie ween nie; kyk, die Leeu wat uit die stam van Juda is, die wortel van Dawid, het oorwin om die boek oop te maak en sy sewe seëls te breek."

En nou is dit 'n ouderling se beurt om te praat. Nie 'n sterk en magtige engel nie, maar 'n ouderling, d.w.s. iemand wat self die uitwerking van verlossing in sy eie siel ondervind het; dit is sy beurt om aan Johannes die wonderlike boodskap van blydskap oor te dra.

"Hy het oorwin." Christus het die sonde aan die kruis oorwin. Die groot struikelblok is verwyder. Die bloed is gestort. Die oorwinning oor sonde, Satan, die dood, ens. is

---

[20] *Ibid.,* p. 132. Vgl. K. Dijk, *Het Rijk der Duizend Jaren,* p. 200.

[21] Vgl. R. C. H. Lenski, *op. cit.,* p. 194.

[22] Vgl. Filip. 2:10. Sien N. D. Van Leeuwen, *Het Bijbelsch-Akkadisch-Schumerisch Zondvloedverhaal,* stelling 8. As hierdie uitdrukking "van wat bo in die hemel is, of van wat onder die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie", Ex. 20:4, gebaseer is op die ou Oosterse kosmologiese opvatting, is dit duidelik dat ons dit in sy geheel moet neem as dit die ganse heelal aandui.

[23] Vgl. die sinonieme in Thayer se *Greek-English Lexicon,* onder *klaio.*

behaal. Let noukeurig op die name wat aan Christus gegee word. Hy word genoem "die Leeu wat uit die stam van Juda is", 'n baie duidelike verwysing na Gen. 49:9, 10. Deur Satan te oorwin en die volle las van die toorn van God tot die uiterste te dra, het Hy bewys dat Hy inderdaad die Leeu was. "Uit die stam van [79] Juda": 'n afstammeling van Juda en van Dawid, Gen. 49:9, 10; 2 Sam. 7:12; Ps. 89:28, 36, 37; Jer. 23:5; Matt. 1:17; Luk. 3:31; Hand. 2:30. Tog ook Dawid se Here, die eintlike Wortel waaraan Dawid sy oorsprong te danke het, Matt. 22:41-45.[24] Hierdie Leeu van Juda, hierdie Wortel van Dawid het aan die kruis oorwin en het daarmee die reg verdien om die boek oop te maak en die seëls te breek, m.a.w. om die heelal te bestuur volgens God se plan.

"En ek het gesien, en kyk, in die middel van die troon en die vier lewende wesens en in die midde van die ouderlinge staan daar 'n Lam asof Hy geslag is, met sewe horings en sewe oë, wat die sewe Geeste van God is wat uitgestuur is oor die hele aarde. Hy het gekom en die boek geneem uit die regterhand van Hom wat op die troon sit."

Johannes sien in die visioen ... wat? 'n Mens verwag "die Leeu". In plaas daarvan lees jy: "'n Lam". Christus het in sy lyding en sterwe die karaktertrekke van 'n leeu sowel as van 'n lam getoon. Hy is die wáre Leeu, die wáre Lam. Soos 'n lam is Hy na die slagplek gelei en geoffer. Die apostel sien hierdie Lam tussen die Troon omring met gérubs en die vier-en-twintig ouderlinge staan. Sien die diagram. Die Lam – vgl. Joh. 1:29, 36; Hand. 8:32; 1 Pet. 1:19; Ex. 12:3; Jes. 53 – staan "asof Hy geslag is". Sy dood het blywende waarde. Hierdie Lam, t.w. onse Here Jesus Christus, het sewe horings wat sy mag en gesag aandui, 1 Sam. 2:10; Ps. 75:10, en sewe oë, want Hy is vervul met die Heilige Gees.

Die Lam het gekom en die boekrol geneem uit die hand van Hom wat op die Troon sit. Dit verwys baie duidelik na die feit dat Christus as Middelaar met sy hemelvaart die gesag ontvang het om die heelal te bestuur volgens God se ewige raadsplan.[25] Dit verwys na die kroning van die opgevaarde Christus, Hebr. 2:8, 9: ons sien Jesus met heerlikheid en eer gekroon. As beloning vir sy verlossingswerk ontvang Christus met sy hemelvaart die koninkryk, Luk. 19:12; Hebr. 2:8, 9: veral Filip. 2:6-11; soos voorspel en belowe tydens die ou bedeling, Ps. 2; 110; Dan. 7:9-14.

Dit beteken nie dat God die Vader die Troon verlaat nie. Nee, Hy bly op die Troon sit. Maar dit beteken wel dat Christus, die Middelaar, saam met die Vader op die Troon sit. Van hierdie oomblik af is dit die Troon van God *en van die Lam,* 22:1. God bestuur die heelal deur die Lam. Dit is Christus se beloning; ons troos. Dit beteken dat daar 'n begin van 'n nuwe era is in die hemel, 20:4; en ook op aarde, 20:2, 3.[26] Watter hoogs betekenisvolle moment in die geskiedenis is hierdie kroning, die Middelaar se gesagsbekleding tot Koning oor die heelal.

Sodra die Lam die boekrol geneem en daarmee die amp as koning [80] van die heelal aanvaar het, klink 'n groot triomflied op en uitbundige vreugde in drie doksologieë.[27] Die wat die naaste aan die Troon is, nl. die gérubs en die vier-en-twintig ouderlinge, neem die leiding. Hulle val voor die Lam in heilige aanbidding neer, 19:20; 22:8. Elke ouderling het 'n siter, 'n instrument vir vrolike musiek, 18:22, en goue skale vol

[24] Dit word nie volledig verduidelik deur 'n verwysing na Jes. 11:1, 10 nie. Wat ons hier nodig het, is Matt. 22:41-45; die Messias is Dawid se *Here*! Die nie-vleesgeworde Seun vorm sy vader (Dawid) na die vlees. Vgl. die mooi preek deur prof. dr. Schilder, in *Menigerlei Genade,* 1934, p. 481 e.v. In die teks van daardie preek is dit *Jakob* wat gevorm word.

[25] Vgl. C. Hodge, *Systematic Theology,* Vol. II, p. 635 e.v.; H. Bavinck, *Gereformeerde Dogmatiek* III, p. 503 e.v.

[26] In die *hemel* regeer die siele nou saam met die opgestane en verhoogde Christus – wat natuurlik nie moontlik was onder die ou bedeling nie; ten opsigte van *die aarde* is Satan nou gebind. Sien ons verduideliking van Openb. 20. Die Skrif praat voortdurend van die lewe hierna in terme van *tyd.* Vgl. ook Ef. 2:7. Openb. 10:6 lewer geen beswaar op nie. Sien ons verduideliking van daardie vers.

[27] A. Pieters, *op. cit.,* p. 117.

reukwerk, wat gebede en dankbetuiging in sy mees omvattende betekenis simboliseer.[28] Hulle sing 'n nuwe lied. Dit is nuut omdat so 'n groot en heerlike verlossing nog nooit tevore bewerkstellig is en die Lam nog nooit tevore so 'n groot eer ontvang het nie. Die woorde van die lied is die volgende:

"U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het (mense) vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het (hulle) konings en priesters vir onse God gemaak, en (hulle) sal as konings op die aarde heers."[29] Dit is die lied van *verlossing.*

Hier word die Middelaar se huidige regering of heerskappy oor die heelal beslis beskryf as 'n beloning vir sy lyding en sterwe. Die partikuliere en universele aspekte van die versoeningswerk word pragtig saamgevoeg. Die Lam het nie die verlossing van elke afsonderlike persoon gekoop nie. Nee, Hy het die prys betaal vir sy uitverkorenes, d.w.s. vir mense uit elke stam en taal, ens. Nogtans is daar niks engs of nasionaals omtrent hierdie verlossing nie. Dit strek wêreldwyd en omvat elke groep: etnies (stam), linguisties (taal), polities (volk) en sosiaal (nasie).[30] Alle verlostes saam vorm 'n koninkryk en priesterdom. Sien Openb. 1:6. Die heiliges regeer selfs nou al op die aarde d.m.v. die wierook van hulle gebede.

Net soos die vier-en-twintig ouderlinge 'n sirkel vorm rondom die vier lewende wesens, so omring die engele weer die ouderlinge. Sien die diagram. Die term "engel" sluit nie die gérubs hier in nie en ook nie in Openb. 7:11 nie. Alle ander engele word hier bedoel. Die apostel sien hulle as 'n baie groot leërskare: tienduisende van tienduisende en duisende van duisende. Met 'n groot stem sê hulle:

"Die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlikheid en lof": sewe voortreflikhede wat alle deugde en voortreflikhede in die hemel en op die aarde verteenwoordig. Sien Openb. 7:20, aant. 70 hfst. 9. Eerste sing die ouderlinge, want hulle het verlossing gesmaak. Dan die engele, want hulle is deur die ouderlinge onderrig in die geheimenisse van verlossing. Vgl. Ef. 3:10.

Uiteindelik, vers 13, sluit die ganse heelal in al sy dele en met al sy skepsele hulle aan by die koor van lof. Sien die diagram.[31] Ons het in [81] hierdie vers die klimaks van wat in hoofstukke 4 en 5 voorkom. Hoofstuk 4 het betrekking op God en die skepping; hoofstuk 5:1-12 verwys na die Lam en verlossing. Daarom het hierdie twee laaste verse, 5:13, 14, betrekking op die gesamentlike verheerliking en aanbidding van God en die Lam.[32] Die ganse heelal prys God en die Lam vir hulle skeppings- en verlossingswerk.

En die vier gérubs sê voortdurend: "Amen." Ná elke loftoesegging deur die res van die heelal sê hierdie vier lewende wesens: "Amen." Hulle plaas die seël van hulle en God se goedkeuring op hierdie universele aanbidding. En die ouderlinge het neergeval en aanbid en hulde gebring, nie net aan die drie-enige God nie, maar ook spesifiek aan die Lam. Watter heerlike beurtsang!

So word die ganse heelal bestuur deur die Troon, m.a.w. deur God in en deur die Lam. Toe die Lam opgevaar het na die hemel, het hy aan die regterhand van God gaan sit, "bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige. En Hy – God, die Vader –

---

[28] A. Trench, *Synonyms of the O.T.,* p. 117.

[29] Die lesing van die Afrikaanse Bybel lui soos volg: "... want U is geslag en het *ons* vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het *ons* konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers".

[30] Vir die partikuliere en universele aard van Christus se verlossingswerk sien L. Berkhof, *Vicarious Atonement Through Christ,* p. 165 e.v.

[31] Sien nie net die buitenste sirkel in die diagram nie, maar ook sirkels 4, 5, 6 en 7. Die ganse heelal prys Hom.

[32] R. H. Charles, *op. cit.,* Vol. I, p. 151.

het alle dinge onder sy – Christus se – voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee, wat sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul," Ef. 1:22, 23. Alle dinge moet uiteindelik God verheerlik: Sy wil word volbring in die heelal. Die Troon bestuur. Die Lam regeer. Daarom hoef gelowiges nie te vrees in tye van verdrukking, vervolging en angs nie. Laat die beproewings maar kom.

En so kom ons dan by die seëls, hoofstuk 6.

"En ek het gesien toe die Lam een van die seëls oopmaak; en ek het een van die vier lewende wesens hoor sê, soos die geluid van 'n donderslag: Kom kyk! " [33] Onmiddellik begin die Lam die seëls oopmaak. En met die oopmaak van elke seël word sy simboliek geopenbaar. Die eerste vier seëls gee aanleiding tot die simboliek van perde en hulle ruiters net soos in Sagaria 1:8 e.v.; 6:1 e.v. Die perd word gewoonlik in die Skrif genoem in verband met krag, verskrikking, oorlogvoering en verowering. Jes. 30:16; 31:1; Job 39:22-28. In die Openbaring kry ons dieselfde assosiasies, 9:7; 14:20; 18:13; 19:11.

Elkeen van die vier gérubs stel nou op sy beurt 'n ruiter bekend. Met 'n stem soos die geluid van 'n donderslag sê die eerste van die vier "lewende wesens": "Kom." Die bevel is in elke geval tot die ruiter gerig. [34]

"En ek het gesien, en kyk, daar was 'n wit perd. En hy wat daarop [82] sit, het 'n boog; en aan hom is 'n kroon gegee, en hy het uitgegaan as 'n oorwinnaar en om te oorwin."

Ons stem saam met baie voortreflike verklaarders wat die Ruiter op die wit perd sien as sinnebeeld van Christus.[35] Ons het ná deeglike studie tot hierdie gevolgtrekking gekom op grond van die volgende oorwegings:

Eerstens is hierdie beskouing in ooreenstemming met die konteks. Onthou dat ons in die eerste drie hoofstukke die kerk waarin Christus woon, sien skyn het in die wêreld. U sal seker die baie duidelike uitbeelding van die Seun van die mens onthou waar Hy sy teenwoordigheid bekend maak tussen die kandelaars, 1:13 e.v. Wanneer Christus ook al verskyn, raak Satan besig: beproewinge lê en wag vir die kinders van God. In hierdie gedeelte wat ons bestudeer, het ons nou alreeds dieselfde Christus voorgestel gesien as die Lam wat die boekrol met God se raadsplan neem en die seëls oopmaak. Ons lees in verband met hierdie Lam:

"Kyk, die Leeu wat uit die stam van Juda is... *het oorwin."* Dit is gesê in 5:5. Die res van hoofstuk 5 bevat die beskrywing van die aanbidding van die Lam. Nou begin hoofstuk 6 met die simboliek van die Ruiter wat uitgegaan het *as 'n oorwinnaar en om te oorwin.* Is die gevolgtrekking dan nie geregverdig dat die "oorwinnaar" in albei hoofstukke dieselfde persoon is nie?

In die tweede plek word hierdie beskouing onderskryf deur 'n noukeurige woordstudie.

(a) Hierdie perd is "wit". Die kleur "wit" word altyd geassosieer met wat heilig en hemels is. Dink aan die wit klere, wit wolk, wit troon, wit keursteen, ens. Dit is derhalwe seker dat die Ruiter op die wit perd nie die duiwel of die antichris kan wees nie.[36]

(b) Die Ruiter ontvang 'n kroon. Dit stem pragtig ooreen met 14:14, waar ons lees dat Christus 'n goue kroon dra.

---

[33] In die oorspronklike teks staan daar net "kom". Die "kyk" is 'n later toevoeging – Red. aant.

[34] In die oorspronklike teks staan daar net "kom". Die "kyk" is 'n later toevoeging – Red. aant.

[35] Bede, Bullinger, Deutsterdieck, Grotius, V. Hepp *(Calvinism and the Philosophy of Nature,* p. 171), Irenaeus, A. Kuyper, snr., R. C. H. Lenski, W. Milligan, S. L. Morris, Pareaus, Plummer se *Commentary* in Homiletical Section, Vitringa, C. F. Wishart, B. Weiss, ens. Sien ook dr. K. Schilder, in *De Openbaring van Johannes en het Sociale Leven,* p. 89, en in *Christ on Trial,* p. 381.

[36] Sien *Scofield Bible,* kantopmerking f, oor Openb. 6:2.

(c) Ten slotte, oral waar die woord "oorwin" voorkom in hierdie boek – met twee uitsonderings[37] – verwys dit òf na Christus òf na gelowiges. Die twee gedeeltes wat die naaste is aan die een wat ons nou behandel, is Openb. 3:21b en 5:5. In albei hierdie gevalle word hierdie oorwinning voorspel as deur *Christus.* In sy Evangelie gebruik Johannes die woord net een keer, 16:33, en ook daar verwys dit na Christus. Ons haal die vier gedeeltes onder mekaar aan:

Joh. 16:33: "In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin."

[83] Openb. 3:21b: "... soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het."

Openb. 5:5: "Kyk, die Leeu wat uit die stam van Juda is ... het oorwin."

Openb. 6:2: " ... en hy het uitgegaan as 'n oorwinnaar en om te oorwin." Oordink hierdie verhewe sinsnede. Ons is daarvan oortuig dat, as u nog nooit 'n ander interpretasie gehoor het nie, u onmiddellik sou gesê het: "Dit is Christus, die Oorwinnaar."

Derdens word hierdie interpretasie vereis deur die *parallelle gedeeltes* in die boek Openbaring self. In Openb. 19:11 het ons nog 'n geval van 'n Ruiter op 'n wit perd. In daardie gedeelte word ons uitdruklik meegedeel dat die Ruiter Christus is: die Woord van God, Getrou en Waaragtig. Sy naam is Koning van alle konings en Heer van alle here. Uitstekende verklaarders was van mening dat dit heeltemal onmoontlik is om aan die krag van hierdie argument te ontkom.[38] Om te sê dat die Ruiter op die wit perd in 19:11 e.v. 'n ander een moet wees as die Ruiter op die wit perd in 6:2, omdat die besonderhede in die twee beskrywings verskil, is nie korrek nie. Ons verwag dat die besonderhede effens sal verskil. Dit is nie in stryd met ons beskouing nie, maar bevestig eerder ons standpunt. In Openb. 5:5 lees ons dat Christus "oorwin het". Dit verwys na die volbragte verlossingswerk aan die kruis van Golgota. In 6:2 word die Ruiter op die wit perd bekend gestel as "oorwinnaar en om te oorwin". Daardie verowering word op die oomblik voortgesit. In 19:13 word die Ruiter op die wit perd beskryf as geklee in 'n kleed "wat in bloed gedoop was", d.w.s. die bloed van sy vyande. Dus is hy op pad na oorwinning in die groot Oordeelsdag. So word ons meegedeel dat hy nou 'n kroon dra, 6:2. Mettertyd sal hy "baie krone" op sy hoof hê, 19:12, want hy sal baie oorwin het. Ons kan waarlik nie sien hoe enigiemand met reg kan sê dat die Ruiter op die wit perd in 6:2 een betekenis het en in 19:11 iets anders beteken nie. Waarom laat ons nie die Openbaring sy eie simboliek verduidelik nie?

In die vierde plek is die gedagte dat die Oorwinnaar op die wit perd Christus is, in ooreenstemming met die gees en opset van die boek Openbaring. Ons het aangedui dat die tema van hierdie boek die oorwinning van Christus en sy kerk is.[39] Daarom word onse Here Jesus Christus herhaaldelik voorgestel as die een wat oorwin het, besig is om te oorwin en sal oorwin. Lees die volgende gedeeltes noukeurig deur: Openb. 1:13e.v.v.;2:26, 27; 3:21; 5:5; 6:16; 7:9, 10; 11:15; 12:11; 14:1 e.v.; 14:14 e.v.; 17:14; 19:11; 20:4; 22:16. Die gedagte van [84] die Oorwinnende Christus loop soos 'n draad deur hierdie boek van begin tot end. As iemand huiwer om dit te glo, laat hom die bewysplase wat ons so pas gegee het, lees en bestudeer.

Uit al hierdie bewysplase haal ons net een volledig aan, t.w. 17:14: "Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin – want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings – en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou."[40]

---

[37] Openb. 11:7; 13:7.

[38] W. Milligan, The Book of Revelation, in *The Expositor's Bible,* Vol. VI, p. 855.

[39] Sien hoofstuk 1, pp. 2-3.

[40] Waar die oorspronklike *nikao* het, het ons dit vertaal met 'n vorm van die werkwoord "oorwin".

Wanneer ons daarom sê dat die Ruiter op die wit perd in 6:2 Christus is, spreek ons eenvoudig 'n gedagte uit wat verband hou met die hele boek.

In die vyfde plek stem die beskouing dat die Ruiter op die wit perd in 6:2 Christus is ooreen met wat in Matt. 10:34 staan. Net soos dit, in daardie gedeelte, *Christus* is wat die swaard bring, sodat Christus en die swaard mekaar opvolg, so word hier in Openb. 6:2, 3 die Ruiter op die wit perd gevolg deur die ruiter op die rooi perd wat 'n swaard ontvang, 6:4.[41]

In die sesde plek word hierdie interpretasie sterk gesteun deur sy parallel in Ps. 45:4-6:

"Gord u swaard aan die heup, o held,
u majesteit en u heerlikheid; ja, u heerlikheid!
Ry voorspoedig ter wille van waarheid en ootmoed en geregtigheid;
en laat u regterhand U vreeslike dinge leer!
U pyle is skerp (volke val onder U!)"

Die LXX lees: "En ry in u majesteit, en span die boog, en wees voorspoedig en heers..."

Let op die treffende ooreenkomste:

Openb. 6:2 skilder die Ruiter wat uitgaan as 'n oorwinnaar en om te oorwin; so ook Ps. 45.

Openb. 6:2 sê dat die Ruiter toegerus is met 'n boog; so sê Ps. 45 in die LXX-vertaling.

Maar verwys Ps. 45 na Christus? Hieroor kan daar geen twyfel wees nie. Die Skrif self haal 'n gedeelte van die beskrywing van die Ruiter van Ps. 45 aan en sê aan ons dat dit na "die Seun" verwys, Hebr. 1:8.

Ons sien dus dat die Ou Testament – en onthou dat die Openbaring deurdrenk is met die simboliek van die Ou Testament[42] – die Messias skilder, toegerus met 'n boog, vgl. Openb. 6:2, en 'n swaard, vgl. Openb. 19:15, en dat Hy voorspoedig voortry. Waarom dan nie toegee dat die Ruiter op die wit perd hier in Openb. 6:2 na dieselfde verhewe persoon verwys nie?[43]

[85] In die sewende plek is 'n ander parallelle gedeelte wat aangehaal kan word ter stawing van ons standpunt: Sag. 1:8 e.v. Om in die Ruiter op die eerste perd in Sagaria se visioen Christus te sien, is glad nie vergesog nie.[44] Vgl. ook Hab. 3:8, 9; Jes. 41:2.

Onse Here Jesus Christus is nou aan die oorwin; d.w.s. sy saak gaan voort dwarsdeur hierdie huidige bedeling, want Hy oefen sy geestelike sowel as sy universele koningskap uit. Deur middel van die Woord (evangelie, Matt. 24:14) en die Gees, die getuienis en die trane van sy dissipels, sy eie voorspraak en hulle gebede, die engele van die hemel en leërs op die aarde, die basuine van oordeel en die skale van grimmigheid, ry onse Here triomfantelik voort as oorwinnaar en om te oorwin. Na alle waarskynlikheid is dit die betekenis van die Ruiter op die wit perd. Aangesien hierdie beskouing gebou is op geldige gronde, sal ons 'n beswaar daarteen in 'n aantekening beantwoord.[45]

---

So kan die leser sien, bv. dat dieselfde woord gebruik word in die oorspronklike in Openb. 5:5 as in 6:2.

[41] Vgl. K. Schilder, *Christ on Trial,* p. 381.

[42] Sien hoofstuk 6, pp. 39, 40.

[43] Sien aant. 36 hierbo.

[44] J. Douma, *De Nachtgezichten van Zacharia,* p. 39.

[45] Die beswaar wat dikwels geopper word, is dit: Christus kan nie terselfdertyd die Een wees wat die seëls oopmaak en ook die inhoud van die eerste seël wees nie. Vgl. W. Bousset, *Die Offenbarung Johannis,* in Kritisch-Exegetischer Kommentar über das Neue Testament, begründet von Heinr, A. W. Meyer, p. 265. Maar waarom sou dit onmoontlik wees? Sou ons nie met dieselfde

En nou word die ander perde en ruiters bekend gestel. Laat ons versigtig wees in ons verklaring van die betekenis van hierdie simbole. 'n Baie populêre metode van verklaring van die simboliek van die vier perde van die Apokalips is om Openb. 6 en Matt. 24 in parallelle kolomme te plaas.[46]

Matt. 24 word dan gesien as 'n volledige kommentaar op Openb. 6. Dit is alles baie, baie eenvoudig. Miskien te eenvoudig.

Weliswaar is daar treffende ooreenkomste tussen Matt. 24 en Openb. 6. Maar daar is ook verskille.[47]

Ons moet onthou dat die simboliek van die Openbaring in die Ou Testament gewortel is.[48] As ons die simboliek van die perde en hul ruiters wil verklaar, moet ons gedeeltes soos Eseg. 5:17; 14:21; Sag. 1:8 in aanmerking neem.

Presies wat leer ons nou uit hierdie Ou-Testamentiese gedeeltes wat nuttig kon wees in die verklaring van die betekenis van Openb. 6?

In Esegiël is die een wat Juda leed aandoen, Babilon. Maar Babilon is op sy beurt 'n instrument in die hand van Jahwe wat beproewings stuur om Jerusalem te reinig en sy volk te heilig. Sien veral Eseg. 11:19; 33:11.[49] Eweneens word in Sagaria die tweede, derde en vierde ruiters in verband gebring met die eerste: hulle is in sy diens.

Moontlik geld dieselfde verhouding ten opsigte van die ruiters wat in Openb. 6 beskryf word. Op grond van die Ou-Testamentiese gedeeltes sou dit ons nie verbaas as ook hier die tweede, derde en vierde ruiters ondergeskik is aan die eerste nie: Christus se instrumente vir die suiwering en versterking van sy volk. Inderdaad is dit die bose wêreld wat die kerk vervolg. Sien die verduideliking van die tweede en derde ruiters; [86] bl. 86-91. Maar die wêreld is weer net 'n instrument in die hand van Hom wat die boekrol geneem het. So word Satan met sy eie wapens verydel: wat bedoel was as 'n uitdagingsmiddel, word 'n versterkingsmiddel vir die kerk, 'n instrument tot die uitbreiding van die koninkryk van God en die redding van sy volk.[50]

Vervolgens let ons op Christus se eskatologiese rede soos weergegee in Matt. 24,

---

redenasie tot die slotsom kom dat Christus nie sy regterhand op Johannes kon lê nie, 1:17, omdat Hy in daardie regterhand sewe sterre hou, 1:6; dat 'n Lam – met sewe horings en sewe oë – nie 'n boek uit die hand van God kan neem nie, 5:6, 7, 'n ster nie 'n sleutel kan ontvang nie, 9:1, ens.? Die simboliek van die Apokalips verbaas ons keer op keer: Johannes word aangesê om op te kyk om 'n Leeu te sien, en hy sien . . .'n Lam *wat staan asof hy geslag is*! 5:6. Nog eens verwag hy om 'n Bruid te sien, en hy sien dan 'n Stad, eerder: die heilige stad Jerusalem, 21:9, 10. Tog, wanneer ons begin om hierdie oënskynlike onreëlmatighede te bestudeer, vind ons 'n baie goeie rede vir elkeen van hulle: wat onmoontlik mag wees so ver as wat dit die *simbool* betref, is heeltemal redelik en waar wat die *werklikheid* betref waarna die simbool verwys. Hou Christus nie gedurig die sewe sterre in sy regterhand nie; m.a.w. oefen hy nie voortdurend sy gesag uit en sy beskermende sorg oor die leraars nie? Kan hy dan nie terselfdertyd sy regterhand op Johannes lê nie? Tereg kan 'n letterlike lam nie 'n boek neem nie, maar die Een na wie die lam verwys, nl. Christus, kan beslis en *het dit gedoen* toe Hy aan die regterhand van die Vader gaan sit het. 'n Bruid kan nie terselfdertyd 'n stad wees nie, maar die Kerk van God – na wie bruid en stad albei verwys – kan albei wees en is albei gelyktydig. En om dieselfde rede maak Christus in-derdaad die seëls oop; hy voer die plan van God in die geskiedenis van die wêreld uit. Net so openbaar alles in die geskiedenis Christus terselfdertyd as die Een wat in triomf voortry *as oorwinnaar en om te oorwin.* Hy maak die seëls oop EN is self die inhoud van die eerste seël.

[46] Vgl. R. H. Charles, *op. cit.,* p. 158, en vele populêre verhandelinge en pamflette (brosjures).

[47] Matthéüs noem etlike "tekens" wat nie in Openb. 6 genoem word nie, bv. valse profete, vals Christusse, die gruwel van die verwoesting, onverskilligheid (soos in die dae van Noag); terwyl Openb. 6 – sien ons opsomming – etlike tekens noem wat nie in Matt. 24 voorkom nie. Openb. 6 beskryf wat sal *volg* op Christus se eerste koms; Matt. 24 beskryf wat sy wederkoms *voorafgaan;* die uitgangspunt verskil; trouens die hele opset is verskillend.

[48] Sien hoofstuk 6, pp. 39,40.

[49] A. Noordtzij, *op. cit.,* p. 340.

[50] A. Plummer, *op. cit.,* p. 184.

Mark. 13 en Luk. 21. Alhoewel hierdie hoofstukke nie 'n volledige en eenvoudige verduideliking van Openb. 6 verskaf nie, moet ons daarmee rekening hou. Enigiemand wat hierdie rede van onse Here Jesus Christus lees, merk onmiddellik op dat daar onder die tekens wat die wederkoms aankondig, sommige is wat betrekking het op die *mensdom in geheel* en ander wat meer direk die *gelowiges* aangaan. Sien Matt. 24:6-10; Mark. 13:7-9. Laat ons Luk. 21:10-13 aanhaal:

Tekens wat betrekking het op die mensdom in geheel:

"Toe sê Hy vir hulle: Die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander. En daar sal groot aardbewings op verskillende plekke wees en hongersnode en pessiektes ..."

Tekens wat meer direk die gelowiges aangaan:

"Maar voor al hierdie dinge sal hulle die hande aan julle slaan en julle vervolg en oorlewer in sinagoges en gevangenisse en julle voor konings en goewerneurs bring ter wille van my Naam."

Alhoewel selfs die ellende wat die deel is van die eerste groep en deur die gelowiges saam met die res van die mensdom ondervind word, hier voorspel word vanuit hulle betekenis vir gelowiges, is die onderskeid tussen die twee groepe duidelik.

As die simboliek van Openb. 6 'n soortgelyke onderskeid sou toon sodat bv. die tweede en derde ruiters spesifiek beskryf wat met die gelowiges gebeur omdat hulle getrou bly aan hulle Here, terwyl die vierde ruiter onthul wat die kinders van God saam met die res van die wêreld ondervind, sou dit ons nie verbaas nie. As Openb. 6 enigiets te doen het met Matt. 24, Mark. 13 en Luk. 21, kan ons hierdie onderskeid min of meer verwag.

Nadat ons nou die gedeeltes bestudeer het wat 'n agtergrond vorm vir Openb. 6, laat ons ons aandag toespits op die tweede perd en sy ruiter.

Die tweede "lewende wese" sê aan die tweede ruiter om uit te gaan. "En 'n ander perd, 'n vuurrooie, het uitgekom, en aan hom wat daarop sit, is dit gegee om die vrede van die aarde weg te neem en dat hulle mekaar sou doodmaak; en 'n groot swaard is aan hom gegee *(machaira)."*

Ons glo dat hierdie perd en sy ruiter betrekking het op godsdienstige [87] vervolging van Gods kinders eerder as op oorlog tussen volke; op slagting en offerande eerder as op oorlogvoering. Gelowiges word geslag "ter wille van sy Naam". Dit behoort by die groep tekens wat meer direk die gelowiges aangaan: hulle vervolging deur die wêreld. Ons voer die volgende argumente aan tot steun van hierdie standpunt:

Eerstens pas hierdie verduideliking pragtig by die onmiddellike verband. Die tweede perd volg die eerste; d.w.s. wanneer Christus sy verskyning maak d.m.v. sy evangelie, Gees, ens., daar volg die swaard van vervolging. Hierdie perikoop is ook in treffende ooreenstemming met Openb. 10:9.

Tweedens word hierdie beskouing bevestig deur die parallelle perikoop, Matt. 10:34: "Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard *(machaira).* Want Ek het gekom om tweedrag te verwek tussen 'n man en sy vader, en tussen 'n dogter en haar moeder ... En wie sy kruis nie neem en agter My volg nie, is My nie waardig nie. Wie sy lewe vind, sal dit verloor; en wie sy lewe verloor om my ontwil, sal dit vind." [51]

Derdens moet dit nie ons aandag ontglip dat ons in ons gedeelte, 6:4, lees: "dat hulle mekaar sou doodmaak" nie. Ons het hier nie die gewone term wat Johannes gebruik vir doodmaak of oorlogvoering nie. Op elke ander plek, met slegs een uitsondering, Openb. 13:3, verwys hierdie term in die geskrifte van die apostel Johannes na die dood van Christus of die doding van gelowiges. Hier volg al die gedeeltes waarin Johannes die woord gebruik wat in sy werkwoordvorm eie is aan Johannes:

---

[51] Sien hoofstuk 3, p. 20-21 en aant. 5.

1. Joh. 3:12: "... soos Kain ... sy broer doodgeslaan het nie." Hier is dit 'n kind van God (Abel) wat geslag of doodgeslaan is.

Openb. 5:6: ".. . staan daar 'n Lam asof Hy geslag is." Hier is dit Christus as 'n offer vir die sonde.

Openb. 5:9: "... want U is geslag .. ." Ook dit verwys na Christus.

Openb. 5:12: "Die Lam wat geslag is, is waardig..." Die verwysing is alte duidelik na Christus.

Openb. 6:9: "... die siele van die wat gedood is ter wille van die Woord van God..." Hier verwys die woord na gelowiges.

Openb. 13:8: "... die lewe van die Lam wat geslag is ..." Dit verwys na Christus.

In Openb. 13:3 behoort die "koppe ... dodelik gewond" aan die dier, wat die eer en die krag wat aan Christus behoort vir homself toe-eien.

[88] Openb. 18:24: "En die bloed van profete en heiliges is in haar gevind, en van almal wat op die aarde gedood is." Die verwysing is onmiskenbaar na gelowiges.

Daarom is dit nie onwaarskynlik dat, in die enigste oorblywende gedeelte, t.w. die een wat ons nou bespreek, nl. Openb. 6:4, die primêre verwysing na gelowiges is nie. Die gedagte hier blyk godsdienstige vervolging te wees en nie oorlogvoering in die algemeen nie.

In die vierde plek lees ons dat, wanneer die vyfde seël oopgemaak word, Johannes "die siele van die wat gedood is ter wille van *die woord van God"* sien. Soos ons reeds aangedui het, word presies dieselfde woord "geslag" (gedood) in die oorspronklike gebruik. Maar hier word ons beslis meegedeel dat die wat gedood is, *gelowiges* is. Hulle is gedood (geslag) ter wille van die woord van God. Lyk dit nie redelik om te aanvaar dat hulle wat onder die tweede seël gesien word as geslag, dieselfde is as hulle wat onder die vyfde seël beskryf word as geslagtes nie?

In die vyfde plek lees ons: "... en 'n groot swaard is aan hom gegee *(machaira).'"* Die term *machaira* word in 'n baie breë sin gebruik, soos 'n mens sal vind by die bestudering van die Skrif met behulp van 'n konkordansie. Tog dui dit hier streng gesproke op die offermes,[52] die gewone werktuig vir die slagting wat genoem word. Dit is die woord wat in die LXX gebruik word in Gen. 22:6, 10, in die weergawe van die offerande van Isak, waar ons ook die woorde "offer" en "slag" aantref. Sien verder bl. 91-92.

Laat ons ten slotte altyd in gedagte hou dat die Here Jesus Christus in hierdie boek met gelowiges praat wat, toe hierdie visioen die eerste keer geopenbaar is, tot die dood toe vervolg was. Die slagting onder gelowiges was hulle onmiddellike probleem, meer so as oorlogvoering in die algemeen.

Waar ook al die Ruiter op die wit perd – Christus – verskyn, daar volg die ruiter op die rooi perd. Sien Matt. 5:10, 11; Luk. 21:12; Hand. 4:3; 5:18, ens. Dink aan Stefanus en Paulus, Publius en Polikarpus, Perpetua en Felicitas, die Inkwisisie en die Bartolomeusnag, Armenië en Rusland, Johannes en Betty Stam.[53] Die ruiter op die rooi perd verwys nie na net een bepaalde persoon nie. Hy behoort ook nie tot een spesifieke tydperk nie. Geen eeu is sonder sy ruiter op die rooi perd nie: die wêreld vervolg die kerk voortdurend. Christus bring altyd die swaard. Vrede word van die aarde weggeneem, Matt. 10:34.

---

[52] A. Plummer, *op. cit.,* p. 185.

[53] Vgl. Lee S. Huizenga, *John en Betty Stam, Martyrs.* Sien ook N. I. Saloff-Ostakhoff, *Christianity and Communism; Real Russia from 1905 lo 1932; O* Schabert, *Martelaren van Onzen Tijd;* R. Gurland, *In Bolsjewistische Gevangenschap;* N. N. Glubokowsky en ander, *Christemlom en Bolschewisme,* ens.

En tog, prys die Heer! Die offermes of swaard word aan hierdie ruiter "gegee". Alle dinge is in Gods hand. Die Lam regeer.

[89] Die derde "lewende wese" rig hom tot die derde ruiter en sê: "Kom". So gaan hierdie ruiter uit op sy swart perd. Hierdie ruiter het 'n skaal in sy hand, d.w.s. 'n tweetal skale. Vgl. Eseg. 4:10. Om brood te eet volgens gewig verwys na 'n toestand van ekonomiese drukte. 'n Stem kom van êrens tussen die vier lewende wesens uit en sê: "'n Rantsoen koring vir 'n penning en drie rantsoene gars vir 'n penning ..." M.a.w. 'n hele dag se loon vir 'n hoeveelheid koring wat net genoeg is vir een persoon vir een dag. Vgl. Matt. 20:2. Teen hierdie prys kan 'n man homself onderhou, maar wat van sy gesin? Hy kon weliswaar gars koop, die growwer voedsel, teen een derde van die prys en so vir sy gesin voorsien. Maar is voedsel al wat 'n gesin nodig het? Wat van al die ander benodigdhede? Wanneer sulke pryse heers, word dit moeilik vir 'n mens om kop bo water te hou. Dit is nie hongersnood as sodanig wat hier aangedui word nie, want hierdie pryse, alhoewel hoog, is nog geensins hongersnoodpryse nie.[54] Bowendien kan iemand soveel koring kry as wat hy wil hê, mits hy die geld het om daarvoor te betaal. Maar dit is juis die probleem. Hoe kan iemand wat baie min verdien, sy gesin voorsien wanneer pryse so hoog is? 'n Sekere groep mense gaan baie swaarkry. Ons sal binnekort sien watter mense bedoel word.

Die stem gaan voort: "… en moenie die olie en die wyn beskadig nie." Olie en wyn, wat al die geriewe van die lewe verteenwoordig, was volop. Maar dit is ver buite die bereik van die persoon wat skaars genoeg verdien om sy gesin van growwe voedsel te voorsien. Nou het ons die geheelbeeld: ons sien die rykes hulle voedsel in oorvloed geniet met al die geriewe van die lewe daarby. En die armes het skaars genoeg om liggaam en siel aanmekaar te hou.

Die vraag ontstaan: wanneer die siener na hierdie arme mense verwys wat onder swaar druk verkeer, wie het hy in gedagte? Die antwoord is duidelik. Dit is baie duidelik uit die boek Openbaring dat die *gelowiges* arm was en die geriewe moes ontbeer wat ander geniet het. Die eerste lesers sou onmiddellik hierdie simboliek verstaan het. Uit die Openbaring self kry ons die volgende inligting ten opsigte van die ekonomiese toestande wat op daardie tydstip geheers het in die kerk.

Allereers sien ons dat 'n mens beswaarlik 'n lid kon bly van sy handelsgilde sonder om sy godsdienstige beginsels en oortuigings prys te gee. Sien ons verduideliking van die brief aan Thiatire. En veronderstel dat iemand hom sou onttrek aan so 'n organisasie? Dit verg weinig verbeelding om te besef wat die gevolg sou wees. Vanselfsprekende materiële verliese en liggaamlike lyding.

Dan lees ons ook dat iemand wat nie "die merk van die dier" had nie, nie kon koop of verkoop nie. Sien Openb. 13:17.

[90] Was dit nie die geval deur al die eeue nie? Is dit nie 'n beginsel van menslike gedrag om gelowiges te verdruk en te veroorsaak dat hulle materiële gebrek ly nie? Hoe dikwels is kinders van God nie uit hulle betrekking, sakeonderneming of beroep gestoot omdat hulle volhard het om getrou te bly aan hulle oortuigings nie? Iemand weier bv. om op die Dag van die Here te werk en hy word ontslaan. As gevolg hiervan word hy gedwing om 'n ander werk met laer besoldiging te aanvaar. Hy het 'n gesin om te onderhou. Moenie dan soek na geriewe en luukse in sy huis nie. Iemand anders weier uit gewetensbesware om aan te sluit by 'n arbeidsorganisasie wat 'n beleid van geweld aanhang. Die gevolg is dat ook hy sy werk verloor. Intussen geniet die ryk verdrukker oorvloed. Niemand beskadig sy wyn en olie nie.

Die tweede en derde ruiters hoort bymekaar. Albei beskryf die vervolging van die volk van God. Sommige gelowiges word doodgemaak. Hulle bloed word vergiet. Hulle is die martelaars in die enger sin van die woord. Die tweede (rooi) perd en sy ruiter beskryf hulle. Maar nie alle gelowiges ondergaan werklike martelaarskap nie. Tog is ook

[54] R. C. H. Lenski, *op. cit.,* p. 227.

die ander, in breër sin, martelaars. Hulle ly armoede en ontbering. Vgl. 1 Kor. 1:26. Die swart perd en sy ruiter kan deur al die eeue van die kerk se bestaan gesien word op sy sending om ellende, verdrukking, onreg en ekonomiese druk te versprei.

Maar ook hierdie vorm van vervolging is 'n instrument in die hand van Christus om sy koninkryk uit te brei. Die verdrukte mens voel sy afhanklikheid van God.

So beskryf die tweede en derde ruiters daardie ellendes wat op 'n baie besondere manier *die gelowiges* raak. Hulle simboliseer dat die wêreld die kerk op enige denkbare manier sal vervolg dwarsdeur die hele bedeling. Laat ons onthou dat die twee vorms van vervolging wat hier genoem word, nl. moord en onreg of ekonomiese druk, alle vorms verteenwoordig.

Maar is dit die enigste beproewings waardeur die kerk moet gaan op sy weg na die ewige heerlikheid? Ons weet van beter. Net soos daar in Matt. 24, Mark. 13 en Luk. 21 melding gemaak word van 'n tweede groep verdrukkinge, so ook hier. Daar is ellendes wat die gelowige *saam met die wêreld* ly, net eenvoudig omdat hy in die wêreld is. Die vierde perd en sy ruiter vestig ons aandag op daardie soort beproewing.

Die vierde seël word oopgemaak. Die vierde lewende wese sê: "Kom". Nou word 'n vaal of groenerige perd gesien.[55] Dit is 'n perd met 'n sieklike, grusame kleur, simbolies van siekte en dood. Op hierdie perd[56] sit 'n ruiter wie se naam die Dood is. Dood in die algemeen word bedoel; ja, dood in sy mees universele vorm, want die werktuie van die
[91] dood wat hier vermeld word, raak gelowiges en ongelowiges. Agter die Dood draf die Doderyk, soos gewoonlik.[57] Die Dood maai af en die Doderyk – wat die toestand van ontliggaamde bestaan simboliseer – vergader die dooies. Sien bl. 47–48. Tog kan die Dood en Doderyk nie doen wat hulle wil nie. Hulle kan niks doen buite die goddelike toelating om nie. Dit word beklemtoon tot troos van die gelowiges. Ons lees dat mag aan die Dood en die Doderyk gegéé is. Hulle arbeidsveld is bowendien baie duidelik begrens. Alhoewel die gebied so groot is, 'n vierde deel van die aarde, is die grense daarvan duidelik vasgestel in die goddelike raadsplan wat deur die Lam tot uitvoering gebring word. Dit is 'n vierde deel, niks meer nie.

Aan hulle is mag gegee om dood te maak "met swaard en hongersnood (of honger) en pes (of dood) en deur die wilde diere van die aarde".

Hier is vier ellendes wat nie beskryf is onder die tweede en derde seëls nie. Hierdie perikoop is baie beslis gewortel in Eseg. 14:21. Let op die besonder noue ooreenkoms:

"Want so sê die Here Here: Hoeveel te meer as Ek my vier kwaai gerigte, swaard en hongersnood en wilde diere en pes, op Jerusalem afstuur om daaruit mens en dier uit te roei! Maar kyk, daarin sal oorbly wat ontvlug, . . ." Hier in Openb. 6:8 word die vier ellendes byna in presies dieselfde volgorde genoem.

Eerstens, om met die swaard te dood. Hier lees ons nie "om te slag" soos by die tweede seël nie, maar om *dood te maak.* Die woord wat met "swaard" vertaal word, is ook verskillend. Dit is nie die *machaira* nie, maar die *romphaia.* Dit is nie die offermes of kort swaard nie, maar die lang swaard soos die een waarmee Dawid Goliat se kop afgekap het. In die LXX-vertaling van Eseg. 14:21 kry ons dieselfde woord as wat hier in Openb. 6:8 gebruik word, nl. *romphaia.* Hier is dit *oorlog*! Die kommentators wat van mening is dat die tweede perd en sy ruiter na oorlog verwys, kom voor 'n probleem wanneer hulle die vierde perd moet verklaar. As hulle daarbenewens die derde seël verklaar het as sou dit op hongersnood dui, is hulle geheel en al buite raad met die vierde seël wat ook hongersnood aandui. Hulle soek dan 'n uitweg uit hulle probleem deur òf te sê dat die ellendes of rampe van die tweede en derde seëls herhaal word onder die vierde – 'n baie onwaarskynlike en onverstaanbare herhaling – òf dat baie van

---

[55] Vgl. vir die kleur: 8:7; 9:4.

[56] Die voorsetsel is hier verskillend van die ander gevalle. Vir 'n verduideliking sien S. Greijdanus, *op. cit.,* p. 151.

[57] A. Pieters, *The Lamb, The Woman and The Dragon,* p. 122.

wat onder die vierde seël beskryf word, invoegings is.[58] Dit is natuurlik 'n baie gerieflike manier om 'n probleem af te handel. Pak die skuld op die oorskrywer.

Noukeurige studie bring egter aan die lig dat hierdie vier seëls tipes ellendes aandui wat maklik te onderskei is. Die vierde seël beskryf bowendien vier universele ellendes.[59] Hulle word hier in die lig van [92] hulle betekenis vir die kerk gesien. Oorlog word eerste genoem – nie net een besondere oorlog nie, maar oorlog tussen nasies waar en wanneer dit ook al voorkom dwarsdeur die hele bedeling. Op grond van Openb. 2:16; 19:21 is dit duidelik dat die swaard *(romphaia)* na oorlogvoering verwys.

Daarna word honger of hongersnood genoem. Ook dit is 'n baie algemene ramp wat dikwels in die Bybel genoem word. Wanneer 'n stad ten tye van oorlog beleër word, volg hongersnood dikwels.

Hongersnood word weer dikwels gevolg deur of geassosieer met pes. Pes word hier en in die LXX-vertaling van Eseg. 14:21 "dood" genoem. Net so noem ons dit vandag die Swart Dood. Aangesien dit hier in verband met hongersnood genoem word, is dit waarskynlik dat die eintlike pes, builepes, bedoel word.[60] Enigiemand wat belang stel in 'n interessante beskrywing van wat ons as builepes beskou, moet 1 Sam. 5-7 lees.[61] Vir die baie noue verbintenis tussen hongersnood en pes, sien Jer.21:6-9; Luk.21:11.

Ten slotte word die wilde diere genoem net soos in Esegiël. Sien 2 Kon. 17:25. Hierdie wilde diere onderskei ook nie tussen gelowiges en ongelowiges nie. Hulle verskeur en verslind alles wat hulle kan kry, of dit nou binne of buite die Romeinse arenas is.

So is al vier – oorlog, hongersnood, pes en wilde diere – algemeen van aard. Hierdie vier is bowendien simbolies van alle universele ellendes en rampe wat gelowiges moet verduur saam met die res van die mensdom dwarsdeur die hele bedeling. Tog het hierdie ellendes 'n baie spesifieke betekenis met betrekking tot die kerk. Ons Here Jesus Christus gebruik hierdie rampe as instrumente ter wille van die heiligmaking van sy kerk en die uitbreiding van sy koninkryk.[62]

Samevattend het ons tot die volgende gevolgtrekking gekom wat die betekenis van die vier perderuiters van die Apokalips betref:

Die Ruiter op die wit perd: Onse Here Jesus Christus in die evangelie, ens.

Die Ruiter op die rooi perd: Slagting.

Die Ruiter op die swart perd: Ekonomiese swaarkry, armoede vanweë onreg.

---

[58] R. H. Charles, *op. cit.,* p. 169.

[59] Die spesifieke getal (vier) is betekenisvol: dit is die getal van die heelal: noord, suid, oos, wes.

[60] Vgl. R. C. H. Lenski, *op. cit.,* p. 231.

[61] Die siekte waaraan die Filistyne gely het nadat hulle die ark geneem het, was na alle waarskynlikheid builepes:

(a) In albei gevalle kry ons as een van die simptome "geswelle" of swerende limfkliere. Die "aambeie" is pesswere.

(b) In albei gevalle is die lies een van die plekke waar hierdie geswelle voorkom.

(c) In albei gevalle is die siekte nou verbind met muise of rotte. Klaarblyklik het ons hier 'n rot-vlooi-mens-oordra van die plaag. Sien H. Zinsser, *Rats, Lice and History.*

(d) Albei het eienskappe van vinnige epidemiese verspreiding.

(e) Albei openbaar 'n hoë mortaliteit. Die pes het die mense van Adod *doodgemaak;* dit het die inwoners van Gat *getref.*

[62] Massabekerings en morele en godsdienstige verbrokkeling is die resultaat van rampe soos hier opgenoem. Nie *net* die een of *net* die ander nie. Sien H. Zinsser, *Rats, Lice, and History,* pp. 86, 139.

Die tweede en derde seëls simboliseer die direkte vervolging van die kerk deur die wêreld.

Die Ruiter op die vaal perd: Dood: die swaard (oorlogvoering), hongersnood, pes, wilde diere. Dit is die algemene ellendes van die mensdom, hier beskryf met betrekking tot hulle invloed op die koninkryk van God.

[93] "En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuienis wat hulle gehad het. En hulle het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie?"

Moenie vergeet dat wat Johannes sien, nie die hemel of die heelal self is nie, maar 'n simboliese *visioen.* In hierdie visioen sien die apostel die altaar, wat hier voorkom as die brandofferaltaar waar die bloed van geslagte diere aan die onderkant daarvan uitgegiet moes word, Lev. 4:7. Nou sien Johannes onder hierdie altaar die bloed van die heiliges wat gedood is. Hy het hulle *siele* gesien, want "die siel is in die bloed", Lev. 17:11. Hulle het hulle lewes as 'n offer aangebied terwyl hulle hardnekkig vasgehou het aan die getuienis wat hulle ontvang het aangaande Christus en die verlossing deur Hom. Dit is die siele wat onder die tweede seël gedood (geslag) is. Sien bl. 86-88. Hierdie siele roep nou om wraak oor die wat hulle doodgemaak het.

Die vraag ontstaan nou: hoe kan ons hierdie geroep om oordeel en wraak rym met Christus se gebed vir sy vyande, Luk. 23:34 en met Stefanus se gebed: "Here, reken hulle hierdie sonde nie toe nie! "? Hand. 7:60. Ons antwoord: hierdie martelare roep nie om vergelding ter wille van hulleself nie, maar ter wille van *God.* Hierdie heiliges is gedood omdat hulle hulle geloof en vertroue op God gestel het. Deur hulle dood te maak, het die wêreld Hom gesmaad. Bevestig God nie self dat die bloed van sy heiliges om wraak roep nie? Gen. 4:10; vgl. Hebr. 11:4. Onbeduidende mense, blote aardbewoners, het hulle teen die heilige, waaragtige en soewereine Here van die heelal verhef. Hulle het sy goddelikheid bevraagteken. Tensy volle vergelding toegepas word, sal God se geregtigheid en soewereiniteit nie voortskitter in hul volle en heerlike luister nie. Nee, die heilige in die heerlikheid verlang nie persoonlike wraak nie, net so min soos Stefanus, maar hy smag na die koms van die Dag wanneer die majesteit en heiligheid, die soewereiniteit en geregtigheid van God in Christus openbaar gemaak sal word.

Aan elkeen van hierdie dodes is 'n wit kleed gegee wat geregtigheid, heiligheid en feestelikheid simboliseer. Aan hulle is die versekering gegee dat hulle gebede beantwoord sal word, maar die tyd van die oordeelsdag het nog nie aangebreek nie. Daarom moet die siele van hierdie martelaars hulle hemelse rus "vir 'n klein tydjie" geniet totdat elke uitverkorene ingebring is in die kraal en die getal van die martelare vol sal wees. God weet die presiese getal. Dit is van alle ewigheid af in sy raad vasgestel. Voordat hierdie getal nie op aarde verwesenlik is nie, kan die oordeelsdag nie kom nie.

[94] Die sesde seël stel gevolglik die oordeelsdag voor.[63] Dit beskryf die een groot katastrofe teen die einde van hierdie bedeling. Die vrees en verskrikking, die ontsag en ontsteltenis van daardie dag word voorgestel onder die tweevoudige simboliek van 'n ineenstortende heelal en 'n uiters verskrikte menslike geslag.

Die verskrikking van daardie dag het natuurlik net betrekking op die goddelose. Maar aangesien die gelowiges by die wederkoms min in getal sal wees, Luk. 18:8, kan ons sê dat die wêreld in die algemeen met ontsteltenis aangegryp sal word. In hierdie verband is dit interessant om op te merk dat hierdie finale uitstorting van toorn oor die mensdom beskryf word onder die sesde seël – ses, liewer: seshonderd ses-en-sestig wat die getal is van 'n mens, Openb. 13:18 – dit word hier voorgestel dat dit ses voorwerpe van die skepping raak, en versprei word onder ses groepe mense.[64]

Let op die ses voorwerpe wat opgenoem word in hierdie simboliese beskrywing van

---

[63] Sien hoofstuk 4, p. 27-28.

[64] Vgl. R. C. H. Lenski, *op. cit.,* p. 241.

die verskrikking van die oordeelsdag:

Eerstens is daar 'n groot aardbewing. Vgl. veral Eseg. 38:19; Amos 8:8; Joël 2:10; Matt. 24:29. Stel dit vir uself voor dat die aarde styg en daal in vinnige golwe as 'n aanduiding van God se mag en toorn.

In aansluiting by hierdie aardbewing word die son nou swart soos 'n harige sak en die volmaan word soos bloed. Aardbewings gaan dikwels gepaard met verduistering van die hemel; tog is die bedoeling om veel meer oor te dra met hierdie simboliese beskrywing. Dit is nie slegs 'n verdonkering of selfs 'n sonsverduistering nie; nee, die lig van die son is heeltemal uitgevee: die maan neem die kleur van bloed aan. In die beeld wat Johannes sien, is al hierdie dinge baie realisties. Ons moet egter versigtig wees om gevolgtrekkings te maak. Laat ons die beeld as geheel neem.[65] Ons het geen reg om op grond van hierdie beskrywing afleidings te maak ten opsigte van die presiese veranderings wat teen die einde van hierdie bedeling in die hemelliggame sal plaasvind nie. Wat ons hier sien, is 'n simboliese voorstelling van die verskrikking van die oordeelsdag. Die simbool, in sy geheel geneem, leer ons net één les, t.w. dat die finale en volledige uitstorting van God se toorn op 'n wêreld wat die kerk vervolg het, voorwaar verskriklik sal wees.

Drie dinge is nou reeds genoem, t.w. aardbewing, son en maan. Nou, die vierde: die sterre van die hemel val op die aarde, soos 'n vyeboom sy navye laat afval wanneer hy deur 'n sterk wind geskud word. Johannes het ongetwyfeld dikwels hierdie navye versteek gesien onder die blare totdat hulle verdroog en dan neerreën wanneer 'n sterk wind die bome skud. Daar word gesien hoe die sterre in 'n soortgelyke reën uit hulle wentelbane val. Hulle val op die aarde. Nie komete of meteore nie.

[95] maar *sterre.* U vra: Hoe is dit moontlik? Die aarde is geheel en al te klein vir selfs 'n enkele ster om daarop te val. Ons herinner u weer eens daaraan dat ons hier met 'n beeld te doen het. In beelde is dinge moontlik wat in die werklikheid onmoontlik is. As ons dit sê, ontken ons natuurlik nie dat daar 'n diepgaande ontwrigting van die hemelliggame sal wees nie, 'n vernuwing van die heelal, wat verband sal hou met die einde van die huidige tydsgewrig. Die Skrif leer dit baie duidelik, 2 Pet. 3:10,12, ens. Ons ontken ook nie dat die betrokke perikoop hierna verwys nie, vgl. Matt. 24:39. Maar die hoofgedagte van ons perikoop is dit: dit beklemtoon die verskrikking van die dag van toorn vir die goddelose. Die ontbindende elemente, aardbewing, vallende sterre, ens. vergroot die verskrikking van die beeld.

In hierdie baie duidelike en ontsagwekkende beeld sien Johannes die hemel self opgerol soos 'n stukkie papier. Vgl. Jes. 34:4. Die sesde en laaste voorwerp wat genoem word, is "al die berge en eilande". Hierdie berge en eilande verdwyn geheel en al waar hulle uit hulle plek versit word.

Probeer weer eens om vir uself voor te stel wat Johannes gesien het in die beeld as geheel: die hemel self opgerol soos 'n stukkie papier, opgerol soos 'n boekrol; die son waarvan die lig uitgedoof is sodat dit lyk soos 'n swart sak wat in roubetoon gebruik word; die groot vol maan: 'n groot, skrikwekkende, bloedige bal; die sterre wat uit hulle wentelbane geruk is en neerstort op die aarde in 'n groot reën; die aarde self wat so sidder dat huise ineenstort; en elke berg en eiland wat skielik verdwyn! Watter beeld van vrees en wanhoop, van verwarring en ontsteltenis – vir die goddelose!

Let op die ses groepe mense oor wie hierdie verskrikking kom.

Eerstens op die konings van die aarde: die diktators en die hoogste politieke heersers van hierdie wêreld.

Dan die prinse (grotes en rykes): hulle wat in gesag net onder die konings staan.

Derdens, die owerstes oor duisend: die militêre diktators en generaals.

---

[65] Sien hoofstuk 5, pp. 32, 33.

In die vierde plek, die rykes: die leiers in handel en industrie. Hulle is die kapitaliste, die geldmagnate.

In die vyfde plek, die magtiges: hulle wat groot invloed uitoefen op enige gebied, of dit fisies is of opvoedkundig.

Ten slotte, elke slaaf en vryman: die hele laer klas wat bestaan uit die wat nog as slawe gedien het of die wat reeds uit slawerny vrygemaak is.

So sien Johannes, onder die simboliek van hierdie ses groepe, die hele goddelose wêreld met skielike vrees aangegryp. Hy sien hulle [96] vreesbevange wegvlug. Wegvlug om waaraan te ontkom? Die verkrummelende berge en vallende rotse? Nee, daar is iets baie meer verskrikliks waarvoor hulle veiligheid soek in spelonke en rotse, ja selfs in die dood! As die dood tog maar nou oor hulle wil kom: Johannes hoor stemme, angskrete uitgeroep deur duisende stemme: konings en slawe, prinse en slawe is in dieselfde angs en wanhoop vasgevang wat hulle op hulleself gehaal het. O, die koue sweet, die kloppende harte, die ontsettende weeklag: "Berge en rotse, val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam! want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?" Die deur van genade is vir ewig gesluit as daardie dag eers aangebreek het.

Maar alhoewel die finale en volkome vergelding nie toegepas sal word voor die oordeelsdag nie, word oordele reeds nou gedurende die huidige tydsgewrig op die aarde gestuur omdat die goddelose die kinders van God vervolg. Dwarsdeur die geskiedenis laat die seëls van vervolging altyd die basuine van oordeel te voorskyn tree. Dit is 'n beginsel in die goddelike morele regering van hierdie wêreld. Ons moet die gebeure van die dag lees in die lig van hierdie beginsel.

Hierdie basuine van oordeel word beskryf in hoofstukke 8 en 9. Maar selfs aan die begin van hoofstuk 7 lyk dit asof alles gereed is vir die voltrekking van hierdie oordele. Waarom val dit dan nie op die ongelowiges nie? Alles is in gereedheid: die winde van ellende is gereed om uit te gaan op hulle sending van vernietiging; die vier engele – vier omdat hulle die vernietigingsmagte beheer oor heel die aarde, in elke rigting: noord, suid, oos en wes – is almal gereed vir hulle taak om die aarde en die see te beskadig, Openb. 7:2. En dan, skielik en dramaties, sien Johannes 'n ander engel opkom uit die ooste, van die opgang van die son. Hy het die seël van die lewende God. Hy roep na die vier engele wat die vier winde van oordeel beheer of terughou. Met 'n groot stem sê hy aan hulle:

"Moenie die aarde of die see of die bome beskadig voordat ons die diensknegte van onse God op hulle voorhoofde verseël het nie."

Liewe leser, as die seël van God op u voorhoof is, hoef u nie die basuine van oordeel te vrees nie. Hierdie rampe is strawwe oor die goddelose, vervolgsugtige wêreld. Dit sal u nie skade aandoen nie. Die Here het die ongeregtigheid van al die gelowiges op Christus laat neerkom, Jes. 53:6. Daarom, wees getroos. Wees verseker dat "vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is", Rom. 8:28.

Hierdie verseëling is die kosbaarste ding onder die hemel. Die seël in die Skrif het 'n drievoudige betekenis. In die eerste plek beskerm 'n seël [97] teen bemoeiing. So was die graf van Jesus verseël met 'n wag, Matt. 27:66; Vgl. Openb. 5:1. Tweedens dien 'n seël as teken van eiendomsreg. So lees ons in Hooglied van Salomo 8:6: "Dra my soos 'n seëlring op u hart." Derdens is 'n seël 'n waarmerk van suiwer karakter, kwaliteit, egtheid. So is die dekreet dat al die Jode uitgeroei moet word, verseël met die seëlring van koning Ahasveros, Ester 3:12.

Die Christen is dan ook in hierdie drievoudige sin verseël. Die Vader het hom verseël, want die gelowige geniet die Vader se beskerming dwarsdeur die lewe. Die Seun het hom verseël, want Hy het die gelowige gekoop en verlos met sy eie kosbare bloed. Daarom is ons sy eiendom. Die Gees het hom verseël, Ef. 1:13, want Hy bevestig dat

ons kinders van God is, Rom. 8:16.

In die perikoop wat ons bespreek, val die klem op eiendomsreg en gevolglike beskerming. Let daarop dat die kinders van God "op hulle voorhoofde" verseël word. In hoofstuk 14:1 ontmoet ons weer dieselfde verseëlde menigte, die honderd-vier-en-veertig-duisend. Ons lees daar dat hulle die naam van die Lam en die naam van die Vader op hulle voorhoofde het. Daardie naam is na alle waarskynlikheid die seël.[66] Vgl. ook Openb. 22:4.

Johannes hoor wat die getal van die verseëldes is. Hy *sien* nie hulle presiese getal nie, want hierdie verseëldes is nog op die aarde. God alleen weet hoeveel ware verseëlde mense daar op die aarde is. Die getal is honderd-vier-en-veertig-duisend. Dit is natuurlik simbolies. Eerstens word die getal drie, wat die Drie-eenheid aandui, vermenigvuldig met vier en dui dan op die hele skepping, want die verseëldes sal kom van die ooste en die weste, die noorde en die suide. Drie maal vier gee twaalf. Hierdie getal dui daarom die Drie-eenheid (3) aan wat werksaam is in die heelal (4).[67] As die Vader deur die Seun in die Gees sy verlossingswerk op aarde uitvoer – die goddelike (3) werksaam in die heelal (4) – sien ons in die ou bedeling die twaalf (3 X 4) aartsvaders en in die nuwe die twaalf apostels. Om uit te kom by die begrip van die kerk van die ou en die nuwe bedeling, sal ons hierdie twaalf met twaalf moet vermenigvuldig. Dit gee ons dan honderd-vier-en-veertig.

Geheel en al in lyn met hierdie voorstelling lees ons in Openb. 21 dat die heilige stad Jerusalem twaalf poorte en twaalf fondamente het. Op hierdie twaalf poorte is die name geskryf van die twaalf stamme van die kinders van Israel, 21:12. Op die twaalf fondamente, die name van die twaalf apostels van die Lam, 21:14. Ons lees ook dat die muur honderd-vier-en-veertig el hoog is, 21:17.

Dit is daarom baie duidelik dat die verseëlde menigte van Openb. 7 die ganse Strydende Kerk van die ou en nuwe bedeling simboliseer. Om [98] die feit te beklemtoon dat nie net 'n klein gedeelte van die kerk bedoel word nie, maar die ganse Strydende Kerk, word hierdie getal honderd-vier-en-veertig vermenigvuldig met 'n duisend. Een duisend is 10 X 10 X 10 wat 'n volmaakte kubus aandui, dubbele volmaaktheid.[68] Lees Openb. 21:16. Die honderd-vier-en-veertig-duisend verseëlde persone uit die twaalf stamme van die letterlike Israel simboliseer die geestelike Israel, die kerk van God op aarde.

Om te sê dat die simbool eintlik Israel na die vlees aandui, is foutief. Die apostel het sekerlik geweet dat tien van die twaalf stamme ten minste tot groot hoogte in Assirië verdwyn het, terwyl Juda en Benjamin hulle nasionale bestaan verloor het met die val van Jerusalem in 70 n.C. Bowendien, indien Israel na die vlees bedoel was, waarom sou Efraim en Dan weggelaat word? Al die mense in die stam van Dan was sekerlik nie verlore nie! Voorts moet u let op die volgorde waarin die stamme gerangskik is. Nie Ruben nie, maar Juda word eerste genoem. Onthou dat ons Here Jesus Christus uit die stam van Juda was, Gen. 49:10. Selfs die feit dat presies twaalfduisend uit elke stam verseël is – samehorigheid te midde van verskeidenheid – moet genoegsame aanduiding wees dat ons te doen het met 'n simbool, soos ons reeds aangetoon het. Wat die betekenis van hierdie simbool betref, is ons nie in die duister gelaat nie. In die eerste plek word juis die getal, wat die som is van honderd-vier-en-veertig vermenigvuldig met duisend, volledig verduidelik in Openb. 21, soos ons aangetoon het. Volgens daardie hoofstuk moet dit die kerk van die ou en nuwe bedeling aandui. Bowendien sien ons in hoofstuk 14 weer dieselfde menigte: die honderd-vier-en-veertig-duisend. Hier word uitdruklik gesê dat dit hulle is wat van die aarde gekoop is, 14:3, 4. Hulle verteenwoordig die wat die Lam volg waar Hy ook al gaan; die ganse Strydende Kerk,

[66] Vgl. ons verduideliking van Openb. 2:17.

[67] Vgl. C. F. Wishart, *The Book of Day.* p. 22 ens.

[68] *Ibid,* p. 23.

dus, soos ook in Openb. 22:4 duidelik vermeld word. [69] Hulle is Christus se eiendom wat Hy met sy eie kosbare bloed gekoop het. Daarom beskerm die Vader (deur Christus, in die Gees) hulle. Laat die winde maar waai; hulle sal nie Gods volk leed aandoen nie. Laat die oordele maar kom; hulle sal nie sy uitverkorenes benadeel nie.

Ná hierdie dinge sien Johannes die heerlikste visioen van almal. Dit is die Triomferende Kerk soos hulle in ewigheid sal woon in die onmiddellike teenwoordigheid van God en sy Troon.[70] Dit is 'n groot menigte wat niemand kan te] nie, alhoewel die presiese getal aan die Here bekend is, 2 Tim. 2:19. Hulle is versamel uit alle nasies en stamme en volke en tale. Sien bl. 79, 80. Dit is duidelik dat God se uitverkorenes uit die Joodse volk ingesluit is: heidene en Jode word verteenwoordig. Hulle staan voor die Troon en voor die Lam wat nou op die Troon sit, [99] Openb. 5:7. Om voor die Troon en die Lam te staan, beteken om gemeenskap te hê met, om diens te lewer aan, en te deel in die eer van die Lam. Hierdie ontelbare menigte is in wit klere geklee. Die wit simboliseer geregtigheid en heiligheid, vgl. 7:14. Johannes sien die geseëndes met palmtakke in hulle hande. Hierdie palmtakke dui op verlossing, Joh. 12:13. Gevolglik hoor hy hierdie ontsaglike menigte met 'n groot stem uitroep:

"Ons verlossing is die werk van God wat op die troon sit, en van die Lam! " Letterlik lees ons *die* verlossing, nie verlossing in die algemeen nie, maar daardie spesifieke verlossing (uit sonde en sy gevolge) wat hierdie verlostes nou geniet. Hulle skryf hierdie verlossingswerk toe aan God en aan die Lam en nie aan hulle eie wysheid of goedheid nie. Net so sing ons ook in Ps. 89:7:

> "U tog, U is hul roem, hul sieraad en hul prag,
> wat hul beklee met sterkte en onverwinb're mag.
> Uit vrye guns alleen, uit eewge mededoë,
> hef ons die hoof omhoog, weer sterk deur Gods vermoë.
> Want God is ons 'n skild, die weerkrag van ons lewe;
> en onse Koning is deur Isr'els God gegewe."[71]

Die engele omring hierdie verloste menigte. Sien die diagram op bladsy 73. Hulle bring hulde aan God en met 'n dubbele Amen en 'n sewevoudige loftoesegging,[72] vers 12, betuig hulle hulle instemming met die aanbidding deur die Triomferende Kerk. Vgl. 5:11-14.

---

[69] Dat die hele (nie net die Joodse) Kerk bedoel word, is ook die standpunt van W. Milligan, *op. cit.,* p. 861 e.v.: 'n reeks baie oortuigende argumente.

[70] S. Greijdanus, *op. cit.,* p. 170.

[71] (Psalter-Hymnal of the Chr. Ref. Church, No. 182, vertaal uit die Ndl. Psalms, 89.) Afrikaanse Psalms en Gesange: Ps. 89:7.

[72] Let op dat die bepaalde lidwoord elk van die sewe lofprysinge voorafgaan. Dit dui aan dat in die volste, diepste sin hierdie voortreflikhede aan God behoort, aan Hom alleen! Hierdie sewe het die volgende betekenis:

(a) *he eulogia:* waarskynlik nie net die gebed om 'n seën nie, maar die werklike besit van die geseënde volheid van die goddelike kenmerke waarop ons verlossing gegrond is.

(b) *he doxa:* die heerlikheid wat volg wanneer die glans van God se kenmerke (soewereiniteit, geregtigheid, liefde, genade, ens.) erken word.

(c) *he sophia:* die wysheid van God geopenbaar in die verlossingsplan en in die uitvoering van daardie plan. God gebruik altyd die beste middele om die hoogste doel te bereik. Hierdie wysheid behels daarbenewens die versoening van skynbare onverenigbaarhede. Vgl. Ef. 3: 10 in die lig van die voorafgaande verband.

(d) (e) *he eucharistia* en *he time:* danksegging en verering is die resultaat wanneer hierdie wysheid van God in ons verlossing erken word.

(f) (g) *he dunamis* en *he ischus:* die mag en die krag van God – mag sluit krag in – word net so duidelik geopenbaar in die verlossingswerk as in sy wysheid.

"Toe het een van die ouderlinge gespreek en vir my gesê: Hulle wat bekleed is met die wit klere, wie is hulle en waarvandaan het hulle gekom? En ek sê vir hom: My heer, u weet dit," 7:13,14.

Nou is dit 'n ouderling wat praat. Vgl. 5:5. Dit is iemand wat uit ondervinding weet wat verlossing beteken. Hy stel 'n vraag aan Johannes; nie sodat die apostel hom kan inlig nie, maar om Johannes se aandag te vestig op daardie ontelbare menigte; veral op die verbasende wonder dat al hierdie mense wat voorheen sondaars was, nou regverdig en heilig is, geklee in wit. Deur te sê: "My heer, u weet dit", dui die apostel aan dat hy graag die verklaring van hierdie groot wonder wil verneem.

Die verduideliking wat die ouderling op 'n baie verhewe en pragtige wyse gee, sluit hierdie gedeelte af, hoofstukke 4-7. Ons moet altyd in gedagte hou dat hierdie gedeelte as tema het: die kerk in verdrukking. Ons het die rooi perd van slagting (doding) gesien, die swart perd van armoede en onreg en die vaal perd van die Dood. Ons het die geroep gehoor van die siele van hulle wat gedood is ter wille van die woord [100] van God en hul getuienis. Dit het duidelik geword dat al hierdie beproewings beheer word deur Hom wat op die Troon sit. Voorts is dit nou vir ons duidelik dat die kerk nie in die verdrukking bly nie. Die ontelbare menigte is saamgestel uit mense wat "uit die groot verdrukking kom". Ons lees:

"En hy sê vir my: Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hulle klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam. Daarom is hulle voor die troon van God en dien Hom dag en nag in sy tempel; en Hy wat op die troon sit, sal sy tent oor hulle oopspan. Hulle sal nie meer honger en nie meer dors hê nie, en nooit sal die son of enige hitte op hulle val nie; want die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle laat wei en hulle na lewende waterfonteine lei, en God sal alle trane van hulle oë afvee."

Die ouderling deel Johannes mee dat hierdie mense wat met wit klere beklee is, "uit die groot verdrukking kom". Hierdie een verdrukking is groot omdat dit allesomvattend is: al die vervolgings en beproewings van Gods volk, gesimboliseer deur die seëls, is daarby ingesluit. Dit gee eenheid aan hierdie hele gedeelte, hoofstukke 4-7. Die hoofsaak is: die heiliges *kom uit hulle beproewings uit.* Dit is waar van die dood van enige gelowige.

Hierdie heiliges wat Johannes in die visioen sien, het hulle klere gewas en dit wit gemaak in die bloed van die Lam. Vgl. 1 Joh. 1:7; Hebr. 9:14. M.a.w., hulle het al hulle vertroue gestel in die reddende bloed van Jesus Christus. Hierdie bloed, wat die volkome versoening verteenwoordig wat onse Here bewerk het, het hulle gereinig van die skuld en die smet van sonde. Deur die rooi bloed van Christus is hulle wit gemaak.

Daarom is hulle voor die Troon van God. Alleen hulle wat hulle vertroue gestel het in Christus en sy versoening, verskyn voor die Troon. Hulle aanbid hom; d.i. hulle bring hom toe die spontane, dankbare en diepe toewyding van die hart. Dit is 'n onophoudelike aanbidding. Hierdie verloste heiliges in die heerlikheid ondervind daarby die soetste, volste en intiemste gemeenskap met God deur Christus: hulle aanbid hom in sy heiligdom, d.i. in sy onmiddellike teenwoordigheid. Hy wat op die Troon sit, behandel hulle as sy eie geliefde kinders, want dit is hulle uit genade: hy sprei sy teenwoordigheid oor hulle soos 'n tent. Negatief bestaan hulle verlossing daarin dat hulle verlos is van alle sorge en swaarkry, van alle vorms van beproewing en vervolging: geen honger, dors of hitte meer nie. Positief beteken hulle verlossing dat hulle die mees volmaakte saligheid geniet: die Lam is nou hulle herder. Vgl. Ps. 23; Joh. 10:11, 14. Dink daaraan: 'n Lam wat 'n herder is! [101] Hierdie Lam lei sy kudde na lewende waterfonteine. Water simboliseer die ewige lewe, verlossing, Jes. 55:1; Joh. 7:38, 39. Die fonteine van water dui die oorsprong van die lewe aan, want deur die Lam het die verlostes ewige en ononderbroke gemeenskap met die Vader.

Ten slotte, die soetste van alles: "En God sal alle trane van hulle oë afvee." Die trane word nie slegs afgevee of selfs weggevee nie, dit word uit die oë gevee sodat niks

anders as volkome vreugde, saligheid, heerlikheid, innigste gemeenskap en oorvloedigste lewe oorbly nie! En God self is die bewerker van hierdie volkome verlossing.

## [102] 10. En sal God nie sy uitverkorenes wreek wat dag en nag tot Hom roep nie?

*In hierdie hoofstuk gee ons 'n kort verklaring van Openbaring 8-11.*

Reeds twee maal het ons verwonderde blik die panorama van die geskiedenis van die kerk sien ontvou. Ons het die kandelaars gesien en die Seun van die mens wat tussen hulle rondbeweeg. Ons het sy stem gehoor in tere vermaning, in ernstige waarskuwing en in oorvloedige belofte. In sewe pragtige briewe het dit gelyk asof Hy nader en nader aan ons beweeg, totdat ons Hom letterlik by die deur sien staan en klop. Dan, net toe ons begin hunker na die volle bewuswording van sy belofte om in te kom en saam met ons maaltyd te hou, het die visioen opgehou. Nietemin, die indruk op ons siel is onuitwisbaar. Deur die bitterste trane sien ons ons Verlosser, baie na aan ons, vol tere liefde en ondersteunende krag. Ons sien Hom as die lig van die wêreld. Die lig skyn deur ons: die kerke is die kandelaars, hfst. 1-3.

Weer eens gaan ons terug in die tyd… tot by die oomblik van ons Here se hemelvaart. Met verwondering aanskou ons 'n deur wat in die hemel oopstaan. Deur hierdie poort sien ons 'n Troon waaruit weerligflitse, rammelinge en donderslae voortkom. Die omringende hemelse wesens bely met dankbare lofliedere die majesteit van die Een wie se aangesig verborge bly agter die flitsende luister van die diamant en die vurige rooi van die sardius. Skielik aanskou ons die sentrale gebeurtenis, naamlik die kroning van Jesus, wat die boekrol uit die regterhand neem van Hom wat op die troon sit. Ons hoor een van die ouderlinge sê: "Ween nie; kyk, die Leeu wat uit die stam van Juda is,... het oorwin," Openb. 5:5.

Gevolglik is ons glad nie verbaas om met die opening van die eerste seël hierdie selfde Jesus te sien uitgaan as oorwinnaar en om te oorwin. Maar hierdie Ruiter op die wit perd word gedurig agtervolg deur die ruiter op die rooi perd: oral waar ons Here Jesus Christus sy septer begin swaai, begin Satan sy swaard flits. Die seëls beskryf die [103] vervolging van die kerk deur die wêreld. Nie alleen vervolging nie, maar elke vorm van beproewing en kastyding. In die visioen van die siele onder die altaar het ons die versekering ontvang dat die slagting van die gelowiges nie ongewreek sal bly nie. Hoewel die finale en volkome straf gereserveer word vir die groot dag van Jahwe, tog selfs nou word die seëls van vervolging telkemale gevolg deur die basuine van oordeel. Maar voordat hierdie basuine verskyn, word die Strydende Kerk verseël teen alle kwaad. Eindelik sien ons die Triomferende Kerk wat uit die groot verdrukking gekom het en wat hom vir ewig verbly in die onmiddellike en heerlike teenwoordigheid van die Lam, hfst. 4-7. Nou is alles gereed vir die basuine van oordeel.

Hierdie basuine van oordeel, hoofstukke 8-11, dui 'n reeks gebeurtenisse aan, d.w.s. onheile wat telkemale weer gedurende hierdie bedeling sal plaasvind.[1] Hulle simboliseer nie enkele en afsonderlike gebeurtenisse nie, maar verwys na die ellende en rampe wat enige dag van die jaar op enige deel van die aardbol gesien kan word. Daarom vorm die basuine 'n eenheid met die seëls.

Andersyds is hierdie basuine van oordeel duidelik vergeldend van aard. Verskriklike onheile oorval die bose om hulle te straf vir hulle weerstand teen die saak van Christus en vanweë hulle vervolging van die gelowiges. Desnieteenstaande, selfs deur middel van hierdie oordele, roep God gedurig die goddelose tot berou. Hierdie onheile simboliseer nie God se finale en volkome gramskap nie. Inteendeel, hulle dui sy aanvanklike oordeel aan. Hulle is gelaai met ernstige waarskuwing, nie met finale vernietiging nie. Onthou: basuine *waarsku;* wierookbakke word *uitgegiet.* Dit is om hierdie rede dat die basuine 'n derde deel – nie die hele nie – aarde, see, water, son, maan en sterre aantas. Die wesenlike funksie van die basuin is om te waarsku, Eseg. 33:3.[2]

---

[1] Sien hoofstuk 5, pp. 33-35.

[2] Oor die betekenis van die basuin sien p. 8.

Let ook daarop dat hierdie basuine van oordeel die verskillende dele van die heelal aantas: die land, die see, ens. Nêrens is daar skuiling vir die goddelose nie. Tog is 'n bepaalde orde duidelik. Die eerste vier basuine benadeel die goddelose liggaamlik; die laaste drie bring geestelike wroeging: die hel self is losgelaat!

Hierdie oordele word omskryf in 'n taal wat die leser herinner aan die tien plae in Egipte. Let op die "hael en vuur", Openb. 8:7; die "duisternis", Openb. 8:12; die "sprinkane", Openb. 9:3. Tog is die beskrywing wat ons hier in Openbaring vind, baie meer skrikaanjaend: die hael en vuur is vermeng met bloed; die sprinkane benadeel nie gras of bome nie, maar mense! Hierdie oordele val op die goddelose, vervolgsieke wêreld, wat geestelik Egipte genoem word, waar ook ons Here gekruisig is, 11:8. Hulle benadeel nie gelowiges nie.

[104] "En toe Hy die sewende seël oopgemaak het, kom daar stilte in die hemel, omtrent 'n halfuur lank," Openb. 8:1.

Waarom hierdie stilte? Was dit sodat die gebede van God se vervolgde kinders op aarde in die hemel gehoor kon word?[3] Ons is eerder geneig tot die standpunt dat ons in die Ou-Testamentiese simboliek moet soek vir die verklaring. In die profete word die uittrek van die Almagtige in oordeel telkemale weer voorgestel deur 'n verwysing na stilte. Bv. Hab. 2:20: "Maar die Here is in sy heilige tempel – swyg voor Hom, o ganse aarde! " Vgl. Sef. 1:7; Sag. 2:13. Hier in Openbaring, in dergelike trant, word die stilte ingebring om ons voor te berei vir die verskriklike van die oordele wat verhaal gaan word. Hierdie stilte maak die Openbaring van die toorn van God soveel meer indrukwekkend. So vreesaanjaend en verskriklik is selfs hierdie aanvanklike vergelding wat oor die goddelose gebring gaan word, dat die inwoners van die hemel sprakeloos, verlore vir 'n lang periode – 'n halfuur lank – in asemlose, in stille verbasing staan. Daarbenewens, God bestraf nie "uit die hart uit nie". Dit word ook aangedui deur die stilte in die hemel, Luk. 19:41; Kl. 3:33; Eseg. 33:11. En nou sien Johannes die sewe engele wat voor God staan – 'n baie verhewe orde van engele – aan wie elk 'n basuin gegee word.[4] Nog 'n engel verskyn op die toneel. Hy staan oor die altaar, wat hier die goue altaar van reukwerk is.[5] Hy het 'n goue wierookbak. Baie wierook word aan hom gegee. Let daarop: dit word aan hom *gegee:* die engel bring nie sy eie offerande nie. Voer ons die betekenis van die simbool te ver as ons die afleiding maak dat hierdie wierook wat aan die engel gegee word, ons Heiland se voorspraak vir sy vervolgde kerk op aarde is?[6] Is dit nie die voorspraak, gebaseer op die boetedoening, wat ons gebede heilig en reinig nie? Ons vertaal die volgende sinsnede soos volg: "en baie reukwerk is aan hom gegee, om dit vir die gebede van al die heiliges op die goue altaar voor die troon te lê," Openb. 8:3. Hierdie heiliges in vervolging en beproewing is besig om te bid. Maar hul gebedslewe[7] is onvolmaak. Dit moet bewierook word met die intrede van Christus. Sodra hierdie gebede bewierook is, sien die profeet dat die rook opstyg tot in die teenwoordigheid van God; dit wil sê, die gebede van die heiliges, wat die rook van die wierook begelei, word in die hemel gehoor. Hy wat op die Troon sit, hoor die versugtinge en sien die lyding. Hy hoor die versoeke en die danklied van sy kinders wat midde-in die beproewing staan. Die engel verstaan dit: hy besef dat die gebede verhoor word. Derhalwe neem hy die wierookbak, nou sonder die wierook, en vul dit met die vuur van die altaar en gooi dit op die aarde; dit beteken, God het die gebede van sy heiliges verhoor en die oordele op die aarde is sy antwoord daarop. Bowendien, om aan te dui dat dit [105] waarlik God se standpunt is en nie slegs die engel s'n nie, lees ons: "en daar het stemme gekom van donderslae en weerligte en aardbewing," Openb. 8:5. Daarom, die sewe engele berei hulle voor om die basuine te blaas.

---

[3] Vgl. R. H. Charles, *A Critical and Exegetical Commentary on the Revelation of St. John,* p. 223.

[4] Dwarsdeur die boek Openbaring bly God altyd *die Soewereine* van die heelal. Let op hoe dikwels die woord "gegee" voorkom.

[5] In Openb. 6:9 kom dit voor as die brandofferaltaar.

[6] Vgl. R. C. H. Lenski, *The Interpretation of St. John's Revelation,* p. 269.

[7] Sien A. Trench, *Synonyms of the New Testament,* p. 176.

Die eerste engel blaas op die basuin. Die gevolg? Daar is 'n storm van hael en vuur. Sowel die hael as die vuur word gesien as met bloed gemeng. Dit beklemtoon hulle vernietigende aard. Daarom lees ons dat 'n derde deel van die aarde, 'n derde deel van die bome en al die groen gras – wat die kruie insluit – verbrand het. Na alle waarskynlikheid dui hierdie eerste basuin aan dat, dwarsdeur die periode wat strek van die eerste koms tot die wederkoms, ons Here wat nou in die hemel regeer, die vervolgers van die kerk met allerlei rampe sal tref, wat sal plaasvind op die aarde, dit wil sê, op die land. Dat hierdie rampe, van watter aard hulle ook al is, vanuit die hemel beheer word en in 'n sekere organiese sin deur ons regerende Here gestuur word, word duidelik aangedui deur die term: "en dit is op die aarde gegooi," Openb. 8:5.

Die tweede engel het op die basuin geblaas. Johannes sien iets wat lyk soos 'n groot berg wat brand met vuur en wat in die see gewerp word. Let daarop dat hy nie 'n werklike berg sien nie, maar iets wat soos 'n groot berg *lyk.* Wat hy sien, simboliseer die verskrikking van God se oordele op die see. Nie alleen gebruik ons verhoogde Here rampe op *land* as 'n instrument om die goddelose te waarsku en te straf nie; Hy gebruik ook die *see* as 'n wapen teen hulle. Ons moet ál die rampe wat op die see plaasvind, in hierdie lig sien. Die beeld van 'n berg wat in die see gewerp word, is die mees aangrypende simbool van skrikwekkende seerampe. Veral wanneer die berg helder brandend is! Dit simboliseer groot ellende en beroering. Vgl. Ps. 46:2; Jes. 34:3; 54:10; Eseg. 28:30 [die Engelse weergawe verwys hier na Eseg. 38:20]; Miga 1:4; Nah. 1:5; Job 9:5; ens. Hierdie oordeel is erger as die eerste: een-derde van die see word bloed; een-derde van al die lewende wesens in die see vergaan; een-derde van die skepe word vernietig en saam met hulle, natuurlik, die passasiers en bemanningslede.

Die derde engel het op die basuin geplaas: Eers word die plantegroei (eerste basuin), dan die see (tweede basuin) en nou die landwaters deur ons Here Jesus Christus as instrumente teen die goddelose gebruik. Die gedagte, in die algemeen geneem, is dit: "Vervolgde kinders van God, onthou dat jul Verlosser jul trane sien en nie onbewus is van jul beproewinge nie. Nêrens sal die bose vervolgers ware rus of blywende vreugde vind nie. Nie alleen die land en die see nie, maar selfs die fonteine en die riviere, deur hierdie hele tydperk heen, sal teen die boosdoeners aangewend word." Vandaar dat Johannes 'n groot ster wat soos 'n fakkel brand, uit die hemel sien val. Wat kan groter vrees veroorsaak [106] as juis dit? Watter simbool sou beter kon aantoon wat verskrikking in die hart van die mens veroorsaak? Onthou verder dat hierdie groot ster wat soos 'n fakkel brand, *uit die hemel geval het.* Met ander woorde, hierdie oordele op die landswaters is handelinge van *God.* Dit word gewoonlik vergeet: die koerante vertel ons alles van oorstromings en van epidemies, ens., maar hulle vergeet om te sê dat hierdie oordele waarskuwings van God is. Onthou u die verskriklike Ohio-rivier-oorstroming? Het enigiemand hierdie ramp – sowel as al die ander oorstromings, ens., deur hierdie bedeling heen – gesien as God se basuin wat mense tot berou oproep? Die naam van die ster is Alsem, wat bitter droefheid simboliseer, Kl. 3:19. Dit beteken: bitter droefheid sal die harte van die goddelose vul as gevolg van die plaag wat aangedui word. En verder sterf baie mense van die water omdat dit bitter gemaak is.[8]

Die vierde engel het op die basuin geblaas. Een-derde van die son is getref; só ook een-derde van die maan en een-derde van die sterre: Gevolg: Vir een-derde van die dag en van die nag is daar geen lig nie. Daarom, selfs die sterre in hulle bane veg teen die vyande van God se kerk. Vgl. Rigt. 5:20. Die uitwerking van die son, maan en sterre op lewe kan beswaarlik oorskat word. Al die ellende wat toegeskryf kan word aan die verkeerde funksionering van die hemelse liggame deur hierdie hele bedeling word hier aangedui. Daarom, die ganse skepping, insluitende die son, maan en sterre, word deur

[8] Deur die simbool wat hier gebruik word, t.w. dat die landwaters bitter word, kan die betekenis van hierdie plaag dalk uitgebrei word sodat dit alle rampe aandui wat alle moontlike middele belemmer wat die mens aanwend om in sy behoeftes te voorsien. Water simboliseer dan die dinge wat in die mens se behoeftes voorsien, bv. industrie en handel. Daarom sou die vergiftiging van fonteine en water o.a. die ontwrigting van industrie en handel aandui. Vgl. S. Greijdanus, *Kommentaar op het Nieuwe Testament XIV,* pp. 189, 190.

die Here gebruik as 'n waarskuwing aan hulle wat Hom nie dien nie en wat sy kinders vervolg.

Vier engele het nou hulle basuine geblaas. En nou is daar 'n verposing.[9] Johannes sien en hoor 'n arend. Dit sweef omhoog in die hemele sodat dit deur almal gesien kan word. Die feit dat hierdie voël 'n arend is, voorspel rampspoed, want die arend is 'n roofdier, Matt. 24:28. Toepaslik sê hierdie arend dan met 'n groot stem: "Wee, wee, wee hulle wat op die aarde woon, vanweë die orige geluide van die basuin van die drie engele wat nog sal blaas," Openb. 8:13.

Die stem is hard en duidelik sodat dit oral gehoor kan word. Die bedoeling is duidelik: die drie oorblywende weë sal erger wees as die eerste vier.

Die vyfde engel blaas op die basuin.

Johannes sien 'n ster wat uit die hemel op die aarde val. Vgl. Luk. 10:18: "Ek het die Satan soos 'n weerligstraal uit die hemel sien val." Dit is die duiwel se huidige toestand: nadat hy teen God in opstand gekom het, het hy sy heiligheid verloor, sy plek in die hemel, sy heerlikheid. In die visioen sien die apostel nou dat die prins van die duisternis die sleutel van die put van die afgrond ontvang. Met ander woorde: hy ontvang die mag om die afgrond oop te maak en die duiwels uit te [107] laat. Die put van die afgrond dui die verderf aan, voor die finale oordeel, Luk. 8:31; Openb. 20:1, 3. Ná die oordeel word die verderf "die poel van vuur" genoem, Openb. 20:14, 15. Wanneer ons lees dat Satan die put van die afgrond oopmaak, beteken dit dat hy boosheid opwek: hy vul die aarde met duiwels en hulle bose invloede en handelinge. Daarom sien Johannes dat die put, sodra dit oopgesluit word, groot dampe vuil, blouswart rook voortbring net soos uit 'n groot oond. Dit is die rook van verleiding en misleiding, van sonde en droefheid, van morele duisternis en vernedering wat gedurig uit die verderf ontspring. So dik en donker is die rook dat dit die son verduister en die lug verdonker.[10] Die mag om dit te doen, word aan die duiwel *gegee;* d.w.s. deur die toelating van God word hy nie verhoed om sy bose versinsels in die harte van die mensekinders uit te voer nie; 'n boosheid waarvoor hy – en nie God nie – verantwoordelik is. Laat ons in gedagte hou dat dit ook een van die basuine is: God gebruik selfs die werk van Satan as 'n straf en 'n waarskuwing vir die goddelose. 'n Waarskuwing sodat hulle tot berou sal kom en hulle sal bekeer, Openb. 9:21.

Nou daal daar uit die rook sprinkane op die aarde neer. 'n Verskrikliker plaag as sprinkane is moeilik te bedink. Ons het 'n baie duidelike beskrywing van hierdie plaag in Ex. 10:4-15, en veral in die profesie van Joël, wat ons baie goed behoort te bestudeer. Sien aant.[11] Let op die uitwerking van hierdie plaag op die plantegroei en die mense. Joël 1:7-12.

Dit het my wingerdstok verwoes
en my vyeboom versplinter;
dit het ál sy bas afgeskil en weggegooi;
die lote daarvan het wit geword.
..........................................

---

[9] Let weer op die rangskikking van die sewe in twee groepe: een van vier en een van drie. Sien hoofstuk 2, p. 16. Sien ook hoofstuk 1, aant. 14.

[10] *Moet* ons ook die son versinnebeeld – bv. die son van God se openbaring - en die lug? Ons dink nie dit is nodig nie. Dit is moontlik om son en lug te sien as die letterlike son en die letterlike lug soos dit voorkom *in die visioen. In die visioen* is die rook so dig en swart dat selfs die son en die lug daardeur verduister is. Daarom simboliseer die prent as geheel 'n baie ernstige morele en geestelike verduistering deur die magte van die bose.

[11] Die hele profesie van Joël sentreer rondom hierdie drie temas: Plaag, 1:1-12; Berou, 2:12-17; Belofte, 2:18-3:21. Let op die baie duidelike beskrywing van die sprinkane in 2:2b-11, hulle aantog, 2:2b; verderflike uitwerking op plantegroei, 2:3; vergelyking met perde, 2:4; geraas, 2:5; uitwerking op die volk, 2:6; opmars, 2:7; gewilligheid, 2:8; plunderende aanval, 2:9a; inval in huise, 2: 9b. Hulle vorm Jahwe se leër wat verwarring bring in die natuur, 2:10, 11.

Die wingerdstok het verdor...
Al die bome van die land het verdor;
want beskaamd is die vreugde, weg van die mensekinders af.

Die vernietiging, die absolute verwoesting en verslaentheid wat deur 'n sprinkaanplaag veroorsaak word, kan alleen verstaan word deur iemand wat dit deurgemaak het.[12] Daarom is hierdie sprinkane, ongelooflik verskriklik in hulle vernietigende krag, 'n gepaste simbool om die baie meer verskriklike en vernietigende *helse* sprinkane voor te stel wat die apostel nou gaan uitbeeld. Vanuit die simboliek van 'n sprinkaanplaag beskryf Johannes die invloed en die magte van die hel wat in die harte en lewes van goddelose mense werksaam is. Dit is geen gewone sprinkane hierdie nie: hulle vernietig nie die plantegroei nie; hulle beskadig dit nie [108] eers nie. Hulle beskadig die mense wat nie verseël is nie. Vgl. Openb. 7:1-8. Tog – aan God die eer – die tydperk van hulle vernietigende werk is beslis vasgestel deur God se toelatende dekreet: vyf maande, niks langer nie.[13]

Dan volg 'n baie aanskoulike beskrywing van hierdie duiwelse sprinkane in verse 6-10. Ons behoort die beeld as 'n geheel te neem.[14] Daardie vergelyking met perde wat voorberei word vir die stryd; daardie krone van klatergoud wat oorwinning voorspel; daardie gesigte van lewende wesens wat uit is op vernietiging; daardie hare soos die van besetenes; daardie tande soos die van leeus; daardie borsplate van yster wat oorwinning verseker; daardie gedruis van vlerke soos die van baie strydwaens op die slagveld; en laaste, maar nie die minste nie, daardie besonder pynlike en brandende – maar tog nie dodelike – skerpioen-angels[15] wat vrees in die harte van mense verwek en hulle siele vervul met die ergste denkbare huiwering en volslae wanhoop, sodat hulle die dood soek en dit nie kan vind nie – kan u 'n meer skrikwekkende en aaklige en ware(!) beeld van die optrede van die kragte van die duisternis in die siel van die goddelose in die teenwoordige bedeling vind? Hier is demone wat mense beroof van alle lig, dit wil sê, van alle ware geregtigheid en heiligheid; vreugde en vrede; wysheid en begrip.[16] En hulle koning is die "engel van die afgrond" Openb. 9:11, wie se naam in twee tale, Hebreeus en Grieks, beteken Verwoester. Die hele simboliese prent beklemtoon hierdie een gedagte: terreur en vernietiging, want dit is die Satan se werk!

Hoor die waarskuwende stem van die Here: Die eerste wee het verbygegaan: hierna kom daar nog twee weë.

Die sesde engel het op die basuin geblaas. Nou verander dieselfde magte van die duisternis wat die werk van vernietiging in die harte van mense voortsit, as 't ware in duiwels. Want in tye van oorlog word goddelose mense die beliggaming van die duiwel.[17] Die sesde basuin beskrywe oorlog. Dit gaan nie hier om een besondere oorlog nie, maar ál die oorloë van die verlede, hede en toekoms. Nogtans glo ons dat die simbool verwys na die verskriklike oorloë wat teen die einde van hierdie bedeling gevoer sal word. U onthou natuurlik dat oorlog ook gesimboliseer is deur die vierde seël. Daar word dit beskrywe as hongersnood en pes wat gelowiges – tesame met die res van die wêreld – moet verduur. Hier, in die visioen van die basuine, word oorlog beskryf as 'n straf en 'n waarskuwende stem vir ongelowiges. Dwarsdeur hierdie bedeling hoor God keer op keer die gebede van sy vervolgde kinders, die gebede wat bewierook is met die verdienste van Christus se offer en van sy voorspraak. Van die reukaltaar af sien ons daardie gebede en daardie [109] reukwerk na die hemel opstyg, Openb. 8:3,4. Daarom word die

---

[12] Vgl. die artikel oor sprinkane in *The Geographic Magazine,* Des. 1915.

[13] Soveel verskillende verduidelikings is in verband met hierdie "vyf maande" gegee dat ons dit beter ag om niks meer te sê as wat ons in die teks gesê het nie.

[14] Sien hoofstuk 5, pp. 32, 33.

[15] Vgl. artikel "Scorpion", in *I.S.B.E.*

[16] Vgl. H. Bavinck, *Gereformeerde Dogmatiek II,* p. 257.

[17] Lees die verslae van die oorlogskorrespondente; ook die baie interessante boek deur P. Van Paassen, *Days of our Years.*

antwoord op hierdie gebede hier in Openb. 9:13 voorgestel as komende "uit die vier horings van die goue altaar wat voor God is".

Hierdie stem sê aan die sesde engel: "Maak die vier engele los wat gebind is by die groot rivier, die Eufraat," Openb. 9:14. Hierdie rivier stel Assirië, Babilon voor, d.w.s. die goddelose wêreld. Hierdie vier engele is nie dieselfde as wat in Openb. 7:1 genoem word nie.[18] Hulle is hier *bose* engele. Hulle verbly hulle in die gedagte om die mensdom in oorlog te dompel. Tog kan hulle niks doen sonder dat God dit toelaat nie. En – laat ons dit nooit vergeet nie! – wanneer God hulle uiteindelik laat bevry, gebruik Hy oorlog as 'n stem om die goddelose te waarsku, Openb. 9:20. So word oorlog ook ingesluit in God se besluit, die werklike uur, dag, maand en jaar daarvan deur Hom bepaal.

Johannes sien nou die leërs op die slagveld. Daar is soveel perderuiters dat hy hulle nie kan tel nie. Hy hóór hulle getal: tweehonderd miljoen. 'n Simboliese syfer, natuurlik, wat 'n geweldige aantal aandui. Daarbenewens, perderuiters en "perde" het slegs één doel, naamlik om te vernietig. Ten einde die volkome harmonie tussen perderuiters en "perde" aan te dui, word eersgenoemde beskryf as met borsplate aan waarvan die kleur vuur voorstel, en rook en swawel, terwyl die monde van die perde vuur en swawel voortbring. Dit behoort teen hierdie tyd duidelik te wees dat dit nie gewone perde is hierdie nie. Hulle simboliseer duidelik alle denkbare soorte oorlogsmasjiene en oorlogswapens. Dink aan tenks en kanonne en slagskepe, ens. Al hierdie verskriklike, vernietigende oorlogsmasjinerie, wat verwoesting aan alle kan te saai, vers 19, word ingesluit in die simboliek van hierdie "perde".

Die algemene betekenis van hierdie basuine is duidelik. Deur die hele periode heen wat strek van sy eerste koms tot die wederkoms, sal ons verhoogde Here, Jesus Christus, wat alle dinge regeer volgens die boekrol van God se oordele, telkens die vervolgers van die kerk straf deur rampe op al die sfere "van hulle lewe te laat plaasvind, fisies sowel as geestelik.

Die bloed van die martelare is kosbaar in die oë van die Here. Die gebede van al die heiliges word verhoor. God sien hulle trane, hulle lyding. Nogtans, ten spyte van al hierdie waarskuwende stemme, het die mensdom in die algemeen nie berou nie. Dwase en koppige mense volhard om die eerste, vers 20, en die tweede tafel van die wet te oortree, vers 21. Die vervolgsieke wêreld word die onberouvolle wêreld. Dit is die onberoulikheid wat die uitgieting van die skale van finale toorn veroorsaak, hoofstukke 15, 16, sowel as die kulminasie van hierdie toorn in die finale oordeel. Uitstel is nou nie langer moontlik nie.

[110] Ten einde die derde en finale wee – die finale oordeel – aan te kondig, verskyn daar nog 'n engel. Johannes sien hom waar hy neerdaal uit die hemel. Hierdie engel is 'n reus. Sy voete is soos pilare van vuur: pilare so geweldig groot dat, terwyl die linkervoet stewig op die aarde geplant is, die regtervoet in die oseaan rus, sodat, laat ons sê, hy met een geweldige tree kan oorstap. Sy aangesig is soos die son en 'n wolk is rondom hom. Die son wat in daardie wolk inskyn, het 'n reënboog voortgebring wat sy kop omsirkel. Die simboliek dui duidelik aan dat hierdie engel baie nou verwant is aan Christus. Vgl. 1:7; 4:3; 1:17; 1:15. Slaan beslis hierdie bewysplekke na en let op die treffende ooreenkoms tussen Christus en die engel. Nogtans dui die twee figure nie dieselfde persoon aan nie.[19] Hier is die handeling van God se heiligheid – gesimboliseer deur die gesig van die engel – in oordeel – aangetoon deur die wolk, Sef. 1:15; Ps. 97:2, maar met genade en met verbondstrou teenoor God se volk – aangedui deur die reënboog.

Waarom staan hierdie engel op die see en op die land, en waarom uiter hy 'n groot gebrul soos 'n leeu? Omdat sy boodskap die ganse heelal raak en deur almal gehoor

[18] Die vier engele staan "op die vier hoeke van die aarde". 7:1. Die vier engele van 9: 14 is gebind by die groot rivier, Eufraat. Sien S. Greijdanus, *op. cit.,* p. 205.

[19] Christus word nie "'n engel" genoem in Openbaring nie. Buitendien lees ons nie dat Johannes hierdie engel aanbid soos hy die Christus aanbid nie, 1:17.

moet word. In antwoord op sy gebrul verhef die sewe donderslae hulle stemme in sewe duidelike boodskappe. Vgl. Ps. 29[20] bl. 208 [Hierdie verwysing na bl. 208 kom nie in die Engelse weergawe voor nie]. Johannes is gereed om hulle neer te skrywe, maar hy hoor 'n stem uit die hemel wat sê: "Verseël wat die sewe donderslae gespreek het en skryf dit nie op nie," Openb. 10:4. Die betekenis is duidelik: Nooit sal ons bekwaam wees om te weet of te beskryf wat ál die faktore en magte is wat die toekoms bepaal nie. Ons ken die betekenis van die kandelaars, die seëls, die basuine, die skale, ens., maar daar is ander magte aan die werk; daar is ander beginsels wat in die heelal werksaam is, naamlik die sewe donderslae. Wat hulle is, weet ons nie. Laat ons derhalwe baie versigtig wees om voorspellings te maak aangaande die toekoms: Ons mag dalk 'n baie belangrike faktor buite rekening laat.[21]

Die engel, wie se heerlikheid weer beklemtoon word, hef nou sy regterhand na die hemel op. Vgl. Gen. 14:22; Dan. 12:7, en sweer by die onsterflike en alomteenwoordige God wat die heelal geskape het[22] dat daar geen uitstel meer sal wees nie. Die eindoordeel breek aan. Die geheimenis van God – geheimenis nie omdat dit iets heeltemal onbekends is nie, maar omdat dit onbekend sou gebly het as dit nie deur God geopenbaar is nie – hierdie geheimenis van God se verordening in verband met die geskiedenis van die wêreld is gereed om sy toppunt te bereik in die eindoordeel. Dan sal die volk van God hulle finale, glorieryke erfenis ontvang, hulle volle saligheid soos aan sy diensknegte belowe, naamlik aan die profete.

[111] So kan die eindoordeel nou aanbreek. Ons verwag dat die volgende sin sal lui: "En die sewende engel het geblaas." Ons verwag die oordeelsdag. En tog gebeur dit nie voor hoofstuk 11:15 nie. Net soos die sewende nie onmiddellik ná die sesde seël volg nie, maar voorafgegaan word deur 'n pragtige en vertroostende paragraaf, hoofstuk 7, waarin die veiligheid en die uiteindelike oorwinning van die kerk uiteengesit word, word die beskrywing van die sesde basuin nie onmiddellik gevolg deur die sewende nie. Eers moet die lyding, krag, taak en finale oorwinning van die kerk uiteengesit word sodat die gelowiges vertroosting mag ontvang wanneer die oordele die goddelose tref. En verder, die onvermydelike aard van die eindoordeel sal selfs duideliker word wanneer daarop gewys word dat die goddelose wêreld dit nie alleen nalaat om aan God se waarskuwings gehoor te gee nie, soos dit in die ses plae geopenbaar is, maar bowendien elke duidelike en besliste bewys van die "twee getuies" verwerp, hoofstuk 11.

Maar is dit nie tog maar 'n vertraging nie? Die engel het baie plegtig gesweer dat daar geen vertraging sal wees nie. Ons antwoord: die vertraging is slegs skynbaar. Wat ons in 10:8 – 11:13 het, val nie chronologies tussen die sesde en die sewende basuin nie. Dit is eenvoudig 'n beskrywing van die huidige bedeling, maar vanuit 'n ander hoek gesien, nl. vanuit die hoek van lyding, krag, taak en eindoorwinning van die kerk, soos alreeds aangedui.

Toe Johannes die engel sien, het hy opgemerk dat hierdie heerlike wese 'n klein boekrol in sy hand oop het, vers 2. Die apostel ontvang nou die opdrag om hierdie rol te neem. Hy vra die engel om dit aan hom te gee. Die engel, terwyl hy aan sy versoek voldoen, sê vir Johannes:

"Neem dit en eet dit op, en dit sal jou maag bitter maak, maar in jou mond sal dit soet wees soos heuning," Openb. 10:9. Vgl. Eseg. 2:9; 3:1; Psalm 119:103 verduidelik wat bedoel word: Die boekrol is die Woord van God, sy evangelie waarin die geheimenis van verlossing uiteengesit word. Daardie evangelie is in sigself heerlik en soet. Maar die verkondiging daarvan word altyd gevolg deur verdrukking. Net soos die eerste ruiter, 6:2, nl. die Christus, altyd gevolg word deur die tweede, nl. slagting. So neem Johannes dan, in die visioen, die klein boekrol uit die hand van die engel en eet dit. In sy mond is

---

[20] Let daarop dat die uitdrukking "die stem van die Here" sewe keer voorkom in hierdie psalm waarin God se grootheid in die storm voorgestel word.

[21] Sien K. Schilder, *De Openbaring van Johannes en het Sociale Leven,* p. 72 ens.

[22] Sien hoofstuk 9, aant. 22.

dit, inderdaad, soet soos heuning; maar nadat hy dit geëet het, is dit bitter in sy maag. Die betekenis is baie duidelik: die apostel moet nie net die boodskap van die evangelie verstaan en deel maak van hom nie; hy moet die soetheid en die lyding daarvan *ervaar* – die kruisdra, wat altyd die deel is van hulle wat dit in waarheid verkondig. Was Johannes nie 'n banneling op die eiland Patmos nie? Was hy nie besig om te skryf aan Christene in [112] beproewing vir die woord van God en vir die getuienis van Jesus nie? Vgl. 1:9. Maar hierdie selfde lyding om Christus ontwil stel die gelowiges in staat om te volhard in die verkondiging van die Woord. Derhalwe verseker hemelse boodskappers die apostel dat hy weer moet profeteer aangaande baie nasies en volke en tale en konings. Vgl. Openb. 17. In hierdie hoofstuk profeteer Johannes eintlik aangaande nasies en konings.

In baie noue aansluiting met 10:8-11, gee hoofstuk 11 ons nou 'n beskrywing van die "bittere" ondervindinge wat die ware kerk moet verduur wanneer dit die "soet" evangelie van verlossing verkondig. In 'n gesig[23] gee iemand aan Johannes 'n dik en swaar stok, soos 'n maatstok. Hy word aangesê om die tempel van God en die altaar en die wat daarin aanbid, te meet. Hy moet nie die voorhof wat buitekant die tempel is, meet nie. Hy moet daardie voorhof "verwerp". Ons lees: "Maar die voorhof buitekant die tempel moet jy uitlaat en dit nie meet nie, want dit is aan die heidene gegee; en hulle sal die heilige stad twee-en-veertig maande lank vertrap."

Waarom hierdie meting? Wat beteken dit? Op grond van die onmiddellike konteks, 'n dergelike verwysing in 21:15 en die Ou-Testamentiese agtergrond, Eseg. 40:5; 42:20; veral 22:26 [dié verwysing kom nie in die Engelse weergawe voor nie]; Sag. 2:1, kom ons tot die gevolgtrekking dat die meet van die tempel beteken dat dit afgesonder word van dit wat onheilig is; sodat dit, in hierdie afsondering, volkome veilig mag wees, beskerm teen alle kwaad. Die heiligdom word "aanvaar" terwyl die voorhof "verwerp" word.

Dit is van die grootste belang dat ons in gedagte hou dat hier, soos elders, die apostel 'n visioen ontvang. Derhalwe is die veronderstelling dat die Herodiaanse tempel nog in Jerusalem moet bestaan het, en dat die Openbaring geskryf is voor die vernietiging van die Joodse nasie deur die Romeine, heeltemal ongegrond. In 'n visioen kan 'n mens dinge sien wat nie meer letterlik so is nie.

Dan weer, te oordeel na die verband, lyk dit moontlik dat wat die apostel in die visioen sien, in der waarheid die Herodiaanse tempel in Jerusalem is. In elk geval, hy sien die tempel van die Jode soos dit op aarde bestaan het. Hy word aangesê om die heiligdom te meet, dit is, daardie deel van die tempel wat bestaan uit die Heilige en die Allerheiligste. Die buitehof, naamlik die hof van die heidene, moet verwerp word. Dit moet nie gemeet word nie. Daar was natuurlik verskeie bykomende howe, maar hulle word nie genoem nie; miskien omdat hulle geen simboliese betekenis het nie. Daarbenewens, buitekant die hof van die heidene lê Jerusalem, wat nog "die heilige stad" genoem word, net soos in Matt. 27:53. Die apostel dink nie aan die Hemelse Jerusalem nie, maar baie beslis aan die aardse stad wat Christus verwerp het. Dit [113]word hier en in Matt. 27:53 die "heilige stad" genoem, om die eenvoudige rede dat dit die heilige stad wás. Selfs vandag word die aardse Jerusalem aangedui as die "heilige stad". Die feit is dat in die gesig Johannes die aardse Jerusalem sien – derhalwe ook die aardse tempel – en dit volg duidelik uit die volgende: "en hulle sal die heilige stad twee-en-veertig maande lank vertrap". Dit is die Jerusalem wat deur die heidene "vertrap" sal word. Lukas 21:24, 'n baie gepaste parallel, dui duidelik aan dat die aardse Jerusalem bedoel word.

Dit is die prent, die simbool, die visioen! Laat ons dit duidelik sien: die apostel aanskou die áárdse Jerusalem met sy áárdse tempel. Hy meet die heiligdom, maar verwerp die buitehof. Die "heilige stad" Jerusalem en selfs die buitehof van die tempel

[23] Let op die baie fyn beklemtoning van die feit dat dit alles visioen en simboliek is, in R. C. H. Lenski, *op cit.,* p. 325.

word twee-en-veertig maande lank deur die heidene vertrap.

Nou ontstaan die vraag: Wat beteken hierdie beeld? Dit is die vraag in verband met elke beeld of simbool. Wat is die uiteindelike, geestelike betekenis? Die beeld is een ding. Die uiteindelike simboliese sin is 'n ander saak. Hoewel hierdie twee dinge baie noue verband het, behoort hulle nooit verwar te word nie. 'n Hoë geestelike betekenis word dikwels uitgedruk in aardse simboliek. Laat ons illustreer wat ons bedoel. Volgens Openb. 1:12 sien Johannes sewe goue kandelaars. In die gesig is hulle goue kandelaars in die letterlike sin van die woord. Maar hierdie kandelaars, op hulle beurt, het 'n betekenis. Hulle is van simboliese belang. Hulle "verteenwoordig" iets anders. Hulle dui aan of simboliseer "die sewe kerke" in 1:20. So ook hier. In die visioen sien die apostel inderdaad die aardse Jerusalem, die aardse tempel, die aardse heiligdom, die aardse buitehof, ens. Die volgende vraag is dan: Wat simboliseer al hierdie dinge dan?

Ons antwoord: hierdie "heiligdom van God" simboliseer die ware kerk, dit wil sê, almal in wie se harte Christus in die Gees woon. Alle ware kinders van God wat Hom in Gees en in waarheid aanbid, word gemeet of beskerm. Hulle word beveilig, terwyl die oordele voltrek word op die goddelose, vervolgsieke wêreld. Ongetwyfeld gaan hierdie heiliges verskriklik ly, maar hulle sal nie vergaan nie; hulle word beskerm teen ewige verdoemenis. Maar hierdie goddelike beskerming word nie uitgebrei tot die "buitehof" nie, d.w.s. tot hulle wat uiterlik tot die kerk behoort en tog nie ware gelowiges is nie. Net soos in die gesig die heidene op die heilige Jerusalem trap, selfs op die buitehof van die tempel, so vertrap die wêreld die buitehof van die slegs nominale Christendom. Die wêreld beset hierdie valse kerk en neem besit daarvan. Wêreldse lidmate verwelkom die idees van die wêreld; geniet die geselskap van wêreldlinge; wanneer hulle stem vir politieke posisies, [114] word hulle gedring deur wêreldse oorwegings; hulle het die wêreld lief. Hierdie toestand duur twee-en-veertig maande, d.w.s. deur die eeu van die evangelie. Later meer omtrent hierdie twee-en-veertig maande.

Ons interpretasie word gesteun deur die volgende argumente:

Eerstens, let op dat die term "tempel van God" 'n baie algemene naam vir die ware kerk is. Vgl. 1 Kor. 3:16, 17; 2 Kor. 6:16, 17; Efes. 2:21. God woon in sy tempel deur sy Gees. Daarom is die kerk sy tempel; meer nog, sy heiligdom.

Tweedens: die begrip "tempel van God" beteken volgens hierdie Skrifgedeelte die altaar (van reukwerk) en hulle wat daaromheen aanbid. Terwyl wierook geoffer word op die reukaltaar, buig die aanbidders in eerbied hulle hoofde in gebed. Daarom is dit duidelik dat die term "tempel van God" die *mense* simboliseer: hulle wat aan God die reukwerk van gebed offer, alle ware Christene.

Derdens lees ons: "Maar die voorhof buitekant die tempel moet jy uitlaat." Die verwysing is duidelik na die mense, nl. ongelowige lidmate wat uitgewerp moet word, geban moet word. Vgl. Joh. 9:34. Daarom moet die term "tempel van God" verwys na die *gelowiges,* hulle wat nie uitgewerp word nie, maar beskerm word.

Vierdens: Net soos in Openb. 7 alle ware gelowiges op aarde, vgl. 22:4, getel word en die seëls van God op hulle voorhoofde ontvang, so, hier in Openb. 11, word almal wat rondom die altaar aanbid, d.w.s. alle ware aanbidders, vgl. 8:3, gemeet. Getalle sowel as mate verwys na hulle beskerming. Verder, net soos in Openb. 7 die kerk beskrywe word met, as simboliek, Israel se aardse stamme, so word die ware kerk op aarde hier gesimboliseer deur Israel se aardse tempel. Die fisiese heiligdom simboliseer die geestelike heiligdom, nl. die volk van God.

Vyfdens: Hierdie interpretasie is in ooreenstemming met die simboliek van die Ou Testament. Esegiël se tempel simboliseer die kerk. Vgl. Eseg. 43:4; 47:1.[24]

Uiteindelik is die beste verklaarder van Openbaring 11 die hoofstuk self: Volgens vers

[24] Ons dink nie Esegiël het gekom tot die N.T. voorstelling van die kerk as die liggaam van Christus nie. Sien A. Noordtzij, "Ezechiel," in *Korte Verklaring der Heilige Schrift,* p. 403.

8 is die aardse Jerusalem duidelik die simbool van watter kragte ook al die ware kerk teenstaan. Dit is die sentrum en simbool van die antichristelike magte, dit is, van immoraliteit (Sodom) en die vervolging van die kinders van God (Egipte). Hieruit volg dit blykbaar dat die term "tempel van God" ook simbolies geneem moet word as 'n aanduiding van God se ware kinders, sy getroues.

Noudat hierdie punt duidelik gestel is, is dit nie moeilik om die res van die hoofstuk te verstaan nie. Die ware kerk word nou verteenwoordig deur die simbool van twee getuies. Hierdie twee getuies simboliseer die strydende kerk wat sy getuienis lewer deur sy dienaars en [115] sendelinge dwarsdeur die teenwoordige bedeling. Die feit dat daar twee getuies is, beklemtoon die sendingroeping van die kerk. Vgl. Luk. 10:1: die Here stuur sy sendelinge twee-twee uit; wat die een kortkom, voorsien die ander. Nou sal die kerk as organisasie, deur middel van sy leraars en sendelinge se optrede, hierdie werk voortsit vir twaalf-honderd-en-sestig dae. Dit is die periode wat strek vanaf Christus se hemelvaart feitlik tot die oordeelsdag. Vgl. Openb. 12:5, 6, 14. Dit is natuurlik die presiese ekwivalent van twee-en-veertig maande – want twee-en-veertig maal dertig is twaalfhonderd-en-sestig – en van "'n tyd, en tye, en 'n halwe tyd" – drie en 'n halwe jaar – Openb. 12:14. Dit is die tyd van beproewing: die teenwoordige evangeliese eeu. Die vraag mag ontstaan: waarom word daardie periode nou in terme van maande uitgedruk, vers 2, en dan in terme van dae, vers 3? Hier is ons antwoord 'n blote gissing: in vers 2 het ons die beeld van 'n stad wat beset en eindelik oorrompel en vertrap is. Nou word die duur van die beleg van 'n stad dikwels in terme van maande uitgedruk. In vers 3 word die twee getuies egter beskrywe as synde besig om te profeteer: dit is 'n aktiwiteit van dag tot dag. Elke dag lewer hulle getuienis. Hulle predik bekering; vandaar dat hulle in sak en as geklee is.

Sodat ons 'n baie duidelike beeld van die kerk as kragtige sending-organisasie deur die teenwoordige evangeliese eeu mag ontvang, word dit hier onder 'n viervoudige simboliek beskrywe: Eerstens, net soos "die twee olyfbome en die twee kandelaars" – Josua en Serubbabel? Vgl. Sag. 4:1 – die ampte voorstel waardeur God Israel geseën het, só seën Hy, deur die evangeliese eeu sy kerk deur die ampte, d.w.s. deur die prediking van die Woord en die bediening van die sakramente.

Tweedens, net soos die sendelinge twee-twee uitgestuur is, Luk. 10:1, só vervul die kerk sy sending in die wêreld gedurende hierdie evangeliese bedeling.

Derdens, net soos die vuur van regspraak en veroordeling voortgevloei het uit Jeremia se mond en sy vyande vernietig het, Jer. 5:14, net so, wanneer die kerk vandag deur sy ampte die bose veroordeel op die grond van God se Woord, sal hierdie oordeel uitloop op hulle vernietiging, Matt. 18:18.

Vierdens, net soos Elia krag ontvang het om die hemele te sluit sodat dit nie gereën het nie, 1 Kon. 17:1, en net soos Moses die gesag ontvang het om water in bloed te verander, Ex. 7:20, net so het die kragtige sendingkerk van hierdie teenswoordige evangeliese bedeling, die gesag om te oordeel en te veroordeel as die boodskap deur die wêreld verwerp word.

[116] Hierdie gesag is nie denkbeeldig nie, maar baie werklik. Nie alleen laat reën die Here gedurig ellendes op die goddelose wêreld in antwoord op die gebede van die vervolgde heiliges nie, Openb. 8:3-5, maar Hy verseker ook sy kerk dat, wanneer hulle betrokke is by die amptelike bediening van die Woord en getrou is aan die Woord, die kerk se oordele sy oordele is, Matt. 16:19; Joh. 20:21-23.

Inderdaad, in 'n baie wesenlike sin tref die kerk nog die aarde met elke plaag! Wees baie, baie versigtig, o goddelose wêreld. As enigiemand volledig vasbeslote is om die kerk skade te berokken, kom daar vuur te voorskyn vanuit die mond van God se getuies. Maar selfs as enigiemand probeer[25] om die ware leraars en sendelinge van die kerk te benadeel, sal hulle op dergelike wyse vernietig word, vers 5.

[25] Let op die verskil in die twee werkwoordvorme in die oorspronklike.

Maar hierdie evangeliese bedeling sal ten einde loop, Matt. 24:24. Die kerk, as 'n magtige sending-organisasie, sal sy getuienis voltooi. Die dier wat uit die afgrond opkom, d.w.s. die antichristelike wêreld, aangevuur deur die verderf, sal stryd voer teen die kerk en dit vernietig. Dit is die slag van Armageddon. Sien 128-9; 146-7; 164-5; 176-7. Die dier sal nie al die gelowiges doodmaak nie. Daar sal gelowiges op aarde wees met die wederkoms van Christus, alhoewel hulle min in getal sal wees, Luk. 18:8. Maar die kerk self, as 'n magtige organisasie vir die verspreiding van die evangelie en die gereelde bediening van die Woord, sal vernietig word. As illustrasie dink aan Rusland in die teenswoordige tyd: inderdaad, daar is ware gelowiges in Rusland, maar waar is die amptelike, kragtige, ongehinderde en openbare verkondiging en verspreiding van die evangelie? En versprei hierdie toestand nie na ander lande nie? Dus, net voor die wederkoms sal die liggaam van die kerk, wie se openbare amptelike getuienis deur die wêreld stilgemaak en gesmoor is, op die hoofweg van die groot stad lê. Dit is die hoofweg van die immorele en antichristelike Jerusalem. Jerusalem het die Here gekruisig. Deur sy immoraliteit en sy vervolging van die heiliges het dit geestelik 'n Sodom en Egipte geword, vgl. Jes. 1:10; 3:9; Jer. 23:14; Eseg. 16:46. Dit het die simbool geword van Babilon, van die immorele en antichristelike wêreld. Derhalwe, wanneer ons lees dat die liggaam van die kerk op die breë strate van die groot stad lê,[26] beteken dit eenvoudig dat die kerk midde-in die wêreld dood is: dit bestaan nie meer as 'n invloedryke en kragtige sendinginstitusie nie. Sy leiers is vermoor; sy stem is stilgemaak. Hierdie toestand duur drie-en-'n-half dae; dus, 'n baie kort tyd, Matt. 24:22; Openb. 20:7-9. Die wêreld laat nie eers toe dat die dooie liggame van die getuies begrawe word nie. Op die hoofweg lê hierdie liggame blootgestel. Die wêreld vier dit. Mense stuur aan mekaar geskenke en verlustig hulle in die getuies. Vgl. Ester 9:22.

[117] Hulle woorde sal hulle nie meer pynig nie. Dwase wêreld! Jou vreugde is vroeggebore. Wat gebeur?

Die lyk begin skielik roer; die asem van die lewe van God het weer daarin gekom; die getuies staan op hulle voete. In samehang met Christus se wederkoms, word die kerk herstel tot lewe, tot eer, tot krag, tot invloed! Vir die wêreld het die uur van geleentheid vir ewig en vir altyd verbygegaan. Op die dag van oordeel, wanneer die wêreld die kerk herstel sal sien tot eer en heerlikheid, is die wêreld verstar van vrees. Die kerk – nog onder die simbool van die twee getuies – hoor nou 'n stem: "Kom op hierheen! " Daarop vaar die kerk in 'n wolk van heerlikheid op na die hemel. "En hulle vyande het hulle aanskou." Geen geheime wegraping nie!

Ons vestig nou weer ons aandag op die goddelose wêreld. Die opsomming van die geskiedenis van die kerk het ons geneem tot op die oordeelsdag en verder, maar nou keer ons terug na die gebeurtenisse wat plaasvind onmiddellik voor die laaste dag. Aangesien al hierdie gebeurtenisse verband hou met die wederkoms, is dit duidelik dat die uitdrukking: "in daardie uur", ons nie verbied om dit te doen nie. In die gesig sien die apostel dat die aarde deur 'n aardbewing geskud word. Ons het hier dieselfde beeld as in 6:12. Daar gaan die aardbewing ook die finale oordeel vooraf. Die tiende deel van die stad het alreeds geval; met ander woorde, die werk van vernietiging begin. So verskriklik is die aardbewing dat dit seweduisend mense dood. Dit is waarskynlik slegs 'n simboliese voorstelling van die ontstellende gebeurtenisse op die vooraand van die eindoordeel. Die getal seweduisend moet nie te letterlik beskou word nie: die volledige getal van hulle wat bestem is tot vernietiging deur die aardbewing, word aangedui. Nie al die goddeloses word op hierdie wyse uitgedelg nie. Hulle wat in die lewe agterbly, is verskrik en het "aan die God van die hemel heerlikheid toegebring". Dit beteken natuurlik nie dat hulle bekeer is nie. Verre daarvandaan! Hulle is eenvoudig net verskrik. Koning Nebukadnesar het op sy dag keer op keer die God van die hemel verheerlik, Dan. 2:47; 3:28; 4:1; 4:34; 4:37. Maar dit veronderstel nie dat hy 'n bekeerde man was nie.

[26] Die term "groot stad" verwys altyd na Babilon, nooit na die Nuwe en Heilige Jerusalem nie. Sien D. C. Bouma, "Jeruzalem, de Groote Stad", in *Geref. Theol. Tijdschrift,* Jaargang 36, 1934-1935, p. 93 e.v.

Nou is alles gereed vir die eindoordeel; want, ten spyte van al hierdie basuine van waarskuwing, het die wêreld onberouvol gebly en daarby die getuienis van die twee getuies verwerp – die kerk as organisasie – en hulle doodgemaak, vers 7. Derhalwe móét die finale afrekening nou kom. So lees ons:

"Die tweede wee het verbygegaan; kyk, die derde kom gou," Openb. 11:14.

Die sewende engel blaas op die basuin. Weer word die eindoordeel [118] nie beskrywe nie, maar voorgestel.[27] Bowendien word die belangrikheid van die oordeelsdag met betrekking tot God, sy Christus, gelowiges en ongelowiges aangetoon. Let op die dubbele koor:

Eers sing die engele: In die gees hoor die apostel hulle heerlike, sielvolle, jubelende lofsang van dank en aanbidding: "Die koninkryke van die wêreld[28] het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid," Openb. 11:15.

Inderdaad, God regeer altyd. Nietemin, daardie krag en gesag wat Hy uitoefen met betrekking tot die heelal, is nie altyd merkbaar nie. By tye wil dit voorkom asof Satan die algehele regeerder is. Maar, wanneer die oordeel aangebreek het, sal die volle koninklike heerlikheid van God se alleenheerskappy geopenbaar word, want alle opposisie sal dan uitgewis wees. Dan sal dit aan almal duidelik wees dat die heerskappy oor die wêreld die heerskappy van onse Here en sy Christus geword het. *En Hy sal as koning heers tot in alle ewigheid.* As jy graag wil weet wat hierdie woorde beteken, gaan luister na Händel se *Die Messias* Halleluja-koor – die volgende keer wanneer jy die geleentheid daartoe het. Terwyl ek skrywe, weerklink die woorde van daardie grootse koorwerk in my hart. En dit is slegs 'n voorsmaak van die hemel! Wanneer die oordeelsdag aanbreek, sal die volle betekenis van Ps. 2:7 e.v. en Daniël 7:14 – vgl. Luk. 1:33 – geopenbaar word.

Die hele verloste skare, verteenwoordig deur die vier-en-twintig ouderlinge, reageer op die lied van die engele deur op die nederigste wyse hulde te bring aan God – die ouderlinge val op hulle aangesigte – en deur te sê:

"Ons dank U, Here God, Almagtige, wat is en wat was en wat kom, dat U u groot mag aangeneem en as koning geheers het. En die nasies was vertoornd, en u toorn het gekom en die tyd van die dode om geoordeel te word en om die loon te gee aan u diensknegte, die profete, en aan die heiliges en aan die wat u Naam vrees, klein en groot, en om die verderwers van die aarde te verderf," Openb. 11:17,18.

Let daarop dat in hierdie lofsang die Here nie meer genoem word: "die Een wat is en wat was *en wat sal kom"* nie, soos in 1:8, want Hy het gekom. Die kerk verbly haar in die feit dat die Here die toppunt van sy krag en heerskappy bereik het, wat dan nou ook openlik vertoon word. Die heidene was vol wrewel: hulle het oorlog gevoer teen die getuies, hulle oorwin, hulle doodgemaak, hulle verlustig in hulle ellende, 11:7. Maar eindelik is God se toorn ten volle geopenbaar, naamlik op die dag van die eindoordeel wat nou aangebreek het. Op daardie selfde dag sal almal wat die Here vrees, hulle beloning ontvang, terwyl die verderwers verderf word. Vgl. Matt. 25:31 e.v.

[119] Ten einde die laaste paragraaf van hierdie hoofstuk te verstaan, hou dit goed in gedagte dat dit ook hier om 'n visioen gaan. Die apostel sien nie die hemel self nie, maar 'n simboliese prent. In hierdie prent is die heiligdom van God nou wyd oop. Niks bly versluier nie. Niks is verborge of bedek nie. Die ark van die verbond, wat so lank verborge was, word nou gesien. Daardie ark van die verbond is die simbool van die oortreffende werklike, intieme en volmaakte gemeenskap tussen God en sy volk. 'n Gemeenskap wat gebaseer is op die versoening. Dink aan die genadetroon. Ons lees in Ex. 25:22: "En daar sal Ek met jou saamkom, en van die versoendeksel af..."

---

[27] Sien hoofstuk 4, p. 27, 28.

[28] Die term wat as "koninkryk" in die Engelse vertaling weergegee word, bete-ken dikwels koningskap, regering, ryk, soewereiniteit. Sien my boek oor *The Sermon on the Mount,* p. 31.

Derhalwe, wanneer hierdie ark nou gesien word, d.w.s. ten volle geopenbaar is, word die verbond van genade, Gen. 17:7[29] in sy volle heerlikheid in die harte en lewes van die kinders van God begryp.

Maar vir die goddelose sal dieselfde ark, wat God se Troon is,[30] 'n simbool van toorn wees. Ook hierdie toorn sal nou ten volle geopenbaar word. Daarom volg daar weerligte en stemme en donderslae en aardbewings en groot haelstorms. Vgl. 4:5.

---

[29] Laat my toe om ook na die ander boek wat ek geskryf het, te verwys. nl. *The Covenant of Grace.*

[30] Hoofstuk 9, aant. 8.

## [120] 11. En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel en jy sal hom in die hakskeen byt (Gen. 3:15)

*In hierdie hoofstuk gee ons 'n kort verklaring van Openbaring 12-14.*

Soos in elkeen van die voorafgaande gedeeltes, keer ons hier ook weer terug na die begin van ons teenswoordige bedeling, sodat ons weer dieselfde terrein bewandel. In elke visioen onderneem ons 'n reis wat ons deur die hele loop van hierdie bedeling neem, vanaf die eerste koms tot die wederkoms van Christus. In onmiskenbare simboliek neem die profeet ons terug na die oomblik van Christus se geboorte en hemelvaart, 12-15. Die gesig eindig nie voordat ons voor oë het "Een soos 'n Menseseun wat op die wolke sit; met 'n goue kroon op sy hoof en in sy hand 'n skerp sekel," 14:14 e.v. Die oordeelsdag het weer aangebreek.

Desnieteenstaande, soos ons alreeds aangedui het,[1] is hoofstuk 12 die begin, nie slegs van nog 'n onderafdeling nie, naamlik die vierde, maar ook *van die tweede hoofafdeling van die boek.* Hierdie hoofafdeling dek hoofstukke 12-22. Dit vorm 'n eenheid. Die hoofkarakters wat teenoor Christus en sy kerk verskyn, word voorgestel in hoofstukke 12-14. Hulle is: die draak, die dier uit die see, die dier uit die aarde, Babilon, en die mense wat die merk van die dier het. Die visioene wat volg, toon aan ons wat met elkeen van hierdie antichristelike magte gebeur: met hulle wat die merk van die dier het, hoofstukke 15, 16; met die hoer van Babilon en die twee diere, hoofstukke 17-19; en eindelik, met die draak, hoofstukke 20-22.

Dit is derhalwe duidelik dat die sentrale tema van die eerste hoofafdeling, hoofstukke 1-11, voortgesit word in die tweede. Daardie tema is, soos aangedui is:[2] Die oorwinning van Christus en van sy kerk oor die draak en sy helpers. Waar die eerste hoofafdeling die uiterlike stryd tussen die kerk en die wêreld uitbeeld, openbaar die tweede deel van die boek egter die dieper agtergrond. Ons sien nou duideliker as in die voorafgaande afdeling dat die stryd tussen die kerk en die wêreld maar die uiterlike openbaring van die oorlog is tussen Christus en Satan (draak).

[121] Let noukeurig daarop dat in hoofstuk 12 die draak eers voorgestel word asof met die doel om die Christus te vernietig, verse 1-12. Wanneer hy hierin misluk, vervolg hy die vrou *omdat* sy die Christus gebaar het, verse 13-17a. Wanneer hy hierin ook misluk, voer hy oorlog teen die res van haar saad, vers 17b.

Laat ons dan daarvolgens verse 1-12 bestudeer. Hierdie verse bevat die eerste simboliese prent. Die toneel is die hemel. Hier sien Johannes 'n vrou wat glorieryk beklee is: die son is haar kleed; die maan haar voetbank, 'n kroon van twaalf sterre op haar hoof. Hierdie vrou is gereed om 'n kind te baar. Sy roep uit in haar barensnood. Skielik sien Johannes 'n vuurrooi draak voor die vrou staan. Dink aan 'n gevleuelde slang met kamdraende kop en vernietigende kloue, wreed, barbaars, venynig en haatdraend. Onthou dat dit 'n *prent,* 'n *simbool* is. Hierdie dier het sewe gekroonde koppe en tien horings. So geweldig groot is hierdie draak, so enorm, dat sy reusestert boosaardiglik oor die hemele gesleep word en 'n derde van die sterre van die hemel wegvee en op die aarde neerwerp. Waarom staan hierdie skrikwekkende monster voor die vrou wat op die punt staan om aan 'n kind geboorte te gee? Om die kind te verslind sodra hy gebore word. Slaag die draak hierin? Hy slaag nie: die vrou gee geboorte aan 'n manlike seun, 'n magtige, wat die nasies met 'n ystersepter sou regeer. Dan skielik . . . maar laat ons die apostel toelaat om ons in sy eie woorde te vertel wat gebeur het: "En haar kind is weggeruk na God en sy troon", Openb. 12:5. Toe hy misluk in sy poging om die kind te verslind, rig hy al sy woede teen die stralende, heerlike vrou. Maar die vrou vlug na die wildernis waar God voedsel en skuiling vir haar voorberei het vir 'n duisend tweehonderd-en-sestig dae. Ons sal meer hoor van die draak se poging om die vrou te

---

[1] Sien hoofstuk 2, pp. 14-15.

[2] Sien hoofstuk 1, pp. 2-3.

vernietig. Sien vers 13.

Dit, kortliks, is die prent. Wat beteken hierdie voorstelling dan? Daar is drie karakters:

Eerstens is daar die *stralende vrou.* Daardie vrou simboliseer die kerk. Vgl. Jes. 50:1; 54:1; Hos. 2:1; Ef. 5:32. Die Skrif beklemtoon die feit dat die kerk in albei bedelings *een* is. Dit is een uitverkore volk in Christus. Dit is *een* tent; *een* wingerd; *een* familie – met Abraham die vader van alle gelowiges, of hulle besnede of onbesnede is – *een* olyfboom; *een* uitverkore volk, koninklike priesterdom; heilige volk; mense vir God se eiendom; *een* skone bruid; en sy uiteinde *een* nuwe Jerusalem wie se poorte die name van die twaalf stamme dra en wie se fondamente beskryf is met die name van die twaalf apostels.[3] Vgl. Jes. 54; Am. 9:11; Matt. 21:22 e.v.; Rom. 4:11, 12; Rom. 11:15-24; Gal. 3:9-16, 29; Ef. 2:11; 1 Pet. 2:9 (vgl. Ex. 19:5, 6); Openb. 4:4; 21:12-14.

[122] Op aarde mag hierdie kerk baie onbelangrik voorkom en die voorwerp van spot en hoon wees; uit die oogpunt van die *hemel* is hierdie selfde kerk hoogheerlik: al wat die hemel kan bydra in glorie en heerlikheid word op haar uitgestort.[4] Sy is beklee met die son, want sy is glorieryk en verhewe. Sy het die maan onder haar voete, want sy oefen heerskappy uit. Sy het op haar hoof 'n kroon van twaalf sterre, want sy is oorwinnend. Sy is verwagtend, want dit is haar taak om Christus voort te bring "na die vlees", Rom. 9:5.

Tweedens is daar *die Kind, die saad van die vrou.* Hierdie magtige Kind is Christus.[5] Hy is die Een "wat al die nasies met 'n ystersepter sou regeer", Openb. 12:5. Hierdie uitdrukking is duidelik ontleen[6] aan Psalm 2:9, 'n Messiaanse Psalm, terwyl Christus dit op Homself toepas in Openb. 2:27. Die benaming "die seun (of saad) van 'n vrou" word ook elders gebruik om Christus aan te dui, Gen. 3:15; Gal. 4:4. As enigiemand nog aarsel om te glo dat die kind van die vrou Christus aandui, laat hom vers 5 met vers 10 vergelyk: Wanneer die kind weggeruk word na God toe en na sy Troon en die draak neergewerp word, dan sing die hemele: "Nou het die heil... van onse God geword, en die mag van sy Christus! " Openb. 12:10.

Derdens is daar die *draak.* Dit simboliseer Satan, Openb. 20:2. Die hoof met sewe krone dui die wêreldheerskappy van die duiwel aan. Vgl. Ef. 2:2; 6:12. Kyk ook na ons verduideliking van Openb. 13:1 en 17:9. Hierdie krone is egter nie *kranse* van oorwinning nie, maar slegs *krone van gewaande gesag.* Die tien horings dui Satan se vernietigende mag aan: hy staan voor die vrou om haar kind te verslind. Toe Satan tot 'n val gekom het, het hy saam met hom in sy vernietiging gesleep "een-derde van die sterre van die hemel", dit wil sê, 'n baie groot getal bose geeste. Vgl. Job 38:7; 2 Pet. 2:4; Judas 6.

Laat ons nou die hoofgedagte bestudeer. Dit is dit: die draak staan voor die vrou wat op die punt staan om te baar, sodat hy by die geboorte die kind kan verslind; dit wil sê, Satan is gedurig ingestel op die vernietiging van die Christus. Só gesien word die ganse Ou Testament een verhaal, die verhaal van die stryd tussen die saad van die vrou en die draak, tussen Christus en Satan. In hierdie stryd is Christus natuurlik oorwinnaar.

Laat ons uit hierdie oogpunt die geskiedenis van die Ou Testament bekyk:

[123] *1. Die belofte wat die Moederbelofte was: Gen. 3:15*

Openbaring 12 is duidelik gebaseer op Gen. 3:15: dieselfde karakters verskyn in albei; dieselfde waarheid word in albei verkondig. Die woorde van Gen. 3:15 is: "En Ek

---

[3] Sien die skrywer se werk, *The Premillennialistic Conception concerning Israel and the Church,* in die Biblioteek van Calvin College, Grand Rapids, Michigan.

[4] A. Pieters, *The Lamb, the Woman and the Dragon,* p. 161.

[5] Byna alle kommentatore van alle skole stem saam dat die kind Christus is.

[6] Nie "ontleen" in die gewone sin nie. Laat ons onthou dat Christus Psalm 2 geskryf het en die Apokalips geopenbaar het.

sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt." Die *slang* in Gen. 3 is die *draak* in Openb. 12. Die vrou se *saad* van Gen. 3, is die *manlike kind* van Openb. 12. Ook dui die uitdrukking *haar saad* in Gen. 3 op die Christus.[7] Hier in Gen. 3 word die stryd aangekondig.

*2. Van Set tot by die Sondvloed*

Later word aan Adam en Eva kinders gebore: Kain en Abel. Maar Kain vermoor Abel. Toe word Set gebore. Besef Satan dat die familie van Set bestem is om die beloofde saad voort te bring, die Messias? 'n Mens is geneig om so te dink, want die duiwel begin nou alles in sy vermoë doen om Set te vernietig. Hy fluister in die ore van Set se seuns dat hulle met die dogters van Kain moet trou. Hy probeer om Set se geslagte te vernietig om sodoende die belofte aangaande die Messias uit te wis. Slaag die draak? Dit lyk asof hy dalk kan slaag. Lees Gen. 6:12. Satan het getriomfeer . . . nee, nie volkome nie. Tussen die families wat van Set afstam, is daar één wat die Here vrees, die van Noag. God red hierdie een familie, terwyl die Vloed die res vernietig. In hierdie één familie word die belofte voortgesit.

*3. Van die Sondvloed tot by Jakob*

Weer staan die draak voor die vrou om die Kind te verslind. Die belofte aangaande die Messias word nou aan Abraham en Sara, sy vrou gegee. Menslik gesproke, sal daardie belofte egter nooit vervul word nie, want Abraham is oud "en dit het opgehou om met Sara te wees soos die gebruik is by vroue". Die draak het byna getriomfeer, toe die wonderwerk gebeur en Isak gebore is! Die belofte word nou aan Isak gegee. Maar die Here beveel Abraham om Isak te offer as 'n brandoffer! "Toe steek Abraham sy hand uit en neem die mes om sy seun te slag ...", Gen. 22: 10. Wat sal nou van God se belofte word? Sekerlik, nou sal die draak oorwin. Maar gebeur dit? U weet beter. Die engel van die Here verskyn, dit wil sê, Christus self verskyn om sy eie geboorte na die vlees te beveilig. Selfs gedurende die ou bedeling is dit gedurig Christus self wat alle dinge voorberei vir sy eie geboorte. Die Engel van die Here, dit is, die Christus self, sê aan Abraham: "Moenie jou hand na die seun uitsteek nie, en doen hom niks nie, want nou weet Ek dat jy God vrees en jou seun, jou enigste, van my nie teruggehou het nie... en in jou nageslag [124] (die Engel van die Here kon gesê het: in *myself*) sal al die nasies van die aarde geseën word," Gen. 22:12,18.

Die saad wat die kop van die slang sou vermorsel, sou gebore word uit die geslagte van Isak en Rebekka. En Rebekka was onvrugbaar! Gen. 25:21. Weer verrig Jahwe, die God van die belofte, 'n wonderwerk en Rebekka word swanger sodat die belofte voortgesit word in die geslag van Jakob.

Maar wat sien ek? Jakob bedrieg sy vader en ontvang die seën wat Isak vir Esau bedoel het. Jakob moet vlug. Selfs wanneer hy jare later na sy eie land terugkeer, is hy bevrees. Nogtans maak Esau Jakob nie dood nie. Die belofte aangaande die saad van die vrou is weergered.

*4. Van Jakob tot by die Jode in die woestyn*

Weer staan die draak voor die vrou. Hy val Jakob se nageslag aan, nl. die Jode. Hierdie keer lyk dit asof hy werklik sukses sal behaal, want alhoewel die Here in groot genade sy volk uit Egipteland uitgelei het, verwerp hulle Hom en is hulle besig om voor 'n goue kalf te dans.

"Verder het die Here vir Moses gesê ... Laat My dan nou begaan, dat my toorn teen hulle ontvlam en Ek hulle verteer," Ex. 32:9,10.

Gaan die draak werklik oorwin? Hy sal... tensy ... daar 'n middelaar is. En daar was! Moses tree vir hulle in en die belofte word weer gered – en onthou asseblief dat dit die Groot Middelaar, Christus, was wat in die hart van die mindere middelaar, Moses, die

[7] G.Ch. Aalders, "Het Boek Genesis", in *Korte Verklaring der Heilige Schrift,* p. 136.

gees van bemiddeling geskep het.

*5. Van die Jode in die woestyn tot by Dawid, die koning* Weer beweeg die geskiedenis vorentoe. Uit die stam van Juda kies God een familie, die van Dawid. Die beloofde Messias sal uit die saad van Dawid gebore word, 2 Sam. 7:12 e.v.; Ps. 89:28, 35, 36; Hand. 2:30. Daarom mik die duiwel nou sy pyl op Dawid. Dawid moet vernietig word. Ons lees: "Toe probeer Saul om Dawid met die spies teen die muur vas te steek," 1 Sam. 19:10. Saul het dit gedoen omdat 'n bose gees oor hom gekom het. Was die draak suksesvol? Nee, want Dawid het twee maal uit Saul se teenwoordigheid ontsnap. Christus is selfs onder die ou bedeling werksaam op die aarde, om die belofte oor Homself te beveilig.

*6. Van Dawid tot by koningin Atalia*

Atalia, die goddelose dogter van goddelose ouers – Agab en Isebel – regeer. Sodat sy absolute mag kan hê, versin sy in haar hart om die hele geslag van Dawid uit te roei. So word weer eens die koms van die [125] Middelaar in die vlees bedreig. Die draak staan voor die vrou: sy toorn is gerig teen haar kind. En nou is Satan uiteindelik suksesvol. Ten minste, dit *lyk* so. Lees ons dan nie:

"Toe Atália, die moeder van Ahásia, sien dat haar seun dood was, het sy haar klaargemaak en die hele koninklike geslag omgebring," 2 Kon. 11:1. *Die hele koninklike geslag* omgebring! Natuurlik, as die hele koninklike geslag omgebring is, dan kan die Christus nie as die wettige seun en erfgenaam van Dawid gebore word nie. Dan is God se plan gefnuik. Dan het die belofte gefaal. Atália het die hele koninklike geslag omgebring. Dit wil sê, sy het *gedink* sy het! Lees verder:

"Maar Joséba, die dogter van koning Joram, die suster van Ahásia, het Joas, die seun van Ahásia, geneem en hom gesteel onder die koning se seuns uit wat gedood moes word, en hom en sy pleegmoeder in die beddekamer gebring. So het hulle hom dan vir Atália weggesteek, sodat hy nie gedood is nie", 2 Kon. 11:2.

Hoe wonderlik is God se weë nie. Hoe wonderbaarlik sy voorsiening.

Later sien ons Joas weer. En op sy hoof is daar 'n kroon. Ons hoor mense uitroep: Lank lewe die koning! Weer is die belofte gered. Christus sal gebore word uit Dawid se geslag. Tensy die draak dit nog kan voorkom. Laat ons sien:

*7. Van Atália tot koning Agas*

Nou is die verenigde magte van Israel en Sirië teen Juda saamgespan. Hulle doel is om die huis van Dawid uit te wis, en so ook die hoop en die behoeftes aangaande die Messias, en om 'n vreemde koning, "die seun van Tábeal", Jes. 7:6, op die troon te plaas. Dit is 'n kritieke oomblik in die geskiedenis. Sal die Christus ooit gebore word? Uit die saad van Dawid? Jahwe beveel die profeet Jesaja om koning Agas van Juda te ontmoet en hom te bemoedig. In hoogmoed weier Agas egter om 'n teken te vra as waarborg van die Here God se hulp. Sekerlik, die draak – die slang van Gen. 3:15 – sal nou suksesvol wees, want teen die huis van Dawid is nou opgestel die magte van Sirië, en van Israel, en die goddeloosheid van koning Agas self! Satan lag. Weer lag hy egter te gou, want ons lees:

"Daarom sal die Here self aan julle 'n teken gee: kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar, en hulle sal Hom Immanuel noem." God se doel moet standhou. Immanuel moet gebore word ... uit die geslag van Dawid!

[126] *8. Van koning Agas tot by Ester*

Nou regeer koning Ahasveros. Dit is die vyfde eeu v.C. Op die versoek van Hamman, vaardig die koning 'n bevel uit, dat dwarsdeur sy uitgestrekte koninkryk al die Jode omgebring moet word, Ester 3:13. Hierdie bevel is verseël met die koning se seëlring. Maar Jahwe se belofte aangaande die Middelaar wat uit die saad van Dawid gebore moet word, was verseël met die eed *van die Koning van alle konings*! Is dit nodig dat ek verhaal wat gebeur het? Lees die boek Ester. Die Jode is weer gered!

*9. Van Ester tot by Betlehem*

En nou die finale bedryf in hierdie magtige drama – tog nie *werklik* finaal nie! Die toneel is Betlehem. Daar in 'n krip lê die Christus-kind. Maar hoewel Hy nou werklik gebore is, probeer die draak nog om Hom te vernietig. Inderdaad, Openb. 12, hoewel dit met 'n enkele pennestreep die ganse vorige geskiedenis van Satan se veldtog teen die Christus dek, verwys *direk* en *spesifiek* na die gebeurtenisse wat plaasgevind het met Christus se geboorte. Ons lees:

"En die draak het gestaan voor die vrou *wat op die punt was om te baar,* sodat hy haar kind sou verslind sodra sy gebaar het," Openb. 12:4.

So sien ons dan die wyse manne uit die Ooste. Ons sien hulle in die oudiënsiekamer van Herodes. "Gaan doen noukeurig ondersoek na die kindjie, en as julle Hom vind, laat my weet, sodat ek ook kan gaan en Hom hulde bewys," Matt. 2:8. Sy voorneme was om die Kindjie *dood te maak.* Maar die wyse manne, deur God gewaarsku, gaan langs 'n ander pad na hulle land terug, nadat hulle die Kindjie gevind en aanbid het. Desnieteenstaande weier die draak om neerlaag te erken. Die suigelinge van Betlehem en omgewing, twee jaar oud en onder, word doodgemaak. Maar Herodes misluk. So ook die draak. Die Christus-kind is veilig in Egipte, Matt. 2:13. God se plan kan nooit gefnuik word nie. Christus se geboorte in Betlehem is God se oorwinning oor die draak. Die Verlosser se dood aan die kruis vir sy kinders is sy verdere oorwinning. "En haar kind is weggeruk na God en sy Troon," Openb. 12:5. Dit verwys na Christus se hemelvaart en troonbestyging, Openb. 5:7; vgl. Fil. 2:9. Hulle wat Hom teenstaan, sal met die "ystersepter" kennis maak. Dit is waar dwarsdeur hierdie hele bedeling. Christus triomfeer! En die engele sing: "Ere aan God in die hoogste hemele! "

Nou kom die tweede simboliese prent, verse 7-12. Dit toon aan ons wat die gevolge van Christus se geboorte was, van sy verlossing en van sy opvaart na die Troon in die hemel. Weer eens, soos altyd, moet ons eers die prent in sy geheel sien. Daar is 'n stryd in die hemel. Migael.

[127] die leier van die goeie engele en die beskermer van God se volk, Dan. 10:13, 21; 12:1; Judas 9, voer 'n aanval uit op die draak, die leier van die bose engele en die vyand van God se volk. Twee generaals en twee leërs staan teenoor mekaar. Let egter daarop dat dit Migael en sy leër is wat die aanvalswerk doen. Die uitslag van die geveg? Die draak word verslaan en uit die hemel uitgewerp. Ons lees:

"En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde en sy engele is saam met hom neergewerp," Openb. 12:9. Ons verwys u na ons verduideliking van Satan se name in Openb. 20:2, bl. 168.

Die beeld wat Johannes sien, word ten volle verduidelik deur die woorde wat hy hoor. Die stryd in die hemel en die *neerwerp* van die draak moet nie letterlik verstaan word nie. Satan is "uit die hemel neergewerp" in hierdie sin, naamlik, dat hy sy plek verloor het as aanklaer van die broeders. Terwyl Christus gebore is en versoening gedoen het vir die sonde, het Satan elke sweem van regverdiging vir sy beskuldiginge teen gelowiges verloor. Weliswaar gaan hy voort om te beskuldig. Dit is vandag nog sy werk. Maar hy kan nie langer wys na die onvoltooide werk van die Verlosser nie. Christus se versoening is volkome afgehandel; volle boetedoening vir die sonde is gedoen toe Hy na die hemel opgevaar het. Vgl. Rom. 8:33 "Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God?" Vgl. ook Rom. 8:1 en Luk. 10:18: Let op die drievoudige effek van hierdie neerlaag van Satan en sy leërs:

Eerstens: Vanweë hierdie neerlaag word die verlossing wat deur God in Christus Jesus bewerkstellig is, geopenbaar; God se almag word bevestig; sy koninklike heerskappy in die harte van sy volk word gegrondves; sy gesag geopenbaar, vers 10. Daarom is daar 'n groot gejuig in die hemel.

Tweedens: Vanweë hierdie neerlaag triomfeer die volk van God, wat getuienis lewer

van hulle geloof – in die bloed van die Lam – en die egtheid daarvan bewys deur getrou te wees tot die dood toe.

Derdens: Vanweë hierdie neerlaag is Satan met woede vervul. Hy weet dat sy tyd kort is: hierdie – sy tweede – neerlaag voorspel daardie ander, finale verleentheid aan die einde van die geskiedenis, vers. 12. Gevolglik, laat die hemele jubel met blydskap!

Nou volg die derde simboliese prent, verse 13-17. Die draak wat op die aarde neergewerp is, vervolg die vrou omdat sy aan die manlike [128] kind geboorte gegee het. Gevolglik is sy poging om die vrou te vernietig in werklikheid nog 'n fase van sy toorn teen haar kind. Hierop moet ons tog baie duidelik let. Die vrou ontvang die twee vlerke van die arend, Ex. 19:4; Deut. 32:11; Jes. 40:31, sodat sy na die woestyn vlug. In daardie woestyn het God vir haar 'n plek berei, vers. 6. Hier word sy onderhou vir 'n tyd en tye en 'n halwe tyd, d.w.s. vir 'n duisend twee-honderd-en-sestig dae, vers. 6. Hier bly sy "uit die gesig van die slang", Openb. 12:14. Die draak, nog nie gewillig om die saak gewonne te gee nie, probeer om die vrou te vernietig deur 'n stroom water wat uit sy bek voortkom; maar die aarde sluk hierdie stroom in. Daarom is die draak briesend en vervul met woede teenoor die vrou. Nogtans, nadat hy gefaal het in sy poging om die kind te vernietig en ook in sy aanslag op die vrou, sluip hy weg om oorlog te voer teen die res van haar saad, hulle wat die gebooie van God onderhou en vashou aan die getuienis van Jesus.

Ons verklaar die prent soos volg: Satan, nadat hy daarin gefaal het om Christus te verower, gaan voort met sy aanval op die kerk. Hy rig sy woede teen die kerk omdat die kerk die Christus voortgebring het. Maar die Here beskerm sy volk: Hy dra hulle op arendsvlerke. In die woestyn van beproewing – hierdie aardse verblyf – het hy vir hulle 'n plek berei en Hy voed hulle met die manna van die Woord. Hier bly die kerk "uit die gesig van die slang", d.w.s. buite die bereik van Satan se direkte en dodelike aanvalle. Die duiwel kan haar nie vernietig nie. Dit is die duisendjarige ryk van Openb. 20, sien bl. 170 e.v. Om seker te maak, probeer die bose om die kerk te oorstroom met 'n vloedgolf leuens, misleiding, maar die ware kerk word nie bedrieg nie. Die mislukking van hierdie poging om die kerk te oorstroom, maak die duiwel baie kwaad. Hy is vasbeslote om sy aanval te rig "teen haar ander nakomelinge", Openb. 12:17, dit wil sê, teen individuele gelowiges.

In hierdie tydperk waarin die kerk goed sowel as kwaad ondervind, die vervolging van Satan en die besondere bewaring van God, wat dit vir die bose onmoontlik maak om 'n direkte aanval op die kerk te maak en dit te vernietig; hierdie skemertydperk waarin die volk van God gevoed word deur die manna van die Woord en 'n mate van verdraagsaamheid en veiligheid op die aarde geniet omdat God vir hulle 'n plek in die woestyn berei het, word beskryf as "'n tyd en tye en 'n halwe tyd".

Dit is die periode waarin die getuies, hoofstuk 11, profeteer: die evangelie word ver en wyd verkondig. Sien bl. 169 e.v. Dit word gevolg deur "drie dae en 'n halwe dag" waarin die getuies doodgemaak word en hulle dooie liggame op die hoofweg van die groot stad lê, Openb. 11:7 e.v. Dit is die slag van Armageddon. Sien bl. 116; 146-7; 164-5; 176-7. [129] Hierdie drie dae en 'n halwe dag word op hulle beurt gevolg deur die oordeelsdag, 11:11; 12; 11:16 e.v. Dit is daarom duidelik dat die periode wat beskryf word as "'n tyd en tye en 'n halwe tyd" begin met die oomblik van Christus *se eerste koms* – geboorte, bediening, kruis, kroning – en strek tot op 'n punt baie naby aan *sy wederkoms om te oordeel.* 'n Indringende studie van Openb. 20 staaf ons standpunt. Daar word die lang tydperk waarin die kerk gevoed word "uit die gesig van die slang" sodat Satan se invloed bekamp, weerhou word – m.a.w. sodat die duiwel "gebind" is – gevolg deur 'n baie kort tydperk waarin die duiwel die leërs van die Gog en die Magog monster teen die kamp van die heiliges. Daar ook word hierdie kort tydperk gevolg deur die wederkoms van Christus tot oordeel, Openb. 20:1 e.v.[8] Vandaar dat ons in al hierdie hoofstukke hierdie orde het:

[8] Vergelyk hoofstukke 11, 12 en 20 van die Apokalips: 'n baie treffende parallel!

| | | |
|---|---|---|
| 'n Lang periode: Die evangeliese era twee-en-veertig maande; duisend jaar 'n tyd en tye en 'n halwe tyd; twaalf-honderd-en-sestig dae. Sien Openb. 11:2, 3; 12:6, 14; 13:5; 20:2-5. | 3½ dae Sien Openb. 11:7, 9; 13:7; 20:7-10 e.v.; | Die oordeelsdag Sien Openb. 11:11, 12; 11:16 e.v.; 14:14 20:11 e.v. |

Ons sien onmiddellik dat die drie maniere waarop hierdie tydperk aangedui word wat ons in hoofstukke 11, 12 en 13 vind, slegs effens verskil. Twee-en-veertig maande is gelyk aan "'n tyd en tye en 'n halwe tyd", indien onder die term "tyd" een jaar verstaan word, en onder "tye" twee jaar. In al drie gevalle het ons te doen met 'n periode wat aangedui word as drie-en-'n-half jaar.

Die vraag is billik: Waarom is die term "drie jaar en 'n halwe jaar" kenmerkend vir 'n lang periode? Om hierdie vraag te beantwoord, moet ons onthou dat gedurende die ou bedeling daar 'n tydperk was van drie-en-'n-halwe jaar wat die volk van God nooit kon vergeet nie. Dit was 'n periode van beproewing en tog ook 'n periode waarin die krag van God se Woord geopenbaar is, 1 Kon. 17; Jak. 5:17. As ons Jak. 5:17 vergelyk met Openb. 11:6 sien ons onmiddellik dat die apostel gedink het aan die dae van Agab en Elia. Gedurende hierdie periode van drie-en-'n-halwe jaar is die kerk van God vervolg, 1 Kon. 18:10, 13; en tog nie vernietig nie, 1 Kon. 18:4; 18:39; 19:18. God se Woord openbaar sy groot krag, 1 Kon. 17:1. Elia en ander word deur God op 'n wonderbaarlike wyse gevoed, 1 Kon. 17:4, 9. Desgelyks, deur die teenswoordige lang periode van evangeliese aktiwiteit, beginnende met Christus se eerste koms tot byna by die wederkoms, [130] word die kerk vervolg maar nie vernietig nie. God se Woord oefen 'n kragtige invloed uit.[9] God se volk ontvang geestelike onderhoud.

Die uitdrukking "'n tyd en tye en 'n halwe tyd" kom die eerste keer voor in die boek Daniël 7:25; 12:7. Dit is die periode van die Antichris. Johannes beklemtoon die feit dat die gees van die Antichris *alreeds* in die wêreld is, 1 Joh. 4:3. Daarom word in die Openbaring hierdie periode van drie-en-'n-halwe jaar aangedui as die volle evangeliese bedeling. Dit word gevolg deur "drie *dae* en 'n halwe" waarin "die dier opkom uit die aarde" – die antichristelike wêreld in sy finale fase – die getuies doodmaak en die stem van die evangelie stilmaak.

Hoofstuk 13 wys ons die werktuie, instrumente of gereedskap wat die draak in sy aanval op die kerk gebruik. Twee diere word beskryf. Die eerste is 'n onbeskryflik afstootlike monster. Die tweede het 'n skadelose voorkoms en juis om daardie rede is dit gevaarliker as die eerste. Die eerste dier kom uit die see op. Die tweede verskyn uit die land. Die eerste is Satan se *hand.* Die tweede is die duiwel se *denke.* Die eerste verteenwoordig die vervolgende krag van Satan wat in en deur die nasies en regerings van hierdie wêreld werk. Die tweede simboliseer die valse godsdienste en filosofie van hierdie wêreld. Albei hierdie diere weerstaan die kerk dwarsdeur hierdie bedeling. Tog beskryf die apostel hulle in terme wat dui op die vorm wat hulle aangeneem het gedurende die laaste dekade van die eerste eeu n.C.[10]

In 14:8 word 'n derde werktuig genoem, naamlik Babilon, die hoer. In totaal word drie werktuie dus deur die duiwel in sy aanval op die aarde gebruik. Hulle is: Antichristelike vervolging, antichristelike godsdiens, en antichristelike verleiding. Sien bl. 69.

Johannes sien dat die draak na die kus gaan om hulp te ontbied. Gevolglik moet die draak gesien word as staande op 'n plek waar die see en die land mekaar ontmoet: aan die een kant is die see, aan die ander kant is die land. Die eerste bondgenoot kom uit die see op. Die tweede verskyn uit die land.

Die apostel sien 'n onbeskryflik afstootlike monster uit die see opkom. Geleidelik verskyn die dier uit die water. Eers sien Johannes niks behalwe horings nie. Daar is tien

[9] G. Ch. Aalders, "Daniël", in *Korte Verklaring der Heilige Schrift,* p. 150.
[10] Sien hoofstuk 6, p. 38-39.

horings wat bedek is met krone. Daarna verskyn ook die koppe. Hierdie dier het sewe koppe en hulle is beskryf met godslasterlike name. Die liggaam kom nou te voorskyn. Dit is 'n groot en venynige luiperd wat vinnig is om sy prooi aan te val. Vgl. Dan. 7:6; Hos. 13:7; Hebr. 1:8. Nou tree die dier uit die water uit. Dink aan die bekende beeld van 'n beer wat van sy kleintjies beroof is, II Sam. 7:8; Spr. 17:12, Hos. 13:8. Dus gereed om te verskeur; daarop uit om met sy groot en verskriklike pote sy prooi pap te druk.

[131] Aangesien die bek die sentrale punt in die prent is, word dit laaste genoem. Hierdie skrikwekkende dier het die bek van 'n leeu: dit brul en grom, gretig agter sy prooi aan, haastig om te vernietig, Ps. 17:12; Hos. 5:14; 1 Pet. 5:8.[11] Aan hierdie dier gee die draak sy mag en gesag. Terwyl hy fyn oplet, sien Johannes dit lyk asof een van die sewe koppe 'n dodelike wond het, maar die wond is genees. Die hele wêreld volg die dier in verbasing en verwondering, in die gees van verering en aanbidding, terwyl hulle sê: "Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer?" Openb. 13:4. In hulle aanbidding van die dier is die mense ook besig om hulde te bring aan die draak wat aan hom sy mag gegee het. Die dier begin nou praat: hy spog en spreek godslasterlike dinge. Dit hou twee-en-veertig maande aan. Die godslasteringe is gerig teen God en almal wat in die hemelse tabernakel vertoef. Wat die bewoners van die aarde betref, is "dit ook aan hom gegee om oorlog te voer teen die heiliges en hulle te oorwin, en aan hom is mag gegee oor elke taal en stam en nasie. En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie," Openb. 13:7, 8.

Ons verklaar die prent soos volg:

Die see verteenwoordig die nasies en hulle regerings. Vgl. Jes. 17:12. waar die gebruis van die nasies vergelyk word met die gebruis van die see en die gedruis van nasies soos die gedruis van geweldige waters.[12] Openbaring 17:5 bewys hierdie punt. Die dier wat uit die see opkom, is nou verbonde aan die dier wat uit die afgrond opkom, 11:7. Laasgenoemde is die finale vorm wat eersgenoemde aanneem. Die dier uit die see simboliseer die vervolgingsmag van Satan wat beliggaam is in al die nasies en regerings van die wêreld deur die geskiedenis heen. Wêreldoorheersing gerig teen die volk van God, waar en wanneer dit ook al te voorskyn kom in die geskiedenis: dit is die dier. Hierdie dier neem verskillende vorms aan: dit het sewe koppe. Nou is dit Ou Babilonië; dan Assirië; daarna Nuwe Babilonië; Medo-Persië; Macedonië; Rome; ens. Maar alhoewel die vorms verskil, bly die hoofsaak dieselfde: wêreldlike regerings wat teen die kerk gerig is. In hierdie dier word die vervolgingskrag van Satan sigbaar. Vandaar die groot ooreenkoms tussen die dier en die draak: albei is wrede monsters met tien horings en sewe koppe. Let egter daarop dat in die geval van die *dier* die *horings* – en nie die koppe nie – gekroon is, terwyl die *draak* sy krone van hoogmoedige gesag op sy *koppe* dra. Met ander woorde, dit is die draak, Satan, wat regeer: sy planne word uitgevoer deur die regerings van die wêreld. Weliswaar dra aardse heersers ook krone: dink aan die gekroonde [132] horings as simbolies van gekroonde wreedheid. Maar hierdie aardse heersers moet noodwendig hulle inspirasie van Satan ontvang. Dit is waar van elke aardse heerser wat die kerk vervolg. Hierdie heersers en regeerders belaster God en eis vir hulleself heilige titels op. Daarom is dit in die dae van Johannes deur Romeinse keisers van hulle onderdane verwag om hulle aan te spreek as "Heer" en "Verlosser". Die feit dat die dier elke vorm van wêreldlike regering wat die kerk vervolg, voorstel, waar en wanneer dit in die geskiedenis verskyn, word baie duidelik as ons daarop let dat, volgens vers 2, die *vier* diere wat Daniël in sy gesig sien, Dan. 7, hier verenig is in *een* dier. In Daniël verteenwoordig hierdie vier diere vier agtereenvolgende wêreldryke.[13] Daarom kan hierdie saamgestelde dier nie slegs een ryk of regering voorstel nie. Dit moet 'n beeld wees van alle antichristelike regerings.

---

[11] Sien artikels oor luiperd, beer en leeu, in *I.S.B.E.*

[12] Sien ook K. Schilder, *Christ on Trail,* p. 141.

[13] Hoofstuk 6, pp. 37, 38.

Een van hierdie sewe koppe het 'n dodelike wond opgedoen: 'n doodslag. En tog het die wond genees. Om 'n korrekte interpretasie van hierdie stelling te gee, moet ons in gedagte hou dat die sewe koppe sewe antichristelike koninkryke voorstel wat mekaar in die geskiedenis op-volg. Vgl. 17:10. Daarom moet die feit dat een van die koppe 'n dodelike wond ontvang het en dat hierdie wond genees is, beteken dat een van hierdie sewe koninkryke 'n tyd lank opgehou het om 'n venynige vervolgende mag te wees. maar dat dit daarna weer sy vorige rol hervat het. Gevolglik is die aanneemlikste verklaring soos volg: Die kop waarvan Johannes praat, is Rome, die Rome van sy dag. Toe Nero keiser was, 54-68 n.C., het hierdie wrede tiran, om die skuld vir die brand van Rome van homself af te keer, die vervolging van die Christene aangehits. Sommige gelowiges is gekruisig. Ander is met pik of olie bestryk, aan pale vasgespyker, en as fakkels gebruik vir die vermaak van die skares.[14] Maar in die jare 68 pleeg Nero selfmoord. As vervolger ontvang Rome 'n doodslag. Maar onder Domitianus word die vervolging van die gelowiges weer hervat. Die dodelike wond is genees. Rome verskyn weer as die Satan-geïnspireerde vervolger van die kerk.[15] In die dae van die apostel het die wêreld in die algemeen Rome aanbid en hulde gebring aan die keiser. Deur heel die evangeliese tydperk heen – die twee-en-veertig maande wat ons alreeds bespreek het[16] – plaas die regerings van hierdie wêreld hulleself op die Troon; matig hulleself die gesag aan wat God toekom – dink aan die totalitêre regerings van vandag – en laster God en die hemel. Hierdie toestand sal uiteindelik ten gevolg hê die algehele verwoesting van die kerk as 'n magtige en invloedryke organisasie vir die verspreiding van die evangelie. Want eindelik sal elke taal en stam en nasie die antichristelike regering aanbid. Openb. 13:7 en 11:7 moet vergelyk word. Sien ons verklaring van [133] 11:7 e.v. bl. 116. Maar selfs in hierdie skrikwekkende dae wat Christus se wederkoms voorafgaan, sal daar gelowiges op die aarde wees: hulle wie se name van ewigheid af geskrywe is in die boek van die lewe van die Lam. Vgl. 17:8.[17] Vanweë die feit dat God sy uitverkorenes van die grondlegging van die aarde bestem het tot verlossing in heiligmaking deur die Gees en geloof in die waarheid, 2 Thess. 2:13, kan hierdie mense nie uitgewis word nie. Die regering of Antichris mag hulle liggame vernietig, maar nie hulle siele nie. Laat gelowiges geduldig wag op hierdie tyd van vervolging, bewus daarvan dat alle dinge – insluitende gevangenskap vir hulle wat gevange geneem word – ingesluit is in die raadsplan van God; en daarby bewus daarvan dat wanneer die wêreld in sy stryd teen die kerk gebruik maak van die swaard, God self hierdie kwaad sal wreek. Die mens wat dit verstaan en lydsaamheid beoefen, sal sy geloof behou. As iemand 'n oor het, laat hom hierdie waarskuwings hoor en ter harte neem, verse 9, 10. Dit is nie Satan nie, maar God wat almagtig regeer!

Hierna sien Johannes nog 'n dier. Dit kom uit die aarde. Volgens Jak. 3:15 kom antichristelike "wysheid" uit die aarde. Vgl. Fil. 3:19. Maar laat ons eerstens die prent sien. Hierdie dier het nie tien horings nie, maar slegs twee: twee klein horinkies soos 'n lam. Maar dit praat soos 'n draak. Hierdie tweede dier is die dienskneg van die eerste; dit wil sê, dit werk volkome saam met die eerste. Hy voer baie toertjies uit, pseudo-wonderwerke om die massas te bedrieg. Dit bring vuur uit die hemel, d.w.s. dit laat dit voorkom asof daar vuur uit die hemel kom. Dit dwing die mense om 'n beeld of standbeeld van die eerste dier te maak. Dan laat hy die beeld praat. Ten minste, die mense wat verval is in bygeloof en onkunde, word verlei om te dink dat spraak uit die dier voortkom. Verder beveel hierdie dier dat almal wat die beeld van die eerste dier nie wil aanbid nie, doodgemaak moet word. Eindelik bepaal dit dat die merk van die dier afgedruk moet word op die regterhand en die voorkop van elkeen as bewys van trou aan die dier. Hulle wat weier om hierdie merk te ontvang, word geboikot. Hulle word nie toegelaat om te koop of te verkoop, met ander woorde, om enige handel te dryf nie. Die

---

[14] P. Schaff, *History of the Christian* Church, Vol. I, p. 381.

[15] A. Pieters, *op. cit.,* p. 236.

[16] Hoofstuk 11, pp. 128-139.

[17] Die Afrikaanse teks gebruik hier "... van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe geskryf is. . ."

merk van die dier is terselfdertyd sy naam of die nommer van sy naam. Wie wysheid het en verstand verkry het, kan die nommer bereken; want dit is die getal van 'n mens, naamlik ses-honderd-ses-en-sestig.

Hier het ons miskien die moeilikste gedeelte van die hele Openbaring. Die hoofgedagtes is duidelik; die besonderhede is duister. Van die baie verduidelikings is die volgende die redelikste. Ons beklemtoon egter dat in die uitleg van die besonderhede sekerheid heeltemal ontbreek.

[134] Die tweede dier is die valse profeet, 16:3; 19:20. Dit simboliseer valse godsdiens en valse filosofie in welke vorm hulle ook al gedurende die hele bedeling voorkom. Hierdie dier lyk uiterlik na die Lam, maar innerlik verberg hy die draak.[18] Met ander woorde, wat die oog sien, is verleidelik en aantreklik. Die dier lyk baie onskuldig: 'n mooi klein lammetjie; 'n troeteldier vir kinders! Maar spraak openbaar die innerlike gedagte, lewe, essensie, karakter. En hierdie lam praat soos die draak – die duiwel – self! Hierdie tweede dier is hiervolgens die leuen van Satan, wat opgetooi is as die waarheid. Dit is Satan wat hom voordoen as 'n engel van die lig, II Kor. 11:14. Dit simboliseer alle valse profete in elke tydperk van hierdie bedeling. Hulle kom na jou in skaapsklere, maar innerlik is hulle gulsige wolwe, Matt. 5:17. Die twee diere – antichristelike regering en antichristelike godsdiens – werk volledig saam. Dit is altyd die geval. Dit was alreeds in die dae van die apostel waar: die heidense priester was die vriend van die prokonsul. Die priesterlike invloed ondersteun en bevestig die sekulêre mag van die staat in sy vervolging van gelowiges. Heidense godsdiens en heidense politiek span saam in hulle stryd teen die kerk. Die priesters van die heidense tempels doen hulle bes om die leuen van Satan op die gedagtes van mense te graveer: Ceasar is Heer! Hulle neem selfs hulle toevlug na toertjies en pseudo-wonderwerke om die mense te mislei. Hulle beveel die inwoners van die verskillende distrikte om beelde ter ere van die keiser te maak. Dink aan Pergamus.[19] Wie dan ook al geweier het om so 'n standbeeld te aanbid, of geweier het om te sê: Die keiser is Heer! is doodgemaak.[20] Wil die apostel werklik aan ons sê dat in sy dag die heidense priesters, ten einde die staatsgodsdiens te verskans, of ook die keiseraanbidding, daartoe sou kom om toertjies uit te haal wat skynbaar vuur sonder oorsaak sou laat voortkom, en deur buikspraak uit die beeld van die keiser te voorskyn sou haal?[21] Of behoort hierdie besonderhede slegs tot die *prent* en moet ons geen simboliese waarde aan hulle heg nie? In ieder geval, dit wil voorkom of die uiteindelike betekenis is dat deur die hele bedeling heen – en in 'n toenemende mate namate die wederkoms van die Here nader kom – valse profete, deur tekens en wonders, Matt. 24: 24, sal probeer om die massas te verlei en die hand van die regering te sterk wanneer dit die kerk aantas. Let egter op vers 15: "En dit is aan hom *gegee*." Buite die toelating van God kan Satan absoluut niks doen nie.

Daar word deur die valse profeet aan almal – klein en groot, ryk en arm, vryman en slaaf – 'n merk gegee. Dit is die merk van die eerste dier. Hier vertoon die valse profeet, uiterlik, soos die Lam. Is die volgelinge van die Lam dan nie op die voorhoofde verseël nie? Sien bl. 59, 96 e.v. [135] Daarom moet die volgelinge van die dier op hulle voorkoppe of regterhande gemerk of gebrandmerk wees. Wat presies word bedoel met hierdie "merk van die dier"? Verskeie amusante antwoorde is al gegee.[22] Hierdie teorieë fouteer in hierdie opsig, naamlik dat hulle hierdie merk as 'n enkele, uiterlike, sigbare teken

---

[18] Hoewel die bepaalde lidwoord uitgelaat is om die karakter van hierdie dier te beklemtoon, tog voel ons onmiddellik dat hierdie monster die duiwel se nabootsing van die ware Lam van God is. In werklikheid is hierdie tweede dier geïnspireer deur "die" draak, Satan.

[19] Sien hoofstuk 8, p. 56-57.

[20] W. M. Ramsay, *The letters to the Seven Churches of Asia,* p. 98.

[21] *Ibid,* p. 100 ens.

[22] Bv. die merk van die dier is geïnterpreteer om te beteken: die simbool van vrymesselary; die staafbundel wat op 'n Amerikaanse munt verskyn; die die N.R.A.; die "monomark"; die waarneming van die Sabbat op die eerste dag van die week; die Antichris se voorletters geskryf op die voorhoof van die goddelose; ens.

sien, wat op die voorkop of die regterhand van die goddelose sal verskyn op een spesifieke oomblik in die geskiedenis, en dan ook net dán. Maar die dier is *gedurig* besig om die kerk te vervolg en word aangedui deur elke vorm van sekulêre mag wat probeer om die gelowiges te vernietig. Waar en wanneer ook al die dier verskyn, sal jy altyd die merk van die dier vind. Die twee gaan saam en kan nie geskei word nie. Om die uitdrukking "merk van die dier" te verstaan, moet ons onthou dat nie alleen vee nie, maar ook slawe gebrandmerk is. Daardie merk beteken: hierdie besondere slaaf behoort aan of dien hierdie meester. Spoedig het die uitdrukking "om iemand se merk te ontvang" begin beteken: om aan iemand te behoort, om iemand te dien of te aanbid. Laat ons hierdie stelling bewys: In Openb. 14:9 lees ons: "As iemand die dier en sy beeld aanbid en 'n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang."

Hier beteken "die merk van die dier ontvang" skynbaar "om die dier te aanbid". Net so, in Openb. 14:11: "hulle wat die dier en sy beeld aanbid en elkeen wat die merk van sy naam ontvang." Vgl. ook Openb. 20:4. Daarom beteken om "die merk van die dier te ontvang" blykbaar: om aan die dier te behoort, om die dier te aanbid. Die merk van die dier is die God-opponerende, Christus-verwerpende, kerk-vervolgende gees van die Antichris, waar en wanneer dit homself openbaar. Hierdie merk is gegraveer op die voorhoof en die regterhand. Vgl. Deut. 6:8. Die voorhoof simboliseer die mens se denke, sy gedagtelewe, sy lewensbeskouing. Die regterhand dui op sy daad, sy handelinge, sy beroep, industrie, ens. Daarom dui die ontvang van die merk van die dier op die voorhoof of die regterhand daarop dat die persoon behoort tot die getal van hulle wat die kerk vervolg; en dat – veral in wat hy *dink, sê, skryf* – of meer nadruklik in wat hy *doen* – hierdie antichristelike gees geopenbaar word.

Hierdie verklaring klop heeltemal met ons verklaring in verband met die *seël* wat die *gelowige* op sy voorhoof ontvang. Hierdie seël dui aan dat hy aan Christus behoort, Hom aanbid, sy Gees adem, sy gedagtes oordink, ens. Op dieselfde wyse simboliseer die merk van die dier dat die ongelowige wat volhard in sy goddeloosheid, aan die dier behoort: derhalwe, aan Satan; dat hulle die duiwel aanbid; sy gees adem, ens. Let egter daarop dat daar 'n verskil is: die gelowige ontvang 'n *seël;* die goddelose slegs 'n *merk*.[23] Dwarsdeur hierdie bedeling was dit waar - [136] dink aan Thiatire![24] – dat hierdie mense wat nie die merk van die dier ontvang het nie en sy beeld nie aanbid het nie, gekortwiek is in hulle handelsondernemings. Hulle is diegene wat uitgedruk word, onderdruk word. Hulle word nie toegelaat om te koop of te verkoop solank hulle aan hulle beginsels getrou bly nie. En wanneer die einde nader kom, sal hierdie teenstand vererger. Desnieteenstaande. Laat die gelowige nie wanhoop nie! Laat hom onthou dat die getal van die dier die nommer van 'n mens is. Die mens is op die sesde dag geskape. Ses, daarbenewens, is nie sewe nie en word nooit sewe nie. Dit kan nooit volmaaktheid bereik nie, d.w.s. dit word nooit sewe nie. Ses beteken om in jou doel te misluk, neerlaag. Sewe beteken volmaaktheid, oorwinning. Juig, o kerk van God! Die oorwinning is aan jou kant. Die nommer van die dier is seshonderd-ses-en-sestig, d.w.s. mislukking, op mislukking, op mislukking![25] Dit is die getal van DIE MENS, want die dier beroem hom op die MENS; daarom moet hy misluk!

En God se kerk triomfeer, hfst. 14. Hierdie hoofstuk word in drie dele verdeel. Let op die sinsnede: "En ek het gesien" in verse 1, 6 en 14, wat die aanvang van die drie paragrawe aandui.

Die eerste van hierdie paragrawe toon aan ons die Lam wat op die berg Sion staan. Dit is die Sion "wat nie wankel nie, maar bly tot in ewigheid", Ps. 125:1. Dit is die hemel. Hebr. 12:22. Daarom lees ons: "En ek het 'n geluid uit die hemel gehoor," Openb. 14:2.

---

[23] R. C. H. Lenski, *Interpretation of St. John's Revelation,* p. 409.

[24] Hoofstuk 8, pp. 60-62.

[25] C. W. Wishart, *The Book of Day,* p. 25.
Die pogings om by 'n interpretasie uit te kom deur die syferwaarde van die letters in die naam Nero, Plato, ens., bymekaar te tel, lei tot *niks* juis omdat hulle na *alles* lei. Die Openbaring is 'n boek van simbole; dit is nie 'n boek van raaisels nie!

Saam met die Lam sien die apostel 'n honderd-vier-en-veertig-duisend wat sy Naam en die Naam van sy Vader op hulle voorhoofde het. Dit is die verseëlde skare van hfst. 7. *Daar* het hierdie heiliges nog op aarde geleef, omring deur hulle vyande; *hier* geniet hulle die vreugde van die hemel ná die eindoordeel. Alhoewel die draak sy bes geprobeer het om hulle ontrou te maak aan hulle Here, en alhoewel hy die twee diere gebruik het om hom te help, word nie een van die honderd-vier-en-veertig-duisend vermis "wanneer die boeke oopgemaak word nie".

Die apostel hoor 'n geluid uit die hemel kom: die eenhonderd-vier-en-veertig-duisend is besig om 'n nuwe lied te sing. Dit is soos die geluid van baie waters en soos die klank van 'n harde donderslag, aanhoudend, koninklik, verhewe. Dink aan die magtige Niagra, met die klank van 'n steeds toenemende crescendo, wat 'n donderende gedruis veroorsaak wanneer dit die dieptes bereik. Só ook die nuwe lied: wat ook al nietig en kleinlik is, sal nie daarin voorkom nie. En hoewel dit *koninklik, verhewe, aanhoudend* sal wees, sal dit terselfdertyd die mooiste, *soetste en teerste* lied wees wat jy nog ooit gehoor het, soos harpspelers wat hulle harpe bespeel. Die majestueuse en die tere, die verhewe en die skone word pragtig gekombineer in hierdie nuwe lied. Dit sal 'n *nuwe* lied [137] wees, want dit beskryf 'n *nuwe* ervaring: die eenhonderd-vier-en-veertig-duisend is uit die aarde gekoop! Elkeen van die verlostes sing hierdie lied voor die Troon – want daarop sit God en die Lam – en voor die engele en voor die ganse kerk in heerlikheid. Terwyl hierdie lied die ervaring bevestig van vrygekoop te wees van die aarde deur die bloed van die Lam, volg dit dat net hulle wat hierdie ervaring deurgemaak het, hierdie lied kon leer. Hierdie eenhonderd-vier-en-veertig-duisend is maagde: d.w.s. hulle is nie besoedel nie. Hulle het nie aan Christus ontrou geword nie. Hulle volg Hom waar Hy ook al gaan. Vgl. II Kor. 11:2: Christus het vir hulle gesterf. Een van die gevolge van sy dood vir hulle was die reinigende werk van die Heilige Gees in hulle harte, waardeur hulle afgesonder is van die sondige lewe en gesprekke van mense. Vgl. I Kor. 6:20. Let veral daarop dat hierdie eenhonderd-vier-en-veertig-duisend die eersteling-vrugte vir God en vir die Lam is, in die sin dat hulle *uit die mensdom* vrygekoop is. Met ander woorde, daar was 'n skeiding: die eerstelinge is vir die Here. As sodanig is hulle dan afgesonder van mense in die algemeen. Vgl. Jak. 1:18. Die wêreld van die mensdom wat ryp word vir die eindoordeel, word dikwels vergelyk met 'n oes, Matt. 9:37; Luk. 10:2; Joh. 4:35. Dit is die simboliek van hierdie hoofstuk, Openb. 14:14 e.v. Hier is die eerstelinge ook vir die Here, verse 14-16; die res is vir Satan, verse 17-20. Die simboliek berus op die O.T.-wet aangaande die eerstelinge. Al die eerstelinge is aan die Here geoffer, waarna die Israeliete vry was om die res te gebruik, Ex. 23:19; Num. 15:20; 18:12; Deut. 26:2; Neh. 10:35, 37.[26] Net so het ons hier 'n kontras tussen die eerstelinge aan die een kant, en mense in die algemeen aan die ander kant. Daarom, al die verlostes, die volle getal uitverkorenes, word ingesluit in hierdie eerstelinge. Wat ook al nie aan die eerstelinge behoort nie, is nie vir die Here nie, is nie uitverkore nie. Hierdie eenhonderd-vier-en-veertig-duisend is nie eerstelinge teenoor ander gelowiges nie. Hulle vorm nie 'n soort uitgesoekte groep in die hemel, 'n groep super-heiliges nie. Hulle is die eerstelinge, "gekoop uit die *mense".* Dit is ook duidelik uit die feit dat hierdie eenhonderd-vier-en-veertig-duisend "met sy Naam en die Naam van sy Vader op hulle voorhoofde geskryf" verskyn, Openb. 14:1. As sodanig is hulle die teenoorgestelde van "die klein en die groot, die ryke en die arme, die vrygemaaktes en die slaaf" wat die merk van die dier op hulle regterhand en hulle voorhoofde ontvang, 13:16. *Alle gelowiges* – sonder uitsondering – word verseël met die naam van God en van die Lam. Sien bl. 96 e.v. Net so word al die uitgeworpenes, almal wat hulleself verhard het in sonde en ongeloof, gebrandmerk. Almal sonder uitsondering. Weer, *al* die verlostes – nie slegs 'n uitgesoekte groepie superheiliges nie – sing [138] die nuwe lied in heerlikheid. Niemand van die ander kan dit leer nie. Hoofstuk 7:1-8 beskryf die Strydende Kerk hier op aarde. Hoofstuk 7:9-17 skilder die Triomferende Kerk in die hemel. Hier in Hoofstuk 14 word dieselfde Triomferende Kerk voorgestel, in sy hemelse geseëndheid en

[26] Sien artikel "Firstfruits", in *I.S.B.E.*

heiligheid.[27] Hierdie eenhonderd-vier-en-veertig-duisend het nie Satan se leuen aanvaar nie. Daarom is hulle in Christus vlekkeloos. Vgl. Ex. 12:5; Lev. 1:3; 19:2; Matt. 5:48.

Net soos gelowiges in Openb. 11:12 beskryf word as: "opgevaar na die hemel in 'n wolk", terwyl die volgende vers ons terugneem na toestande op aarde *voor* die oordeelsdag – sien ons aantekening – so word hier in hoofstuk 14, nadat ons die saligheid van die verlostes gesien het, ons teruggevoer na die gebeurtenisse wat sal plaasvind net voor die wederkoms. Die drie engele van verse 6, 8 en 9 behoort bymekaar. Hulle het een doel, naamlik om die mensdom te waarsku in verband met die komende oordeel, sodat die mens hom na God sal bekeer in ware geloof.

Die eerste engel word gestuur aan "die bewoners van die aarde". Dit karakteriseer die mense in die algemeen op die vooraand van die oordeel: hulle *bewoon* die aarde. Hulle is sorgeloos, onverskillig, onbekommerd, lusteloos en traak-my-nie-agtig. Dink aan 'n kunstenaar wat 'n gerieflike plek op 'n seerots gevind het van waar hy die skoonheid van die dorp en sy omstreke kan skilder. Hy is heeltemal onbewus daarvan dat die inkomende gety om die voet van die rots spoel. So verdiep is hy in sy skildery dat hy geen aandag gee aan die branders wat teen die rots aanstorm nie. Hy sit en sit net, weggevoer deur sy skilderwerk. Later sal die branders hom oorspoel. So sal, net voor die finale oordeel, die mense in die algemeen betower wees deur aardse wonders, in so 'n mate dat hulle nie sal opmerk dat die oordeel hulle bekruip nie, dat dit nader en nader kom nie. Hulle is onbewus van die gevaar . . . totdat dit te laat is. Vgl. Luk. 17:26. 'n Engel verskyn aan hierdie sorgelose mense, hy vlieg in die middel van die lug sodat hy deur almal gehoor kan word, en sê: "Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom," Openb. 14:7. Niemand wat in ongeloof volhard, sal vrykom nie, want God is die Almagtige "wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het", Openb. 14:7. Vir die volk van God is hierdie aankondiging van die komende oordeel nogtans goeie tyding, want dit beteken hulle verlossing, Hab. 3:13 e.v.; Mal. 4:1 e.v. Daarbenewens sal al die beloftes van God dan geseënde werklikheid word wat vir ewig sal duur.

Die tweede engel volg en sê: "Geval, geval het Babilon die groot stad, omdat sy al die nasies laat drink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery," Openb. 14:8.

[139] Babilon is die wêreldsentrum van verleiding. Hier word van sy toekomstige val gepraat asof dit alreeds gebeur het. Só seker is hierdie val! Daarom, laat die goddelose hom bekeer van sy hoerery: afval, aanbidding van die dier. Vir 'n meer gedetailleerde beskrywing van Babilon, sien ons verduideliking van hoofstukke 17-19, bl. 149 e.v. Let daarop dat die draak helpers het: die dier uit die see, die dier uit die aarde, Babilon.

Die derde engel volg: In baie ernstige taal – sien verse 9 en 10 – kondig hy aan dat almal wat aan hierdie wêreld geheg is, saam met die wêreld sal vergaan. As jy kies om Satan te dien, moet jy verwag om die gevolge daarvan te dra. Oor die sinsnede "die merk op die voorhoof ontvang", sien die verduideliking van Openb. 13:16, bl. 134 e.v. Jy kan nie sondig en reken dat jy niks sal oorkom nie. Die toorn van God sal uitgegiet word oor die wat die dier aanbid. Hier op aarde word hierdie toorn nog vermeng met genade. Die Here laat sy son skyn op slegtes sowel as goeies, en stuur sy reën op die regverdige en die onregverdige, Matt. 5:45. Later, in die verderf, sal sy toorn onvermeng wees! Dit sal pyniging met vuur en swawel wees. En tog, so absoluut regverdig sal hierdie straf wees, dat die engele en die Lam daarmee sal saamstem. Hierdie oordeel eindig nooit nie, volgens die duidelike taal van vers 11. Die feit dat hierdie nimmereindigende straf wag op hulle wat die kerk vervolg en die Here haat, behoort die gelowiges te bemoedig om te volhard onder beproewinge en sorge, vers 12. Selfs al word hierdie gelowiges gedood omdat hulle aan die gebooie van God en die geloof in Christus vashou, is hulle heerlikheid verseker:

"En ek het 'n stem uit die hemel aan my hoor sê: Skryf – salig is van nou af die dode

[27] R. C. H. Lenski, *op. cit.,* p. 425.

wat in die Here sterwe. Ja, sê die Gees, sodat hulle kan rus van hulle arbeid, en hulle werke volg met hulle," Openb. 14:13. Die heerlikheid van die verlostes is beskrywe. Sien hoofstukke 2, 3, 7, 14:1-5. Hulle wat van nou af in die Here sterwe, sien van aangesig tot aangesig die Een wat vir hulle gesterf het en wat altyd leef om vir hulle in te tree. Hulle sien Hom nou as die Lam wat geslag is. Hulle sien Hom in die heerlikheid van sy menslike natuur wat Hy saam met Hom na die hemel geneem het. Hulle sien hom as die Een wat geseëvier het oor sonde, dood, Satan! Hulle rus van hulle arbeid, maar tog volg hul werke hulle na. Dit is nie alleen waar in die sin dat hulle werke die gevolg en, deur genade, die oorsprong is van hul wese wat, volkome heilig, saam met hulle hemel toe gaan nie; maar ook in die sin dat hierdie werke nou beloon sal word met die beloning van genade en heerlikheid; sien verse 14-16.

So het die finale oordeel dan aangebreek. Dit word beskryf[28] met die [140] simbool van 'n tweevoudige oes. Die apostel sien 'n wit wolk: wit, wat reinheid en heiligheid aandui; die wolk simboliseer oordeel. Sien 1-7. Op die wolk sit "Een soos 'n Menseseun", Jesus. Vgl. Daniël 7:13 en sien ons uitleg van Openb. 1:13. Op sy hoof is nie die kroon van dorings nie, maar die kroon of krans van oorwinning, die goue *stephanos*.[29] In sy regterhand hou Hy 'n skerp sekel. Hy is gereed vir die oes. Die oes is sy eie, want die mense wat daarmee gesimboliseer word, is die eerstelinge. Sien bl. 136 e.v. Waar die tyd vir die eindoordeel nou aangebreek het, kom 'n engel uit die heiligdom, die plek van God se heiligheid. Hy dra God se boodskap na die Middelaar, Christus. Hierdie engel sê met 'n luide stem: "Slaan u sekel in en maai, want die uur het vir U gekom om te maai, omdat die oes uit die aarde oorryp geword het," Openb. 3:15. Matt. 3:12 is 'n genoegsame kommentaar: "Hy sal sy dorsvloer deur en deur skoonmaak en sy koring in die skuur saambring." Dus, die sekel word op die aarde ingeslaan en die aarde is geoes: die uitverkorenes is tot Hom versamel.

Eindelik, die oordeel van die goddelose. Dit word uitgevoer deur twee engele. 'n Engel kom uit die heiligdom, dit wil sê, hy het bevele ontvang van die Heilige God. In sy hand hou hierdie engel ook 'n skerp sekel. Nog 'n engel kom nou van die altaar. Sien 6:9, 10; 8:3-5. Dit is die altaar vanwaar die wierookgebede van al die heiliges na die Troon opgestyg het. Die oordeel van die goddelose is God se finale antwoord op hierdie gebede. Die tweede engel roep na die eerste: "Steek jou skerp sekel in en samel die trosse van die wingerdstok van die aarde in, want sy druiwe het ryp geword," Openb. 14:18. Vgl. Jes. 63:1-6. Die wingerdstok van die aarde simboliseer die volle getal goddelose mense; sy druiwe is die individuele ongelowiges. Net soos druiwe gepars word, getrap word, gebreek word, so gaan die goddelose vernietig word, ewigdurend gestraf word. Die druiwe word in die groot wynpers van die toorn van God gegooi en gepars. Dit word in die visioen wat Johannes sien, 'n meer van bloed. Dit is so diep dat die perde daarin kan swem. Dit sprei uit in alle rigtings so ver as sestienhonderd stadia. Onthou dat *vier* die getal van die heelal is, van die aarde. Dit is die oordeel van die aarde, van die goddelose. Tien is die getal van volkomenheid.[30] Vandaar sestienhonderd, wat die totaal is van vier maai vier maai tien maai tien, en dit wil aandui dat dit 'n absoluut volkome oordeel van die aarde, van die goddelose is. En die wynpers van God se oordeel en toorn is getrap buitekant die Heilige Stad!

---

[28] "Beskrywe" is nou die korrekte woord. Sien hoofstuk 4, p. 27.

[29] R. C. Trench, *Synonyms of the N.T.,* p. 74, oor die onderskeid tussen *stephanos* en kroon *(diadema).* Hoewel die *stephanos* die oorwinnaarskrans is, is daardie oorwinnaar soms gesien as 'n koning, sodat daar nie altyd 'n baie duidelike onderskeid is tussen die twee terme nie.

[30] C. W. Wishart, *op. cit.,* p. 23.

## [141] 12. Maar ooreenkomstig jou verhardheid en onbekeerlike hart vergader jy vir jou toorn as 'n skat

*In hierdie hoofstuk gee ons 'n kort verduideliking van Openb. 15,16.*

In die geskiedenis van die wêreld is daar 'n definitiewe orde van gebeure wat gedurig herhaal word, duidelik merkbaar:

Deur die prediking van die Woord wat deur die werking van die Heilige Gees toegang tot menseharte vind, word kerke tot stand gebring. Keer op keer gebeur dit. Hulle is ligdraers – kandelaars – te midde van 'n wêreld wat in duisternis lê. Hulle is geseën met die voortdurende geestelike teenwoordigheid van Christus, hoofstukke 1-3.

Keer op keer word Gods volk deur die wêreld vervolg. Hulle word aan baie beproewings en kwellings onderwerp, hoofstukke 4-7.

Keer op keer word die vervolgsieke wêreld besoek deur God se oordele. Hierdie oordele faal telkens daarin om mense tot berou te beweeg, hoofstukke 8-11.

Keer op keer wys hierdie konflik tussen die kerk en die wêreld heen na 'n dieper, meer fundamentele stryd tussen Christus en Satan, tussen die "saad van die vrou" en die "draak", hoofstukke 12-14.

Nou ontstaan die vraag: as die basuine van oordeel, die aanvangsplae in die geskiedenis nie daarin slaag om berou en bekering teweeg te bring nie, wat dan? Laat God sulke onberoulikheid, sulke hardheid van hart ongestraf bly tot die eindoordeel van die laaste dag? Moet ons dit so beskou dat Gods toorn geheel en al ingehoue bly tot by die wederkoms, tot die parstyd wat in hoofstuk 14 beskryf word? Hierdie vraag word in die betrokke visioen beantwoord. Die antwoord is kortliks die volgende: Wanneer die goddelose ook al in die geskiedenis in gebreke bly om berou te toon in antwoord op die aanvanklike en gedeeltelike openbaring van God se toorn d.m.v. oordele, volg die finale uitstorting van sy gramskap. Finaal, dog nie volledig tot op die oordeelsdag nie. Hierdie plae is die laaste. Hulle laat geen geleentheid meer vir berou nie. Wanneer die goddelose, wat dikwels deur die basuine van oordeel [142] gewaarsku is, daarmee volhou om hulle hart te verhard, stort die dood hulle uiteindelik in die hande van 'n toornige God. Maar selfs nog voordat hulle sterf, mag hulle alreeds die tydgrens oorskry het tussen God se geduld en sy toorn, Ex. 10:27; Matt. 12:32;Rom. 1:24; 1 Joh.5:16.

So word God se finale toorn keer op keer openbaar dwarsdeur die geskiedenis van die wêreld: dit tref nou hierdie een en dan weer 'n ander. Dit word uitgegiet oor die *onboetvaardiges,* 9:21; 16:9. So word 'n baie duidelike skakel tot stand gebring tussen die visioen van die basuine, hoofstukke 8-11, en die van die skale, hoofstukke 15, 16. Basuine *waarsku;* skale word *uitgegiet.* Tog is die verband tussen hoofstukke 12-14 en hoofstukke 15, 16 net so nou. Hierdie onboetvaardiges is die mense wat die merk van die dier ontvang, 16:2; 13:16, 17. Hulle aanbid die draak en is vriende van die twee diere en die hoer, Babilon.

So gesien, merk ons op dat die visioen van die skale van grimmigheid parallel loop met al die ander en, net soos hulle, die hele bedeling dek. Laat ons dit bewys:

In die eerste plek lyk dit of die noue ooreenkoms tussen die visioen van die basuine en die van die skale – waarop ons reeds gewys het[1] – impliseer dat albei na dieselfde tydperk verwys.[2] As die visioen van die basuine na die teenswoordige bedeling verwys, die van die skale ook.

In die tweede plek *eindig* die visioen van die skale net soos die voriges, t.w. met 'n oordeelstoneel, Openb. 16:15-21. Daarom lyk dit asof ons hieruit kan aflei dat die eerste ses skale na reekse gebeurtenisse verwys wat die eindoordeel voorafgaan.

---

[1] Hoofstuk 2, p. 12.

[2] Sien die uitmuntende paragraaf van Principal Fairburn, aangehaal deur S. L. Morris, *The Drama of Christianity, p.* 96.

In die derde plek, let op die baie interessante feit dat die vyfde visioen van die skale 'n inleiding het wat byna identies is met die gedeelte wat die vierde visioen inlei. Vgl. Openb. 12:1 met Openb. 15:1. Openb. 12 neem ons baie duidelik terug na die oomblik van Christus se geboorte en hemelvaart. Is dit nie redelik om te aanvaar dat Openb. 15, 16, dieselfde doen en dat dit ook die *hele* periode tussen die eerste koms en die wederkoms beskryf nie?

In die vierde plek, let op dat die skale uitgegiet word op die mense wat die merk van die dier het. Daardie karakterisering is baie algemeen en geld almal wat die draak aanbid dwarsdeur die geskiedenis van die wêreld, veral tydens hierdie hele bedeling.

Ten slotte word u aandag gevestig op die feit dat ons in hierdie vyfde visioen 'n beskrywing het van presies dieselfde bose magte as in die vierde. Die draak, die dier wat uit die see opkom en die dier wat uit die aarde opkom, in visioen IV, stem presies ooreen met die draak, die dier en die valse profeet in visioen V. Sien Openb. 16:13. Daarom strek die [143] twee visioene klaarblyklik oor dieselfde periode, die tydvak tussen Christus se eerste koms en sy wederkoms.

Tog openbaar hierdie gees van onafhanklikheid hom al duideliker namate ons die laaste dag nader. Daarom is die visioen van die skale, alhoewel dit hierdie hele bedeling dek, in besonder van toepassing op die oordeelsdag en op toestande wat dit onmiddellik voorafgaan.

Johannes sien 'n ander groot en wonderlike teken in die hemel. Hy het reeds die teken van die stralende vrou en haar kind gesien, Openb. 12:1,2; asook die teken van die groot, rooi draak wat hulle bedreig het, Openb. 12:3,4; nou sien hy 'n ander teken wat die drieluik voltooi: die sewe laaste plae waarmee God hulle getref het wat die draak aanbid. Sewe engele gooi hierdie sewe plae uit waarmee God se brandende toorn sy doel bereik. Hierdie doel is die eindoordeel. Hierdie sewe plae – sewe simboliseer goddelike volmaaktheid en volledigheid – lei na hierdie doel. As God eenmaal sy Gees van die goddelose weerhou, sodat hulle verhard word, is daar werklik niks wat hulle verdoemenis op die dag van die eindoordeel kan verhinder nie. Daarom word God se toorn tot sy einddoel gebring d.m.v. hierdie sewe plae wat hierdie hele bedeling dek.

Die apostel gaan ons vertel van hierdie sewe engele met hulle skale van grimmigheid. Maar voordat hy dit doen, wys hy ons die Triomferende Kerk ná die laaste dag. Nadat al hierdie skale van grimmigheid uitgegooi is, wat gaan hierdie skare van oorwinnaars sê? Johannes sien 'n see. Op die seekus staan 'n triomferende menigte. Hulle speel op hulle harpe en sing die lied van Moses en van die Lam. Klaarblyklik is hierdie visioen gebaseer op die geskiedenis van die verdrinking van Farao se leërmag in die Rooi See. Toe het daar ook 'n triomferende volk by die see gestaan en 'n lied van verlossing en oorwinning gesing:

"Ek wil sing tot eer van die Here, want Hy is hoog verhewe.

Die perd en sy ruiter het Hy in die see gewerp." Ex. 15:1.

Hierdie oorwinning oor die Egiptenaars was 'n voorafskaduwing van die oorwinning van al God se verlostes oor die dier, sy beeld, sy getal. Daarom word die lied wat die Triomferende Kerk sing, die lied van Moses en van die Lam genoem. In albei gevalle was dit die Lam wat die oorwinning gegee het. Moses het slegs God se wil uitgevoer en is daarom God se dienskneg genoem.

Let egter daarop dat die see wat Johannes sien, 'n see van *glas* is, gemeng met *vuur:* dit simboliseer die onmiskenbare geregtigheid van God soos geopenbaar in die oordele oor die goddelose. Vgl. vers 4b: "omdat u regverdige dade *openbaar* geword het".

[144] Net soos Israel dan sy oorwinning aan God toegeskryf het, so verkondig hierdie triomferende menigte wat Johannes aanskou, dat God die Een is wat aan sy volk oorwinning gegee het. Selfs hulle harpe behoort aan God; Hy het dit aan hierdie oorwinnaars gegee. Daarom prys hulle God se *dade* van oordeel, sy *metodes* – die

beginsels wat ten grondslag van sy werke lê – en sy *Naam* of openbaring. Hulle verklaar voorts dat die ganse heelal aan die einde die regverdige aard van al God se vonnisse sal moet erken. Is die goddelose nie gewaarsku deur die basuine van oordeel nie? Daarom, wanneer hulle, in plaas van berou te toon, hulleself verhard, is dit dan nie geheel en al hulle eie skuld nie? So word die regverdigheid van God se finale vonnisse, van sy skale van grimmigheid, vertoon. Ná die eindoordeel sal die Triomferende Kerk dit duidelik sien en God verheerlik.

Aangesien God se laaste plae in elke opsig regverdig is, inderdaad, so duidelik regverdig dat die Triomferende Kerk God sal prys vanweë die regverdige strawwe wat Hy uitgestort het op die onboetvaardiges, laat die apostel nou die triomferende menigte van die toekoms en keer hy terug na die huidige bedeling. Wat sien hy? Die heiligdom (tempel) van die tent van die getuienis is oopgemaak. Dit is die heiligdom wat die ark van die verbond bevat. En daardie ark bevat "die getuienis", Ex. 25:16, 21; 38:21; Num. 1:50, 53; 9:15; 10:11. Hierdie heiligdom is nou oopgemaak sodat ons kan verstaan dat die toorn wat nou geopenbaar sal word, *God* se toorn is. Uit die geopende tempel kom die sewe engele te voorskyn. Hierdie engele is geklee met rein, blink linne, en om die bors omgord met goue gordels. Een van die vier lewende wesens – vgl. Openb. 4:6 – sit in die hande van elk van hierdie sewe engele 'n skaal. Hierdie skale is van *goud,* want hulle word in diens van God gebruik. Hulle is *vol,* om die hewigheid en ongetemperde aard van God se toorn aan te dui. Dit is *ewigdurende* toorn, want dit kom van die ewig-lewende God. Die tempel is gevul met rook: 'n simbool van die volle en deeglike werking van God se heilige toorn, Jes. 6:4; 14:31; Openb. 14:11; 18:8. Niemand kon ingaan in die tempel voordat die sewe plae van die sewe engele voleindig was nie, d.w.s. bemiddeling was nie meer moontlik nie. God het in sy toorn sy tere genade toegesluit, Ps.77:10.

Johannes hoor die stem van die Almagtige. Dit is 'n groot stem, want die Here is vol toorn vanweë die onboetvaardigheid van die volgelinge van Satan. Die stem sê:

"Gaan gooi die skale van die grimmigheid van God op die aarde uit." By 'n studie van hierdie skale moet gelet word op die treffende ooreenkoms met sommige van die plae van Egipte. Hierdie plae wat in Ex. 7-10 [145] opgeteken is, is 'n voorafskaduwing van al die openbarings van God se toorn oor die goddelose. Vgl. Deut. 28:20 e.v. Dwarsdeur die geskiedenis, en in besonder gedurende hierdie hele nuwe bedeling, gebruik God elke afdeling van die heelal om die goddelose en onboetvaardige vervolgers van sy volk te straf. Wie ook al weier om gewaarsku te word deur die basuine van oordeel – Openb. 8-11 – word "vernietig" deur die skale van grimmigheid. Vir die een persoon mag 'n sekere onheil 'n basuin van oordeel wees, terwyl daardie selfde gebeurtenis vir iemand anders 'n skaal van grimmigheid mag wees. So dien die siekte wat koning Herodes Agrippa I in die hel gestort het as 'n waarskuwing aan ander. Hulle wat onboetvaardig bly, sal vervloek wees in die stad en vervloek in die veld, Deut. 28:16.

Somtyds gebruik onse Here bose en ongeneeslike swere of enige ander ongeneeslike siekte om die goddelose in die hel te dompel, die eerste skaal. Vgl. Ex. 9:10; Deut. 28:27; Hand. 12:23. Dink aan Herodes en onthou dat onse Here dwarsdeur hierdie hele bedeling altyd op hierdie selfde manier handel. Vir die gelowiges in Christus is die beproewings van die vlees nooit skale van grimmigheid nie. Vgl. Rom. 8:28. Daarom lees ons dat hierdie plaag slegs die wat die merk van die dier had, aangetas het. Vgl. Openb. 13:15-17.

Somtyds word die see gebruik as instrument van vernietiging, die tweede skaal. Vgl. Ex. 7:17-21; 15:1; Ps. 48: 8; 78:53. Die see – soos Johannes dit in die visioen sien – het verander in bloed soos van 'n dooie, gestolde bloed wat 'n slegte reuk afgee. Ook hier moet ons onthou dat alhoewel die simbool gewortel is in die Ou-Testamentiese geskiedenis, die see voortdurend vir daardie selfde doel gebruik word. Net soos alle seerampe waarskuwings bevat aan die goddelose, so word die onboetvaardige ook d.m.v. sommige van hierdie rampe in die hel gestort. Dit gebeur herhaaldelik dwarsdeur die geskiedenis.

Of anders is die vloek op riviere en fonteine, wat hulle in bloed verander, die derde skaal. Vgl. Ex. 7:24; 1 Kon. 17:1; 18:5, 40. Die engel van die waters kondig die regverdigheid van God aan wat op so 'n manier die onboetvaardige straf. Dit is regverdige vergelding:

"Want hulle het die bloed van heiliges en profete vergiet,
en U het aan hulle bloed gegee om te drink," Openb. 16:6.

Onder die altaar het die siele van die martelare geroep om wraak. Vgl. 6:9; 8:3-5. Daarom, toe hierdie vergelding uitgevoer is, is dit die altaar

wat antwoord: "Ja, Here God, Almagtige, waaragtig en regverdig is u oordele." Dikwels laat die Here die son toe om die goddelose te skroei, die [146] vierde skaal. Vgl. Deut. 28:22. "Die Here sal jou swaar tref met vurige koors." Maar hierdie mense word nie geheilig deur hulle lyding nie. Inteendeel, hulle word selfs nog meer goddeloos en vloek die God van die hemel wat mag had oor hierdie plae. Hulle het geen berou nie. Ons sien heel geredelik dat hierdie beskrywing waar is ten opsigte van alle onboetvaardige vervolgers van Christus en sy kerk dwarsdeur hierdie hele bedeling.

Ook op die troon van die dier word God se toorn soms uitgestort, die vyfde skaal. Hierdie troon van die dier is die middelpunt van antichristelike regering. Vgl. Nah. 3:1; Hab. 3:12-14. Wanneer Assirië val, of Babilon, of Rome, lyk dit of die hele heelal van die onboetvaardige in duie stort. Vgl. Openb. 17:9 e.v. Die goddelose verloor al hulle moed. Hulle wanhoop. Hulle kou hulle tonge aanhoudend van pyn, nie net as gevolg van hierdie plaag nie, maar ook as gevolg van die swere wat hulle gekry het toe die eerste skaal uitgegiet is.

Let op dat die finaliteitsaspek in die skale beklemtoon word. Waar daar net een-derde van die lewende wesens in die see gedood is met die tweede basuin, was die vernietiging wat deur die tweede *skaal* tot stand gebring is, volkome: "al die lewende wesens" het gesterf. Verder, terwyl 'n derde deel van die waters met die derde basuin in gal verander het, word ál die water hier in bloed verander, ens. Dit is God se *finale* toorn.

En nou Armageddon, die sesde skaal. Sien bl. 116; 128-9, 164-5, 176-7.

Die afgelope tyd is ons toegegooi onder preke en lesings oor Armageddon. Sien die aantekening vir 'n beskrywing van verskillende teorieë wat ons verwerp.[3]

Om nou by die korrekte interpretasie van hierdie slag te kom, laat ons begin deur kortliks die O.T.-geskiedenis na te gaan waarin die simbool waarskynlik gewortel is. Ons vind dit in Rigt. 4, 5. Israel is weer in ellende. Hierdie keer is koning Jabin, die Kanaäniet, die verdrukker. Die rowers gaan uit en verwoes die velde en plunder die

---

[3] Ons het die volgende beskouings gevind:

(a) Hulle volgens wie die slag van Armageddon plaasvind tussen twee groepe nasies wat vandag bestaan; bv. Rusland en die Mohammedaanse volkere teen die Angel-Saksiese wêreld; of Rusland, Italië en Japan teen Engeland, Frankryk en V.S.A.; of Duitsland, Italië en Japan teen Frankryk, Engeland en V.S.A.

(b) Dan is daar die teorie waarvolgens die slag van Armageddon die stryd is tussen heidendom en die evangelie van Christus. Die swaard wat uit Christus se mond uitgaan, word verklaar as die evangelic. Maar volgens Openb. 2: 16 word hierdie swaard klaarblyklik gebruik vir vernietiging en nie vir bekering nie. Sien ook Openb. 19:15: "... om die nasies daarmee te slaan". Die hele opset is die van toorn en vernietiging. Let op die uitdrukking: "die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God". Daarom kan ons nie saamstem met die standpunt van dr. A. Pieters wat hy in sy uitstekende boek verdedig nie, *The Lamb, The Woman and the Dragon,* p. 275 e.v.

(c) 'n Baie algemene teorie is die wat deur die Premillennialiste bepleit word. Volgens hulle moet hierdie slag (oorlog) letterlik gesien word. Dit vind plaas net ná die sewe jaar van verdrukking hier op aarde en die bruilof van die Lam daar bo. Goddelose nasies beleër Jerusalem. Christus en sy heiliges daal skielik neer uit die hemel om die beleërde Jode te red. Sien C. E. Brown, *The Hope of His Coming,* p. 231

oeste van die Israeliete. So talryk is hierdie plunderaars dat die Israeliete gaan wegkruip en bang is om op die hoofpaaie te verskyn, Rigt. 5:6. Maar kan hulle nie oorlog voer en hierdie Kanaäniete uitdryf nie? Oorlog voer? Nee, u verstaan nie, koning Jabin en generaal Sisera is sterk. Hulle het negehonderd ysterwaens! En Israel? Hulle het nie eens 'n spies of 'n skild nie, Rigt. 5:8. Moet die volk sterf ?

In die gebergte van Efraim woon Debora, Rigt. 4:5. Vra haar of Israel koning Jabin en generaal Sisera kan verslaan. Sy sal antwoord: "Nee, Israel kan nie, maar *die Here God* kan ... en sal! " Eendag sê sy aan Barak, die rigter: "Maak jou klaar, want dit is die dag waarop die [147] Here Sisera in jou hand gee. Trek die Here nie voor jou uit nie?" 'n Geveg vind plaas. Waar? By Megiddo, Rigt. 5:19. In hierdie geveg word Israel se vyand totaal verslaan. Jahwe self het Israel se vyande verslaan. "Tree op my siel, met mag! " Rigt. 5:21. "Uit die hemel het die sterre geveg, uit hulle bane het hulle teen Sisera geveg," Rigt. 5:20.

Armageddon is daarom die simbool van elke veldslag waarin, wanneer die nood op sy hoogste is en die gelowiges verdruk word, die Here skielik in die belang van sy bekommerde volk sy mag openbaar en die vyand verslaan. Wanneer Sanherib se honderd-vyf-en-tagtigduisend verslaan word deur die engel van die Here, is dit 'n voorafskaduwing van die uiteindelike Armageddon, 2 Kon. 19:35. As God aan 'n handjie-vol Makkabeërs 'n heerlike oorwinning gee oor 'n vyand wat hulle oorskadu in getalle, dan is dit 'n soort Armageddon. Wanneer die Here die kleine Holland verlos van die Spaanse verdrukker, dan is dit 'n afskaduwing van Armageddon.

Maar die ware, die groot, die finale Armageddon val saam met die tyd van Satan se kort tydjie. Sien Openb. 11:7-11, bl. 116. Wanneer die wêreld onder die leierskap van Satan, antichristelike regerings, antichristelike godsdiens – die draak, die dier, die valse profeet – teen die kerk vergader word vir die finale veldslag, en die nood op sy hoogste is; wanneer God se kinders, verdruk van elke kant, om hulp roep; dan sal Christus skielik, dramaties verskyn om sy volk te verlos. *Daardie laaste verdrukking en verskyning van Christus op wolke van heerlikheid om sy volk te verlos, dit is Armageddon.* Dit is om hierdie rede dat Armageddon die *sesde* skaal is. Die *sewende* is die oordeelsdag. Soos ons aangedui het, is hierdie sesde skaal, sowel as die voorafgaandes keer op keer sigbaar in die geskiedenis. Tog bereik dit, soos die ander skale, hul finale en mees volkome verwesenliking net voor en in direkte verband met die laaste dag.

Vandaar dat Johannes sien dat die sesde skaal uitgegiet word op die Eufraatrivier. Hierdie rivier verteenwoordig Assirië, Babilonië, die goddelose wêreld. Wanneer dit gesê word dat die rivier opdroog, word die weg berei sodat al die antichristelike magte die aanval op die kerk kan maak. Die apostel sien uit die mond van die draak (Satan) en uit die mond van die dier (antichristelike regering) en uit die mond van die valse profeet (antichristelike godsdiens) drie onrein geeste voortkom. Hierdie geeste of demone word vergelyk met paddas om daarmee hulle afskuwelike, walglike en afstootlike aard aan te dui. Hulle verteenwoordig sataniese, helse idees, planne, projekte, metodes, ondernemings, uit die hel gebore en deur die hel ingevoer in die sfeer van denke en aksie.[4] Wanneer die konings van die aarde dus saamstaan om oorlog te maak teen [148] die gelowiges, is hierdie oorlog of vervolging deur die hel self geïnspireer. Hier word baie min gesê oor hierdie laaste oorlog. Maar ons moet onthou dat hierdie selfde geveg van Armageddon beskryf is in 11:7 e.v. – sien ons verduideliking – en in besonder in Openb. 19:11 e.v.; 20:7 e.v. Ons verwys die leser na ons opmerkings oor hierdie paragrawe. Sien bl. 116; 128-9; 146 e.v.; 164-5; 176-7.

Op hierdie oomblik van beproewing en angs, van verdrukking en vervolging, verskyn Christus nou skielik, vers 15. Hy kom soos 'n dief, skielik, onverwags. Vgl. Matt. 24:29 e.v.; Rigt. 4:15; 5:4; Hab. 3:13; 2 Thess. 2: 8 e.v. Daarom, laat die gelowige waaksaam wees. Laat hom sy klere van geregtigheid onbevlek bewaar, sodat sy sonde bedek sal

[4] S. Greijdanus, "De Openbaring des Heeren aan Johannes", in *Korte Verkla-ring,* p. 243 ens.

wees. Vgl. Openb. 3:18; 7:14.

Hierdie gedeelte, net soos die voorafgaandes, eindig met 'n baie duidelike beskrywing van die verskrikking van die eindoordeel, die sewende skaal. Die finale val van Babilon is die vernietigende slag vir hulle wat die merk van die dier dra. Alles waarin hulle vreugde vind, stort nou in duie. Dit is totaal geruïneer. Hierdie skaal word uitgegooi in die lug. Wanneer 'n vloek op die lug val, sterf die lewe op aarde. Daarom hoor Johannes 'n groot stem vanuit die tempel – dit is die stem van God self – wat sê: "Dit is verby." Die finale en volledige openbaring van God se toorn wat so lank teruggehou is, het gekom; die oordeelsdag het aangebreek. Daarom sien die apostel bliksemstrale in die visioen. Hy hoor die rammelinge en donderslae. Hy is getuie van 'n aardbewing, die grootste van alle tye. Die groot stad, Babilon, is opgebreek in drie stukke; dit val uitmekaar. So val die hele antichristelike koninkryk, gesien as die middelpunt van verleiding, die hele koninkryk van die wêreld, uitmekaar, vernietig. Sy stede en nasies is verwoes. In hierdie groot dag van oordeel word dit duidelik dat God oplaas nie die sondes van Babilon vergeet het nie. Sy toorn wat so lank ingehou was, kom nou tot volle uitbarsting. Die wêreld ontvang die beker van die wyn van die grimmigheid van sy toorn. Vgl. Openb. 14:10. Elke eiland vlug weg en die berge kan nie gevind word nie. Sien ons verduideliking van Openb. 6:14, bl. 94 e.v. Johannes, wat in die gees is, sien nou groot haelstene, elke steen omtrent vyftig kilogram in massa, wat neerval op hierdie verharde, onboetvaardige mense. Die betekenis is: in die eindoordeel word die hele koninkryk van die kwaad vernietig. Dit verval geheel en al. Voorts moet u beslis opmerk dat hierdie stene van die *hemel* geval het: hulle simboliseer *God* se oordeel, die finale en volledige uitstorting van sy toorn. Maar selfs in die hel laster hierdie onboetvaardige sondaars God vanweë die grootheid van die plaag en vanweë die hardheid van hulle hart.

[149] # 13. En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid

*In hierdie hoofstuk gee ons 'n kort verduideliking van Openbaring 17-19*

Vyf vyande van die Christus is bekend gestel: die draak, die dier uit die see, die dier uit die aarde of die valse profeet, die hoer, Babilon, en die mense wat die merk van die dier het. Ons het gesien wat met die mense wat hierdie merk ontvang, gebeur, hoofstukke 15, 16. In die huidige visioen wys die apostel ons d.m.v. simboliese prente, wat met Babilon, die dier uit die see en die valse profeet gebeur. Die draak se neerlaag sal beskrywe word in Openb. 20. Sien ons volgende hoofstuk. So toon die boek Openbaring 'n pragtige eenheid en vooruitgang.

Oor die algemeen kan hierdie gedeelte soos volg onderverdeel word: Hoofstuk 17 beskryf die aard van en vertel die geskiedenis van die groot hoer, Babilon.

Hoofstuk 18 toon ons die onafwendbare, volledige en onherroeplike aard van Babilon se val.

Hoofstuk 19 maak ons die blydskap bekend wat in die hemel heers oor die totale omverwerping van Babilon en oor die huwelik van die Lam. Dit stel ook aan ons die Outeur van hierdie oorwinning voor, die Ruiter op die wit perd, wat oor Babilon triomfeer en oor die dier en die valse profeet, en die eindoordeel oor al sy vyande voltrek.

Een van die sewe engele wat die sewe skale gehad het, verskyn aan Johannes. Die feit dat een van hierdie engele verskyn, dui aan dat die visioen een is van ellende oor die goddelose en van voorspoed oor die kerk. Vgl. Openb. 21:9. Hierdie engel praat op 'n vriendelike wyse met Johannes.

"Kom hierheen, ek sal jou toon die oordeel van die groot hoer, wat op die baie waters sit..." ens.

So, *in die gees* – Sien Openb. 1-10 – word Johannes weggevoer na 'n woestyn waar hy 'n skarlakenrooi dier sien. Sien bl. 130 e.v. Dit is die dier uit die see en simboliseer die wêreld as middelpunt van [150] vervolging. Hierdie gees van vervolging vind uitdrukking in die regerings en volkere van hierdie wêreld; in besonder in die groot wêreldryke wat mekaar in die geskiedenis opvolg. Johannes sien hierdie dier in die woestyn, want daarheen het die stralende vrou van Openb. 12 – wat die kerk verteenwoordig – gevlug.

Die dier is nie alleen nie. 'n Vrou sit daarop. Hierdie vrou moet nie verwar word met die stralende vrou van Openb. 12 nie. Hierdie twee is vyande. Die vrou van Openb. 17 – die een wat op die dier sit – is die groot hoer. Sy is oordadig geklee, uitspattig uitgedos. Sy is "met goud versier". Sy is beklee met purper en skarlaken, want sy sit soos 'n koningin. Kosbare stene en pêrels is haar versiersels. Konings van die aarde is haar minnaars. Wêreldlinge word dronk gemaak met die wyn van haar hoerery. In haar hand hou sy 'n beker vol van gruwels: die onreinhede wat aan haar hoerery verbind is. Op haar voorhoof – op 'n band wat om haar voorhoof vasgemaak is? – is 'n naam geskryf: *Verborgenheid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde.* Nie net haar minnaars is dronk nie, maar sy is self ook dronk, nl. met die bloed van die martelaars van Jesus. Johannes is uitermate verwonder. Hy begryp nie die betekenis van hierdie beeld nie. Daarom verduidelik die engel die betekenis, verse 7-18.

Hierdie hoer is klaarblyklik Babilon, 17:5, 18; 19:2, 3.[1] Die vraag is: wat stel Babilon voor? In 'n aantekening verwys ons na teorieë hieroor wat ons verwerp.[2] Om nou te kom

---

[1] A. Pieters, *The Lamb, The Woman and The Dragon,* p. 260.

[2] Ons verwerp die volgende beskouings:

(a) Babilon is die letterlike stad wat herbou sal word op die wal van die Eufraatrivier.

(b) Babilon is die afvallige kerk. Volgens Dean Alford, W. Milligan, S. L. Morris en baie ander. Maar die Babilon van Openb. 17-19 is die hoer, nie die egbreekster nie. Buitendien pas Openb. 18 - veral verse 11-13 - die beskrywing van die wêreldstad; dit kan beswaarlik

tot 'n regte beskouing van die simboliese betekenis van hierdie beeld, moet ons in gedagte hou, in die eerste plek, dat Babilon *die groot hoer* genoem word.[3] M.a.w. dit verwys na alles wat mense bekoor, versoek, verlei en van God af wegtrek.

Tweedens moet ons onthou dat hierdie hoer *'n wêreldse stad* is, t.w. Babilon. Dit herinner ons aan die plesiermal, hoogmoedige en aanmatigende Babilon van ouds.[4] Die beskrywing van hierdie simboliese Babilon van Openb. 17-19 roep vir ons daardie heidense sentrum van goddeloosheid en verleiding, Tirus, in die herinnering. Kyk na die treffende ooreenkoms tussen Openb. 17-19 en Eseg. 27, 28. Bowendien, wanneer ons die opgawe van goedere wat in Babilon gevind is, Openb. 18:11 e.v.v., bestudeer, word dit duidelik dat die simbool verwys na 'n groot industriële en handelstad. Babilon moet daarom die wêreld as 'n sentrum van industrie, handel, kuns, kultuur, ens. aandui, wat d.m.v. al hierdie dinge die gelowige wil verlok en verlei, d.w.s. om hom van God af weg te keer. Dit simboliseer die opeenhoping van die weelde, ondeug en bekoring van hierdie wêreld. Dit is die wêreld gesien as die beliggaming van "die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe", 1 Joh.2:16.

[151] Derdens is Babilon, so gesien, verlede, hede en toekoms. Sy *vorm* verander; sy *wese* bly voortbestaan. Laat ons onthou dat die hoer, Babilon, baie nou verbonde is aan die dier; so nou, in werklikheid, dat dit gesê word dat sy op die dier sit, 17:3. Die dier is dan die hele antichristelike vervolgingsmag dwarsdeur die geskiedenis, beliggaam in opeenvolgende wêreldregerings. Die dier is baie duidelik verlede, hede en toekoms. Lees Openb. 17:8-10. Daarom kom ons tot die gevolgtrekking dat die hoer ook die wêreld as sentrum van antichristelike verleiding verteenwoordig op enige tydstip in die geskiedenis. Dat die hoer, Babilon, in een vorm of beliggaming in Johannes se tyd teenwoordig was, is duidelik uit Openb. 17:9: "Die sewe koppe is sewe berge waar die vrou op sit." Vgl. ook vers 18. Hier is die verwysing duidelik na Rome. Die oppermagtige stad het die konings van die volkere na haar genietinge aangetrek, die regeerders op elke lewensterrein: kuns, industrie, handel, ens. Sien Openb. 17:2. Die apostel sien die Rome van sy tyd, vol van ydelheid, weelde en genietinge. Dit was 'n plesiermal stad. Selfs die heiliges is vir die vermaak van die publiek aan stukke geskeur in sy arenas. Die hoer was dronk van die bloed van die heiliges, Openb. 17:6. Wanneer in Openb. 18:4 die waarskuwing gegee word: "Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê nie . . .", is daardie bevel nie net vir mense bedoel wat naby die einde van die geskiedenis van die wêreld sou leef nie, maar ewe goed vir gelowiges in Johannes se eie dag en tyd; inderdaad, vir gelowiges van alle tye. Babilon is dan die wêreld as sentrum van verleiding op enige tydstip in die geskiedenis; in besonder gedurende hierdie hele huidige bedeling. Die hoer, Babilon, is immer die een wat die bruid, die Nuwe Jerusalem teenstaan, Openb. 21:9 e.v. Albei simbole word bekend gestel deur "een van die sewe engele wat die sewe skale gehad het". Hulle is teenoorgesteldes. Daarom verwys Babilon se val nie net na die *finale* vernietiging van die wêreld, gesien as 'n sentrum van antichristelike kultuur en verleiding ten tyde van Christus se wederkoms nie, maar ook na die uitdelging van elke voorafgaande sametrekking van wêreldse verlokking. Babilon se val geskied dwarsdeur die geskiedenis, maar in besonder op die groot dag van die eindoordeel. Die val van die laaste groot Babilon – Babilon in sy finale vorm – val saam met die koms van onse Here

---

gesê word dat dit aansluit by die idee van die valse kerk. Ten slotte dui die hele geworteldheid in die O.T. profete daarop dat die wêreld Gods volk teenstaan. Ons beskou die "valse kerk"-opvatting heeltemal onmoontlik.

(c) Babilon is Rome. Dit is waar, maar te beperk. Sien ons verduideliking -Ons hoef nie die beskouing te bespreek dat Babilon die Rooms-Katolieke Kerk simboliseer nie.

[3] Babilon word nooit *moichalis,* egbreekster, genoem nie, maar altyd *porne,* hoer. Daarom was Babilon nooit die vrou van die Lam nie. Sy is nie die valse kerk nie. Sien aant. 2 hierbo.

[4] Die Skrifgedeeltes wat bestudeer moet word, wat die fondament uitmaak vir hierdie N.T. simboliek, is die volgende: Gen. 10:10; 11:11; Jes. 13, 14, 21, 46,47,48; Jer. 25,50, 51; Dan. 2; 4:30; 7; Hab. 3. Ook Eseg. 27: die val van Tirus.

vir die oordeel.

Volgens die beeld wat nou gebruik word, hou die hoer 'n goue beker in haar hand. 'n *Goue* beker stel 'n mens in die versoeking om te drink; want jy verwag die mees kosbare drank uit so 'n kosbare beker. Nogtans bevat die beker slegs afskuwelikhede, die onrein dinge wat saamgaan met die vrou se hoerery. Alles wat deur die wêreld gebruik word [152] om gelowiges weg te keer van hulle God af, is in hierdie beker: seks-tydskrifte, sport waardeur 'n mens totaal in beslag geneem word, luukse, wêreldse roem en mag, die luste van die vlees, ens., ens. Laat elkeen maar sy eie lys opstel. Dit sluit dinge in wat op sigself sleg is, asook dinge wat sleg word omdat 'n mens dit nie sien as middels nie, maar as doel op sigself; kuns om die kuns, ens. Die engel vertel aan Johannes die verborgenheid van die vrou en van die dier wat haar dra, verse 7-18. Let op die noue verband tussen die dier – die ryk van die wêreld – en die vrou – verleiding. Dit is in tweeledige sin waar: eerstens, wêreldse mense drink die wyn van die vrou se hoerery, gee hulle oor aan haar genietinge; tweedens, die wêreld as sentrum van weelde, antichristelike kultuur en genietinge werk altyd ten nouste saam in hulle teenstand teen die kerk. Die profeet Bileam was hiervan bewus. Daarom het hy Balak die raad gegee om gebruik te maak van die geslepe kuns van bedrog om Israel te verstrik en te vernietig, Num. 31:16; Judas 11; Openb. 2:14. In die tyd van Johannes het Rome die kerk nie net met die swaard vervolg nie, maar ook geprobeer om gelowiges met die aanloklikhede van die groot stad te verlei. En dieselfde geld ook vandag. Antichristelike regerings vernietig nie alle kerkgeboue nie; hulle omskep party in plekke van wêreldse vermaak! So is die dier en die vrou dwarsdeur hulle lang geskiedenis altyd met mekaar geassosieer. Altyd totdat... die dier teen die vrou draai, verse 16-18.

In vers 8 vertel die engel nou die geskiedenis van die dier. Dit was, en is nie, en staan op die punt om uit die afgrond op te kom. Eerstens *was* die dier; bv. in die vorm van Ou Babilonië, die koninkryk van die magtige Nimrod, in die land van Sinear: "Laat ons vir ons 'n naam maak", Gen. 10:8-11; 11:4; of in die vorm van Assirië met sy trotse hoofstad Nineve; verder het die gees van wêreldse aanmatiging en verdrukking hom weer in Nieu-Babilonië geopenbaar – dink aan Nebukadnesar en die gevangeneming van die Jode – in die koninkryk van die Mede en die Perse; en baie beslis in die Grieks - Macedoniese ryk waaruit die groot voorloper van die uiteindelike Antichris voortgekom het. Antiochus Epifanus van Sirië, 175-164 v.C. *"En is nie."* Al hierdie koninkryke waarin die dier beliggaam was, het tot niet gegaan. Die dier, in die vorm van Ou-Babilonië, Assirië, Nieu-Babilon, Medo-Persië, Grieks-Macedonië *is nie meer nie!* Nogtans – en dit lok die verbasing en bewondering uit van mense wie se name van die grondlegging van die wêreld af nie geskryf was in die boek van die lewe nie – lyk dit asof hierdie dier die vermoë het om opnuut ná elke neerlaag sy kop op te lig. Wêreldlinge wonder wanneer hulle die dier aanskou "hoe dit was en nie is nie, en tog *sal teenwoordig wees".* Hulle merk nie op dat, in [153] watter vorm of watter beliggaming ook al, die dier *na die verdoemenis gaan* nie. Hierdie stelling, soos 'n vergelyking tussen verse 8 en 11 aantoon, is veral waar ten opsigte van die laaste magsopenbaring van die Antichris net voor die wederkoms van Christus. Ook daardie antichristelike ryk sal "na die verdoemenis gaan". So verskyn die dier keer op keer in 'n nuwe beliggaming. Die vorms verander, maar die wese bly voortbestaan dwarsdeur hierdie hele bedeling; ja, dwarsdeur die geskiedenis van die wêreld tot op die oordeelsdag.

En nou gaan die engel die betekenis uitlê van die dier se sewe koppe en tien horings. Oppervlakkig gesien, is die betekenis nie duidelik nie. Daarom moet wysheid dit interpreteer. Vgl. 13:18. Die sewe koppe het 'n tweeledige simboliese betekenis. Dit dui die huidige beliggaming van die dier aan, asook al sy beliggamings dwarsdeur die geskiedenis. Ten eerste, dan, simboliseer hierdie sewe koppe sewe berge, die sewe heuwels van Rome, gesien as stad en as hoofstad van die Romeinse Ryk.[5] Vgl. ook vers 18. Dit is die groot stad wat oor die konings, die magtiges van die wêreld regeer. In die

[5] Die meeste kommentatore, hetsy preteriste of paralleliste - selfs sommige futuriste - gee hierdie punt toe.

tyd van Johannes was dit die sentrum van antichristelike vervolging. Maar dit was ook die sentrum van antichristelike verleiding, bekoring en verlokking: die vrou, die hoer, sit op hierdie sewe heuwels. Ten tweede simboliseer hierdie sewe koppe ook sewe konings, d.w.s. koninkryke. Vgl. Dan. 2, 7. Soos ons reeds aangedui het,[6] bewys die boek van Daniël duidelik dat hierdie sewe koppe nie sewe aparte konings of keisers simboliseer nie, maar sewe antichristelike wêreldryke. Vyf het geval, t.w. Ou-Babilonië, Assirië, Nieu-Babilonië, Medo-Persië en Grieks-Macedonië. Een *is,* nl. Rome. Die sewende het nog nie gekom nie, maar wanneer hy gekom het, moet hy vir 'n kort tydjie bly. Die klem val op die woord *bly.* Is hierdie sewende kop die kollektiewe naam vir alle antichristelike regerings tussen die val van Rome en die finale ryk van die Antichris wat die kerk gaan verdruk in die dae net voor Christus se wederkoms?[7] In die taal van die Apokalips is hierdie ganse evangeliese era maar 'n kort tydjie. Vgl. Openb. 11:2, 3; 12:6, 14; 13:5. Die dier wat "was en nie is nie", is ook die agste, t.w. die finale, mees verskriklike heerskappy van die Antichris teen die einde van die geskiedenis. Vgl. 2 Thess. 2:3 e.v. Dui die sinsnede "hy behoort by die sewe" in 'n sekere sin aan dat een van die vorige antichristelike ryke weer opgerig sal word? En indien dit so is, watter een?[8] In elke geval "gaan hy na die verdoemenis". Sien Openb. 19:20.

En nou die tien konings. Al die magtiges van hierdie aarde op elke gebied: kuns, opvoeding, handel, industrie, regering word aangedui in soverre hulle die sentrale gesag dien. Hulle doel is selfverheerliking *in* [154] *opposisie teen Christus.* Om hierdie doel te bereik, is hulle bereid om hulle mag en gesag aan die dier te oorhandig. Hulle regeer "saam met" die dier vir slegs "een uur". Elke wêreldse heerser het sy handlangers. Gewoonlik hou hulle net "een uur". Al hierdie "horing-konings" het net een opset, t.w. om die dier te help in sy stryd teen Christus en sy kerk. Dat dit hulle gemeenskaplike doel is, word duidelik in vers 14 gestel. Daardie vers, soos alreeds aangedui is,[9] noem die tema van die hele boek:

"Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin – want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings – en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou."

Dwarsdeur die geskiedenis, in besonder dwarsdeur hierdie hele bedeling, oorwin die Lam en sal Hy oorwin oor elke vorm van antichristelike heerskappy. Elke koninkryk van die Antichris gaan tot niet. Dit sal gebeur in die besonder wanneer die Lam teen die einde van die wêreldgeskiedenis die mag van die laaste groot Antichris sal verpletter. Vgl. Openb. 11:11; 16:14 e.v.; 19:11 e.v.; 2 Thess. 2:8. Vir 'n tydjie mag dit lyk asof die antichristelike magte die oorhand verkry het, Openb. 11:7; 13:7; maar wanneer dit lyk asof die Antichris geheel en al oorwin, is sy totale ondergang op hande. So openbaar Christus homself gedurig as Koning van die konings en Here van die here, Deut. 10:17. En die gelowiges oorwin saam met Christus. Deur die onweerstaanbare genade van God is hulle geroep, 1 Pet. 2:9; Rom. 8:30. Hierdie "innerlike" roeping bewys dat hulle van ewigheid af uitverkies is tot verlossing en oorwinning, Ef. 1:4. En hulle eie getrouheid en lojaliteit aan Christus lewer verdere bewyse dat hulle inderdaad Gods kinders is.[10] Vgl. Openb. 1:5; 2:10, ens. Vir 17:15 sien 13:1. Blykbaar het Johannes 'n soort meer of poel gesien. In hierdie poel het hy die dier gesien en op die dier die vrou. Die water van hierdie meer simboliseer die stuwende nasies, volkere, ens., van hierdie wêreld, wat gedurig die kerk teenstaan en vervolg. Vgl. Jer. 51:13.

---

[6] Sien hoofstuk 6, p. 38-39.

[7] Sommige maak van hierdie sewende kop die pousdom; ander: die nomineel Christelike Romeinse Ryk, beginnende met Konstantyn die Grote; nog andere : die Germaanse volkere wat Rome oorweldig het.

[8] Sommige sê Rome; ander is van mening dat, in die een of ander vorm of sin, die ou Babiloniese Ryk weer opgerig sal word of dat toestande wat in daardie ryk bestaan het, sal terugkeer.

[9] Sien hoofstuk 1, 2-3.

[10] S. Greijdanus, *De Openbaring des Heeren aan Johannes,* p. 260.

Vir 'n tydjie lyk dit asof alles goed gaan: die wêreld oor die algemeen en die magtiges veral pleeg owerspel met die groot hoer. Hulle drink uit haar goue beker en word dronk van die wyn van hoerery. Hulle dra die vrou: hulle gee hulleself geheel en al oor aan haar bekorings en verlokkings, haar antichristelike kultuur. Hulle is lief vir die weelde van die wêreld. Die "begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe" gee hulle ontsettende genot. Maar aan die einde, verse 15, 16, draai hierdie selfde mense wat die "antichristelike wêreld" uitmaak, teen die hoer. Wêreldse mense, wat ook die magtiges van hierdie aarde insluit – die tien horings – haat aan [155] die einde die hoer; hulle verwerp haar en ontdoen haar van haar buitensporige skitterende klere en kosbare versiersels; hulle eet haar vlees; en verbrand haar geheel en al. Betekenis: daar kom 'n tyd wanneer hierdie selfde wêreldse mense – wat saam met hulle antichristelike regerings "die dier" uitmaak – wat versot was op die "hoer", d.w.s. op die verleiding van hierdie wêreld, sy genietinge en verlokkings, sy kultuur en weelde, sal sien watter groot dwase hulle was. Maar dan is dit vir ewig te laat. So het bv. Judas Iskariot, wat gedrink het van die goue beker – Mammon was sy god – en wat vir 'n tydjie die dertig silwerstukke so betowerend gevind het, uiteindelik 'n gevoel van weersin ondervind, en hy gooi die geld voor die priesters en ouderlinge neer. Daarna hang hy homself op, Matt. 27:3 e.v.; Hand. 1:18. Die genietinge van die sonde stel op die end teleur. Dwase meisies mag miskien die gesluierde profeet bewonder; wanneer die sluier egter eers verwyder is en hulle sy afskuwelike gelaatstrekke sien, word hulle vervul met wanhoop. God self verhard uiteindelik die hart van hulle wat hulleself teen sy herhaalde waarskuwings verhard het, vers 17. Openb. 17:16, 17 is 'n les vir elke dag. Dit wys die gang van wêreldlinge: eerstens raak hulle versot op die genietinge en skatte van die wêreld en verhard hulleself teen God; dan is hulle verhard; uiteindelik, wanneer dit te laat is, ondervind hulle 'n gevoel van weersin. Hulle word gestraf deur die gevolge van hulle eie dwaasheid.[11]

As die wêreld sy skatte vir ons aanbied, moet ons die voorbeeld van Jesus navolg, Matt. 4:8 e.v. Maak seker dat u daardie gedeeltes lees en dit ter harte neem.

En nou sien Johannes 'n ander engel uit die hemel neerdaal. Hy het groot mag en sy heerlikheid verlig die aarde. Met 'n groot stem roep hy uit:

"Geval, geval het die groot Babilon, (vgl. Jes. 21:9; Jer. 50:2; 51:8.)
en dit het geword 'n woonplek van duiwels,
en 'n versamelplek van allerhande onreine geeste,
en 'n versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls,
omdat al die nasies gedrink het van die wyn
van die grimmigheid van haar hoerery,[12]
en die konings van die aarde met haar gehoereer het,
en die handelaars van die aarde ryk geword het
deur die mag van haar weelderigheid," Openb. 18:2,3.

Hier word Babilon se val aangekondig asof dit alreeds gebeur het; so seker is sy val. Laat dit dien as 'n waarskuwing aan almal! Die totale [156] verlatenheid van Babilon word duidelik beskryf, wanneer gesê word dat selfs die onrein geeste en die onrein en haatlike voëls dit as 'n gevangenis sien. Vgl. Jes. 13:20 e.v.; Jer. 50:39, 45; 51:37, 42; Sef. 2:14. Die rede of regverdiging vir die val van Babilon word in Openb. 18:3 gegee: die nasies en konings en handelaars het toegelaat dat hulle versot raak op Babilon se genietinge en skatte. Hierdie handelaars verteenwoordig almal wat hulle hart op die goed van die wêreld gesit het.

'n Stem uit die hemel spreek tot die gelowiges: "Gaan uit haar uit, my volk, sodat

---

[11] Daarom vernietig die wêreld in sekere sin homself. Vgl. K. Schilder, *De Openbaring van Johannes en het Sociale Leven,* p. 201.

[12] Dit blyk die regte lesing te wees eerder as: het geval. Sien S. Greijdanus, Kommentaar op het N.T., XIV, p. 360. Vgl. R. H. Charles, *A Critical and Exegetical Commentary on the Revelation of St. John,* p. 96.

julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie. Want haar sondes reik tot aan die hemel, en God het haar ongeregtighede onthou," Openb. 18:4,5.

Die vermaning om Babilon te verlaat is gerig aan Gods volk van alle tye. Vgl. Jes. 48:20; 52:11; Jer. 50:8; 51:54; Sag. 2:7; 2 Kor. 2:16-18 [?? dié verwysing kom nie in die Engelse weergawe voor nie]. Uit hierdie feit blyk dit dat Babilon nie net die stad van die eindtye is nie. Dit is die wêreld as sentrum van verleiding. te alle tye. Om Babilon te verlaat, beteken: om nie gemeenskap te hê met haar sondes nie, om nie verstrik te raak deur haar versoekings en verlokkings nie. Die wat hulle hart op die wêreld sit, sal ook van haar plae ontvang. Dit mag lyk asof God Babilon se sondes vergeet het. Hy het nie. Op die dag wanneer Babilon val, sal dit duidelik word dat Hy dit in herinnering roep.

Dan sal Babilon dubbeld ontvang volgens haar werke. Dit beteken nie dat sy dubbel soveel straf sal ontvang as wat sy verdien nie; maar dat sy die presiese hoeveelheid straf sal ontvang as wat sy verdien het.[13] Die straf is die dubbelganger, die ewebeeld van die sonde. Die pyniging en droefheid, vers 7, is die presiese ekwivalent van haar trots en aanmatiging. Die skaal balanseer presies. In haar selfverheerliking, verwaandheid en grootpratery het sy *in haar hart* gesê – wat eintlik slegter is as om dit aan ander te sê – "Ek sit as koningin en is geen weduwee nie, en droefheid sal ek nooit sien nie." Vgl. Jes. 14:13, 14; 47:8; Jer. 50:29. Daarom sal die dood, droefheid en honger haar op een dag vernietig, want die Here God, wat sy teengestaan het, is sterk.

Die volgende gedeelte, verse 9-20, bevat 'n drievoudige klag – nl. van die kant van konings. handelaars en seevaarders – gevolg deur die vreugdebetoon van die hemele.

Eerstens, die konings of magtiges – mense met invloed – van die aarde. Hulle het owerspel gepleeg met hierdie hoer, Babilon. M.a.w. hulle het toegegee aan haar versoekings en het haar weelde geniet. [157] Wanneer hulle die rook sien van Babilon se groot verwoestende brand, sal hulle ver weg staan uit vrees vir haar pyniging en sê:

"Wee, wee jou, o groot stad Babilon, o sterk stad,
want in een uur het jou oordeel gekom!"

Daarna, die handelaars – ál die wat hulle hart gesit het op die goedere en weelde van die wêreld – wat ween en rou bedryf omdat hulle koopware skielik waardeloos geword het. Vgl. Luk. 12:16-21. Alles wat hulle vreugde verskaf het, is skielik vernietig. Hulle kan niks doen om dit te red nie. Hulle staan "ver weg". Babilon, die plesiermal wêreld, die verleidster, gaan in uiterste hulpeloosheid tot niet.

Let op die lys koopware wat Babilon se vreugde was: Eerstens was daar koopware van goud, silwer, edelgesteentes en pêrels. Vgl. die skitterende kleredrag en versiersels van die groot hoer, Openb. 17:4. Geeneen van hierdie dinge het blywende waarde nie. Dit gaan alles tot niet. "Die gedaante – skema, uiterlike voorkoms en glans – van hierdie wêreld gaan verby," 1 Kor. 7:31.

Daarna word, in noue verband met die voorafgaande, verskeie soorte kosbare kledingstukke genoem: fyn linne, purper, sy en skarlaken. Vgl. Openb. 17:4; Luk. 16:19.

Vervolgens, verskillende stowwe wat gebruik word by die vervaardiging van luukse-artikels en "voorwerpe": geurige hout, gebruik vir inlegwerk en reukwerk. voorwerpe van ivoor en ander gebruiksartikels gemaak van kosbare hout, of koper, of yster, of albaster.

Verder, kruie en salf: kaneel en reukwerk en parfuum en wierook. Die klem is op weelde.

Die beste op die gebied van voedsel en drank is die volgende: wyn, olie, fynmeel, koring. Sien bl. 89. Hier is die olie en die wyn van die goddelose rykes. En daarby die fynste meel! "Moenie die olie en die wyn beskadig nie! " Openb. 6:6. Maar ook hierdie dinge is nie blywend nie. Dit gaan tot niet.

Lewende hawe, bemarkbare diere, soos beeste en skape, word vervolgens genoem.

[13] S. Greijdanus, *De Openbaring des Heeren aan Johannes,* p. 271.

Die laaste goedere is: perde en waens en slawe en selfs siele van mense. Hierdie goddelose mense het handel gedryf in slawe en siele van slawe asof hulle slegs handelsartikels was. Enigiets om hulleself te verryk. Die apostel se beeld is volledig gebaseer op heersende toestande op daardie spesifieke tydstip toe hy hierdie visioene gesien en neergeskryf het. Nogtans is die prent van Babilon wat hy ontvang en weergee, *in hoofsaak* waar van alle tye.

[158] Let op dat elke afdeling van die aardse bestaan sy bydrae lewer tot hierdie lys koopware wat aan Babilon behoort en wat tot niet gaan: die mineraleryk: goud, silwer, ens.; die planteryk: fyn linne, sy, ens.; die diereryk: ivoor, beeste, skape, ens.; en selfs die mensdom: liggame en siele van mense (slawe). Daarom, wanneer Babilon vergaan, is die ekonomiese chaos voltooi, die wêreld van die ongelowige, dit waaraan hy sy hoop verbind het en waarin hy sy vertroue gestel het, stort in duie.[14] Dit is waar ten opsigte van die val van elke Babilon – of dit die letterlike Babilon is of Nineve of Rome. Dit is waar in besonder ten opsigte van die laaste koninkryk van die Antichris teen die einde van die geskiedenis. So sien die hoer, Babilon, die bloeityd van die wellus van haar af weggly; die sierlike en weelderige dinge ontval haar sodat mense niks aantrekliks meer in haar sien nie. Uiteindelik is die hoer 'n groot teleurstelling. Sien Openb. 17:16. Babilon is totaal hulpeloos: die handelaars staan "ver weg" en ween wanneer hulle die vroeëre luister van die hoer – fyn linne, purper, skarlaken, goud, edelgesteente en pêrels, vgl. *Openb.* 17:4 – vergelyk *met haar huidige toestand.* Vgl. Jes. 14:4; Jer. 50:23; 51:41. In een enkele uur is hierdie ontsaglike rykdomme vernietig.

Die derde klag kom uit die mond en hart van die seevaarders. Vier groepe word genoem: die kapteins, passasiers wat wil handel dryf, die matrose, en almal wat 'n bestaan voer uit die see, bv. uitvoerders, invoerders, vissers, pêrelduikers, ens. Hulle almal sien van ver af die rook van Babilon se groot verwoestende brand. Hulle roep sy vroeëre grootsheid en prag in herinnering. Hulle kan skaars hulle oë glo as hulle die verwoesting en totale ineenstorting van al hulle hoop en verwagtings sien. Hulle het stof op hulle hoofde gegooi as teken van hulle droefheid, Eseg. 27:30, en hulle sê:

"Wee, wee die groot stad waarin almal wat skepe op die see het.
deur haar kostelike skatte ryk geword het (Vgl. Eseg. 27:33).
Want dit is in een uur verwoes! "

Aangesien die goddelose hulle hoop volledig grond op die weelde en genietinge van hierdie wêreld, gaan hulle tot niet wanneer die gedaante van hierdie wêreld ineenstort. Hulle "alles" verdwyn.

Maar die heiliges, apostels en profete van God word opgeroep om hulle uit hulle hemelse woning te verheug, want Babilon se val is God se regverdige vergelding wat aan die wêreld besoek word omdat dit die kerk vervolg het. Sien Openb. 6:9; 8:5.

Die laaste paragraaf van hierdie hoofstuk dui die radikale, onherroeplike en onherstelbare aard van Babilon se val aan. Die simbool wat [159] gebruik word, is baie treffend. Vgl. Jer. 51:63, 64. 'n Engel verskyn, Let daarop dat dit 'n *sterk* engel is. Wat hy gaan doen, vereis krag. Stokalleen – ons lees: *een* sterk engel – tel hy 'n meulsteen op. Nie 'n gewone steen van 'n handmeul nie, maar 'n *groot* meulsteen, d.w.s. een van 'n meul wat deur 'n dier getrek word. Wat doen die engel met hierdie groot meulsteen? Gooi hy dit op die land neer? Nee, in die *see* sodat dit geheel en al kan verdwyn. Laat hy dit net val? Nee, hy tel dit op en gooi dit in die see sodat dit diep in die bodem van die see kan wegsink. So radikaal en volledig sal Babilon se val wees. Nooit sal hierdie groot meulsteen weer teruggevind word nie. So sal hierdie goddelose wêreld as sentrum van verleiding vir ewig tot niet gaan.

Let daarop dat die woorde "nooit meer", verse 21-23, ses keer voorkom. Let ook op die klimaks in die rangskikking van die ses: "Nooit meer" sal Babilon gevind word nie. Die stad as sodanig is weg. Dit is 'n algemene stelling, nie naasteby so duidelik as die

---

[14] Vgl. K. Schilder, *De Openbaring van Johannes en het Sociale Leven,* p. 198.

wat volg nie. Vervolgens lees ons: "Nooit meer" die stem van siterspelers en sangers en fluitspelers en basuinblasers *nie.* Alle *musiek* het *verdwyn. Vgl. Jer.* 25:20. Wat is die wêreld sonder musiek? Tog kan 'n mens daarsonder lewe. Trouens, dit lyk asof sommiges verkies om daarsonder te wees. Wat nou volg, is baie ernstiger. "Nooit weer" sal in jou enige kunstenaar van enige kuns gevind word nie. Probeer die lewe in enige groot stad voorstel sonder enige ambagsman! Maar in wat volg, lyk dit asof dit wat die lewe instandhou, weggeneem word. "Nooit meer" sal die geluid van die meul in jou gehoor word nie. Vgl. Jer. 25:10. Die beeld begin sy vreeslike klimaks bereik. "Nooit meer" sal die lig van 'n lamp in jou skyn nie. Vgl. Jer. 25:10. Algehele duisternis sal heers. Duisternis wat tasbaar is. Duisternis wat die finale en algehele uitstorting van God se gramskap op hierdie goddelose, plesiersoekende, verleidende wêreld simboliseer. En daardie toestand heers dwarsdeur alle ewigheid. En nou die finale afronding: alles wat eenheid verleen, elke liefdesverhouding. het geheel en al en vir ewig verdwyn: "Nooit meer" sal die stem van die bruidegom en van die bruid in jou gehoor word nie. Vgl. Jer. 25:10. En die rede vir hierdie verskriklike vonnis? Babilon se handelaars was die "baie grotes" van die aarde. Vgl. Openb. 6:15. God was totaal vergeet. Die handelaars het net een groot strewe gehad: om groot te wees, om soos God te wees in mag en gesag. Hierby word gevoeg: "Deur jou towery is al die nasies verlei." Vgl. Jes. 47:9 e.v. Die goud en die skyn van hierdie wêreld het die goddelose mislei. Die dier uit die aarde – ook genoem "die valse profeet" – was geslaag in sy poging om die mense op 'n dwaalspoor te lei. Daarbenewens het die hoer veroorsaak dat hulle al verder en verder van God af weggedwaal het. [160] Ten slotte is die bloed van al die profete van God, die heiliges en selfs al die Christenmartelare in Babilon gevind. Babilon het hulle almal doodgemaak. Hier is nog 'n rede waarom ons die term "Babilon" beskou as synde 'n aanduiding van die wêreld as 'n werklikheid van die verlede, hede en toekoms, en nie net as die stad wat in die eindtyd sal bestaan nie. Die hoofsaak waarop ons moet let, is egter dat die plesiermal, verwaande wêreld met al sy verleidelike weelde en genietinge, met sy antichristelike filosofie en kultuur, met sy krioelende menigtes wat God verlaat het en geleef het volgens die luste van die vlees en die begeertes van die hart, sal vergaan. Die goddelose leef in ewigdurende wanhoop. Hierdie vonnis sal nie voltooi word tot op die dag van die eindoordeel nie.

Daarom laat 19:1-10 ons die hallelujas van die hemel hoor wanneer Christus in sy heerlikheid gekom het om die kerk vir Homself as sy bruid te neem, 19:7. Die hemel vier God se oorwinning oor die hoer, Babilon. Eers hoor Johannes 'n groot stem van 'n groot menigte. Die leërskare van engele [15] skryf die heil en heerlikheid en krag aan God toe. Hulle verklaar dat God in sy veroordeling van die groot hoer die verlossing van sy volk voltooi het. So is die heerlikheid van sy deugde openbaar en is sy mag bevestig. Dit is God, en Hy alleen, wat verlossing bewerk het. Vgl. Openb. 5:11,12; 12:10; 18:20; Jer. 51:10. Bowendien, deur Babilon se val teweeg te bring, is Jahwe se regverdigheid getoon – vgl. Openb. 15:3, 4; 16:7, 15 – want hierdie hoer het met haar hoerery die hele aarde laat verword. Vgl. Openb. 14:8; 17:2, 4; 18:3, 7, 9; Jer. 51:7. Selfverheffing deur mense verder en verder van God af weg te lei, was haar grootste genot. Buitendien het sy die slagting van die heiliges teweeggebring, Openb. 17:6; 18:24. Nou het God wraak uitgeoefen, Openb. 6:10; 8:5; Jer. 50:13. Die engele het hulle uitermate verbly in die verlossing van Gods volk. Hulle harte is vol dankbaarheid as hulle daaraan dink dat alle teenstand vir ewig onderdruk is. Daarom gee hulle weer eens uitdrukking aan hulle vreugde deur te sê: "Halleluja". Dit lyk asof hulle harte tot breekpunt met ekstase gevul is, en in hulle vervoering sê hulle: "Prys onse God". Dit is die betekenis van "Halleluja" wat net hier in die N.T. gevind word. Babilon se rook gaan op vir ewig en ewig, Openb. 14:11; 18:8, 9, 18, 21 e.v.; Jes. 13:20 e.v. Matt. 25:46. Nooit weer sal sy opstaan om die kerk te kwel nie.

Vervolgens prys die vier-en-twintig ouderlinge wat die hele kerk simboliseer, God, asook die vier lewende wesens wat al die lewende wesens verteenwoordig, Openb. 4:2-6; 5:14; 7:15. So vol is hulle van danksegging dat hulle net twee woorde kan uitspreek,

---

[15] S. Greijdanus, *De Openbaring des Heeren aan Johannes,* p. 281.

"Amen" – in antwoord op die uitroep van die engele, verse 1-3 – "Halleluja! " Hulle spreek [161] hulle verering van God uit wat op die Troon sit, d.w.s. hoog verhewe, heerlik, soewerein.

Dan hoor Johannes 'n solostem – een van die lewende wesens of een van die ander engele? – wat uit die omgewing van die Troon kom, en sê:

"Prys onse God, al sy diensknegte,
en julle wat Hom vrees, klein en groot! " Openb. 19:5

Die nederigste engel en die hoogste heilige, almal word opgeroep om God te verheerlik, die Bewerker van verlossing; want almal dien Hom uit eerbied.

So hoor Johannes nou die stem van al die skares van die hemel: engele en mense. Dit het geklink soos die geluid van baie waters en sterk donderslae, want hierdie hallelujas is spontaan, groots, en kom oor ontelbare lippe, 14:2.

Hierdie stemme roep eenparig uit dat die Here, God, die Almagtige Homself nou geopenbaar het in die volle majesteit van sy koninklike heerlikheid en krag, vers 6. Elkeen moedig sy naaste aan om hom te verheug en uitermate bly te wees, en bo alles, om aan God al die heerlikheid toe te skryf, Openb. 1:6; 14:7. Die rede vir hierdie stortvloed van vreugde word gegee in hierdie woorde:

"Want die bruilof van die Lam het gekom
en sy vrou het haar gereed gemaak.
En aan haar is gegee om bekleed te wees
met rein en blink fyn linne, want die fyn linne
is die regverdige dade van die heiliges," Openb. 19:7, 8.

Om die betekenis van hierdie verhewe perikoop te verstaan, moet ons kortliks na die huweliksgebruike van die Jode kyk.[16] Ons onderskei die volgende elemente in 'n Joodse huwelik:

Eerstens, *die verlowing.* Dit is meer bindend beskou as wat ons "verlowing" sien. Die voorwaardes vir die huwelik word aanvaar in die teenwoordigheid van getuies en God se seën word uitgespreek oor die verbintenis. Van hierdie dag af is die bruidegom en bruid wettiglik man en vrou, 2Kor. 11:2.

Vervolgens, *die tussentydperk* tussen verlowing en huweliksfees. Gedurende hierdie tyd betaal die bruidegom die bruidskat aan die vader van die bruid, indien dit nog nie gedoen is nie, Gen. 34:12. Soms is die bruidskat in die vorm van dienslewering, Gen. 29:20.

Dan die optog aan die einde van die tussentydperk. Die bruid berei [162] en versier haarself. Die bruidegom, uitgedos in sy beste klere, vergesel van sy vriende wat sing en fakkels dra, gaan op na die huis van sy verloofde. Hy ontvang die bruid en bring haar in optog na sy eie huis of na sy ouers se huis, Matt. 9:15; vgl. ook Matt. 25:1 e.v. Indien die bruidegom van ver af moes kom, is die fees soms by die huis van die bruid gehou.

Laastens, die *bruilofsfees wat die bruilof smaal insluit.* Die gebruiklike fees het sewe of soms twee maal sewe dae geduur, Matt. 22:1 e.v.v.

Nou vergelyk die Skrif keer op keer die liefdesverhouding tussen 'n bruidegom en sy bruid met die verhouding tussen Jahwe en sy volk, of tussen Christus en sy kerk, Jes. 50:1 e.v.; 54:1 e.v.; 62:5; Jer. 2:32; Hos. 2:1; Matt. 9:15; Joh. 3:29; 2 Kor. 11:2; Ef. 5:32; Openb. 21:9. Inderdaad is eersgenoemde 'n simbool, 'n vae spieëlbeeld van die heerlikheid en skoonheid van laasgenoemde.

Nou is die kerk "verloof" aan Christus. Christus het bowendien die bruidskat vir haar betaal; Hy het sy bruid, die kerk, gekoop.

Die "tussentydperk" van skeiding het gekom. Dit is hierdie hele bedeling tussen

[16] Vgl. L. Berkhof, *Biblical Archaeology,* p. 63.; G. B. Eager, art. "Marriage", in *I.S.B.E.*; G. M. Mackie, *Bible Manners and Customs,* p. 122.

Christus se hemelvaart en sy wederkoms. Gedurende hierdie tyd moet die bruid haarself gereed maak. Sy klee haarself in fyn linne, glinsterend en rein. Die fyn linne simboliseer haar regverdige dade; dus haar geheiligde karakter, 7:13. Haar dade is gewas in die bloed van Christus. Onthou egter dat hierdie geregtigheid "aan haar *gegee*" is uit God se soewereine genade.

Aan die einde van hierdie bedeling kom die bruidegom, vergesel van die engele van heerlikheid, Matt. 25:31, om sy bruid, die kerk, te ontvang. Nou begin die bruilofsfees. Ons paragraaf verwys na daardie allerheerlikste oomblik, in die woorde:

"Want die bruilof – of bruilofsfees – van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak! "

Die fees duur nie net een of twee weke nie, maar tot in alle ewigheid! Hierdie fees is die hoogtepunt van die hele proses waardeur die bruidegom, Christus, na sy bruid, die kerk, kom. Dit is die doel en mikpunt van die immer toenemende intimiteit, eenheid, broederskap en gemeenskap tussen die Verlosser en die verloste. In Christus is die bruid *uitverkies* van alle ewigheid af. Dwarsdeur die hele Ou-Testamentiese bedeling is die bruilof *aangekondig.* Daarna neem die Seun van God ons vlees en bloed aan: die *verlowing* vind plaas. Die prys – bruidskat – is betaal op Golgota. En nou, na 'n *tussentydperk* wat in die oë van God maar 'n klein tydjie is, kom die bruidegom terug, "want die *bruilof* van [163] die Lam *het gekom".* Die kerk op aarde sien uit na hierdie oomblik; so ook die kerk in die hemel. Dan sal ons almal met Hom wees vir ewig. Dit sal 'n heilige, geseënde, ewigdurende gemeenskap wees: die volste verwerkliking van al die beloftes van die evangelie.

Selfs gedurende hierdie huidige bedeling – hierdie "tussentydperk" van skeiding – word hulle wat "kragdadig geroep is" – nie "ontbied" – na die bruilofsmaal van die Lam, geseën, vers 9. Selfs nog voor die nagmaal begin, word die "genooides" geseën; en dit is die waaragtige woorde van God! Hulle is eg, werklik. In vervoering val die apostel neer voor die voete van die spreker om hom te aanbid. Het hy hom verkeerdelik aangesien vir die Here Jesus Christus self?[17] Hoe ook al, die spreker, wat waarskynlik een van die lewende wesens of 'n ander engel was, verhinder hierdie voorgenome aanbidding en voeg daarby: "Aanbid God. Want die getuienis van Jesus is die gees van die profesie." Die gees en inhoud van alle ware profesie – d.w.s. die hele Bybel – is die getuienis van Jesus, die getuienis wat Hy aan ons geopenbaar het. Daardie openbaring wat Hy ons gegee het, verbied ons om enigiemand anders as God te aanbid, Matt. 4:10.

Aangesien die hoer, Babilon, uit die weg geruim is, keer ons nou ons aandag na die dier en die valse profeet. Sien Openb. 13. Wat gebeur met hulle? Van die hallelujas van die hemel op en ná die oordeelsdag keer ons terug na die oomblikke net voor die eindoordeel.

Johannes sien die hemel geopen. Nie slegs 'n deur wat oopgemaak is in die hemel nie, Openb. 4:1. Op 'n wit perd – soos in Openb. 6:2 – sit Christus. Hy word genoem "Getrou en Waaragtig", 1:5; 3:7, 14. Dit is onse Here met sy wederkoms om te oordeel: om te oordeel en oorlog te voer. Hy sal regverdiglik oordeel, want sy deurdringende oë is soos 'n vuurvlam, 1:14; 2:18. Op sy hoof sien die apostels baie koninklike krone of haarbande, want hy is koning oor almal; vgl. "kroon" met *stephanos* (oorwinnaarskrans), Openb. 6:2; 14:14. Sy naam ken niemand behalwe Hyself nie. Sien ons verduideliking van Openb. 2:17, bl. 58-9. Vgl. Matt. 11:27. Druk dit die innerlike aard van sy verhouding met die Vader uit? Aangesien Hy gekom het om te oordeel, dra Hy 'n kleed met bloed besprinkel, nie die bloed van die kruis nie, maar – simbolies, natuurlik – die bloed van sy vyande, Jes. 63:1-6; Openb. 14:20. Sy naam is "Die Logos – of Woord – van God", Joh. 1:1. Net Hy alleen ken die betekenis van sy Naam. Al wat ons kan sê, is dat Hy genoem word "die Woord van God", want in Hom druk God Homself ten volle uit en openbaar Hy Homself, Joh. 1:18; 10:30; 14:9. Met sy wederkoms vergesel die leërs van die hemel Hom, d.w.s. die heilige engele, Matt. 25:31. *Heilige* engele; daarom

[17] Sien die argument in R. C. H. Lenski, *Interpretation of St. John's Revelation,* p. 549.

geklee in fyn [164] linne, wit en rein. Uit sy mond gaan 'n skerp swaard uit, Openb. 1:16; 2:12, 16. Hierdie swaard is nie die mooi verhaal van die evangelie nie. Dit is simbolies van vernietiging, soos duidelik aangedui word deur die hele konteks. Hy kom om "die nasies daarmee te slaan" en "Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer," Openb. 2:27; 12:5. Hy trap die wynpers van die grimmigheid van die toorn van God, die Almagtige, Jes. 13:13; Jer. 25:15; 50:13, 15; Openb. 14:19, 20; 16:19. Hy kom om die vonnis van die Almagtige God te voltrek, Matt. 25:31 e.v.; Joh. 5:22; Hand. 17:31. Hy openbaar homself nou ten volle, in die vernietiging van die dier en sy bondgenote, as inderdaad Koning van die konings en Here van die here. So seker is Christus se oorwinning oor die dier en die valse profeet en oor almal wat hulle aanbid, dat 'n engel wat in die son staan, alreeds al die voëls roep om te kom en hulle te versamel vir die maaltyd van die grote God, dat hulle die vlees van konings kan eet, van owerstes (oor duisend), sterkes, perde en hulle ruiters, ja, die vlees van al die goddeloses, vrymense sowel as slawe, klein sowel as groot. Vgl. Openb. 6:15; 17:12, 15. Dit is 'n ontsettende slagting! Die slagting van Armageddon. Sien bl. 116; 128-9; 146-7; 164-5; 176-7. Hier in Openb. 19 word *dieselfde* oorlog beskryf, want vers 19 sê: "oorlog". *Onthou dat Armageddon uit twee elemente bestaan: die laaste aanval van die antichristelike mag – die dier – op die kerk, die Christus se oorwinning oor hierdie ontsaglike leër by sy koms om te oordeel.*

Johannes sien die dier – vervolgingsmag beliggaam in wêreldregering en gerig teen Christus en sy kerk – en die konings van die aarde, en hulle leërs versamel teen die Ruiter op die wit perd en sy leër. I.v.m. "die dier" sien bl. 130 e.v.; 149-50; 153 e.v. I.v.m. "konings van die aarde" sien bl. 8. I.v.m. die laaste aanval van die antichristelike magte teen die kerk in die dae net voor die wederkoms van Christus, sien bl. 116; 128-9; 146-7; 164-5; 176-7. Daarom sien die apostel die hele wêreld van ongeloof versamel vir die laaste aanslag op die kerk. Let asseblief daarop dat die oorlog self nie beskryf word nie. Hierdie slag van Armageddon is nie 'n langdurige stryd met nou hierdie en dan daardie kant wat wen nie. Nee, "met die asem van sy mond" verslaan Christus by sy koms sy vyand. Deur die "openbaring van sy teenwoordigheid" verslaan hy sy vyande, 2 Thess. 2:8. So ook hier in Openbaring. Ons word eenvoudig vertel dat die antichristelike magte versamel is teen Christus en sy leër, en dat hulle uitgewis word. Die dier, Openb. 13:1 e.v.v., is gevange geneem. So ook die valse profeet – d.w.s. die dier uit die aarde – Openb. 13:11 e.v., die groot bedrieër, Openb. 13:13, 14. Hierdie twee, *volgens die visioen wat Johannes ontvang,* is lewend in die [165] vuurpoel wat met swawel brand, gegooi, Openb. 14: 10; 17:8; 20:10,14, 15; 21: 8. Aangesien hulle die *leiers* is – van antichristelike vervolging en antichristelike godsdiens en filosofie respektiewelik – word dit gesê dat hulle *lewend* in die verdoemenis gewerp word; terwyl die mense wat hulle aanbid, eers doodgemaak word; en dan ook, Openb. 20:15, in die poel van vuur en swawel gewerp word. Die betekenis is dat by Christus se wederkoms Satan se vervolging van die kerk en sy mag om op aarde te bedrieg, vir ewig sal ophou. Elke invloed van Satan – of dit in die rigting is van vervolging of van bedrog – gaan saam met hom na die hel, om nooit weer op enige plek buite die hel te verskyn nie.[18] Christus, die Ruiter op die wit perd, triomfeer volkome. So radikaal is sy oorwinning oor sy vyande dat, volgens die simboliek wat in vers 17 begin, al die voëls hulleself versadig het aan die vlees van die goddelose, vers 21. Dus is, in simboliese taal, die oordeelsdag weer beskryf.

Ons het die einde gesien van die mense wat die merk van die dier gedra het, Openb. 15, 16. Ons het ook die val van Babilon gesien, Openb. 17:1; 19:10. Ons het die beskrywing gelees van Christus se oorwinning oor die dier en die valse profeet, Openb. 19:11 e.v. Almal word verslaan. Hulle neerlaag is nog nie voltooi nie tot die dag van Christus se koms om te oordeel. Dan gaan hulle almal saam onder, selfs al is hulle geskiedenis onder verskillende simbole voorgestel en in aparte paragrawe. Een vyand, die leier van hulle almal, bly oor. Dit is die draak, Satan. Sy vernietiging word beskryf in die laaste deel van die Apokalips. Sien ons volgende hoofstuk.

---

[18] R. C. H. Lenski redeneer op bekwame wyse dat Openb. 19:20 geensins bewys dat die dier en die valse profeet hier gesien word as twee werklike per-sone wat lewe ten tye van die wederkoms nie. *op. cit.,* p. 562 ens.

## [166] 14. Ons is meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het

*In hierdie hoofstuk gee ons 'n kort verduideliking van Openbaring 20-22*

Openb. 19:19 e.v. het ons gebring tot aan die einde van die geskiedenis, tot by die eindoordeel.[1] Met Openb. 20 keer ons terug na die begin van die huidige bedeling. So is die verband tussen hoofstukke

19 en 20 identies met die tussen hoofstukke 11 en 12. Openb. 11:18 kondig "die tyd van die dode om geoordeel te word" aan. Die einde het aangebreek. Tog keer ons met Openb. 12 terug na die begin van die N.T. periode, want Openb. 12:5 beskryf die geboorte, hemelvaart en kroning van onse Here. Op dieselfde manier begin ons met hoofstuk 20 van nuuts af.

Nou is daar 'n baie treffende parallel tussen hoofstukke 11; 12-14 aan die een kant en hoofstuk 20 aan die ander kant. Albei deel die geskiedenis in dieselfde periodes in, alhoewel die benadering verskil. Let op die parallel:

| **OPENBARING 11; 12-14** | **OPENBARING 20** |
| --- | --- |
| 1. In samehang met Christus se geboorte, dood, hemelvaart en kroning, word Satan uit die hemel neergewerp. Sy beskuldigings verloor alle skyn van regverdigheid, Openb. 12:5-12. | 1. Satan word gebind en in die afgrond gewerp; sy mag oor die nasies is beteuel. In plaas van die nasies wat die kerk oorwin, begin die kerk die nasies oorwin (evangeliseer), Openb. 20:1-3. |
| 2. 'n Lang tydperk van krag en getuienislewering vir die kerk, wat gevoed word "uit die gesig van die slang (Satan)". Die duiwel se invloed is getem, Openb. 11:2-6; 12:14 e.v. | 2. 'n Lang tydperk van krag vir die kerk, met Satan gebind. Hy bly gebind vir 'n duisend jaar, d.w.s. gedurende hierdie hele evangeliese era, Openb. 20:2, 3. (In die hemel leef die siele van die verlostes en regeer met Christus, Openb. 20:4-6). |
| [167] 3. 'n Baie kort tydperk van die heftigste vervolging. Dit is Satan se kort tydjie: die verskriklikste en ook die laaste openbaring van vervolgingsmag van die Antichris, Openb. 11:7 e.v.; 13:7. | 3. 'n Baie kort tydperk van die hewigste vervolging: Satan monster die leer van Gog en Magog teen die kerk, Openb. 20:7 e.v. Dit is die slag van Armageddon, bl. 146 e.v. |
| 4. Die enigste wederkoms van Christus om te oordeel, Openb. 11:17, 18; 14:14 e.v. | 4. Die enigste wederkoms van Christus om te oordeel, Openb. 20:11 e.v. |

As 'n mens eers hierdie "volgorde van gebeure" of "program van die geskiedenis" gesien het, is Openb. 20 nie moeilik om te verstaan nie. Al wat 'n mens moet doen, is om die volgorde te onthou: Christus se eerste koms word gevolg deur 'n lang tydperk waarin Satan gebind is; dit word gevolg deur Satan se kort tydjie; dan volg Christus se wederkoms, d.w.s. sy koms om te oordeel. *Dit moet onmiddellik duidelik wees vir elkeen wat Openb. 20 noukeurig lees, dat die "duisend jaar" aan die wederkoms van ons Here om te oordeel voorafgaan.* Hierdie wederkoms word nie beskryf voor by die elfde vers nie. Sien self deur 'n Bybel te raadpleeg! Dit is duidelik dat die teorie van ons broeders in Christus, die Pre-millennialiste, strydig is met die feite.[2]

---

[1] K. Dijk, *Het Ryk der Duizend Jaren,* p. 207.

[2] Vgl. die volgende bronne vir die premillennialistiese beskouing: A. M. Berkhoff, *De Wederkomst van Christus*

Ditto, *De Christusregeering.*

Alhoewel ons in Openb. 20 dieselfde terrein dek as in die voorafgaande visioene, t.w. hierdie hele bedeling vanaf die eerste koms tot die wederkoms van Christus, sien ons dit vanuit 'n ander hoek. U onthou natuurlik dat Openb. 12 vyf vyande van die kerk bekend stel. Sien ons verduideliking van daardie hoofstuk, bl. 120. Almal gaan saam ten onder. Tog word hul vernietiging in afsonderlike visioene beskryf. Die voorafgaande visioene het ons meegedeel wat gebeur met vier van die vyf vyande wat in hoofstuk 12 bekend gestel word. Slegs *een* bly oor, nl. Satan self. Sy neerlaag word beskryf in die visioen waarmee ons nou te doen het.

Laat ons in hierdie verband die hooftema van die boek onthou.[3] Dit is: Die oorwinning van Christus en sy kerk oor *elke* vyand. Wanneer Satan ook in die poel van vuur en swawel, Openb. 20:10, gewerp word, bly nie 'n enkele vyand oor om die kerk te kwel nie. Ons is oorwinnaars; nee, *meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het,* want ons triomfeer nie slegs oor elke vyand nie, maar ons leef en regeer ook met Christus. En in hierdie geluksaligheid sal baie van die wat ons tevore teengestaan het, ook deel, vgl. Openb. 3:9. Waarlik, *meer as* oorwinnaars is ons!

Laat ons eerstens die visioen waarin Satan vir 'n duisend jaar gebind is en in die afgrond gewerp is, bestudeer, Openb. 20:1-3.

[168] Johannes sien 'n engel uit die hemel neerdaal. Hy het 'n sleutel waarmee hy die afgrond gaan toesluit. Vgl. Openb. 9:1, 11; 11:7. Hierdie afgrond is 'n diep put, Openb. 9:1, met 'n deksel. Dit kan ontsluit word, Openb. 9:2, gesluit word, Openb. 20:3, en selfs verseël word, Openb. 20:3. Onthou egter dat dit alles simbolies is. Op die hand van die engel lê 'n ketting waarvan die twee ente afhang. Klaarblyklik gaan hy iemand vasbind om hom in die afgrond toe te sluit. Wat gebeur? Skielik sien Johannes "die draak", sterk, geslepe, afskuwelik. Dit is "die ou slang", geslepe en bedrieglik. Om hom nog meer noukeurig te beskryf, word hy ook "die duiwel" genoem, dit is, lasteraar; en "Satan", dit is, teenstander of valse beskuldiger. Terwyl hy in die gees is, merk Johannes op dat die engel Satan oorweldig. Hy maak hom hulpeloos en bind hom stewig en veilig vas. Die duiwel bly vir 'n duisend jaar gebind. Die engel gooi hom in die afgrond en sluit dit. Hy verseël dit bo hom. So bly Satan "opgesluit" vir 'n duisend jaar. Daarna moet hy 'n kort tydjie losgelaat word.

Nou vra ons: Wat is die betekenis van hierdie simbool? In 'n aantekening kry u verskeie teorieë wat ons verwerp.[4]

Om nou te kom by die werklike betekenis van die "bind en in die af grond werp" van

---

H. Bultema, *Verklaring van de Openbaring.*
A. H. Burton, *The Apocalypse Expounded.*
J. Gray, *Commentary on the Apocalypse,* in *Christian Worker's Commentary.*
H. A. Ironside, *Lectures on the Revelation.*
P. Mauro, *The Patmos Visions.* Sien egter die onlangse hersiening.
C. I. Scofield, *The Scofield Reference Bible.*
J. Seiss, *Lectures on the Book of Revelation.*
W. H. Simcox, *The Revelation of St. John.*
Verder: Blackstone, Booth, De Heer, Larkin, Stroh, Wimberly, ens. Sien die bibliografie.

[3] Sien hoofstuk 1, pp. 2-3.

[4] Ons verwerp die volgende beskouings ten opsigte van die betekenis van die binding van Satan vir duisend jaar:

(a) Satan is geheel en al gebind. Sien W. Milligan, *The Expositor's Bible,* Vol. VI, p. 913.
(b) Die duisend jaar is simbolies van die ewigheid. Sien H. Hoekstra, *Bijdrage tot de Kennis en de Beoordeling van het Chiliasme,* p. 120. Ook A. Kuyper, snr., *Van De Voleinding,* Vol. IV, p. 343.
(c) Die premillennialistiese standpunt. Sien aant. 2 hierbo.
(d) Die duisend jaar begin met Konstantyn, Karel die Grote, ens. Sien Hengstenberg, Keil, ens.

Sien ons *Outlines* in *The Federation Messenger,* Jan. 1935.

Satan moet ons eers die vraag vra: Watter betekenis of waarde het hierdie perikoop gehad vir die vervolgde Christene in Johannes se tyd?

Laat ons dus 'n oomblik vergeet dat ons in die twintigste eeu lewe. Laat ons onsself verplaas in die wêreld van Johannes, die apostel, en ons verbeel dat die stadige wyster van die horlosie van die geskiedenis na die eerste eeu n.C. wys. Kyk nou rondom jou in elke rigting. Watter prentjie van geestelike duisternis en verlatenheid! Probeer om die baie afgode te tel wat die strate en heiligdomme van die keiserlike Rome skend. Die afskuwelikhede, die smerigheid en bedorwenheid wat met die viering van heidense feeste, die bygelowe, ondeugde, ens. gepaard gaan, is waarlik verstommend. Tempels en heiligdomme dwarsoor die wêreld is volgepak met onkundige, half-wanhopige aanbidders. Ons sien 'n paar verspreide kerke opgerig deur die pogings van Paulus en ander. Origens triomfeer die heidendom oral. Skuif nou die wyster van die geskiedenis terug na daardie lang tydperk wat Christus se hemelvaart voorafgaan. Let op: *al* die nasies – met die uitsondering van die Jode – is onder die slawerny van Satan. Natuurlik nie in absolute sin nie, want God is altyd opperheerser, maar in die sin van Hand. 14:16: *"Hy het* in die tye wat verby is, *toegelaat* dat al die nasies *in hulle eie weë* sou wandel." As die duiwel gedurende hierdie huidige N.T. tydsgewrig "die sinne van ongelowiges verblind", 2 Kor. 4:4, dan [169] was dit selfs nog meer waar gedurende die ou bedeling. Met 'n sug van verskrikking roep ons uit: "Sal hierdie toestand dan nooit verander nie? Sal hierdie (O.T.) tydsgewrig vir ewig voortgaan? Sal die duiwel sy heerskappy oor die volke van die aarde behou? Sal die lig van die heerlike evangelie nooit deurdring tot die paleise en krotte van Asië en Europa nie? Sal hierdie ontsettende morele en geestelike duisternis vir ewig voortduur? Het God in sy toorn vergeet van genade?"

Die antwoord is: "Verbly julle!" Luister net: "Ek wil vertel van die besluit: Die Here het aan My gesê: U is my Seun, vandag het Ek self U gegenereer. Eis van My, en Ek wil nasies gee as u erfdeel en die eindes van die aarde as u besitting," Ps. 2:7, 8. Verder: "En hy sal heers van see tot see en van die Rivier tot by die eindes van die aarde. Die bewoners van dor plekke sal voor hom kniel, en sy vyande sal die stof lek. Die konings van Tarsis en van die eilande sal geskenke aanbied, die konings van Skeba en Seba belasting aanbring. Ja, al die konings sal hulle voor hom buig, al die nasies sal hom dien. . . . Mag sy naam vir ewig wees; mag sy naam uitspruit solank as die son daar is! En mag *al die nasies* in hom geseën word, hom gelukkig prys!" Ps. 72:8-11, 17. Vgl. Gen. 12:3; Amos9:11, 12; Miga 4:12, 13.

Dit was die profesie. Die geestelike duisternis wat die nasies oordek, sal nie voortduur nie: Satan sal nie langer die nasies bedrieg nie. En nou die vervulling. Jesus word gebore. Hy begin sy bediening. Die Fariseërs beskuldig hom daarvan dat Hy duiwels uitdryf deur die krag van die duiwel self. Hy antwoord: "Hoe kan iemand in die huis van 'n sterk man ingaan en sy goed roof, – nl. Satan – as hy nie eers die sterk man geboei het nie? En dan sal hy sy huis beroof," Matt. 12:29. Presies dieselfde woord *bind* (boei) word hier in Matthéüs as in Openb. 20 gebruik. Hierdie taak van *die duiwel bind* is begin toe ons Here oor hom getriomfeer het in die versoekings in die woestyn, Matt. 4:1-11; Luk. 4:1-13. As gevolg hiervan begin Christus duiwels "uitdryf". Die mag en invloed van Satan oor die misleide menigtes het begin afneem.

Eweneens, toe die sewentig dissipels terugkeer, het hulle gesê: "Here, ook die duiwels onderwerp hulle aan ons in u Naam." Let op wat volg: "Toe sê Hy vir hulle: Ek het die Satan soos 'n bliksem uit die hemel sien val," Luk. 10:17, 18. Hier word die duiwel se "uit die hemel val" verbind aan die sendingaktiwiteite van die sewentig. 'n Baie betekenisvolle perikoop wat baie kan help om Openb. 20 te verklaar.

By 'n ander geleentheid wou sommige Grieke Jesus graag sien. Jesus merk toe op: "Nou is dit die oordeel van hierdie wêreld, nou sal die owerste van hierdie wêreld *buitentoe gedryf word.* En Ek, as Ek van [170] die aarde verhoog word, sal almal na My toe trek," Joh. 10:31, 32. Let tog op dat 'n woord gebruik word wat dieselfde wortel het, in die oorspronklike, as die term wat ons vertaal met *werp* of *gooi* in die afgrond, Openb. 20. Nog belangriker is die feit dat die buitentoe dryf van Satan hier, in Joh. 12:20-32,

verbind word met die feit dat nie slegs die Jode nie, soos die gebruik was in die verlede, maar "alle mense" – Grieke sowel as Jode – na Christus getrek sal word. Dit alles sal gebeur as gevolg van Christus se lyding aan die kruis en die koms van die Heilige Gees.

Kol. 2:15 verbind beslis die "uitklee en tentoonstel" van Satan en sy magte aan Christus se triomf aan die kruis.

Openb. 12:5 e.v. wys duidelik dat die "neerwerping" van Satan die gevolg is van Christus se kroning.

Daarom moet u daarop let dat in al hierdie perikope die *bind* en *uitwerp* of *val* van Satan op die een of ander manier geassosieer word met die *eerste koms* van onse Here Jesus Christus. As ons sê: "die eerste koms", verwys ons na al die gebeurtenisse wat daarmee in verband staan, van die vleeswording tot die kroning. Ons kan daarom sê dat die bind van Satan, volgens al hierdie perikope, met die eerste koms begin. In sommige van die tekste wat ons aangehaal het, word hierdie bind, ens., beslis geassosieer met sendingwerk en met die uitbreiding van die getuigende kerk onder die nasies. Voor die koms van Christus – sy oorwinning oor die duiwel in die versoekings, sy bediening, sy dood, hemelvaart, kroning – was die saligheid grotendeels tot die Jode beperk. God het Satan toegelaat om die oë van die volkere te verblind sodat hierdie nasies in hulle eie weë gewandel het. 'n Groot verandering sou moes plaasvind. Die "waarheid" van die evangelie sou geleidelik die "leuen" van die duiwel vervang. Satan is gebind sodat hy nie langer die nasies kan bedrieg nie. Christus sal "alle mense" na Hom toe trek. Uitverkorenes uit elke nasie sal gered word.

Daarom, in noue aansluiting by al hierdie Skrifgedeeltes – en ons eksegese moet altyd gebaseer wees op die ontleding van die Skrif – kom ons tot die slotsom dat ook hier in Openb. 20:1-3 die bind van Satan en die feit dat hy in die afgrond gewerp is om daar te bly vir 'n duisend jaar, aantoon dat die duiwel se invloed op aarde dwarsdeur die huidige evangeliese eeu wat met Christus se eerste koms begin en byna tot by die wederkoms strek, beperk is sodat hy nie die uitbreiding van die kerk onder die nasies d.m.v. 'n aktiewe sendingprogram kan verhinder nie. Gedurende hierdie hele tydperk word hy daarvan weerhou om te veroorsaak dat die nasies – die wêreld in die algemeen – die kerk as 'n magtige sendinginstelling vernietig. Sien bl. 115; 116; 128 e.v.; 132. [171] D.m.v. die verkondiging van die Woord soos die Heilige Gees dit aan ons openbaar, word die uitverkorenes van alle dele van die wêreld uit die duisternis tot die lig gebring. In daardie sin oorwin die kerk die nasies en nie die nasies die kerk nie. Dwarsdeur hierdie hele tydperk word kerke gevestig. Nie net enkelinge nie, maar instellings en ordinansies word min of meer deur die evangelie van Gods genade beïnvloed. Die hele lug is vervul met die evangelie! In streke waar die duiwel toegelaat is om feitlik onbeperkte gesag uit te oefen gedurende O.T. tye, moet hy nou toesien dat die dienskneгte van Christus geleidelik veld wen. Binne 'n betreklik kort tydperk versprei die Christendom dwarsoor suidelike Europa. Spoedig verower dit die hele vasteland. En deur die eeue wat volg, word dit oral verkondig sodat die eindes van die aarde die evangelie van die Gekruisigde hoor en vele die knie voor Hom buig.[5]

Die kerk het internasionaal geword. Hierdie internasionale kerk is baie magtig: "soos 'n sterk krygsmag gaan Gods kerk vooruit". Vgl. Openb. 11:6. Die enkelvoudigheid van die ou bedeling het plek gemaak vir die universalisme van die nuwe. Die Bybel is net onlangs vertaal in sy duisendste taal! Die invloed van die evangelie op die gedagtes en lewe van die mensdom kan moeilik oorskat word. In sommige lande beïnvloed die geseënde waarhede van die Christendom die menslike lewe in al sy fasette: polities, ekonomies, sosiaal en intellektueel. Slegs die enkeling wat die historiese begrip mis en daarom nie die teenswoordige kan sien in die lig van toestande wat geheers het dwarsoor die wêreld voor Christus se hemelvaart nie, sal nie die heerlikhede van die duisendjarige vrederyk waarin ons nou leef, kan waardeer nie. Waarlik, die profesie in Ps. 72 word voor ons oë vervul.

[5] J. C. De Moor, *De Hemel Geopend,* Vol. III, p. 141 ens.

Moet asseblief nie ons interpretasie verkeerd verstaan nie. Ons beweer nie dat die wêreld al beter word nie en dat omtrent almal mettertyd sal aansluit by die leër van Christus nie. Baie sal die evangelie *hoor,* maar sal nie daarop *ag slaan* nie. Bowendien sal God se basuine van oordeel nie 'n wêreld bekeer wat homself in ongeloof verhard nie. Die meerderheid sal altyd aan die kant van die Bose wees. Ons verwerp nadruklik die droom van 'n mensgemaakte tyd van vrede, voorspoed en universele regverdigheid op aarde voor die wederkoms van Christus. Net so beslis verwerp ons die verwante gedagte waarvolgens die almagtige "wet van evolusie" 'n steeds opwaartse neiging in die gang van die beskawing tot stand sal bring. Ons sluit nie ons oë vir die kwaad wat ons omring nie; ook is ons nie onkundig aangaande die feit dat die hedendaagse humanisme, wat homself vermom onder die masker van 'n nuwe en beter interpretasie van die Christendom, in [172] werklikheid die wurm is wat knaag aan die wortels van die boom van ware godsdiens nie. Nietemin, alhoewel ons ten volle bewus is van al hierdie simptome van die kwaad en aankondigers van ellende, bly die feite wat ons 'n oomblik tevore genoem het waar, en geen argument kan dit tot niet maak nie. Inderdaad oefen die kerk geweldige invloed ten goede uit op omtrent die hele samestelling van die menslike lewe. In hierdie sin – nie in elke sin nie – is die duiwel gebind.

Ons herhaal: die duiwel is nie in *elke sin* gebind nie. Sy invloed is nie totaal of geheel en al vernietig nie. Inteendeel, binne die sfeer waarin Satan toegelaat word om sy invloed uit te oefen, gaan hy verwoed te kere. 'n Hond wat stewig met 'n lang en swaar ketting vasgemaak is, kan baie skade aanrig binne die sirkel van sy gevangenskap. *Buitekant* daardie sirkel kan die dier egter nie skade aanrig nie, en kan hy niemand beseer nie. So leer Openb. 20:1-3 ons dat Satan se mag getem is en sy invloed beperk is *met betrekking tot een definitiewe sfeer van aktiwiteit: "sodat hy die nasies nie meer sou verlei nie".* Die duiwel kan beslis baie doen. Ook gedurende die huidige tydperk van 'n duisend jaar. Maar daar is *een* ding – gedurende hierdie tydperk! – wat hy nie kan doen nie. Ten opsigte van hierdie een ding is hy beslis en stewig gebind. Hy kan nie die kerk as magtige sending-organisasie wat die evangelie aan al die nasies verkondig, vernietig nie. Hy kan dit nie doen voor die duisend jaar verstreke is nie.

Ons het dus gesien dat die "duisend jaar" van Openb. 20 'n heerlike betekenis het vir Gods volk *op aarde.* Nogtans oortref die heerlikheid van die *hemel* gedurende hierdie tydperk dit wat betrekking het op die aarde. Die volgende paar verse, t.w. Openb. 20:4-6, beskryf nou die toestand van die triomferende heiliges *in die hemel,* nie op die aarde nie.

Natuurlik is hierdie twee aspekte van die millennium, t.w. die aardse, verse 1-3, en die hemelse, verse 4-6 – die bind van Satan en die regering van die heiliges – baie nou verwant. Dat Satan gebind is sodat sy invloed op aarde gedeeltelik lamgelê is, staan in noue verband met die persoonlike regering van ons goddelike en menslike Middelaar, as gevolg van sy versoeningswerk – sien Openb. 5. Net so ook hou die feit dat die siele van die ontslape heiliges daar bo regeer, verband met hierdie selfde persoonlike regering van Jesus in en vanuit die hemel. Vgl. Openb. 3:21. Hierdie persoonlike regering van Christus in en vanuit die hemel lê ten grondslag van al die visioene van die Apokalips. Dit is die sleutel tot die interpretasie van die "duisend jaar".

Om nou tot 'n juiste begrip te kom van verse 4-6, die regering van die heiliges, moet ons in ons gedagtes teruggaan na die eerste eeu n.C.

[173] Romeinse vervolging is aan die orde van die dag. Martelaars lê kalm hulle hoofde neer onder die swaard van die laksman. Paulus het dit alreeds gedoen, en ook Jakobus. Eerder as om te sê: "Die keiser is Here", of om wierook te drup op die altaar van 'n heidense priester as 'n gebaar van keiseraanbidding, bely gelowiges hulle Christus selfs in die vlamme en terwyl hulle voor die wilde diere in die Romeinse arenas gegooi word. Maar Christus is immer gedagtig aan sy swaarbeproefde dissipels. Hy versterk hulle sodat hulle getrou kan bly tot die einde. Om hierdie rede gee Hy aan sy erg beproefde kerk die visioen van "die siele van hulle wat gedood is ter wille van getuienis van Jesus", 1:2, 9; 6:9. Hy beskryf hierdie siele – saam met *al* die ontslape Christene wat hulle Here

bely het op aarde – as heersers saam met Christus in die hemel. Hy sê as 't ware: "Hier onder: 'n paar jaar van lyding; daar in die heerlike land daarbo: leef en regeer hulle met Christus vir *'n duisend jaar!"* Watter troos! Waarlik, die lyding van die teenswoordige tyd weeg nie op teen die heerlikheid wat geopenbaar is aan die siele van die gelowiges wat met hulle verhoogde Here in die hemel regeer nie.

In verband met hierdie "duisendjarige ryk" van verse 4-6 wil ons drie vrae beantwoord.[6]

1. Waar vind dit plaas?
2. Wat is die aard daarvan?
3. Wie het deel daaraan?

Eerstens, *waar* vind dit plaas? Volgens die paragraaf wat ons bestudeer, vind dit plaas:

(a) Waar die trone is, want ons lees: "En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit." Volgens die hele boek Openbaring is die Troon van Christus en van sy volk altyd in die hemel: Openb. 1:4; 3:21; 4:2-6,9, 10; 5:6, 7, 11, 13; 6:16; 7:9-11, 15, 17; 8:3; 12:5; 14:3,5; 16:17; 19:4,5; 20:4,11; 21:5; 22:1,3.

(b) Waar die ontliggaamde siele van die martelaars is, want ons lees: "En ek het die *siele* gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus". Johannes sien die *siele,* nie liggame nie. Hy dink aan siele sonder liggame, want ons lees: " ... van *die* wat onthoof is." Tereg beteken "siele" soms "mense", bv. in Gen. 46:27. Maar in daardie geval kan u die woord "mense" gebruik in die plek van "siele". Hier in Openb. 20 kan u nie. Die *siele* regeer gedurende hierdie hele huidige bedeling tot by Christus se wederkoms. Daarna is dit nie meer die *siele* wat regeer nie. Nee, liggaam en siel is weer verenig. Daarom sal die *heiliges* dan regeer; nie vir 'n beperkte, hoewel lang periode nie – 'n duisend jaar – maar *"tot in alle ewigheid",* Openb. 22:5.

[174]

(c) Waar Jesus woon, want ons lees: " ... en hulle het geleef en geregeer *saam met Christus ..."* Die vraag is dus: waar, volgens die Apokalips, is die plek van waar die verhoogde Middelaar die heelal regeer? Waar woon Jesus? Klaarblyklik *in die hemel.* Dit is in die *hemel* waar die Lam voorgestel is as die een wat die boekrol neem uit die hand van Hom wat op die troon sit, Openb. 5. Openb. 12 stel dit duidelik dat Christus " . . . weggeruk is ha God en sy Troon . . . Daarom, wees verheug, o *hemele* en die wat daarin woon."

Daarom vind die duisendjarige regering plaas in die *hemel.*

Die volgende vraag wat beantwoord moet word, is: Wat is die aard daarvan? Die aard van hierdie regering word soos volg opgesom:

(a) Hulle *oordeel* saam met Christus. Die vrygekoopte siele in die hemel prys Christus oor sy regverdige oordele. Hulle sing voortdurend: "Sy oordele is waaragtig en regverdig," 19:2.

Hierdie siele in die heerlikheid word altyd uitgebeeld waar hulle deelneem aan al die aktiwiteite van die Meester: hulle sit saam met Hom op sy troon, Openb. 3:21; hulle staan saam met Hom op die berg Sion, 14:1; hulle sing voor sy Troon, 14:3; 15:3; hulle sal sy aangesig sien, 22:4, ens.

(b) Hulle *leef* saam met Christus: "hulle het geleef en geregeer". Hoe? Sien Openb. 7:9 e.v. In die hemel reageer hierdie siele volmaak in 'n volmaakte omgewing. En wat is

[6] Ons het die hele onderwerp meer volledig bespreek in *The Federation Messenger,* uitgawes Des. 1934 - Apr. 1935.

die lewe anders as dit?[7]

(c) Hulle *deel in die koninklike heerlikheid* met Christus. Hierdie siele vier die oorwinning van die Lam en daarom ook hulle eie. Hulle regeer saam met Hom. Al hulle gebede word beantwoord; al hulle wense word voortdurend vervul.

(d) Dit is die *"eerste opstanding".* Die eerste opstanding is die oorplasing van die siel vanuit hierdie sondige aarde na God se heilige hemel. Met Christus se wederkoms word dit gevolg deur die tweede opstanding wanneer die liggaam ook verheerlik sal word.

Ons laaste vraag is: Wie het deel aan hierdie regering? Dit is eenvoudig en maklik. Eerstens, al die siele van die martelare: "die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus". Tweedens en daarmee saam, alle gelowiges wat in geloof gesterf het: "hulle wat die dier nie aanbid het nie", ens. Sien Openb. 13:4, 15, 16; 14:9, 11; 16:2; 19:20. Die ander dooies – d.w.s. alle ander mense wat gesterf het; daarom die ongelowige dooies – [175]het nie *herlewe* totdat die duisend jaar voleindig was nie. Wanneer daardie tydperk voltooi is, kom daar 'n verandering. Dan gaan hulle "die tweede dood" binne. M.a.w. hulle ontvang ewigdurende straf; nie net – soos tot hiertoe – na die *siel* nie, maar ook na die *liggaam.* Dus is die verandering nie beter nie, maar slegter. Aan die ander kant is hulle wat deel het aan die eerste opstanding – soos reeds verduidelik – salig en heilig. Oor hulle het die tweede dood geen mag nie, 20:6. Hulle sal nie net saam met Christus *regeer* nie, maar hulle sal ook God in Christus *aanbid* as priesters dwarsdeur die duisend jaar, Openb. 1:6; 4:10; 5:10; 7:15; 14:4.

Laat ons nou verse 7-10 bestudeer. Wanneer die duisend jaar verby is, word Satan losgelaat uit sy gevangenis. Daarom word dit baie duidelik dat die laaste en verskriklikste vervolging, waardeur die antichristelike magte die kerk sal verdruk, op baie direkte wyse aangestig is deur Satan self. Die duiwel monster nou Gog en Magog vir die laaste aanval teen "die laer van die heiliges en die geliefde stad". Die uitdrukking "Gog en Magog" is aan die boek Esegiël ontleen. Sien die aantekening vir interpretasies wat ons verwerp.[8] In Esegiël dui die term ongetwyfeld die mag van die Seleucide aan, veral soos dit geopenbaar is in die dae van Antiochus Epifanus, die bitter vyand van die Jode. Die sentrum van sy koninkryk was geleë in Noord-Sirië. Seleucus het sy woning daar in die stad Antiochië opgerig aan die Orontes-rivier. Na die ooste het hierdie gebied verby die Tigris gestrek. Na die noorde het die ryk waaroor die Seleucide die septer geswaai het, Meseg en Tubal ingesluit, distrikte in Klein-Asië.[9] Gevolglik was Gog die prins van Magog, dit is Sirië. In Esegiël verwys die verdrukking van Gods volk deur die "Gog en Magog" dus na die verskriklike vervolging onder Antiochus Epifanus, heerser van Sirië.

Nou gebruik die boek Openbaring hierdie tydperk van verdrukking en ellende as

---

[7] H. Drummond, *Natural Law in the Spiritual World,* p. 149 ens.

[8] Ons verwerp die volgende interpretasies van die term *Gog en Magog:*

(a) Gog en Magog simboliseer die verste geleë volkere, bv. China, Japan, In-dië. Hulle sal die Christelike nasies aanval, 'n fisieke oorlogvoering. Vgl. onbeskaafde teenoor beskaafde volkere, H. Bavinck, *Gereformeerde Dog-matiek,* 3de uitg., IV, pp. 760, 761.

(b) Dieselfde volkere word bedoel, maar nou is dit 'n geestelike oorlogvoering : die kultuur en godsdiens van die afgeleë volkere neem die Christelike volke in.

[9] Vir ons interpretasie van Gog en Magog is ons dank verskuldig aan die volgende:
G. C. Aalders, *Het Chiliasme en het Oude Testament, in De Reformatie,* arts. 34-37, Mei 27, 1932-Jun. 17, 1932, vir die betekenis in die O.T.;
E. W. Hengstenberg, *The Revelation of St. Jolin,* Vol. II, p. 303 ens.;
Art. "Gog", in *I.S.B.E.* Ditto in *Christelijke Encyclopaedie*.;
Art. "Magog", in *I.S.B.E.*; W. Fairweather, *From the Exile to the Advent,* p. 133 ens.;
Ditto, *The Background of the Gospels,* p. 95 ens.;
A. H. Sayce, *The Races of the Old Testament,* p. 73.;
Die kanttekeninge van die Nederlandse Statevertaling oor die term "Gog en Magog".

simbool van die laaste aanslag van Satan en sy hordes op die kerk. Let op die ooreenkoms:

Eerstens moet u onthou dat die aanslag van Gog en Magog (Sirië onder Antiochus Epifanus) die *laaste* groot verdrukking was wat die volk van God moes verduur in die ou bedeling. Daarom is dit 'n gepaste simbool vir die *laaste* aanslag van die antichristelike magte op die kerk gedurende die nuwe bedeling.

Tweedens moet u in gedagte hou dat hierdie leërs van Gog en Magog *geweldig groot* was. Daarom kan hulle genoegsaam *wêreldwye* teenstand teen die kerk simboliseer in die dae net voor die wederkoms van Christus.

[176] Derdens moet u dink aan die feit dat die verdrukking onder Antiochus Epifanus, hoewel baie hewig, ook van *korte* duur was. Daarom is dit so geskik om 'n voorafskaduwing te wees van die *kort* laaste verdrukking wat sal plaasvind teen die einde van ons huidige bedeling. Vgl. Mark. 13:20; Openb. 11:11.

Laastens, onthou dat die neerlaag van die leërs van Sirië – t.w. van Gog en Magog – heel onverwags en volkome was. Dit was duidelik die werk van *God.* Ook om hierdie rede kon die aanslag van Gog en Magog teen Israel dien as 'n uitstekende simbool van die laaste stryd van die goddelose wêreld teen die kerk.

Nou word "Gog en Magog", in die perikoop wat ons bestudeer, vereenselwig met "die nasies wat in die vier hoeke van die aarde is". Hierdie uitdrukking beteken egter *nie:* die mees afgeleë nasies nie. Raadpleeg parallelle perikope: Openb. 7:1; Rigt. 20:2; 1 Sam. 14:38. Die term "die vier hoeke van die aarde" beteken eenvoudig "die hele wêreld". Die hele sondige wêreld gaan die kerk vervolg. Die teenstand sal wêreldwyd wees.[10] Daar is daarom geen gronde om hierdie perikoop te beskou as 'n verwysing na 'n laaste aanval deur sommige "periferiese" nasies – bv. China, Japan en Indië – op die volkere van Wes-Europa en Amerika nie. Die voorspellings in die Nuwe Testament kan eenvoudig nie maar van toepassing gemaak word op hedendaagse situasies, nasies of regerings, asof dit spesifiek na hulle verwys nie. Dit beskryf die stryd tussen die kerk en die wêreld. Dit sê niks wat uitsluitlik of selfs spesifiek verwys na China, Japan, Nederland of Louisiana nie! Die konflik wat hier beskryf word, is nie die tussen "beskaafde" en "onbeskaafde" volkere nie. Dit is eenvoudig die laaste aanslag van die magte van die Antichris op die kerk. Ons interpretasie word ook gesteun deur die uitdrukking: "Hulle het opgekom oor die breedte van die aarde." Vgl. Hab. 1:6; Jes. 8:8; Gen. 13:17; Job 38:18.

Die betekenis is dus: die tydsgewrig waarin die kerk as 'n magtige sending-organisasie in staat sal wees om die evangelie oral te versprei, sal nie vir ewig duur nie; nie eens tot op die tydstip van Christus se wederkoms nie. Kyk wat gebeur in sommige lande selfs vandag. Is daar sommige streke van hierdie aarde wat reeds besig is om in te beweeg in Satan se kort tydjie? Lees op bl. 116; 128-9; 146 e.v.; 164-5, waar dieselfde onderwerp vollediger bespreek word.

M.a.w. ons het hier in Openb. 20:7-10 'n beskrywing van dieselfde slag wat beskryf word in Openb. 16:12 e.v. en in Openb. 19:19. In al drie gevalle lees ons in die oorspronklike *die* slag. In 16:14: "om hulle te versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die [177] AlmagTige God". Voorts in Openb. 19:19: "om oorlog te voer teen Hom ..." Net so hier in Openb. 20:8: "om hulle te versamel vir *die* oorlog". Dit gaan nie hier om drie verskillende oorloë nie. Ons het hier *een en dieselfde oorlog. Dit is in al drie gevalle die slag van Armageddon.* Sien die bladsye wat aangewys is in die voorafgaande paragraaf. Dit is die laaste aanslag van antichristelike magte op die kerk. Die "nuwe" wat Openb. 20 onthul, is wat met *Satan* gebeur as gevolg van hierdie slag.

Hierdie laaste aanslag is gerig teen "die geliefde stad", ook genoem "die laer van die heiliges". Dus word die kerk van God hier beskryf onder die dubbele simbool van 'n stad en 'n laer.

---

[10] 'n Vollediger uiteensetting van die term *Gog en Magog* is gegee in ons *Outlines* in *The Federation Messenger,* Feb. en Mrt., 1935.

"En vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind." Let op na die skielike aard van hierdie oordeel oor Gog en Magog. Dit is net so skielik en onverwags soos die bliksem wat uit die hemel slaan. Vgl. 2 Thess. 2:8. So plotseling sal Christus verskyn en sy vyande verslaan. Dit is al koms waarin Hy kom om te oordeel. Satan het die goddelose wêreld verlei. Hy het die goddelose verlei om te dink dat 'n werklike en algehele oorwinning oor die kerk moontlik was; dat God verslaan kon word. Daarom word die duiwel – die verleier – in die poel van vuur en swawel gewerp – wat die hel aandui as 'n plek van lyding vir liggaam en siel ná die oordeelsdag – waar ook die dier en die valse profeet is. Die gedagte is *nie* dat die dier en die valse profeet werklik in die hel gewerp is *voor* Satan nie; maar dat die straf van die dier en die valse profeet reeds beskryf is, Openb. 19:20. Hulle gaan almal saam onder: Satan, die dier en die valse profeet. Dit *moet* waar wees, want die dier is Satan se vervolgingsmag en die valse profeet is Satan se antichristelike godsdiens. Waar Satan ook al is, daar is die ander twee ook. In hierdie poel van vuur en swawel word al drie gepynig tot in alle ewigheid, Matt. 25:46.

Nou word Christus se koms om te oordeel duidelik beskryf. Johannes sien 'n Groot Wit Troon. Daarop sit die Christus, Matt. 25:31; Openb. 14:14. Die aarde en die hemel het weggevlug voor sy aangesig. Nie die verwoesting of vernietiging nie, maar die vernuwing van die heelal word hier aangedui. Dit sal 'n versmelting van die elemente wees deur groot hitte, 2 Pet. 3:10; 'n wedergeboorte, Matt. 19:28; 'n wederoprigting van alle dinge, Hand. 3:21; en 'n bevryding uit die slawerny van verganklikheid, Rom. 8:21. Hierdie heelal sal nie meer onderworpe wees aan "ydelheid" nie.[11] Johannes sien die dode, klein en groot, voor die Troon staan.[12] Elke persoon wat ooit op aarde geleef het, word gesien voor die Troon. Die boeke word geopen: die verslae van elke persoon se lewe, Dan. 7:10. Ook die boek van die lewe wat die name bevat van al die gelowiges, word oopgemaak, Openb. 3:5; 13:8. [178] Die dooies word geoordeel volgens hulle werke, Matt. 25:31 e.v.v.; Rom. 14:10; 2 Kor. 5:10. Die see gee sy dooies; so ook die dood en die doderyk. Sien ons verduideliking van Openb. 1:18; 6:8. Hier is die een algemene opstanding van al die dooies. Die hele Bybel praat net van een algemene opstanding. Lees Joh. 5:28, 29. Hierdie enige en algemene opstanding vind plaas *op die laaste dag,* Joh. 6:39, 40, 44, 54; Hand. 24:15; Matt. 22:31; Hand. 24:21; Hebr. 6:2.[13] Nêrens in die hele Bybel lees ons van 'n opstanding van die *liggame* van die gelowiges, en ná duisend jaar gevolg deur 'n opstanding van die liggame van die ongelowiges nie. Almal staan gelyktydig op. Dood, die skeiding van siel en liggaam, en Doderyk, die toestand van skeiding, eindig nou. Nog in die nuwe hemel nog op die nuwe aarde nog selfs in die hel sal daar ooit 'n skeiding wees tussen liggaam en siel ná Christus se wederkoms om te oordeel. Daarom simbolies gespreek, word Dood en Doderyk – nou verpersoonlik – in die poel van vuur gewerp! 'n Laaste waarskuwing: Enigiemand van wie bevind was dat sy naam nie geskryf is in die boek van die lewe nie, is ook in die poel van vuur gewerp.

En nou die laaste en mooiste tema: die nuwe hemel en aarde, Openb. 21:1-8, en die Nuwe Jerusalem, 21:9-22:5. Daar is 'n baie mooi verband tussen die eerste boek van die Bybel en die laaste. Die Skrif is soos 'n blom. Ons vind die saad in Genesis, die groeiende plant in die boeke wat daarop volg, en die ten volle ontwikkelde en pragtige blom in die Apokalips.

Kyk na die volgende parallel:

Genesis deel ons mee dat God die hemel en die aarde geskape het. Openbaring beskryf die *nuwe* hemel en aarde, 12:1.

In Genesis word die ligte geskape: son, maan, sterre. In Openbaring lees ons: "En

[11] J. Orr, *The Christian View of God and the World,* p. 195, 'n pragtige interpretasie!

[12] Sien G. A. Gordon, "The Vision of the Dead", 'n preek in *Great Sermons by Great Preachers,* uitgegee deur J. L. Hurlbut.

[13] Vgl. W. Milligan, *The Book of Revelation,* in *Expositor's Bible.*

die stad het die son of die maan nie nodig om in hom te skyn nie, want die heerlikheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp," Openb. 21:23.

Genesis beskrywe 'n paradys wat verlore gegaan het. Openbaring skilder 'n paradys wat herstel is, Openb. 2:7; 22:2.

Genesis beskryf die geslepenheid en die mag van die duiwel. Die Apokalips deel ons mee dat die duiwel gebind is en in die poel van vuur en swawel gewerp is.

Genesis skilder die aaklige tafereel: die mens wat wegvlug van God af en homself versteek vir die teenwoordigheid van die Almagtige. Openbaring toon ons die wonderlikste en mees intieme gemeenskap tussen God en die verloste mens: "Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon," Openb. 21:3, [179] Ten slotte, waar Genesis ons die boom van die lewe wys met 'n engel om die toegang tot die boom te bewaak, "dat hy nie sy hand uitsteek en ook van die boom van die lewe neem en eet nie", herstel die Apokalips die mens se reg om toegang daartoe te hê: "sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe", Openb. 22:14.

Nou vra ons weer eens: Wat is die tema van hierdie boek? Dit is die volgende: Nie die duiwel nie, maar Christus is oorwinnaar; alhoewel dit vir 'n tydjie *mag voorkom* – dit is nooit werklik so nie – of God se plan gaan misluk, triomfeer dit uiteindelik volkome. Oorwinnaars is ons. Nee, *meer* as oorwinnaars, want ons is nie net verlos van die grootste vloek, ja, van *elke* vloek nie, maar ons verkry daarbenewens die heerlikste seën, Openb. 21:3.

Wat skilder Openb. 21:1-22:5 nou? Die ideale kerk soos dit nou bestaan? (Vgl. aantekening [13].) Of die heelal en die kerk van die toekoms?[14] Soos ons dit sien, is geeneen van hierdie antwoorde volledig nie. Ons het in hierdie gedeelte 'n beskrywing van dit wat *ideaal* is. Wat ook al die gevolg is van God se reddende genade – of dit in die hede of in die toekoms is – dit is hier ingesluit. Hierdie reddende genade en herskeppende mag van God moet nie gesien word as slegs behorende tot die toekoms nie. Nee, dit werk reeds nou in hierdie huidige tydsgewrig in die harte van Gods kinders. Gevolglik is, wat ons hier in Openb. 21:1-22:5 vind, 'n beskrywing van *die verloste heelal van die toekoms soos dit voorafgeskadu word deur die verloste kerk van die hede.* Laat ons ons standpunt bewys:

Neem Openb. 21:3: "Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees, en God sal self by hulle wees as hulle God."

Dit is so helder as daglig, dat hierdie woorde betrekking het op die nuwe hemel en aarde en op die volkome verloste mensdom soos dit sal bestaan ná die oordeelsdag. Die verband is baie duidelik. Let op dat die eerste hemel en aarde verbygegaan het, Openb. 21:1. Die oordeel het plaasgevind, Openb. 20:11 e.v.v. Maar het hierdie perikoop geen betekenis vir die hede nie? Verwys dit slegs na die toekoms? Enigiemand wat vertroud is met die Bybel, sal hierdie vraag kan beantwoord. Hy sal onmiddellik die perikoop herken wat ons aangehaal het, vgl. Jes. 65:17; 66:22. Dink na oor die laaste sinsnede: "as hulle God". Is dit nie die ou verbondsbelofte wat dwarsdeur die Skrif gevind word nie? Slaan na: Gen. 17:7, 8; Ex. 20:2; Deut. 5:2, 3, 6; Jer. 24:7; 30:22; 31:33; Eseg. 11:20; Sag. 13;9;Matt. 13:17; Rom. 4:22; 2 Kor. 6:16, ens. Die vervulling of verwesenliking van hierdie heerlike belofte, soos die parallelle perikope aandui, is beslis nie net 'n [180] saak van die toekoms nie, maar – ten minste in beginsel – ook van die *hede.* God woon nou reeds in sy kerk deur die Gees. Daardie goddelike inwoning sal vervolmaak word in die nuwe hemel en aarde ná die oordeelsdag.

Dieselfde is waar met betrekking tot die baie simbole wat in hierdie gedeelte voorkom. As iemand die moeite wil doen om die parallelle perikope waarin hulle gewortel is, na te slaan, sal hy onmiddellik opmerk dat die waarhede en die beloftes wat daarin voorkom, alles pas by die hele tydsbestek waarin die kerk op aarde bestaan het. Hulle behoort, in besondere sin, aan hierdie hele bedeling. Die Nuwe Jerusalem is altyd die

[14] Vgl. R. C. H. Lenski, *Interpretation of St. John's Revelation,* p. 620 ens.

teenstander van Babilon. Die bruid moet altyd die teenoorgestelde wees van die hoer. Nogtans word die finale en voltooide werklikheid eers ná die oordeelsdag bereik. Laat ons Openb. 21:1-8 bestudeer.

Johannes sien 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde. Sien Jes. 65:17; 66:22; 2 Pet. 3:13. Die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan, vgl. Openb. 6:14; 2 Pet. 3:10. Sien ons verduideliking van Openb. 20:11.

Laat ons probeer om in ons verbeelding hierdie nuwe heelal te sien. Tot die fondamente van die aarde is onderwerp aan die reinigende vuur. Elke vlek van sonde, elke letsel van die kwaad, elke teken van die dood is verwyder. Uit die ontsaglike groot brand is 'n nuwe heelal gebore. Die woord wat in die oorspronklike gebruik word, impliseer dat dit 'n "nuwe", maar nie 'n "ander" wêreld is nie.[15] Dit is dieselfde hemel en aarde, maar heerlik nuut gemaak: geen onkruid, dorings, distels, ens. nie. Die natuur kom tot sy reg: al sy moontlikhede wat so lank sluimerend was, word nou ten volle verwesenlik. Die "ou" orde het verdwyn. Die heelal waarin die draak, die dier, die valse profeet en die hoer hulle program van ongeregtigheid uitgevoer het, het verdwyn. Die see, soos ons dit nou ken, is nie meer nie. Op die oomblik is die see die embleem van onrus en stryd. Die dreunende, woedende, onstuimige, stormgeteisterde waters, die golwe wat gedurig in geveg met mekaar verkeer, simboliseer die nasies van die wêreld in hulle konflik en onrustigheid, Openb. 13:1; 17:15. Dit is die see waaruit die dier opgekom het. Maar in die nuutgemaakte heelal – die nuwe hemel en aarde – sal net vrede heers. Daarom sal die hemel en die aarde en die see soos hulle nou bestaan, verdwyn. Die heelal sal heerlik verjong en verander word. Onthou: *dieselfde* heelal, maar nuut gemaak!

"En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is," 21:2.

[181] Hierdie Jerusalem word "nuwe" genoem in teenstellende onderskeiding met die aardse Palestynse Jerusalem. Dit word genoem "heilig" omdat dit afgeskei is van sonde, geheel en al toegewy aan God. Hierdie nuwe en heilige Jerusalem is baie duidelik die kerk van die Here Jesus Christus, soos ook duidelik blyk uit die feit dat dit hier en elders genoem word: die bruid, die vrou van die Lam, Jes. 54:1; Ef. 5:32, ens. Selfs in die O.T. word die kerk voorgestel onder die simbool van 'n stad, Jes. 26:1; 40:9; Ps. 48; ens. 'n Stad wek by ons die gedagte van permanente woonplek, baie inwoners, veiligheid en sekuriteit, gemeenskap en skoonheid. Met betrekking tot al hierdie karaktertrekke is die kerk soos 'n stad – in beginsel selfs vandag, maar in volmaaktheid binnekort. Ons lees dat Johannes hierdie Heilige Stad sien neerdaal het van God uit die hemel. Ook dit is waar ten opsigte van die ideale kerk van die hede en van die kerk van die toekoms. Dit word altyd gebore van Bo. Dit is altyd die gevolg van die herskeppende werk van die Heilige Gees, Openb. 3:12; 21:9 e.v.; vgl. Gal. 4:26; Hebr. 11:10, 16; Hebr. 12:22. Die woorde "toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is", vind hulle kommentaar in Openb. 19:7. Sien bl. 161 e.v. Johannes hoor 'n groot stem uit die hemel sê:

"Kyk, die tabernakel van God is by die mense,
en Hy sal by hulle woon,
en hulle sal sy volk wees;
en God self sal by hulle wees as hulle God.
En God sal al die trane van hulle oë afvee,
en daar sal geen dood meer wees nie;
ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie,
want die eerste dinge het verbygegaan," Openb. 21:3,4.

So mooi word die ewigdurende bruilofsfees van die Lam, Christus, en van sy bruid, die kerk, vir ons geskilder. Vir die volle betekenis van hierdie bruilof van die Lam, sien bl. 161 e.v. Dit is die hoogtepunt van daardie hele proses waardeur God na sy volk kom. Die ewige gemeenskap tussen God en sy uitverkorenes is so trou dat Hy, as 't ware, by

---

[15] Die oorspronklike het *kainos,* nie *neos* nie.

hulle in één tent woon – *sy* tent, die heerlikheid van sy deugde, Openb. 7:15. Die Lam is hulle herder, Openb. 7:17. God vee alle trane van hulle oë af, Openb. 7:17. Hulle aanbid Hom voortdurend in sy tempel, Openb. 7:15. Hulle sit saam met hom op sy troon; en Hy hou maaltyd saam met hulle, Openb. 3:20, 21. Vgl. ook Joh. 17:23; 2 Kor. 6:18. In sulke treffende simbole word die ewigdurende gemeenskap tussen God en sy volk voortgesit. Negatief [182] gesproke, sal dood nie meer wees nie – "die" dood, Openb. 20:14; 1 Kor. 15:26; nog droefheid, nog geween, Jes. 25:8; 35:10; 51:11, nog pyn; vgl. ook 7:16. Die ou orde – "die eerste dinge" – het verbygegaan, 2 Kor. 5:17; Hebr. 12:27.

Die apostel hoor nou die stem van Hom wat op die Troon sit, d.w.s. God in Christus, Openb. 4:2; 19:4; 3:21; 11:15; 12:10; 22:1. Die Here sê: "Kyk, Ek maak alles *nuut."* Slegs God kan nuut maak. Mense mag tevergeefs hulleself verbeel dat hulle d.m.v. beter opvoeding, 'n beter omgewing, beter wetgewing en 'n meer eweredige verdeling van rykdom, 'n nuwe tydperk gaan inlui, 'n goue era, die Utopia van die mens se vurige verlange. Hulle droom bly 'n droom! Geen ekonomiese of ontwapeningskonferensies, of beter skole, of deel-die-weelde-programme sal 'n werklik goue era tot stand bring, 'n nuwe hemel en aarde, 'n nuwe orde nie. Dit is altyd net God wat deur sy Gees alle dinge nuut maak.[16] Hy alleen kan die mens en die heelal herstel en hernieu. Hy is besig om dit nou te doen, hoewel in 'n baie beperkte sin. Hy sal dit mettertyd doen wanneer Christus weer kom.[17] Ons kan ons beswaarlik voorstel dat die gevolge van die sonde ooit uitgewis kan word. Tog sal dit weggeneem word sodat alle dinge waarlik "nuut" gemaak sal word. En om ons in ons geloof te versterk dat Hy wat beloof het dit werklik sal doen, lees ons: "Kyk!" Die stem sê aan Johannes dat hy dit ter harte moet neem. Hy moet dit sekerlik neerskryf tot troos vir ander, want "hierdie woorde is waaragtig en betroubaar". Vgl. Openb. 19:9; 22:6. So seker is die vervulling van hierdie belofte dat die stem praat asof die belofte alreeds vervul is: "Dit is verby!" Vgl. Openb. 16:17. Trouens, wat Johannes se visioen betref, het hierdie veranderings reeds plaasgevind. Hy sien die *nuwe* hemel en die *nuwe* aarde. I.v.m. die uitdrukking "Ek is die Alfa en die Omega" sien bl. 45. Die "water van die lewe" wat verniet gegee word, verwys na die ewige lewe, verlossing vol en vry. Dit is die verwesenliking van al hierdie beloftes: Ps. 36:8; Joël 3:18; Eseg. 47:1 e.v.; Sag. 14:8; Jes. 55:1; Joh. 4:10; Openb. 7: 17; 22:17. Onthou dat hierdie "water" *nou* aan die "dorstige" gegee word. En *in die ewigheid,* in die nuwe hemel en aarde, sal dit vars en oorvloedig in elke lewende wese gestort word. Hierdie water kom immer vanuit God, wat die Fontein is. Die oorwinnaar, Openb. 21:7, sal hierdie dinge ontvang. In sy lewe bereik die verbondsbelofte verwesenliking: "Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees," Openb. 21:7.

In beginsel word daardie belofte, wat – soos ons aangetoon het – soos 'n goue draad deur die Skrif loop van begin tot end, selfs in hierdie lewe verwerklik; in volmaaktheid sal dit in die lewe hierna vervul word, [183] spesifiek in die nuwe hemel en aarde. Dit is DIE belofte, want dit sluit alle ander beloftes in.[18] Kyk na die verskriklike kontras, vers 8: hulle wat die eienskappe van "die hoer" openbaar, word in die poel van vuur en swawel gewerp, die tweede dood. I.v.m. die eienskappe van "die hoer", sien bl. 149 e.v. I.v.m. "die tweede dood", sien bl. 174-5.

Maar bokant die puin van die hoer-stad van vers 8 hang die luisterryke visioen van die bruid-stad, die stad van God, die Heilige Jerusalem wat neerdaal van God uit die hemel, Openb. 21:9-22:5. Dit is die ideale kerk van die toekoms voorafgeskadu deur die ideale kerk van die hede.

Een van die sewe engele wat die sewe skale gehad het, Openb. 15:6, kom praat met Johannes, vgl. Openb. 17:1. Die engel sê aan Johannes:

"Kom hierheen, ek sal jou die bruid toon, die vrou van die Lam," Openb. 21:9. Sien

---

[16] Babilon is "Groot". Jerusalem is "nuwe". Sien hoofstuk 10, aant. 26.

[17] Sien C. H. Spurgeon se preek oor hierdie perikoop in *Twelve New Year's Sermons.*

[18] Sien die skrywer se boek oor *The Covenant of Grace.*

i.v.m. hierdie beskrywing bl. 161 e.v. Dan voer die engel Johannes weg, nie letterlik nie, maar "in die gees", vgl. Openb. 1:10; 17:3, na 'n groot en hoë berg, vgl. Eseg. 40:1, 2. Slegs wanneer ons op die hoë berg van geloof staan, is ons in staat om die kerk te sien soos dit ideëel bestaan. Die apostel aanskou nou 'n gesig van stralende skoonheid. Hy sien 'n stad. Die engel het beloof om hom die bruid te toon. Die oplossing is: die stad is die bruid; die twee is identies. Albei dui die kerk van God aan: Jes. 54:1; Ef. 5:32; Jes. 26:1; 40:9; Ps. 48.

Die beskrywing van die stad, soos opgeteken in Openb. 21:9-22:5, kan soos volg opgesom word:

*1. Dit is 'n stad, die Heilige Stad, Jerusalem* Sien Openb. 21:10,16,18

As sodanig is dit 'n gemeenskap van mense wat gemeenskap met God het. Niks in die ganse heelal is so heerlik soos gemeenskap met God nie, sodat Hy by ons woon en ons sy volk sal wees. Bowendien, soos die simbool – die Heilige Stad – so duidelik aandui, is hierdie gemeenskap *heilig, blywend* en word dit geniet deur 'n *ontelbare menigte.* Sien bl. 181 e.v. So word die stralende glans van die ideale kerk gesimboliseer. Let verder daarop dat die hele begrip eskatologies is: die kerk van die *toekoms* word hier beskryf, en die kerk van die *hede,* hoofsaaklik vir sover dit 'n skaduwee is van dit wat sal kom. Die stad wat hier beskryf word, behoort aan die ryk van die hemel: die stad daal altyd neer van die hemel af. Dit is die werk van God se soewereine genade. Dit behoort aan die toekoms en het 'n blywende toekomsverband. Dit "vertoef op aarde". Dit is "die gemeenskap van mense wat in en deur God lewe en uitverkies is om saam met God te regeer tot in ewigheid".[19] Jerusalem is *heilig* en *nuut.* Babilon is *groot* en *oud*.[20]

[184] *Voorts is hierdie stad suiwer goud soos suiwer glas,* vgl. Openb. 4: 6; 15:2. Dit simboliseer die reine, heilige, genadige en onverbergbare aard van die gemeenskap tussen God en sy volk. In beginsel geniet ons dit hier en nou; in volmaaktheid uiteindelik.

*Ten slotte is hierdie stad 'n volmaakte kubus: tweeduisend vierhonderd kilometer in elke rigting.* Kyk eerstens na die skoonheid van die *simbool:* 'n stad van tweeduisend vierhonderd kilometer in elkeen van sy *drie* (!) dimensies – ook tweeduisend vierhonderd kilometer in hoogte – en alles van suiwer, deurskynende, gladde, skitterende goud. En nou die betekenis:

Twaalfduisend is die produk van drie (vir die Drie-eenheid) maal vier (vir die heelal) maal tien maal tien maal tien (vir verdubbelde, uiterste volledigheid en volmaaktheid). Daarom druk hierdie getal die volledige en volmaakte gevolg uit van die reddende krag van die Drie-enige God wat werksaam is in die heelal. Daardie volledige en volmaakte gevolg is die kerk van God wat in die nuwe heelal gemeenskap geniet met God. Daardie gemeenskap sal "volledig en volmaak" wees in elke rigting. Ons geniet hier en nou 'n voorsmaak daarvan. Vgl. Ps. 48:13, 14; Eseg. 40:3 e.v. Dit is bowendien voorafgeskadu deur die Allerheiligste in die tabernakel en in die tempel van Salomo. Ook dit was 'n volmaakte kubus. Hier het die hoëpriester in gemeenskap met God getree. Maar in die Heilige Stad is alle gelowiges priesters en ook konings. Hulle geniet almal hierdie gemeenskap.

*2. Hierdie Heilige Stad is die Bruid, die Vrou van die Lam* Sien Openb. 21:9

Die simbool word ten volle verduidelik in Openb. 19:7. Sien bl. 161 e.v. Die feit dat hierdie gemeenskap tussen God en sy kinders 'n baie intieme en blywende liefdesverhouding is en dat niks in die heelal heerliker en mooier is as dit nie, word albei deur hierdie beeld gesimboliseer. Vgl. Ps. 45.

---

[19] Augustinus, *De Civitate Dei,* Boek XV, hf. I. Vgl. Boek XIV, hf. 28.; H. Scholtz, *Glaube und Unglaube in der Weltgeschichte: ein Kommentar zur Augustins De Civitate Dei.;* W. Walker, *Great Men of the Christian Church,* p. 63 ens.

[20] Die lesing wat verkies word deur die A.V. in 21:10 is verkeerd. Die term "groot stad" het nooit betrekking op die Heilige Jerusalem nie; maar altyd op Babilon, Sien aant. 26, hf. 10.

*3. Die Heilige Stad se lig is die heerlikheid van God in die Lam op sigself*

Sien Openb. 21:11,23; 22:5

Die lig of ligdraer,[21] is die heerlikheid van Hom wat op die Troon sit, vgl. Openb. 4:3. Die helderheid van 'n diamant[22] is maar 'n dowwe afskaduwing van die heerlikheid van God se deugde soos geopenbaar in die kerk van die Here Jesus Christus. Waarlik, die lamp van die kerk is die Lam, vgl. Joh. 1:5; 8:12. Die lamp is die Lam omdat Hy aan ons die ware en saligmakende *kennis* van God meedeel, blywende [185] geestelike *vreugde,* die staat van *geregtigheid* en die toestand van *heiligheid* wat daarmee saamgaan. Christus, die ware Lig, dryf die duisternis van onkunde, ellende, skuld en morele besoedeling uit. In en deur Hom en sy werk word die heerlikheid van God geopenbaar in die kerk. Daarom het die Heilige Stad geen natuurlike of kunsmatige lig nodig nie, geen sonlig of lamplig nie. Vgl. Jes. 60:1, 3, 5, 19, 20; Sag. 14:7. Nag sal daar nie meer wees nie! Dit alles is in beginsel waar hier en nou; in volmaaktheid, in die nuwe heelal van die toekoms.

*4. Daar is geen tempel in hierdie stad nie, want die Here God, die Almagtige, en die Lam is sy tempel* Openb. 21:22

Die inwoners hoef nie meer na die tabernakel of die tempel êrens in die laer of in die stad te gaan om gemeenskap met God te hê nie. Die glans van God se majesteit en heerlikheid, in al sy volheid, vul die hele stad. Dit is nie beperk tot enige besondere plek in die stad nie. Dit openbaar homself oral. Geen tempel is nodig nie, want die gemeenskap van gelowiges met hulle God is direk en onmiddellik. God woon by sy volk: hulle is voortdurend in sy onmiddellike en liefdevolle en blywende teenwoordigheid. Vgl. Openb. 7:15; 21:3; Sag. 2:5. Die profesie van Jer. 3:16, vgl. Jer. 31:33 e.v., wat sy voorlopige vervulling bereik in die nuwe bedeling waarin ons nou leef, vgl. Joh. 4:23, 24; Hebr. 8:8 e.v. word ten volle verwesenlik in die nuwe heelal.[23]

*5. Die Nuwe Jerusalem het 'n maar, groot en hoog* Openb. 21:12, 17,18

'n Stad het 'n muur vir beskerming, vir veiligheid en sekuriteit. Daarom is die betekenis van die simbool soos dit hier gebruik word, dit: deurdat hy gemeenskap met God besit, bly die kerk volstrek beveilig. Die muur is groot en hoog. Vgl. Sag. 2:5. Bowendien, om te beklemtoon dat dit 'n simboliese – nie letterlike – muur is wat bedoel word, lees ons dat dit gemeet is op honderd-vier-en-veertig en – hoogte of dikte – dit is die muur van die kerk van die ou sowel as die nuwe bedelings. Sien ons verduideliking van Openb. 7:4. In Joh. 10:28 word 'n pragtige verduideliking van die simbool gegee: "...niemand sal hulle uit my hand ruk nie! " Die simbool is nóú van toepassing; dit is van toepassing in 'n veel heerliker sin op die veiligheid van Gods volk in die nuwe heelal. Wat is heerliker as hierdie gevoel van absolute veiligheid? En verder: die muur is ingelê met diamante, vers 18.

[186]

*6. Die muur het twaalf fondamente*

Openb. 21:14,12,20

Op hierdie twaalf fondamente verskyn die name van die twaalf apostels. Die betekenis is maklik om te begryp. Dit was deur die getuienis van die twaalf apostels dat mense ingebring *was,* en d.m.v. die geskrifte van die apostels dat hulle ingebring *word* in die geseënde toestand van gemeenskap met God. Bewyse: Ef. 2:20; 1 Kor. 3:9. Christus Jesus is die hoeksteen van hierdie fondament. Onthou: die apostels is apostels *"van die Lam".* Hulle verkondig *Hom.* D.m.v. die prediking van die apostels – dit sluit Paulus in – kom die verskeidenheid van die glans en skittering van al God se deugde aan

[21] Die kantnota in die R.V. is korrek.

[22] Sien ons aanmerkings op Openb. 4:3.

[23] G. Ch. Aalders, *Het herstel van Israel volgens het Oude Testament,* p. 85 ens.

die lig. Dit is, na alle waarskynlikheid, die betekenis van die edelgesteentes wat die twaalf fondamente versier. Vgl. Jes. 54:11. Die menigvuldige wysheid van God word geopenbaar in die kerk deur die verkondiging van die Woord wanneer daardie Woord deur die Heilige Gees werklikheid word in die hart van die mens, vgl. Ef. 3:10.

*7. Die stad het twaalf poorte*

Openb. 21:12,13,21,25,27; 22:14,15

Die stad het twaalf poorte, vgl. Eseg. 43:2; 48:31-34; Openb. 22:14. M.a.w. daar *is* – in die lig van die nuwe hemel en aarde behoort ons te sê: daar *was* – oorvloedige geleentheid om toegang te kry tot hierdie heerlike en wonderlike gemeenskap met God. Oop poorte simboliseer geleenthede om in te gaan. Ons tree tot hierdie heerlike gemeenskap toe d.m.v. Godgegewe geloof in God se beloftes. Elke poort is 'n pêrel. As ons nou in aanmerking neem dat 'n pêrel van twintig grein omtrent so groot is soos 'n gewone albaster, dan moet hierdie pêrels wat Johannes in die visioen gesien het, verbasend groot en mooi gewees het. En die kind van God wat d.m.v. geloof in die beloftes ingegaan het in die stad, sê: "Waarlik, elkeen van die poorte is 'n pêrel." Op die poorte is name geskryf, t.w. die name van die twaalf stamme van Israel: die stad is die woonplek van die ware Israel, die verloste kerk, vgl. Openb. 7:14. Daar is drie poorte na elke rigting – oos, noord, suid, wes – vgl. Gen. 28:14; Jes. 54:3; die kerk *word* – of *is* – versamel uit al die nasies. By die poorte is twaalf engele. Daarom kan die wat die eienskappe van die hoer en haar bondgenote het, nie ingaan nie. I.v.m. die eienskappe van die hoer, sien Openb. 17:4-6; 28:3, 9 [?? 18:3, 9]; 19:2. Hierdie onrein en afskuwelike mense sal nie die stad binnegaan nie. Hulle bly buite. Slegs hulle wie se name geskryf is in die boek van die Lam, mag ingaan, vgl. Openb. 3:5. Laat niemand egter wanhoop nie. Onthou: die poorte word nooit gesluit nie. Geslote poorte simboliseer nie net duisternis, [187] nag en gevaar nie, maar ook gebrek aan geleentheid om in te gaan. Dwarsdeur hierdie hele tydsgewrig *is* daar nou – in die lig van die nuwe hemel en aarde behoort ons te sê: *was* – oorvloedige geleentheid om deur geloof toe te tree tot die geseënde gemeenskap met God.

*8. Die stad het strate van suiwer goud, soos deurskynende glas*

Openb. 21:21

Elke poort lei na 'n straat. Die stad is dus vol pragtige strate. Strate van goud, want hulle simboliseer 'n heerlike waarheid. Hierdie strate dui aan dat daar oorvloedige geleentheid is vir toegang tot die Troon. Daar is gemaklike toegang tot die riviere van lewe en tot die bome van die lewe.

*9. Die stad het riviere van water van die lewe, helder soos kristal, wat uitstroom uit die Troon van God en van die Lam*

Openb. 22:1

Langs elke straat vloei 'n rivier. Die straat en die rivier word net deur 'n park geskei. Sien (10) hieronder. Hierdie rivier is die rivier van die *lewe;* want dit simboliseer die ewige lewe, verlossing, vol en vry, die gawe van God se soewereine genade. En wat is die lewe anders as gemeenskap met God? Vgl. Joh. 17:3. Sien ook Eseg. 47:1 e.v.; Jes. 55:1; Ps. 46:4; Joh. 4:10; 7:38 en ons verklaring van Openb. 7:17; 21:6. Let daarop dat hierdie rivier uitstroom *uit* die Troon van God en van die Lam. Dit is belangrik, want die sinvolheid van die simboliek lê juis hierin. As ons sê dat die rivier van genade en die lewe uitstroom "uit" of "van" die Troon van God en die Lam, beklemtoon ons die feit dat ons verlossing tot stand gebring is uit die soewereine wil van God en aan ons toegereken is deur die verlossende bloed van Christus. Aan Hom al die heerlikheid! Let op die oorvloedigheid en die heilige aard van hierdie lewe: die rivier is vol water; die water is kristalhelder. Sonde sal nie ons gemeenskap met God ontsier nie. Hierdie simbool is ook in *beginsel* hier en nou van toepassing; in volmaaktheid, eendag daar.

*10. Tussen die rivier en die straat is daar 'n paradys, 'n park of tuin, vol bome van die lewe*

Openb. 22:1-3a

Hierdie gedeelte word soos volg vertaal:

"Tussen sy straat aan hierdie kant en sy rivier aan daardie kant was die boom van die lewe wat twaalf maal vrugte dra, en elke maand sy [188] vrugte gee; en die blare van die boom is vir die genesing van die nasies. En daar sal geen vervloeking meer wees nie."

Kry eers die beeld duidelik voor u. Maak 'n diagram daarvan sodat u dit duidelik kan sien. "Boom van die lewe" is 'n kollektiewe begrip net soos "straat" en "rivier". Die gedagte is nie dat daar net een enkele boom is nie. Nee, daar is 'n hele park: volle rye bome langs die rivier; en daarom tussen die rivier en die straat. En dit is waar van al die strate van die stad. Daarom is dit 'n stad vol parke, vgl. Openb. 2:7. Let daarom op hierdie wonderlike waarheid: die stad is vol riviere *van die lewe.* Dit is ook vol parke wat *bome van die lewe* bevat. Hierdie bome is daarbenewens vol vrugte. Hulle dra *gereeld* elke maand vrugte. Selfs die blare van hierdie bome is vir genesing. Gesamentlik simboliseer al hierdie dinge die oorvloedige aard van ons verlossing, 'n absolute volle maat van die mees geseënde en blywende gemeenskap met God vir al die inwoners van die Heilige Stad.

Nou is dit 'n baie treffende feit dat volgens hierdie simboliek die park of tuin in die stad is. Dink 'n oomblik hieroor na: die tuin van oorvloed – dink aan al die vrugte – reg in die hartjie van die stad! Die *Stad,* soos aangedui is, simboliseer – onder andere – baie bewoners, menigtes. In die besonder is dit waar ten opsigte van die Nuwe Jerusalem wat strek oor 'n gebied van tweeduisend vierhonderd kilometer in elke rigting. Die stad simboliseer dan 'n groot skare; daarom suggereer dit behoeftes, verlangens, 'n aanvraag. Maar waar gaan die "voorsiening" vandaan kom? Die tuin simboliseer voorsiening, oorvloed. Maar die mens is uit die tuin verdryf. Van daardie dag af het die stad as 't ware geroep na die tuin; die tuin weer na die stad. Eindelik is die tuin hier in die Nuwe Jerusalem binne-in die stad. Daar is 'n oorvloed van ewige lewe en verlossing vir al die burgers.[24] Blaai nou weer na Openb. 18:22 – sien bl. 158 e.v. – en let op die kontras. Dwarsdeur hierdie hele huidige tydsgewrig is die blare van die boom – uiteindelik sal ons sê: "was" – tot genesing van die nasies. Die ewige lewe genees die letsels van sonde en ellende. Die term "boom" van die lewe is eintlik "hout" van die lewe. Dit is die term wat gebruik word om die kruis van Christus aan te dui, Hand. 5:30; 10:39, ens. Vgl. Gal. 3:13: "Vervloek is elkeen wat aan 'n hout (boom) hang." Deur die kruis het Christus die ewige lewe vir ons verdien. En in die nuwe Jerusalem is daardie boom van die kruis nie vervloek nie. Vgl. ook Gen. 27:7; Eseg. 47:12; Openb. 2:7. Daar is niks vervloek nie.

[189]

*11. In hierdie stad is die Troon van God en die Lam*

Openb. 22:3,4

In die kerk van God word sy majesteit en soewereiniteit geopenbaar. Die "Troon" simboliseer soewereiniteit. Daarom stroom die rivier uit die Troon, sien 9 hierbo. Die soewereiniteit van God word natuurlik *oral* geopenbaar, binne en buite die stad. Maar *in* die stad word dit geopenbaar as 'n soewereiniteit van liefde, nie toorn nie. Bowendien gehoorsaam die burgers Gods wil met vreugde. Sy wil is hulle begeerte. Hulle sien sy aangesig: hulle geniet sy guns, vgl. 2 Sam. 14:24, 32; Ps. 17:15;42:2;Matt. 5:8.

Hulle aanbid hom, vgl. Openb. 7:15. Sy naam is op hulle voorhoofde – vgl. ons verduideliking van Openb. 14:1, bl. 136 – want Hy erken openlik dat hulle sy eie is, en hulle bely Hom vreugdevol as hulle Here. So regeer hulle tot in alle ewigheid in die nuwe

---

[24] Sien K. Schilder, *De Openbaring van Johannes en het Sociale Leven.*

heelal. Al hierdie simbole het, in beginsel, betrekking op hierdie huidige tydsgewrig; in volmaaktheid, op die nuwe heelal.

*12. Wie is die inwoners van hierdie stad?*

Openb. 21:7,12,24,27; 22:3,44

Die burgers is die oorwinnaars; die ware Israel; die uitverkorenes uit elke nasie, vgl. Openb. 7:9, selfs konings is ingesluit; hulle wie se name geskryf is in die Lam se boek van die lewe, vgl. Openb. 3:5; hulle wat Hom aanbid; die verseëlde menigte, vgl. Openb. 14:1.

[190] **Slot**

*Openbaring 22:6-21*

In hierdie slotwoorde is daar weinig wat spesifieke opmerkings vereis. Daarom verwys ons die leser na al die voorafgaande bladsye van hierdie boek vir 'n verduideliking van die verskillende simbole wat in hierdie slotparagraaf genoem word.

Eerstens, *die engel* wat aan Johannes hierdie visioene gewys het, bevestig die egtheid van die Apokalips. Vgl. Openb. 1:1; 19:9; 21:5. Die boek is inderdaad van goddelike oorsprong. Die God van die geeste van die profete is die Outeur: die geeste van die profete is onder sy voortdurende leiding en beheer. I.v.m. die uitdrukking "die dinge wat gou moet gebeur" sien Openb. 1:1; 4:1, bl. 42; 71. Die engel haal Christus se eie woorde aan: "Kyk, Ek kom gou." Sien Openb. 1:3; 1:7.

Nou getuig Johannes: "En dit is ek, Johannes, wat dit gesien en gehoor het," 22:8. Weer wil die apostel die engel aanbid, met dieselfde gevolg as in Openb. 19:10, waarvoor u bl. 163 moet naslaan.

Vervolgens sê die engel dat Johannes nie die woorde van die profesie van hierdie boek moet verseël nie; want die tyd is naby. Die profesieë begin onmiddellik in vervulling gaan. Sien Openb. 1:1. Dan volg 'n baie ernstige waarskuwing. As ons in gedagte hou dat die woord "laat" twee dinge kan beteken, sal ons nie probleme ondervind om vers 11 te verklaar nie. Eerstens is daar die "laat" van positiewe aansporing, bv. *"Laat* die goddelose sy weg verlaat". Hier word die goddelose aangemoedig om sy sondige weg te verlaat. Hierdie "laat" kom altyd eerste. Maar, veronderstel dat, ten spyte van al die ernstige pleidooie, vermanings, uitnodigings en oordele, die goddelose weier om te gehoorsaam en die water van die lewe verniet te ontvang. Wat dan? *Dan* is daar 'n ander "laat". Dit is nie die "laat" van positiewe aansporing nie, maar die "laat" van onttrekking. God sê as 't ware: *"Laat* [191] hom staan." Sien ons verduideliking van Openb. 15:8, bl. 148. Dit is hierdie tweede "laat" wat hier in vers 11 bedoel word. Vir die goddelose is dit 'n verskriklike "laat". Ons kan daarom die teks so omskrywe:

"Moenie die persoon verhinder wat, ten spyte van alle smeking, vermanings, uitnodigings, ens., homself geheel en al verhard het in sy goddeloosheid; moenie hom verhinder om voort te gaan in sy ongeregtigheid nie; verhinder ook nie die vuile om voort te gaan in sy vuilheid nie. Desgelyks, moenie die regverdige en heilige persoon verhinder om voort te gaan op die pad van heiligmaking nie." In hierdie geval, natuurlik, kan die "laat"' selfs opgeneem word in die sin van positiewe aansporing. Die oorspronklike laat in der waarheid die tweevoudige interpretasie toe van "laat" soos ons dit aangedui het. Vgl. Matt. 13:30.

Die engel haal weer Jesus aan: "En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My." Dit is in werklikheid 'n tere vermaning. Dit kom hierop neer: "Moenie verhard word in ongeloof nie, maar bekeer jou, want by my koms sal Ek onmiddellik alle mense beloon." Dan sal daar geen geleentheid meer wees vir berou nie. Elkeen ontvang dan volgens sy werke. Sien Openb. 14:14 e.v.; 20:11 e.v. Vir die betekenis van vers 14 verwys ons na bl. 45, 47-48, 55, 67. Die beloftes en ook die dreigemente van Christus het ewigheidsbetekenis, want hy is die Alfa en die Omega. Dit, wat die verband tussen verse 12 en 13 betref.

En nou, die laaste saligspreking. Daar is altesaam sewe, vgl. aant. 6 by hfst. 7. In die Afrikaanse vertaling staan: "Salig is die wat hulle gebooie doen." Die beste vertaling is egter: "Salig is die wat hulle klere was." Elke persoon dra 'n kleed saam met hom. Hy is gedurig besig om daaraan te weef, want elke gedagte, woord en daad van hom gaan daarin. Daardie kleed is bespat, vuil, onrein. Vgl. Sag. 3:3. Buitendien is daar in die hele wêreld niks wat dit kan skoonmaak nie.

Sover dit hierdie kleed aangaan, is alle aardse vlekverwyderaars nutteloos. Hulle baat niks. Lees Jer. 2:22, 'n baie treffende en mooi perikoop. Daardie kleed is jou karakter. God het egter 'n middel voorsien. Dit is Hy wat sê: "Salig is die wat hulle klere

was." Om jou kleed te kan was, beteken dat jy 'n toevlug het tot die reinigende fontein van die bloed van Jesus Christus. Daardie bloed verwyder nie net al ons skuld nie, maar het ook die reinigende en heiligmakende Gees vir ons verdien. Daarom moet ons *gedurig* ons toevlug daarheen neem. Vgl. bl. 103. Hy wat sy kleed in die reinigende fontein was, ontvang deur Gods soewereine genade die reg om te kom na die boom van die lewe, vgl. 2:7; 22:2; en mag deur die poorte die stad binnegaan. I.v.m. hierdie "poorte", sien Openb. 21:12, ens. Buitekant die stad is almal wat die eienskappe het van die hoer, vgl. Openb. 17:2, 4, ens.

[192] En nou die derde getuie. Hier bevestig *Jesus self* die egtheid van die boek, sy goddelike oorsprong: "Ek, Jesus, het my engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig." Sien Openb. 1:1. Die Apokalips is bedoel vir al die kerke dwarsdeur al die eeue. Nie Johannes nie, maar Jesus Christus self is die Outeur van hierdie boek. Hy is die Verhoogde, terwyl hy die Wortel van Dawid is – sodat Dawid sy herkoms, roem en posisie aan Hom te danke het – asook die nakomeling van Dawid. Sien bl. 78-79; vgl. Ps. 110:1; Matt. 22:42-45; Jes. 11:1; 53:2, ens. Hy is die goddelike en menslike Verlosser. En daardie heerlike, verhoogde Verlosser is die Outeur van die Boek Openbaring. Hy is die blink môrester, sien bl. 62, 63. Hierdie ster is die simbool van koninklikheid, vgl. Num. 24:17.

Christus het beloof om gou te kom, vgl. Openb. 22:7, 12. Daarom reageer die bruid, t.w. die kerk, deur te sê: "Kom!" Dit is 'n vurige gebed waartoe die bruid deur die Heilige Gees beweeg is. Gees en bruid werk altyd saam, vgl. Rom. 8:16. Hulle sê gedurig: "Kom!" Let daarop dat ons hier 'n *teenwoordige tyd*-imperatief het. Dit verwys nie net na die werklike gebeurtenis nie, nl. die laaste koms van ons Here, maar ook na die hele loop van die geskiedenis wat nog daardie gebeurtenis voorafgaan. Dit beteken: "Voer u plan uit in die geskiedenis met die oog op u koms." Daardie goddelike plan sluit die beginsels van morele regering in, soos geopenbaar in die simboliek van kandelaars, seëls, basuine, konflik met die draak en sy helpers, skale van grimmigheid, bruilof van die Lam, ens. Bespoedig u koms in en deur al hierdie middels en bemiddelings en laat u doel verwesenlik word! Wie ook al hierdie profesie hoor wanneer dit in die kerk gelees word – en wie dit ook al lees – laat hom sy stem skaar by die groot koor van stemme; laat hom sê: "Kom!" Laat die leser hier 'n oomblik stilstaan. Laat daar 'n oomblik van stilte wees net soos die wat daardie heerlike, laaste "Halleluja" in die Halleluja-koor uit die Messias van Händel voorafgaan. Is u gereed? Luister dan na die stem van die Troon. Dit is die pleitende stem van die Meester, sy tere, laaste uitnodiging:

"En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet." Vgl. Jes. 55:1; Openb. 7:16, 17; 21:6. Die klem is op die woord *verniet.* Heerlike soewereine genade! Die liefde van God, so roerend en teer, hier gerig tot almal wat bewus gemaak is van die behoefte aan lewende water. Laat hulle nie huiwer nie. Laat hulle kom. Laat hulle neem. Dit kos niks. Dit kos *hulle* niks. Hy het die prys betaal. Daarom, laat hulle kom, neem, drink!

En omdat hierdie boek van Openbaring so voortreflik heerlik en goddelik is – want God self is die Outeur – laat niemand wat hierdie [193] boek hoor of lees, 'n woord byvoeg of wegneem nie. Laat hom nie sê dat hierdie geskrif vals is nie. Laat hom nie sê dat die betekenisvolle perikope daarvan invoegings is nie. Laat hom nie die goddelik geïnspireerde karakter daarvan ontken nie. Laat hom nie sê dat dit nie bestudering werd is nie. Laat hom nie spot met hierdie boek wat vol is van uitnodigings en beloftes nie. As hy weier om ag te slaan op hierdie waarskuwing, sal die plae van hierdie boek vir hom *bygevoeg* word. God sal sy deel wegneem van die boom van die lewe, en uit die heilige stad wat in hierdie boek beskrywe word. Vgl. 2:7; 22:2; 21:9 e.v.

Christus beantwoord die vurige gebed van die kerk vir sy koms deur te sê: "Ja, Ek kom gou." Laat ons daarom ag slaan op sy waarskuwings. Johannes se hart is in vervoering. Sy siel is verteer van verlange. Sy oë probeer die wolke deurboor. En in liefdes-ekstase sê hy: "Amen, ja kom, Here Jesus! " En dan volg die seëngroet. Sien bl. 43-4.

## Bibliografie


Aalders, G. Ch. *Het Boek Genesis,* in *Korte Verklaring der Heilige Schrift,* 1933.
- *Het Boek Daniel,* in *Korte Verklaring der Heilige Schrift,* 1928.
- *De Goddelike Openbaring in de Eerste Drie Hoofdstukken van Genesis,* 1932.
- *Het Herstel van lsrael volgens het Oude Testament.*
- *De Profeten des Ouden Verbonds,* 1918.
- "lets over exegese van Profetische Voorzeggingen", in *Gereformeerd Theolo-gisch Tijdschrift,* 1926.

Abbott, E. A., *Johannine Grammar,* 1906.

Alford, H., *The Greek Testament,* Vol. IV, 1861.

Andrews, S. J., *Christianity and Anti-Christianity in their Final Conflict,* 1898.

*Ante-Nicene Fathers,* uitgegee deur Ds. A. Roberts en J. Donaldsen, Amerikaanse uitgawe opgestel deur A. C. Coxe, 1885.

Auberlen, C. A., *Der Prophet Daniel u. die Offenbarung,* 1854.

Baldensperger, *Messian. Apok. Hoffnung,* 1903.

Barnes, A., *Notes Explanatory and Practical on the Book of Revelation.*

Bavinck, H. *Gereformeerde Dogmaliek* - veral Vol. IV, pp. 728 ens., 754 ens. - uitg. 1918.

Beckwith, E. W., *The Apocalypse of St. John,* 1919. Bengel, J. A., *Erklaerte Offenbarung Johannis.*

Benson, E. W., *The Apocalypse, An lntroductory Study of the Revelation of St. John the Divine,* 1900.

Bereer, De, al die uitgawes.

Berkhof, L., *Reformed Dogmatics,* uitg. 1937.
- *Vicarious Atonement Through Christ,* 1936.
- "Christ in the Light of Eschatology", in *Princeton Theological Review,* Vol. XXV, 1927.
- *New Testament Introduction,* 1915.
- "Het Koninkrijk Gods", in *De Wachter,* Feb. 5, 1919-Sept. 1, 1920.
- *Premillennialisme.*
- *Class Lectures on Rev. 2 and part of 3.*
- *Class Lectures on Premillennialism.*

Berkhoff, A. M., *De Wederkomst van Christus,* 1925.
- *DeChristusregeering,* 1929.

Beyschlag, W., *N.T. Theology,* 1896.

Bible, Holy, Authorized Version. 1611.

Bible, Holy, American Revised Version, 1901.

Bible, An American Translation, deur J. M. P. Smith en E. J. Goodspeed, 1931.

Blackstone, W. E., *Jesus is Coming,* 3de uitg. 1908.

Bleek, F., *Vorlesungen ü. die Offenbarung,* 1875.

Booth, A. E., *The Course of Time, Key to chart.*

Bousset, W. *Die Offenbarung Johannis,* 1906.

Bouma, D. C, "Jerusalem de Groote Stad", in *Geref. Theol. Tijdschrift* Jrg. 36, 1934-35. pp. 91-98.

Brookes, J. H, *Israel and the Church.* Ook *Maranatha,* 1889.

Brown, C. E., *The Hope of His Coming,* 1908.

Brown, D., *Christ's Second Coming, Will it be Premillennial, or The Second Advent,* 1849.
- *The Structure of the Apocalypse,* 1891. Bultema, H., *Verklaring van de Openbaring,* 1921.
- *Maranatha,* 1917.

Burton, E. D., *Syntax of the Moods and Tcnses in N.T. Greek,* 1898.

Calvyn, J., *Institutes of The Christian Religion,* vertaal deur J. Allen. uitg. 1928.

Charles, R. H., *A Critical and Exegetical Commentary on the Revelation of St. John,* 1920.
- *Eschatology, Hebrew, Jewish and Christian,* 1899.

*Christelike Ensiklopedie,* verskeie artikels, 1925-1932.

Clark, S., *The Message From Patmos.*

Cook, C. C, *God's Book Speaking for Itself,* 1890.

Cowles, H., *The Revelation of St. John,* 1890.

Crafer, T. W., *The Revelation of St. John the Divine,* in *Gore's New Commentary,* 1928.

Crosby, H., *The Seven Churches of Asia.*

Cross- *Reference Bible,* H. E. Monser, uitg. 1910.

Davidson, S., *The Doctrine of the Last Things,* 1882.

Dean, J. T., *The Book of Revelation,* 1915.

De Heer, J., *Het 1 000 Jarig Rijk.*

Deissman, A., *Light from the Ancient East,* 1923.

De long, Y. P., *De Komende Christus,* 1920.

De Moor, J. C, *De Hemel Geopend,* 1924.

De Wette, W. M. L., *Kurze Erklärung der Offenbarung,* 1848.

Douma, J., *De Nachtgezichten van Zacharias,* 1924.

Driver, S. R., *The Book of Daniel.*

Drummond, H., *Natural Law in the Spiritual World.*

Dijk, K., *Het Rijk Der Duizend Jaren,* 1933.

Eckman, S. P., *When Christ Comes Again,* 1918.

Edersheim, A" *The Life and Times of Jesus,* 1907.
- *The Temple.*

Ellicott, C. J., *The Revelation,* in *Handy Commentary.*

Elliot, E. B., *Horae Apocalipticae,* uitg. 1851.

Erdman, C. R., *The Return of Christ,* 1922.

Evenhuis, R. B., *De Bibl. Eschat. Theologie v. J. A. Bengel,* 1931.

Ewald, G. H. A., *Commentarius Apocal. Criticus et Exegeticus,* 1828.
- *Die Johanneischen Schriften . . . erklärt,* 1861.

*Expositors Bible,* uitg. deur W. R. Nicol, 1887-1895.

Fairweather, W., *The Background of the Gospels,* 1920.
- *From The Exile to the Advent,* 1901.

Frost, H. W., *The Second Coming of Christ,* 1934.

Gaebelein, A. C, *The Harmony of the Prophetic Word,* 1907.

Gebhardt, H., *The Doctrine of the Apocalypse.*

Goodspeed, E. J., "The Book with Sevcn Seals", in *Journal of Bibl. Lit.,* 1902-1905, Vol. XXII, pp. 70-74.

Gray, J., *Commentary on the Apocalypse,* in *Christian Workers Comm.*
- *A Textbook on Prophecy,* 1918.
- *Prophecy and the Lord's Return,* 1917.

*Greek N.T.,* uitgegee deur die Britse en Buit. Bybelvereniging, gebaseer op die hersienings van Tischendorf, Westcott en Hort, B. Weiss, 1916.

Greijdanus, S.. *De Openbaring des Heeren aan Johannes,* in *Korte Verklaring der Heilige Schrift,* 1930.
- Ditto, in *Kommentaar op het Nieuwe Testament,* XIV, 1925.

Haldeman, I. M., *The Kingdom of God,* 1931.

Harris, E. L., "Some Ruined Cities of Asia-Minor", in *The National Geographic Magazine,* Des. 1908.

Hastings, L, *Encyclopaedia of Religion and Ethics,* 1913-1922.

Hengstenberg, E. W., *Die Offenbarung . . . erläutert,* 1852.

Hepp, V., *De Antichrist,* 1919.

Hodge, C, *Systematic Theology,* 1893.

Hoekstra, H., *Bijdrage tot de Kennis en de Beoordeeling van het Chiliasme,* 1903.

Hosford, B. F., *Martyrdom in the Apocalypse,* in *Bibliotheca Sacra,* Vol. 23, pp. 309-333.

Hulst, L. J., *Practische Verklaring van de Openbaring.*

*lnternational Standard Bible Encyclopaedia,* J. Orr, uitg., verskeie artikels, 1915.

Ironside, H. A., *Lectures on The Revelation,* 1930.

Kelogg, S. H., *Are Pre's Right,* 1923.

Kliefoth, Th., *Christliche Eschatologie,* 1886.
- *Die Offenbarung d. Johannis,* 1874.

*Korte Verklaring der Heilige Schrift met Nieuwe Vertaling,* alle bande sover gepubliseer.

Kuyper, A., snr., *Dictaten Dogmatiek,* esp. loc. de cons., p. 220, 252, ens. 1910.
- *E Voto Dordraceno,* veral II, pp. 252-290, uitg. 1905.
- *Van De Voleinding,* veral Vol. IV, uitg. 1929.
- *De Engelen Gods,* 1923.

Lange, J. P., *The Revelation of John,* in *Comm. of the Holy Scriptures,* Vol. X van die N.T., 1874.

Larkin, C. D., *Dispensational Truth,* 1920.

Lenski, R. C. H., *Interpretation of St. John's Revelation,* 1935.

Lightfoot, J. B., *St. Paul's Epistle to the Galatians,* veral p. 361.

Lücke, *Versuch einer vollständigen Einleitung in die Offenbarung Joh.,* 1852.

Luthardt, C. E., *Die Lehre von den Letzten Dingen,* 1885.

Mackie, G. M., *Bible Manners and Customs,* 1898.

Mains, G. P., *What Do the Prophets Say?* 1920.

Masselink, W., *Why Thousand Years,* 1930.

Mauro, P., *The Patmos Visions,* 1925; ook die hersiening van 1933.
- *The Gospe! of the Kingdom,* 1928.
- *The Number of Man,* 1909.

McKnight, W. I., "The Letter to the Laodiceans", in *The Biblical Review,* Vol. XVI, 1931, pp. 519-535.

McKonkey, J. H., *Lectures on the Revelation,* 1928.

Milligan, E. M., *Is the Kingdom Age at Hand?* 1924.

Milligan, W., *The Book of Revelation,* 1889.
- *Discussions on the Apocalypse,* 1893.

Moffat, *The Revelation of St. John the Divine.*
- *The New Testament, A New Translation.*

Morris, S. L., *The Drama of Christianity,* 1928.

*Nicene and Post-Nicene Fathers,* uitg. deur P. Schaff, 1886.

Noordtzij, A., *Ezechiel* in *Korte Verklaring der Heilige Schrift,* 1932.
- *Gods Woord en der Eeuwen Getuigenis,* 1924.

Oosterland, A., *Het Eerste Gezicht, dat den Heiligen Balling Johannes op het Eilant Patmos Vertoont Is,* ens. 1748.

Orr. J., *The Christian View of God and the World,* 1897.

Osborne, *The Lion and the Lamb,* 1922.

Peake, A. S., *The Revelation of St. John,* 1920.

Pieters, A., *The Lamb, The Woman and The Dragon,* 1937.

Plummer, A., *The Book of Revelation,* in die *Pulpit Commentary.*

Plumptre, E. H., *The Epistles to the Seven Churches.*

Prins, P. & Wiersinga, H. A., *Christus Kerkvisitator.*

Ramsey, W., *The Letters to the Seven Churches of Asia. Reports of Prophetic Conferences* - verskeie bande, 1878 ens.

Ridderbos, J., *Het Godswoord der Profeten,* 1930 ens.
- *De Kleine Profeten,* 1930-1935.
- *De Profeet Jesaja,* 1922-1926. Robertson, A., *Regnum Dei,* 1901.

Robertson, A. T., *The Minister and his Greek New Testament,* 1923.
- *Syllabus for N.T. Study,* veral pp. 265 ens., 1923.
- *A Grammar of the Greek New Testament in the Light of Historical Research* uitg. 1923.
- *An Introduction to the Textual Criticism of the New Testament,* 1925.

Rutgers, W. H., *Premillennialism in America,* 1930.

Sadler, M. F-, *The Revelation of St. John the Divine,* 1894.

Sanders, H. A-, "The Number of the Beast in Revelation", in *Journal of Bibl. Lit.* 1916-1918, Vol. XXXVII, pp. 95-99.

Savage, J. A., *The Voice of the Watchman.*

Sayce, A. H., *The Races of the Old Testament,* 1925.

Schaff, P., *History of the Christian Church,* 1920-1923.
- *Studies in Eschatology,* in Presb. Review, 1883.

Schoen, *L'Origine de l'Apocalypse,* 1887.

Schilder, K., *De Openbaring van Johannes en het Sociale Leven.*
- *Wat is Hel?*
- *Wat is de Hemel?,* uitg. 1935.
- *Christ In His Suffering,* 1938.
- *Christ On Trial,* 1939.

Scofield, C. I., *What Do The Prophets Say?,* 1918.
- *Holy Bible,* Scofield Reference Edition.

Scott, C. A., *Revelation,* in *The New Century Bible.*

Seiss, J., *Lectures on the Book of Revelation,* 1900.

Shedd, W. G. T., *Dogmatic Theology,* uitg. 1888.

Silver, J. F., *The Lord's Return,* 1914.

Snowden, J. H., *The Coming of the Lord,* 1919.

Stevens, G. B., *The Theology of the New Testament,* 1925.
- *The Johannine Theology,* 1894.

Stonehouse, N. B., *The Apocalypse in the Ancient Church,* 1929.

Stroh, G., *God's World Program,* 1924.

Stuart, *Commentary on the Apocalypse,* 1854.
- *The Number of the Beast in the Apocalypse,* in *Bibliotheca Sacra,* Vol. 0, p. 332 ens.
- *The White Stone of the Apocalypse,* in *Bibl. Sacra,* Vol. 0 p. 461 ens.

Taylor, W. M., *Daniel, the Beloved.*

Thayer, J. H., *A Greek-English Lexicon of the New Testament,* 1889.

Thompson, F. C, *The New Chain Reference Bible,* uitg. 1934.

Trench, R. C-, *Commentary on the Epistles to the Seven Churches,* 1861.
- *Synonyms of the New Testament,* uitg. 1915.

Tristram, *The Seven Golden Candlesticks.*

Turner, C. W. M., *Outline Studies in The Revelation,* 1917.

Van Ess, L., *Vetus Testamentum Graecum,* 1887.

Vos, G., *The Teaching of Jesus Concerning the Kingdom of God and the Church,* 1903.

- *The Pauline Eschatology.*
- *Outline Notes on New Testament Biblical Theology.*
- "Pauline Eschatology and Chiliasm", in *The Princeton Theol. Review,* 1911.
- Verskeie artikels in die *l.S.B.E.*

Waldegrave, S., *N.T. Millenarianism,* 1855.

Warfield, B. B., *Textual Criticism of the New Testament,* 1889.
- *Biblical Doctrines,* XVI, *The Millennium and the Apocalypse,* 1929.

Weiss, J., *Die Idee des Reich Gottes in der Theologie,* 1901.
- *Offenbarung Johannis,* 1904.

West, N., *The Thousand Years in Both Teslaments,* 1880.

Westcott, B. F. & Hort, F. J. A., *The New Testament in the Original Greek,* uitg. 1921.

Willemze, J., *De Openbaring van Johannes,* 1924.

Wimberly, C. F., *Behold The Morning,* 1916.

Wishart, C. F., *The Book of Day,* 1935.

Wijngaarden, M. J., *The Future of the Kingdom in prophecy and Fulfilment,* 1934.

Young, R. *Analytical Concordance to the Bible,* hersiene uitgawe.

Zahn, Th., *Die Offenbarung d. Johannis,* 1924 ens.

Züllig, C. F. H., *Die Offenbarung Johannis erklärt,* 1834-1840.